Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Waarom is u Lid van die Gereformeerde Kerk?

deur

Ds. L.S. Kruger

(Derde druk)

Opgedra aan my ouers uit dankbare erkentenis vir die Gereformeerde opvoeding wat ek kon geniet het, en aan my vrou, wat van geboorte lidmaat was van die Ned. Geref. Kerk, maar intussen die Gereformeerde waarhede liefgekry het.

In die teks dui [xxx] die oorspronklike bladsynommers aan.

Inhoud

VOORWOORD....4

VOORWOORD BY DIE DERDE DRUK....5

[9] DEEL I – HISTORIES....8

HOOFSTUK I: DIE KERK IN NEDERLAND....8

§1. Ontwikkeling van die kerkgeskiedenis....8

§2. Die Hervorming in Nederland....9

§3. Die Belydenisskrifte....13

§4. Die skeiding tussen die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk....15

[29] HOOFSTUK II: DIE KERK IN SUID-AFRIKA....23

§1. Die kerk in 1652....23

§2. Die opkoms van die naam "Hervormd"....25

§3. "Hervormd" die amptelike naam aan die Kaap....26

§4. Die verskillende gebruike van die naam van die Kerk....28

[40] HOOFSTUK III: VERDERE ONTWIKKELING VAN DIE KERKGESKIEDENIS31

§1. Die Sinode van 1824....31

§2. Die Kaapse Kerk en die Groot Trek....32

[50] HOOFSTUK IV: HERLEWING VAN DIE GEREFORMEERDE KERK....38

§1. Die voorlopers van die herstigting van die Gereformeerde Kerk....38

[53] §2. Die toestand in Transvaal....40

§3. Afskeiding onder Ds. Postma....41

[59] §4. Poginge tot hereniging....44

§5. Doppers....45

[65] §6. Die houding teenoor die Gereformeerde Kerk....48

[71] DEEL II — PRINSIPIEEL....53

HOOFSTUK V: DIE HANDHAWING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE....53

§1. Die eis van leersuiwerheid....53

§2. Die N.G. Kerke en die Ned. Herv. Kerk in die handhawing van die Belydenisskrifte....61

[92] HOOFSTUK VI: DIE KENMERKE VAN DIE WARE KERK....68

§1. Die prediking van die Woord....68

§2. Die suiwere bediening van die Sakramente....81

§3. Die toepassing van die tug....89

[134] HOOFSTUK VII: KERKREGTELIKE STELSELS....97

1. Die presbiteriale kerkregeringstelsel....97

2. Die Kollegialisme....98

[144] HOOFSTUK VIII: KERKLIKE GEBRUIKE....104

§1. Gesange....104

§2. Bidure....109

§3. Koorsange....113

§4. Die Kerklike ampte....115

[165] HOOFSTUK IX: EKUMENIESE LIDMAATSKAP....119

§1. Inleiding....119

§2. Die verskillende ekumeniese bewegings....119

§3. Houding teenoor hierdie drie Ekumeniese Bewegings....120

§4. Die Wêreldraad van Kerke. 121

[182] VERBETERINGE....131

[183] Apologie....132

VOORWOORD

(By die Eerste Druk.)

AAN MY MEDE GEREFORMEERDES

IN hierdie tyd van wêreld-sosialisme waarin ons lewe, het die internasionalistiese denkwyse groot invloed op ons hele lewens- en wêreldbeskouing. Die wêreld word deur die snelle kontakmiddele soos die radio, die telefoon, die snelle vervoer en so meer, kleiner en kleiner Volkere word sodoende nader aan mekaar gebring, en die gedagtegang van die een volk werk op die ander in. Hierdeur ontstaan daar 'n algemene neiging tot die uitwissing van grense.

Hierdie neiging tot die uitwissing van grense het ook diep spore nagelaat op die kerklike lewe. Waar dit vir ons vadere nog heel duidelik en tewens baie noodsaaklik was waarom daar meer as een Afrikaanssprekende kerk sou wees, sien die hedendaagse geslagte nie meer veel verskille tussen die verskillende kerke nie. Die vrae soos: "Wat is die verskil tussen die Kerke? Waarom kan die drie Hollandse Susterkerke nie een word nie?" en so meer asook die bewering: "'n kerk is maar 'n kerk," vloei nie alleen voort uit 'n geweldige groot onkunde van wat elke kerk presies wil nie, maar tewens is dit 'n openbaring van gebrek aan kennis van die waarhede van die Bybel en die Belydenis-skrifte. Dit is derhalwe 'n behoefte van die hart om hierdie skrywe die lig te laat sien.

Hierdie werk maak geen aanspraak op 'n wetenskaplike inslag of op 'n volledige weergawe van al die kerklike verskille nie. Dit is gebore uit die vrae wat van tyd tot tyd met huisbesoek en in die katkisasieklasse gestel is. Daarom is getrag om aan die behoefte van die gemiddelde leser te voldoen en nie om 'n wetenskaplike verhandeling te lewer nie.

Hierdie hele skrywe moet gesien word teen die agtergrond van die ware geloofsbelydenis soos dit uitgedruk is in die Drie Formuliere van Eenheid en soos dit geleer en gehandhaaf word in die Gereformeerde Kerke. Daarom is nie getrag om die Gereformeerde standpunt positief uiteen te sit nie maar om teen hierdie positiewe agtergrond die klem meer te laat val op die verskille en die afwykinge.

Ook dien gemeld te word dat hierdie skrywe geen amptelike skrywe is van die kant van die Gereformeerde Kerk nie maar 'n heel persoonlike insig en persoonlike beskouings.

Hierdie werk maak ook geen aanspraak daarop dat in die kring van die Gereformeerde Kerk alles volmaak is nie. Immers, dit is die taak en die roeping van elke gelowige om hom daagliks te bekeer en net so is dit die roeping van die Gereformeerde Kerk om hom gereeld te reformeer, want die sonde dring gedurig in. Juis vanweë die uitwissing van die grense het daar in die Gereformeerde Kerk en in die lewenshouding van vele Gereformeerde lidmate dinge ingedring wat vreemd is aan die egte Gereformeerde beskouing. Die doel van hierdie geskrif is dus twee-erlei: Eerstens wil ons hiermee trag om weer die grense tussen die Gereformeerde Kerk en die ander te herstel en tweedens wil ons die hoop uitspreek dat hierdie geskrif die Gereformeerde lidmaat sal oproep om weer die Gereformeerde waarhede kennelik te vertoon.

Graag wens ek die volgende opmerking by te voeg, naamlik dat ek baie van die Nederlandse aanhalings direk vertaald weer-gee. Aangesien die Nederlandse sinodes onder die begrip "kerk" die plaaslike gemeente in gedagte het en dit nie dui op die samevatting van 'n aantal gemeentes nie, wat natuurlik Skriftuurlik is, moet u steeds in gedagte hou dat as u lees van Gereformeerde Kerke dit net op verskillende Gereformeerde gemeentes dui en nie op verskillende kerkgroepe nie.

Ten slotte kan opgemerk word dat die tema en opskrif van hierdie boek ontleen is aan 'n brosjure van die hand van ds. Js. van der Linden: Waarom zijt gij lid eener Gereformeerde Kerk?

Benoni, Augustus 1956. L. S. KRUGER.

VOORWOORD BY DIE DERDE DRUK

Dat hierdie werkie aan 'n gevoelde behoefte voorsien het, blyk uit die feit dat die derde druk binne die tydperk van een jaar verskyn.

Kritiek, selfs uit die kring van die Gereformeerde Kerk, het nie ontbreek nie. Aan die ander kant is honderde briewe ontvang wat van waardering getuig. Selfs uit die kring van die Ned. Geref. Kerke het die waardering nie ontbreek nie.

Graag wil ek net daarop wys dat die naam van die Transvaalse Kerk intussen ook verander is na Ned. Geref. Kerk. As ek dus nog spreek van die N.H. of G. Kerk is dit ter wille van aangehaalde gedeeltes.

Dit is vir my aangenaam om hierdie derde druk die lig te laat sien.

Benoni.

Augustus 1957.

LSK

[7] ALGEMENE INLEIDING

INDIEN die profeet Hoséa in ons dae geleef het, sou hy hoogs waarskynlik ook oor ons die klaaglied kon aanhef: "My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis" (Hoséa 4:6).

Juis weens gebrek aan kennis van die waarheid van die Woord van God dreig die sosialisme en wêreldgelykvormigheid om die bande van die waarheid en suiwerheid van die Woord van God wat ons nog bind, te verpletter. Weens gebrek aan kennis van die Lewende God het 'n geestelike laksheid ons moderne Christendom grootliks oorval sodat die eer van God nie meer veel tel nie en die suiwerheid van die kerk 'n onverskillige saak geword het.

Die onstaan van die Gereformeerde Kerk was juis die magtige roepstem om die suiwerheid van die kerk tot eer van God te handhaaf. Hierdie roepende stem word tans skynbaar gesmoor deur die onkundige bewerings van "'n kerk is maar 'n kerk....". Dientengevolge is die doel van hierdie geskrif om die Gereformeerdes te laat wakker skrik uit die geestelike slaap waarin ons verval het onder die skone dekmantel van "broederlike samewerking". Die Gereformeerde Kerk kan waarlik eers tot sy reg kom solank as wat die grense en verskille tussen ons en die ander altyd duidelik afgebaken bly.

Die verlies wat ons ly aan geestelike waarhede en krag in ruil vir die "welwillende" samewerking, is dalk veel groter as wat ons vermoed. Immers, die dag toe die Gereformeerde Kerk nog moes stry vir sy regte, is die Gereformeerde waarhede baie suiwerder bewaar. Dit sal vir die Gereformeerdes van groter waarde wees as ons almal weet waarom ons Gereformeerd is en wat die verskille tussen ons en die ander is.

In ons belydenisskrifte kan enigeen lees presies wie en wat ons is. Daarom sal in hierdie geskrif getrag word om alleen die verskil tussen die Gereformeerdes en die ander uit te bring.

Dit moet immers altyd in gedagte gehou word dat al sou ons op die foute van 'n ander kerk wys, daarmee nie bedoel word dat elke lidmaat wat aan daardie kerk behoort, verlore is of dat daardie kerk self 'n valse kerk is nie. Dit nooit nie ! Maar soos dit ons plig in Christus is om ons lewe na die waarheid in te rig, so ook ons leer. En die leer kom juis uit in die kerk waaraan ons behoort.

[8] Ter bevordering van ons samewerking met ander kerke sal dit vir ons en hulle goed wees om altyd die groot verskille in gedagte te hou, sodat die beginsel van samewerking nooit 'n onkundige verbroedering is terwille van menslike grootheid nie maar die werklike bevordering van die koninkryk van God op aarde.

******

'n Volk wat sy verlede vergeet, is 'n volk sonder toekoms. 'n Kerk wat vergeet om die hand van die Here in sy verlede te gedenk, is 'n kerk wat geen doel en geen rigting het nie.

As die vraag dus gestel word: Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk? dan is dit nodig om te let op die hand van God in ons voorgeskiedenis, en ons moet Hom dankbaar wees dat dit Hom behaag het om ons vadere op die regte weë te lei, en ons moet van ons kant, met die geopende Bybel voor ons en met 'n gebed in ons harte verder bou op hierdie Skriftuurlike fondamente, sodat in leersuiwerheid ons die eer van God kan verkondig.

******

Voordat ons kan spreek oor "kerk" moet ons vooraf eers presies weet wat 'n kerk is. Die woord "kerk" kon van die Griekse "kuriake" en beteken: "wat aan die Here behoort", 'n Kerk is dus nie maar net 'n vereniging of genootskap waaraan u na willekeur kan behoort of bedank al na gelang van u eie smaak nie, maar omdat dit die liggaam van

Christus is (Ef. 1:22, 23) dring die Heilige Gees ons daartoe, en as deelgenoot aan die liggaam van Christus behoort ons aan die kerk met liggaam, met siel, met al ons kragte, met ons verstand.

En volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 28, is iedereen skuldig om hom by die ware kerk te voeg. Art 29 gee daarop aan ons die kenmerke van die ware kerk: (1) Die suiwere prediking van die Woord, (2) die suiwere bediening van die Sakramente, (3) die toepassing van die tug.

Waar een van hierdie drie kenmerke ontbreek, mis daardie kerk iets van kerk te wees van Jesus Christus.

[9] DEEL I – HISTORIES

HOOFSTUK I: DIE KERK IN NEDERLAND

§1. Ontwikkeling van die kerkgeskiedenis.

DIE eerste Nieu-Testamentiese kerk het tot stand gekom met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. Daar begin ons kerkgeskiedenis. Die Gemeente van Jerusalem was die eerste gemeente. Vandaar is die Evangelie uitgedra, hoofsaaklik deur Paulus, oor die lengte en breedte van die toenmalige beskaafde wêreld, en orals is gemeentes gestig.

Daarmee het ook die vervolginge van die Christene begin, waarin die Jode die leiding geneem het en kragdadiglik deur die heidene ondersteun is. Hoewel die Romeinse keisers toegeeflik was teenoor 'n menigte soorte godsdienste, is die vergunning die Christendom egter nie gegun nie.

Keiser Nero (64 na Christus) het byvoorbeeld die Christene in dierevelle laat toewerk en hulle dan voor wilde diere laat werp. Hulle is lewendig afgeslag of met pik besmeer en in die aand aan die brand gesteek om die tuin van sy paleis te verlig terwyl hy feesvier. 'n Ander metode was om die Christene voor die oë van duisende toeskouers deur uitgehongerde leeus te laat verskeur, of hulle is hande en voete aan vier perde vasgebind, wat hul dan uitmekaar geskeur het

Ten spyte van hierdie pynigende vervolginge het die Kerk van Christus egter steeds bly toeneem in getalle. Hulle het van krag tot krag gegaan.

'n Geweldige kentering het egter gekom toe keiser Konstantyn die Grote teen die einde van die derde eeu self oorgegaan het tot die Christendom. Hierdeur het die Christelike geloof die deur die staat bevoorregte geloof geword.

Dit was dan ook inderdaad die begin van die einde van die suiwerheid van die kerk. Waar die wêreld in die kerk indring, word die **suiwerheid en heiligheid van die kerk besoedel.** Die heidene het in hulle massa by die kerk aangesluit sonder om presies te weet wat die Christelike geloof in werklikheid is. Hier kry ons die begin van 'n reeks dwaalleringe, wat tans steeds meer en meer in aantal toeneem. Die stryd het toe ontstaan oor die Drie-Eenheid van die Goddelike Wese, oor die [10] Godheid en die twee nature van Christus, die wyse van verlossing, die Godheid van die Heilige Gees en dies meer.

Weliswaar is die meeste van hierdie dwaalleringe onderdruk, maar in vele opsigte het dit uitkulmineer in die Remonstrante tydens die Dordtse Sinode (1618-1619), en dit leef tans nog voort by vele predikante, selfs Afrikaanssprekendes!

Ten spyte van groot kerkvaders soos Ambrosius, Hiëronimus en Augustinus, wat die suiwere klank van die Woord bewaar het, het die dwaalleringe meer en meer veld gewen, en al hierdie dwalinge het uitgekulmineer in die Rooms-Katolieke Kerk. Die Rooms-Katolieke Kerk dra in eie boesem meer heidense tendense rond as Christelike, ten spyte daarvan dat hierdie Kerk die historiese voortsetting is van die Kerk van Pinkster.

Die Rooms-Katolieke Kerk met sy sewe sakramente, met sy afgodery en beeldediens, aanbidding van mense, vagevuur, Pous, aflaat, Mariavergoddeliking, ens., het die spoor van die Heilige Skrif totaal byster geraak, sodat' dit al die aansprake van kerk van Jesus Christus te wees uitgewis het.

Maar al die lede van die Rooms-Katolieke Kerk het hierdie afdwalinge nie onderskryf nie soos byvoorbeeld die Waldense, die "Broeders des gemeenen levens", Wicliffe, Johannes Huss en andere. Vir hierdie pogings tot leersuiwerheid het van hulle bloed gevloei .... die eerste bloeddruppels wat sou aanswel tot strome martelaarsbloed ter wille van die Evangelie.

Al hierdie pogings kon egter nog nie deurbreek tot 'n algehele hervorming nie.

Die eerste man wat die fondamente van die Rooms-Katolieke Kerk geskud het, was Maarten Luther. Hy is in 1483 gebore en het 'n priester in die Rooms-Katolieke Kerk geword. Die breuk met sy Kerk was lank sluimerend en het finaal gekom nadat hy 95 stellinge teen die kerkdeur te Wittenberg vasgespyker het op 31 Oktober 1517. Hierdie stellinge was gerig teen die wanpraktyke wat in die Kerk bestaan het.

Luther se gedagte was om hiermee 'n gewone disputasie uit te lok, maar hierdie stellinge het vinnig deur die land versprei en 'n onherstelbare breuk met die Roomse Kerk veroorsaak. Die Duitse volk het dit aangegryp en met Rome gebreek en so ook omliggende volke. Ook ons voorsate in Nederland het Luther gevolg. Die tyd was ryp vir die Hervorming.

Luther wou van sy kant nie wegbreek van die Rooms-Katolieke Kerk nie, maar God het dit so bewerkstellig dat sy pogings tot innerlike hervorming, 'n magtige hervorming buite die Kerk om, laat ontstaan het. Luther het egter met so min moontlik van die praktyk van die Rooms-Katolieke Kerk weggebreek.

[11] Die man wat Luther se werk tot groter hoogtes opgevoer het, was **Johannes Calvyn.**

Calvyn is op 10 Julie 1509 in Frankryk gebore. Verstandelik het hy ver bo sy medestudente uitgeblink. Aanvanklik het hy gestudeer in die regte, maar nadat hy van die Roomse tot die Protestantse leer bekeer is, het hy sy kragte toegespits op die terrein van die teologie, waarby die logiese ondergrond wat hy met die studie van die regte opgedoen het, geweldig profytlik was. Sy "institusie" is 'n standaardwerk waaraan hy jare lank gewerk het, en tans is dit nog 'n kosbare juweel van Skriftuurlike leersuiwerheid.

Calvyn het totaal van die Roomse Kerk weggebreek en die hele kerkleer alles van vooraf opgebou met die Woord van God voor hom geopen. Vanweë sy deurtastende optrede het vele van die aanvanklike volgelinge van Luther Calvyn gevolg.

So ook ons voorvaders in Nederland.

§2. Die Hervorming in Nederland.

As die vraag gestel mag word: Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk? kan elke ware Gereformeerde antwoord: Omdat die Gereformeerde Kerk die suiwerste kerk is volgens die Woord van God.

Die Kerk van die Nuwe Testament het met die loop van die eeue geestelik verwater, deurtrek van een dwaalleer op die ander, soos ons dit vandag nog vind in die Rooms-Katolieke Kerk ... 'n kerk wat eerder beelddraer is van die valse profete as van die suiwere kerk van Jesus Christus.

Met die Hervorming is die suiwerheid van die kerk weer in wese herstel, en hierdie herstelde kerk het in Nederland die naam gedra die "Gereformeerde Kerk".

Met die waarheid van die Woord van God in ons harte en met die geskiedenisboek in ons hande weet ons dat alleen die GEREFORMEERDE KERK die historiese, eis van leersuiwerheid kan deurstaan.

Insake die kerk in Nederland wil ek op twee aspekte let: Die eerste is die naam van die kerk, en die tweede is die leer van die kerk.

'n Kerk word nie alleen deur sy naam geken nie maar tewens en hoofsaaklik ook deur sy leer. Nogtans is die naam nie sonder betekenis nie, want daardeur word die historiese band aangedui.

Die naam van die Kerk.

Die opmerklike is dat slegs die naam "Gereformeerd" in die ou notules voorkom. Die naam "Hervormd" verskyn eers bykans 200 jaar later op die toneel.

Om te bevestig dat die naam van die eerste kerk die "Gereformeerde Kerk" was, is dit noodsaaklik om die notules van [12] die oudste vergaderinge na te gaan. In hierdie verband het dr. J. Reitsma en dr. S. D. Veen, 'n serie van agt boeke uitgegee waarin ons 'n woordelikse afskrif gegee word van hierdie notules van al die Sinodes, onder die titel: **Acta der Provinciale en Particulieren Synoden, gehouden in de Noordelijcke Nederlanden gedurende de jaren 1572-1620,** Nog 'n belangrike werk oor hierdie tydperk is die van ds. C. Hooijer: **Oude Kerkordeningen, 1563-1638.**

Uit hierdie boeke wil ek 'n paar aanhalings gee wat dui op die **naam** van die kerk. Aangesien dit in moeilik leesbare Hollands aan ons oorgelewer is, sal ons dit hier in Afrikaans vertaal.

(1) In die Handelinge van die Provinsiale Sinode van Seeland wat in 1591 gehou is, word deurgaans gespreek van **"Gereformeerde Religie".**

(2) Die voorrede van die Byeenkoms te Wesel wat in 1568 gehou is, lui soos volg: Die Apostel gebied dat alles in die Kerke ordelik en eerbaar moet toegaan, sodat 'n eenparige stemming in die Kerke sal blyk en gevind sal word, **nie alleen in die leer nie, maar ook in dieselfde orde;** en om sodanige eenparigheid ook in al die Nederlandse Kerke te onderhou, het ons dit goedgedink om die volgende artikels, waaroor die beste **Gereformeerde Kerke** op ander plekke geraadpleeg is, ordelik hier voor te stel ...."[1].

(3) In die aanhangsel van die Sinode van Embden (1571), onder punt 1, word gelees; "Op die tiende vraag van die broeders van Keulen of dit toelaatbaar is om 'n kind van 'n Roomse te doop wat betuig dat die vorm van die doop wat in die **Gereformeerde Kerke is,** volgens hom suiwerder skyn te wees as wat dit in die Pousdom in gebruik is, is geantwoord ..."[2].

(4) Die Sinode wat in 1578 te Dordrecht vergader het, besluit insake die meerdere vergaderinge, art. 1, soos volg: "Om die goeie en wetlike orde van die **Gereformeerde Gemeente in Nederland** daar te stel is dit goedgedink dat vierderlei kerklike vergaderinge gehou sal word, t.w. kerkraad, klassis, partikuliere sinode en algemene sinode"[3].

Hierdie selfde Sinode spreek ook "of kinders wat in die **Gereformeerde Gemeente** gedoop is en tot hulle jare gekom het, aan die kerklike strawwe onderworpe sal wees"[4].

(5) Ook die Nasionale Sinode wat gehou is te Middelburg in 1581 ken die naam van die Kerk as Gereformeerde Kerk [13] as onder art. 83 genotuleer staan: "Of dit raadsaam is dat twee persone wat ooms se kinders is .... met mekaar kan trou ....", en die antwoord waarom neefs en niggies nie met mekaar mag trou nie, is vierdens aangegee "omdat dit stry teen die gebruik van die meeste van alle **Gereformeerde Kerke"** [5].

(6) In die Acta van die Partikuliere Sinode van Suid-Holland wat in 1593 te Briel vergader het, staan genotuleer insake ene Casper Bygarden: "Hy het ook beloof om die bekentenisse van die **Gereformeerde Kerke** soos vervat in die Kategismus en die 37 artikels (Nederlandse Geloofsbelydenis) te onderskryf ...."[6].

(7) Insake 'n Gereformeerde Kerkorde en 'n Gereformeerde skoolopvoeding verneem ons reeds so vroeg as 1595 tydens die eerste Sinode wat te Groningen gehou is:

---

[1] Ds. C. Hooijer: Oude Kerkordeningen, bl. 33.

[2] Ibid., bl. 77.

[3] Ibid., bl. 143.

[4] Ibid., bl. 166.

[5] Ibid., bl. 219.

[6] Dr. j. Reitsma en dr. S. D. Veen: Acta der Provinciale en Particuliere Synoden, gehouden in de Noordelijcke Nederlanden gedurende de iaren 1572-1620, deel III, bl. 15.

"Die skole sal **gereformeerd** word ooreenkomstig artikels 57 en 59 van die Kerkorde"[1].

(8) So spreek ook die Klassis wat te Anlo vergader het in die jaar 1600, van "net soos dit in die **Gereformeerde Kerkorde** gebruiklik is", en in dieselfde notule word ook gespreek oor "die name van **Gereformeerde predikers** waaroor sensura morum gehou is ...."[2].

(9) Op die Partikuliere Sinode wat te Arnhem gehou is op 13 Junie 1598 en volgende dae, is die volgende woorde genotuleer:".... dat die nagelate weduwees van predikante 'n jaarlikse onderhoud toegestaan moet word, soos dit in ander **Gereformeerde** lande wel geskied"[3].

(10) Die Provinsiale Sinode van Groningen wat in 1602 vergader het, het soos volg besluit:".... en hierna is navraag gedoen of die **gereformeerde leer** suiwer en rein in ons kerke geoefen word"[4].

(11) Die Sinode van hierdie selfde Provinsie wat in 1603 vergader het, het onder artikel 7 gehandel oor " .... plekke waar daar geen **Gereformeerde** gemeente is nie"[5].

(12) In die Acta van die Sinode van Utrecht, gehou in. 1606, lees ons onder die rapport van Apcoude: "Die dienaar van Apcoude verklaar dat die toestand van sy kerk redelik is, hy het redelike opkoms en het ook Nagmaal gehou met 28 [14] Nagmaalgangers, en alles het geskied ooreenkomstig die **Gereformeerde** Kerke"[6].

(13) In die Acta van die Sinode van Franeker, wat op 13 Junie 1609 bymekaargekom het, staan onder art. 1 van die algemene sake hierdie woorde opgeskryf: "Op die vraag of diegene wat deur die Menniste gedoop is, wanneer hy by die **Gereformeerde** gemeente wil aansluit, weer gedoop moet word ...."[7].

(14) In die Acta van die Provinsiale Sinode van Gelderland, gehou te Harderwijk in die jaar 1603, is onder art 32 soos volg besluit: "Ook sal die agbare howe met **erns** versoek word dat alle vreemde beoefeninge van die godsdiens, hetsy in die geheim of in die openbaar, wat teen die **Gereformeerde Kerk** indruis, verbied moet word"[8].

(15) Insake 'n klag teen twee predikante, I. Junius en D. Spranchusius, bevind die Sinode van Noord-Holland wat in 1618 vergader het, dat in al die beskuldigings wat teen hulle ingebring is, die Sinode niks kon bemerk waarin die genoemde predikante "in enige punt van die leer van 'n ander gevoele sou wees as net in ooreenstemming met Gods Woord wat die **Gereformeerde Kerke** hier te lande het"[9].

Onder die beskrywingspunte van die Klassis Hom wat op hierdie selfde Sinode behandel is, vind ons die volgende: "Waarvoor moet diegene, hetsy predikante of doktore in die heilige teologie, gehou word wat onder die naam **Gereformeerd** nie alleen die voorgeskrewe vyf punte (die Dordtse Leerreëls) nie maar ook in die leerstellings van die eienskappe van God, van Christus se Persoon en sy genoegdoening, van die erfsonde, van die regverdigmaking, van die geloof, van die onderskeid tussen die Ou en Nuwe Testament, van die volmaaktheid van die heiliges in hierdie lewe en meer ander dinge,

---

[1] Ibid., deel VII, bl. 11.
[2] Ibid., deel VIII, bl. 8.
[3] Ibid., deel IV, bl. 43.
[4] Ibid., deel VII, bl. 62.
[5] Ibid., deel VII, bl. 63.
[6] Ibid.. deel VI, bl. 305.
[7] Ibid., deel VI, bl. 184.
[8] Ibid., deel IV, bl. 116.
[9] Ibid., deel II, bl. 13.

geheel en al van gevoele van die **Gereformeerde Kerk** afgewyk het?

"Antwoord -. Hulle moet beskou word vir ketters, skadelike leraars en vyande van die **Gereformeerde Kerk"**[1].

Aangesien daar destyds in Nederland slegs een erkende kerk was, nl. die **Gereformeerde Kerk,** is dit opmerklik dat die opskrifte bo die notule feitlik nooit die naam van die kerk aandui nie. Dit beteken nie dat die kerk toe nog nie 'n naam gehad het nie, maar omdat dit van owerheidsweë die enigste erkende kerk was, het almal geweet watter kerk bedoel is. Tog is daar wel [15] gevalle waar die naam van die kerk in die opskrif aangeteken staan:

(1) Die opskrif van die Kerkorde soos vasgestel deur die Sinode van Middelburg (1581), lui soos volg: "Kerkordening in die Nasionale of Algemene Sinode van die **Nederlandse Gereformeerde Kerke,** vergader te Middelburg, in Seeland, beginnende die 29ste Mei, 1581"[2].

(2) "Kerkorde van die **Nederlandse Gereformeerde Kerke** in beide tale (Latyn en Hollands), gestel in die Nasionale Sinode: Saamgeroep en gehou op las van Sy Eksellensie, in 's Gravenhage die 20ste Junie in die jaar 1586"[3].

(3) Die opskrif van die Handelinge van die Sinode van Utrecht in 1618 lui soos volg: "Acta van die Provinsiale Sinode van Utrecht wat by die ou **Gereformeerde Kerke** gebly het, gehou binne Utrecht in die groot stadshuis te Dom in die jaar 1618 op 12 Oktober en die volgende dae"[4]

(4) Helder en duidelik pryk die naam van die Kerk bo die "Kerken-Ordeninge gesteldt in de Nationaale Synode der **Gereformeerde Kerken,** te zamen beroepen en gehouden door ordre van de H. Mog. Heeren Staten Generaal der Vereenigde Nederlanden, binnen Dordrecht in die Jaaren 1618 en 1619"[5].

By al die bogenoemde, waarby alles daarop dui dat die Kerk wel 'n naam gehad het en wel **"Gereformeerd",** wil ek nog die volgende drie punte byvoeg:

(1) In 'n boek in my besit, wat reeds in 1623 gedruk is met die titel; **Oorspronck ende Voortganck der Nederlantsche kerkelijcke verschillen tot op het Nationale Synodus van Dordrecht** word die naam van die Kerk van die heel begin van die Hervorming af. **Gereformeerd** genoem.

(2) Dr. H. Schokking, predikant van die Ndl. Herv. Kerk te Wezep, meld in die inleiding van sy doktorale proefskrif: "De Leertucht in de Gereformeerde Kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620", die volgende: "Onder die Gereformeerde Kerk in Nederland verstaan ek die kerklike gemeenskap wat georganiseer is op die Sinode van Embden in 1571 en sedertdien oral waar in ons land die vryheid van Spanje afgeveg was, as die publieke kerk erken is"[6].

(3) Op 29 Julie 1637 is die 'voorwoord van die bekende ou State-bybel opgestel. Die volgende haal ek woordeliks aan.

"Doch aengemerckt zijnde wat noyt eenige oversettinge van de Heylige Schrifture uyt den originelen Text in de [16] Nederlandsche sprake was gedaen, hadden wy al over lange versocht ende gecommitteert eenige voorname geleerde Mannen, Theologanten ende Dienaren vande **Gereformeerde Kercken** om een nieuwe Nederlantsche Oversettinge der Heylige Schrifture uyt de oorspronckelicke talen te voorschijn te brengen".

---

[1] Ibid., deel II, bl. 25.

[2] Hooijer: a.w., bl. 201.

[3] Ibid., bl 270.

[4] Reitsma en van Veen: a.w., deel VI, bl. 345.

[5] Hooijer: a.w., bl. 449.

[6] Dr. H. Schokking: **De leertucht in de Gereformeerde Kerk van Nederland** bl. 1.

Uit al die aangehaalde voorbeelde, wat maar enkele grepe is uit 'n massa beskikbare materiaal en wat oor die volle tydperk uitgestrek is, blyk die volgende baie duidelik:

(1) dat die eerste kerk die naam gedra het **Die Gereformeerde Kerk;**

(2) dat die teologiese rigting van die Kerk reeds in vaste bane gevloei het en dat met die loop van tyd die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls die leerstukke van hierdie Kerk geword het;

(3) dat alles ordelik toegegaan het soos dit in die bestaande Kerkordes bepaal is.

Al die bogenoemde voorbeelde is aangehaal net om te bewys dat die kerk wel 'n naam gehad het en wel omdat in die kringe van die Ned. Herv. Kerk in Suid-Afrika beweer word:

(1) dat die Kerk toe nog nie 'n naam gehad het nie;

(2) dat die Kerk eers in 1795 'n naam gekry het en wel die naam "Hervormd";

(3) dat die Herv. Kerk die ou historiese kerk sou wees, terwyl die N.G. Kerk weer van hulle kant wil bewys dat die N.G. Kerk eintlik die kerk is wat die eis van die geskiedenis kan weerstaan.

Uit die bogenoemde blyk dit egter duidelik dat die Gereformeerde Kerk die ou historiese kerk is.

En as die vraag nou gestel mag word: Waarom is u lidmaat van die Gerei Kerk? kan u met die geskiedenisboek in u hand en met die Woord in u hart, met dank aan God, antwoord: **Omdat die Gereformeerde Kerk die ou historiese kerk is wat ontstaan het tydens die Hervorming en tans nog voortbestaan as die kerk wat nog die suiwere draer is van die leersuiwerheid soos dit uitgekristalliseer het in die Hervorming.**

§3. Die Belydenisskrifte.

'n Naam tel egter nie alles nie. Dit is die **leer** van 'n kerk wat sy wese en die egtheid van sy naam bepaal. **Die leer van die kerk.**

'n Kerk word geken deur sy besondere belydenisskrifte, en dan nie net wat betref die belydenisskrifte op papier nie maar ook deur die houding van die kerk teenoor daardie belydenisskrifte en **bo alles die praktiese uitlewing daarvan.**

[17] Om 'n voorbeeld te noem: Dit help niks vir die sinode van 'n kerk om te sê dat hy byvoorbeeld die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar en sy predikante aanvaar dit nie ten volle nie. Dit help ook niks om elke dag op die hoeke van die strate uit te roep dat jou leer Gereformeerdis maar in die praktyk van die lewe word die essensiële leerstukke van daardie belydenis, soos byvoorbeeld die predestinasieleer en die verbondsgedagte verwerp, die prediking in die kerk as Woordverkondiging word verwater tot 'n storieboek; die sakramente word willekeurig, en in stede van Gods Verbondsgedagte te verkondig, word daar verval in sektariese bekeringsveldtogte wat maak asof geen Verbond en geen Verbondsgenade is nie.

Wat die Belydenisskrifte betref, aanvaar die Protestantse Kerke die volgende:—

a) Die algemene belydenisskrifte.

   Dit word deur feitlik al die kerke dwarsdeur die wêreld aanvaar, selfs deur die Rooms-Katolieke Kerk. Hier kry ons:

   (1) die Apostoliese Geloofsbelydenis (12 Artikels), wat in die jaar 500 na Christus vir die eerste keer aangetref word;

   (2) die Geloofsbelydenis van Nicea, opgestel deur die eerste algemene konsilie (sinode), wat in die jaar 325 in Nicea vergader het en dit handel oor die Drie-Eenheid van die Goddelike Wese en is opgestel teen die Ariane, wat die Godheid van Christus geloën het;

(3) die Geloofsbelydenis van Athanasius, wat ook handel oor Drie-Eenheid en gedurende die sesde eeu vir die eerste keer aangetref word.

Hierdie belydenisskrifte word gevind op bladsye 99 en 100 agter in ons Psalmboeke.

b) Die besondere belydenisskrifte.

Ons noem dit "ook die Drie Formuliere van Eenheid en word deur die Gereformeerd-gesinde Kerke aanvaar.

(1) Die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Dit is opgestel deur Guido de Brés, een van die leiers van die Hervorming in Suidelike Nederlande. In 1561 het hy sy belydenis oor die muur van 'n kasteel in Doornik gegooi, waar Koning Filips II toe juis vertoef het, om hom te toon dat die Gereformeerdes geen ketters is nie.

In 1562 het die eerste uitgawe in Nederlands verskyn. Die Sinode van Antwerpen (1566) aanvaar dit as belydenisskrif, en die Sinode van Dordrecht (1618-1619) bevestig hierdie besluit.

[18] De Brés is verbrand as gevolg hiervan, en dit word vertel dat hy op die brandstapel nog uitgeroep het: Ek dank God dat Hy my waardig geag het om so 'n dood te sterf.

Die inhoud van hierdie belydenisskrif bestaan uit 37 artikels en handel oor God, die mens, die Middelaar, die verlossing, die kerk en die sakramente, die amp van die owerheid en die laaste oordeel.

(2) Die Heidelbergse Kategismus.

Dit is opgestel in 1562 deur Zacharias Ursinus en Casper Olivianus op las van Frederik III, die godvrugtige keurvors van Palts.

Dit is deur die Sinode van Heidelberg as belydenisskrif aanvaar en verskyn in 1563. Petrus Datheen vertaal dit uit Duits in Nederlands, en die Sinode van Antwerpen (1566) aanvaar dit as belydenisskrif; en hierdie besluit word deur alle partikuliere sinodes bekragtig asook deur die Nasionale Sinode van Dordrecht.

Die Kategismus bestaan uit 52 Sondagsafdelings wat handel oor die mens in sy ellende, die mens in sy verlossing en die mens in sy dankbaarheid, en is 'n troosboek.

(3) Die Dordtse Leerreëls.

Dit is opgestel deur die Sinode van Dordrecht (1618-1619) teen die dwaalleer van die Remonstrante. Die Remonstrante het die Goddelike uitverkiesingsleer verwerp, die versoeningsdood van Christus geloën asook die noodsaaklikheid van die wedergeboorte. Die mens is volgens hulle van nature nie bedorwe nie; 'n ware gelowige kan volgens hulle weer afvallig word.

Hierteen het die Sinode die suiwere Skriftuurlike leerreëls opgestel.

Hierdie Formuliere druk nou die leer van die Gereformeerde Kerke uit.

Die vraag kom nou: Wat moet die houding van die Kerk wees teenoor hierdie belydenisskrifte?

Daarop gee die ou sinodebesluite die antwoord:—

(a) Die Sinode van Gelderland wat in 1612 vergader het, besluit insake die ondertekeningsformulier van predikante: "Ons, die ondergetekendes, dienare van die Goddelike Woord, verklaar met ons ondertekening opregtelik en in goeie gewete voor die Here dat ons aanvaar en glo dat die leer wat vervat en begrepe is in die Konfessie en Kategismus van hierdie Nederlandse Gereformeerde Kerke, in alles Skrifmagtig is en met Gods Woord ooreenkom".

(b) Die Sinode van Groningen (1613) besluit: "Ons die ondergetekende predikante en dienare van die Goddelike [19] Woord wat hoort onder die Sinode van Groningen en omgewing, verklaar en betuig met hierdie ondertekening van ons in alle opregtheid en alle volmondigheid sonder enige, ook nie in die allerminste dubbelsinnigheid, twyfelagtigheid en heimlikheid nie en daarom in goeie gewete voor die Here onse God, wat die hart en die niere deurvors en ken, dat ons van harte gevoel en glo, met die mond bely en met ons ondertekening uitdruklik te kenne gee dat al die artikels en die leerstukke wat in hierdie Nederlandse Geloofsbelydenis begrepe is en in hierdie Heidelbergse Kategismus, wat deur die Nederlandse Gereformeerde Kerke eendragtelik aangeneem is, vervat en uitgedruk is en van die aanvang van die Reformasie bekend is, verklaar en uitgelê word, in alles met Gods Heilige Woord ooreenkom en die fondament van die enige leer van die saligheid in sig begrepe het",

(c) Die Partikuliere Sinode van Noord-Holland van 1619 besluit oor hierdie saak soos volg:

"Ons die ondergetekende dienare van die Goddelike Woord verklaar opregtelik in goeie wete voor die Here met die hierdie handtekening van ons dat ons van harte gevoel en glo dat al die artikels en stukke van die leer <; wat vervat is in die Konfessie en Kategismus van die Nederlandse Gereformeerde leer wat in die Nasionale Sinode van Dordrecht van 1618-1619 vasgestel is (d.i. die Dordtse leerreëls), in alles met Gods Woord ooreenkom".

En by al drie bogemelde aanhalings volg dan die belofte van volle handhawing daarvan.

Uit bogenoemde konkludeer ons:

1. Dat drie Provinsiale Sinodes, los van mekaar en jare na mekaar, 'n gelykluidende besluit neem insake die ondertekeningsformulier van predikante.
2. Al is hulle formulering nie presies dieselfde nie, tref dit dat wat hierdie leer betref, dit volkome geaksepteer word sonder enige dubbelsinnigheid as synde in alles ooreenstemmend met Gods Woord.
3. Die Gereformeerde Kerk word hier aangegee as die Kerk wat dateer van die aanvang van die Reformasie.
4. Elke predikant is verplig om hom te bind aan hierdie geloofsoortuiging.

Nou kom die vraag op:

Watter kerke handhaaf nog hierdie belydenis?

En die antwoord is: Die predikante van die Gereformeerde Kerk.

[20] As u daarom gevra mag word: Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk? is die antwoord: Omdat die GEREFORMEERDE KERK volgens die eis gestel aan sy predikante die enigste kerk is wat nog die suiwere leer, wat gegiet is uit die Woord van God, sowel formeel as aktueel bely en **handhaaf!**

§4. Die skeiding tussen die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk.

In die vorige gedeeltes het ons daarop gelet dat die naam van die oudste Kerk **Die Gereformeerde Kerk** is, en dat hierdie Kerk die Drie Formuliere van Eenheid as sy besondere Geloofsbelydenis aanvaar het. Ook het ons daarop gelet dat al die predikante gebonde was om hierdie leersuiwerheid te verkondig en dat die predikante van die Gereformeerde Kerk tans nog die enigste is wat hierdie Drie Formuliere van Eenheid in teorie en praktyk ten volle aanvaar, as synde "in alles ooreenstemmend met Gods Woord".

Die vraag kom nou op: Maar waar kom die Hervormde Kerk in Nederland dan vandaan?

Hierop nou die antwoord.

Die naam van die eerste Kerk is deur al die Sinodes duidelik omskrywe as "Gereformeerd," soos ons alreeds gesien het. Dit was eers gedurende die agtiende eeu dat die naam "Hervormd" op die voorgrond begin tree het.

'n Baie belangrike gebeurtenis in die geskiedenis wat diep in die kerklike lewe ingegryp het, is die Franse Rewolusie met die slagkreet: "vryheid, gelykheid en broederskap". Dit was 'n absolute liberale slagkreet. Die wêreldsgees van die Franse Rewolusie het ook die Nederlandse deurtrek. Hierdie afval het sy hoogtepunt bereik toe die Franse troepe in 1795 Nederland binnegeval het en as verlossers verwelkom is.

Die Kerk se bestaan is bedreig. Die staatsbeskerming wat die Kerk al die eeue geniet het, is hom ontneem, 'n Algehele geestelike verval het die Christelike kerke gekenmerk.

Nou moet ons nie dink dat hierdie verval van die Kerk 'n snelle proses was nie. Nee, tientalle jare lank het die ateïstiese beskouings van skrywers soos Voltaire deurgewerk. Eers is dit sorgeloos geminag maar later geaksepteer. Onder invloed van Voltaire is die mees goddelose stellings verbrei, en ook die staat en die Kerk is daardeur besmet. "Het volk werd los van God en Zijn dienst en getrouwe predikers der waarheid werden nauwelijks meer gevonden"[1].

Dit was 'n tyd van totale geestelike afval.

[21] Na die val van Napoleon het Willem I van Oranje koning geword, en hy het hom ten doel gestel om kerk en staat te hervorm. In 1816 het hy 'n reglement uitgevaardig waarvolgens die kerk sou wees: Die Nederlandsche Hervormde Kerkgenootschap.

Hier het ons in werklikheid die begin van die Hervormde Kerk, soos ons die Hervormde Kerk tans ken.

Die eerste naam van die Kerk was Gereformeerd. 1816 bring egter 'n geweldige ommekeer. Ek wil, wat die naam van die Kerk betref, dit net staaf met die volgende: Prof. dr. L. Knappert skryf dat die Nederlandse Republiek "heeft de gereformeerde kerk gemaakt tot de heerschende, de bevoorrechte. Zoo bleef het tot aan den Franschen tyd: toen ging de bevoorrechte gereformeerde kerk onder. Door den persoonlijken invloed van Koning Willem I zou zij als de Nederlandsch Hervormde Kerk verrijzen"[2].

Ook prof. dr. Th. L. Haitjema[3] handhaaf hierdie standpunt dat die kerk **voor** 1816 Gereformeerd was en daarna Hervormd. So beweer ook wyle dr. Muller (voormalige teologiese professor van die Hervormde Kerk in Pretoria) in die Hervormde Kerk se Almanak van 1909 dat die naam "Herv. Kerk" offisieel eers in die Reglement van 1816 gebruik is.

Al hierdie mense is Hervormdes, en vir hulle as teologiese wetenskaplikes is en was dit 'n uitgemaakte saak dat die huidige Herv. Kerk sy offisiële begin in 1816 het.

Beteken dit nou dat dit dieselfde kerk gebly het maar wat net 'n ander naam gekry het? Beslis nie!

Hier het ons nie met 'n **naamsverandering te doen nie** maar met 'n **wesenlike** verandering van die kerk.

Koning Willem I het die ou Gereformeerde Kerke **omgevorm** tot die Nedl. Herv. **Kerkgenootskap.**

Die kerkgemeenskap het nou 'n genootskap geword. Die ou Calvinistiese waarhede is verruil vir die liberalisme van die Franse Rewolusie.

Ja, die Kerk is omgevorm ook wat die Bybelse leer betref.

---

[1] Ds. Js. van der Linden: **Waarom zijt gij lid eener Gereformeerde Kerk?** bl. 16.

[2] Prof. L. Knappert: **Geschredenis der Ned. Herv. Kerk gedurende de 16e en 17e eeuw.,** bl. 1.

[3] G.D. Scholtz: **Ons Kerknaam,** bl. 4.

Totaal in stryd met die Kerkorde van die Dordtse Sinode stel Koning Willem I sy eie Kerkorde op; hy skaf die Sinode af en stel in die plek daarvan 'n soort van sinodale kommissie wat bestaan uit predikante, ouderlinge en staatsamptenare. Hy gryp hier in die regte van die kerk, en hy ontneem Christus die eer as Hoof van Sy Kerk en stel homself aan as die hoof van die kerk.

[22] Ds. Van der Linden skryf in hierdie verband: "Koning Willem I begeerde in den diep treurigen toestand zowel op kerkelijk als staatkundig gebied afdoende verbetering te brengen"[1].

Maar wat doen hy nou? Hy verwater die kerk nog meer, "organiseerde de kerk van Christus tot een Departement van Openbare Bestuur, liet een Algemeen Reglement vervaardigen voor de kerk; benoemde in 1816 zelve de leden van de zoo berucht geworden Haagsche Synode"[2]. Hierdie Sinode, onder invloed van Koning Willem, verander dan ook die ondertekeningsformulier van die proponente sodat dit nie meer nodig is dat hulle die Drie Formuliere van Eenheid ten volle hoef te aksepteer nie.

Ds. van der Linden vervolg: "en had alzoo van de Gereformeerde kerk in deze landen gemaakt een genootschap, dat niet ten onrechte genoemd werd: het Staatscreatuur van Koning "Willem I"[3].

Dat ons hier te doen het met die afstapping van die beginsels van die Hervorming, is nie te betwyfel nie. Die beginsels van die geloofsopvatting is vervat in die Geloofsbelydenis. Maar as 'n Sinode besluit: dit is nie meer nodig dat predikante hulle geloofsbelydenis ten volle hoef te aksepteer nie maar net in gees en waarheid, dan weet niemand wat daardie kerke se belydenis presies is nie.

Dit is dan wat inderdaad gebeur het in Nederland onder Koning Willem I. Daar is besluit dat dit nie meer nodig is dat predikante die beginsels van die Hervorming moet onderskrywe as "in alles met Gods Woord ooreenstemmend" nie.

Om my bewering te staaf wil ek hier net aanhaal wat Hofstede de Groot, wat self professor was in die Herv. Kerk, gesê het in verband met die Drie Formuliere in die Herv Kerk, nl. "dat ze waren afgeschaft en dat geen leeraar verplicht was de leer, daarin vervat, te verkondigen"[4].

Hiermee word nie bedoel dat 'n sinode besluit het om dit af te skaf nie, maar die bindende krag is daarvan ontneem sodat in die praktyk dit daarop neergekom het asof dit wel afgeskaf is.

'n Toestand van totale verwatering het die kerk beheers. Die gees van die Franse Rewolusie het die kerk verwêreldlik.

Weliswaar het daar dadelik protesstemme weerklink, maar die staat het met geweld die beswaardes onderdruk. Ek haal ds. Van der Linden aan: "Wel werd krachtig geprotesteerd tegen deze verwereldlijking der kerk, doch haar werd door hoger gezag het zwijgen opgelegd".

[23] En dan hierdie geweldige woorde:

"De Koning wilde geen afstand doen van het recht, dat hij als Soeverein des lands ook over de Kerk meende te hebben[5].

Nie meer **Christus met sy ampsdraers** nie maar die **koning** met **sy minister van godsdiens** het die **regeerder** van die Kerk geword.

So erg het die toestand geword in die geestelike lewensverval in die Ndl. Herv. Kerk dat

[1] Ds. Van der Linden: a.w., bl. 16.
[2] Ibid., bl. 17.
[3] Ibid.. bl. 17.
[4] Ibid.. bl. 19.
[5] Ibid., bl. 17.

selfs Bilderdijk moes uitroep "dat de Hervormde Kerk geen kerk meer was maar een gehoor- en leer-inrichting, waarin ieder, die wilde, zijn gevoelens vrij mocht openbaren". En dan roep hy uit: "Zeggen wij vaarwel aan een gemeenschap waar Jesus niet in het midden is"[1].

U sal sê dat dit geweldige aantygings is.

Luister dan na die opsomming van ds. Van der Linden: Die Herv. Kerk het predikante in hulle midde toegelaat wat die saligmakende waarhede van die Skrif aangetas en verloën het: Die Godheid van Christus, Sy een-wees met die Vader en die Heilige Gees, die onweerstandelike werking van die Heilige Gees, die onmag van die sondaars voor God, die noodsaaklikheid van die wedergeboorte, die soenverdienste van Christus is deur hulle eers verdonker en daarna **met beslistheid weerspreek"**[2]. Hier het ons met die **vrysinnige** rigting te doen, 'n rigting wat tans nog 'n groot deel van die Ndl. Herv. Kerk uitmaak, Ja, predikante het selfs sover gegaan om met die Bybelse versoeningsleer te spot as 'n " bloedteologie " en die doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te verwerp en dit te vervang met 'n doop "vryheid, gelykheid en broederskap"[3].

Dit is die Ndl. Herv. Kerk van koning Willem I —die geestelike moeder van die huidige Nederduits Hervormde Kerk.

As gevolg van hierdie geweldige afval het die protesterende stemme al luider en luider geword. In 1829 is 'n jong predikant, ds. De Cock, te Ulrum bevestig. Hy het sy studie voltooi aan die Universiteit van Groningen, waar die Calvinistiese leer destyds nie meer onderrig is nie. Kort nadat hy te Ulrum bevestig is, het hy egter vir die eerste keer met die leerstellings van Calvyn kennis gemaak. Dit het hom aangegryp, en hy het 'n kragtige verkondiger van daardie waarhede geword. Die gevolg hiervan was dat die mense wat toe al jare lank na sielevoedsel in die Herv. Kerk gesoek het, toegestroom het na sy kerkdienste.

[24] Vanweë sy geïnspireerde optrede terwille van die ou Gereformeerde waarhede het hy in onguns by die ander predikante gekom, en die einde van die saak was dat hy geskors is as predikant. Aanvanklik het hy nog in die Ndl. Herv. Kerk gebly, maar mense wat hom sterk ondersteun het, het hom geadviseer om uit die Herv. Kerkgemeenskap te tree.

Nadat ds. De Cock aanhoudend probeer het om 'n regverdige verhoor in die Herv. Kerk te kry en nie daarin kon slaag nie, het hy in 1834 stigter geword van die Afgeskeie Geref. Kerk. Die grondbeginsels waarop hy hom gestel het, was dieselfde beginsels as die van die Reformasie en van die Sinode van 1618-1619.

Hierdie daad van De Cock was 'n hervormingsdaad. Kort na hom is manne soos Scholte, Kamp, Gezelle-Meerburg, Van Raalte e.a. ook afgesit as predikante vanweë die skriftuurlike leer wat hulle verkondig en voorgestaan het.

Om voorbeelde te noem: Prop. A. C. van Raalte moes eksamen doen voor die Sinode. Daar verklaar hy dat hy gebonde voel aan die waarhede van die Drie Formuliere. Ds. Sluiter (van die Herv. Kerk) het teen hom uitgevaar oor die leerbegrippe van Christus se versoening en die wedergeboorte wat hy voorstaan en prop. Van Raalte toegeroep: "We zullen wel zorg dragen, dat gij de kerk niet beroert", en Van Raalte is nie toegelaat om predikant te word in die Ndl. Herv. Kerk nie[4].

'n Ander voorbeeld uit honderde van hulle: Dr. H. F. Kohlbrugge was predikant in die Herstelde Lutherse Gemeente. Terwyl hy te Utrecht studeer, maak hy met Calvyn se leerstellings kennis. Dit oortuig hom. Hy skryf self: "Zoo kreeg ik de overtuiging, dat de

---

[1] Ibid., bl 18.

[2] Ibid., bl. 19.

[3] Dr, L. Praamsma: **Het Dwaze Gods,** bl. 65.

[4] Ibid., bl. 85.

oude Christelijke Gereformeerde Religie overeenstemde met het Woord Gods"[1].

Omdat Kohlbrugge meen dat die Herv. Kerk 'n suiwere voortsetting was van hierdie ou leer, het hy aansoek gedoen om by hulle aan te sluit. Na moeitevolle pogings moes hy voor die Provinsiale Kerkbestuur van Utrecht verskyn. Die president van die Provinsiale Kerkbestuur het hom o.a. die vraag gestel "of hy glo aan die ou dinge, soos byvoorbeeld die hellevaart van Christus". Toe hy daarop bevestigend antwoord, is toelating hom geweier, en hy is weggestuur met die woorde: "Mijnheer wij moeten rust hebben in onze Kerk, rust moeten wij hebben"[2].

Uit al bogenoemde aanhalings blyk dit duidelik dat die Ndl. Herv. Kerk nie alleen afgestap het van die Belydenis nie maar ook afgestap het van die Bybel self.

[25] Al hierdie manne is geskors omdat hulle weer die leer van die Bybel en nie die leer van die Franse Rewolusie wou verkondig.

Was dit 'n nuwe kerk wat hier gestig is?

Nee, beslis nie!

In werklikheid was dit 'n tweede hervorming!

Soos die eerste Hervorming 'n losskeur uit die bande van die Roomse-Katolieke Kerk was, was hierdie 'n losskeur uit die bande van die Liberalisme.

Intussen het die Herv. Kerk voortgegaan op hierdie weg van absolute leervryheid, en dit het die predikante vrygestaan om te leer wat hulle wil, en in baie gevalle het hulle selfs geketter.

Die Afgeskeies is uitgeskel as sektes en is deur die staat met geweld onderdruk. Wederdopers, Menniste en alle sektes kon vrylik godsdiens hou, maar die Gereformeerdes is met staatsmag onderdruk. Groen van Prinsterer sê in sy werk **Maatregels tegen de Afscheiding** hierdie woorde:

"De Afgescheidenen zijn geen nieuwe secte, maar leden eener Gereformeerde gezindheid" en ook: "Het **beginsel** der Scheiding was behoefte aan waarheid"[3].

*****

'n Belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die Herv. Kerk het in 1880 gevolg toe die Sinode bepaal het dat die vrae wat aan diegene gestel word wat belydenis van die geloof wil aflê, nie meer betrekking sal hê op die onderskrywing van die leer soos vervat in die Drie Formuliere van Eenheid nie.

In 1883 word ook die proponentsformule gewysig. Eers moes hulle die Formuliere net " in gees en waarheid " aksepteer, maar hier tree 'n verdere verwatering in. Die Sinode besluit " dat zij (d.w.s. die proponente) beloofden de belangen van het Godsrijk en in overeenstemming hiermede die van de Ndl. Herv. Kerk met opvolging harer verordeningen naar **vermogen** zullen behartigen".

Hier vind ons geen verbinding meer aan die Woord van God of aan die Belydenisskrifte nie, maar net aan die " Verordeningen der Ndl. Herv. Kerk."

Wat is nou hierdie verordeninge?

Ons kan alleen sê dat net solank as wat die belange van die Kerk as sodanig verdedig is, kon hulle, wat die Skrif betref, verkondig net wat hulle wil.

Hoe die Ndl. Herv. Kerk gestaan het teenoor die waarhede van die Bybel, blyk uit die volgende:

In Amsterdam was daar 234 vrysinnige jongmense wat [26] belydenis van geloof wou

[1] Dr. Van der Does: **De Afscheiding in haar wording,** deel 1, bl. 46. (10) Ibid,, bl. 47.

[2] Ibid., bl. 47

[3] Ds. Van der Linden: a.w., bl. 34.

aflê. Die Kerkraad stel aan hulle die eis " den Here Jezus Christus als den eenigen en algenoegzamen Zaligmaker te belijden, die overgeleverd is om onze zonden en opgewekt om onze rechtvaardigmaking ".

Hierdie jongmense weier om te bely dat Jesus Christus die Enige en Algenoegsame Saligmaker is wat gesterf het om ons ongeregtighede en opgewek is om ons regverdigmaking.

Die Kerkraad weier daarop om hulle as lidmate op te neem.

Die Sinodale Kommissie van die Herv. Kerk bepaal toe dat hierdie vrysinnige jongmense in ander gemeentes belydenis kan gaan aflê as hulle net 'n bewys van goeie sedelike gedrag kan toon. Die Kerkraad van Amsterdam weier om hierdie atteste aan hulle te gee.

Die Provinsiale Bestuur sê dit moet.

Die Kerkraad verklaar die bevel van die Provinsiale Bestuur nietig as in stryd met Gods Woord.

Die Sinodale hiërargie eis hierop die afgee van die attestate

binne ses weke.

Nog voordat ses weke verstryk is, skors die Klassikale Bestuur 80 van die ortodokse kerkraadslede. Onder diegene wat geskors is, was onder ander manne soos dr. A. Kuyper en dr. Rutgers.

Hulle is uitgewerp uit die Herv. Kerk vanweë hulle suiwere leer.

Nou sê ds. Van der Linden; In dieselfde Amsterdam was predikante in die Ndl. Herv. Kerk wat loënaars was van Christus as die Seun van God en as die Enige en Algenoegsame Saligmaker van die kerk; daar was lede by die duisende wat openlik hulle ongeloof uitspreek en leef na die goeddunke van hulle hart. "Werden die kerkelijk behandeld en desnoods eindelijk uitgeworpen? **Neen uitgeworpen** werden **alleen** die Gereformeerde mannen, aan Gods Woord getrouwe dienaren, waardige opzieners, die om Zions wil niet meer zwijgen konden "[1].

Hierdie gebeurtenis staan in die geskiedenis bekend as die Doleansie. (Om te doleer beteken om te treur.)

Kuyper en Rutgers is deur duisende gevolg. Hulle het toe die Nederduits Geref. Kerk gestig. (Hierdie Kerk het geen verband met die N.G. Kerke in S.A. nie.)

In 1892 het die Afgeskeie Geref. Kerk van ds. De Cock en die Ned, Geref. Kerk van 1886 (Kuyper s'n) verenig tot die Gereformeerde Kerke met dieselfde leerstellings van die ou Geref. Kerk van 1618-1619, wat in 1816 deur koning Willem I omgevorm is tot die Ndl. Herv. Kerk.

[27] Die vraag kom egter ook op: Hoe is dit **tans** gesteld in die Nederlands Hervormde Kerk?

Kerkregtelik het die toestand nog geensins verander nie: al die gemeentes is nog steeds "afdeeling van het ééne Genootschap" en almal is onderworpe aan die Reglement van die Sinodale Bestuur.

Jhr. Elout van Souterwoude spreek van die Herv. Kerk as 'n " genootschap dat niet meer was dan een leer- en gehoorinrichting waar geloof en ongeloof gelijke rechten had"[2].

Die Ndl. Herv. Kerk staan ook nie op die **Verbondsgedagte** in die bediening van die Sakrament van die Heilige Doop nie; inteendeel, hulle trag om die "deurbraak" te bewerkstellig waardeur alle grense tussen kerk en wêreld uitgewis word. " De doop geldt naar de praktijk in de Herv. kerk de kinderen **des volks"** en nie alleen die kinders van

[1] Ibid., bl. 29.

[2] Ibid., bl. 39.

gelowige ouers nie.

Dr. Gerretsen, in lewe predikant in die Herv. Kerk te 's Gravenhage het beweer: " Onze breede doopspraktijk is **een** der oorzaken van het diep verval in onze kerk. Door deze breede doopspraktijk **is de wêreld in breede stroomen onze kerk binnen-gestroomd en is zij door de wêreld overwonnen"**[1].

Dan vervolg hierdie predikant van die Hervormde Kerk met hierdie geweldige woorde: "**Ongekontroleerd stroomt een wilde menigte het heiligdom binnen en wordt — o gruwelijke leugen — aangesproken en behandeld als een vergadering van geloovigen "** [2].

Insake die Heilige Nagmaal word beweer dat in die Herv. Kerk iedereen kan toetree, gelowiges of ongelowiges. "Een kerkenraad, die den eisch niet stelt, die **ongeloovigen** inschrijft in de lidmatenboek der kerk, **onderscheidt het Lichaam des Heeren niet meer"**[3].

Ook prof. dr. H. Kraemer, die huidige professor aan die Teologiese Fakulteit van die Herv. Kerk in Leiden, skilder 'n droewige beeld van die Kerk. Nadat hy die geweldige dwalinge in die geledere van die Herv. Kerk erken het, pleit hy om her-kerstening, en in hierdie verband sê hy: " Ons moet in elke geval in onze Herv. Kerk revolutionair, of beter reformatorisch durven zijn, dws. zichzelf van de fondamenten tot de top in hoofd en leden, in prediking en handelen, drastisch herzien. Dat betekent voor de Ned. Herv. Kerk iets geweldigs, want het houd in dat **zij haar burgerlijkheid (wêreldgelykvormigheid) afschudt"**[4].

Nou moet ons nie al te gou verheugd word asof die professor hier van 'n daadwerklike hervorming spreek wat teruggryp na [28] die waarhede van die Skrif nie. Nee, hy is van oordeel dat dogmatiese suiwerhede nie van unieke belang is nie. Al wat moet verkondig word, is: Jezus is Heer! Nog meer, hy verwelkom alle rigtings in die boesem van die Herv. Kerk, en daarom spreek hy die hoop uit dat hy met verwagting uitsien na die dag wanneer Gereformeerdes, Remonstrante, Vrysinniges, Wederdopers of Heilsleer-volgelinge saam in een kerkgemeenskap sal staan[5].

Hy stel as ideaal dat die Herv. Kerk " een Christus-belijdende volkskerk wordt", en daarom gee hy nie om watter **leer** sodanige persone aanhang nie[6]. Daarvoor beywer die Herv. Kerk hom dan ook, en daarom word die deure oopgegooi vir enigiemand wat wil inkom. Dit geld sowel vir die Kerk van Nederland as vir die Ned. Herv. Kerk van Afrika. Prof. Kraemer sê: "Die vernuwingsbeweging van die Herv. Kerk wat in 1940 begin het, word gekenmerk deur 'n imperialistiese strewe ", d.w.s. die Kerk het sy deure heeltemal oopgegooi.

In die kring van die Hervormde Kerk bestaan daar egter ook 'n groep persone wat met die Skriftuurlike waarhede nog saamstem. Dit is dan inderdaad ook hulle roepstern wat telkens en telkens weerklink teen die dwaalleringe van die Kerk.

Dit blyk egter dat leiers van die Herv. Kerk hierdie mense minagtend behandel, want prof. Haitjema, hoogleraar in hulle kring, spreek van hulle as 'n "sekte-tipe"[7].

Daarteenoor word die Vrysinniges hoog geëer. Prof. Kraemer erken dat hy in April 1944 'n vergadering van die Vrysinnige predikante toegespreek het, en hulle getalle is tans veel meer as 300, terwyl nog bykans die helfte soveel vrysinnige gemeentes in die geledere van die Nederlands Herv. Kerk vakant is. Dr. A. J. Rasker het sy dankbaarheid

[1] Ibid., bl. 40.

[2] Ibid., bl. 40.

[3] Ibid., bl. 42.

[4] Prof. dr. H. Kraemer: **De roeping der Kerk,** bl. 15.

[5] Ibid., bl. 116.

[6] Ibid.. bl. 121.

[7] **Die Kerkbode**, 21 Des. 1955, bl. 1005.

tydens hulle jaarvergadering in 1953 uitgespreek namens die Moderamen van die Generale Sinode van die Ndl. Herv. Kerk dat hierdie vrysinniges in die Hervormde Kerk gebly het.

Indien u nou weer in gedagte roep dat van hierdie vrysinniges Christus loën en die Bybel nie ag nie, weet u presies hoe die wind nog steeds waai...

En juis daarom is u lidmaat van die **Gereformeerde Kerk**, omdat die waarheid van die Bybel vir ons meer werd is as die getal mense wat aan die kerk behoort.

[29] HOOFSTUK II: DIE KERK IN SUID-AFRIKA

§1. Die kerk in 1652.

IN Suid-Afrika bestaan hier net drie Afrikaanse Kerke en hierdie drie Kerke staan in die volksmond bekend as die " drie Hollandse Susterkerke ".

Die vraag is egter: Met watter een van hierdie drie Kerke het ons volksplanting begin? 'n Heel belangrike vraag!

Dit kon nie met die Nederduits Hervormde Kerk begin het nie, want hierdie Kerk het sy amptelike ontstaan eers in 1816 in Nederland gehad. Dit kon ook nie met die Nederduits Gereformeerde Kerk begin het nie, want hierdie Kerk het geen direkte oorsprong in Nederland nie en is 'n suiwer Afrikaanse Kerk.

Gesien teen die agtergrond van voorafgaande hoofstuk kan ons tot net een konklusie geraak: **die Kerk van 1652 was 'n Gereformeerde Kerk.**

En hierdie feit word bevestig deur verskillende historiese dokumente, waarvan ons 'n paar hier wil noem.

Reeds het ons daarop gelet dat die Kerk in Nederland sedert die dae van die Hervorming bekend gestaan het as "Die Gereformeerde Kerk ". Aangesien die Kerk aan die Kaap geressorteer het onder die Klassis Amsterdam, is dit 'n logiese konsekwensie dat die Kerk aan die Kaap dieselfde moes gewees het as die Kerk in Nederland. Hierdie bewering word verder gestaaf deur die volgende: Op 27 Januarie 1651, dus slegs een jaar voor die koms van Jan van Riebeeck, het die " Groote Vergadering " van al die provinsies in Nederland plaasgevind, waartydens al die state (regeerders) van die verskillende provinsies verklaar het dat hulle elkeen in hulle eie gebied sal vashou en handhaaf die ware **Christelike Gereformeerde godsdiens** net soos dit oral in die publieke kerke van hierdie land toentertyd gepreek en geleer is en net soos dit in die jare 1618-1619 in die Nasionale Sinode, gehou te Dordrecht, bevestig is[1].

Dit nou wat Nederland betref op die vooraand van ons volksplanting.

[30] Maar ook uit eie boesem kan die feite gestaaf word dat **die Gereformeerde Kerk die kerk is waarmee ons volksbestaan begin het.**

In hierdie verband kan ons maar let op die volgende paar aanhalings:

(a) In die gebed waarmee Jan van Riebeeck die byeenkomste van die Politieke Raad moes open, is aan God onder andere gevra dat onder die wilde Hottentotte " Uwe ware gereformeerde Christelijcke Lere metter tijt voortgeplant en verbreijt worde".

(b) Op 23 Augustus 1665, by die bevestiging van die eerste Kerkraadslede, word aangeteken: "Wij ondergeschrevenen, Abr. Shut, ouderling, en Johan Reinierszen, diaken, ... die op den .... in dienst bevestigd zijn, erkennen met deze de belijdenisse der **Gereformeerde Kerke** voor goed en met Gods Woord overeenstaande "[2].

(c) Op 3 April 1707 word van die Kaapse Kerk 'n brief aan die Klassis Amsterdam gestuur waarin die volgende woorde voorkom onder punt 1: " of dit nie beter is en vir 'n **Gereformeerde Christen** betaamliker is ..." en dan word verwys na die tugprosedure volgens die Dordtse Kerkorde[3].

(d) In dieselfde brief word ook daaroor gehandel of die huwelike wat aangegaan word van Gereformeerde lidmate met diegene wat afgesny is "of van de **Gereformeerde religie** gans vervreemt sijn", met die gewone seën "in de **Gereformeerde Kerke**

---

[1] Dr. G. D. Scholtz; **Ons Kerknaam,** bl. 4.

[2] Ibid., bl. 5.

[3] Ds. C. Spoelstra: **Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika,** deel I, bl. 54.

bevestig" moet word met heenwyse na die Nasionale Sinode van Dordrecht[1].

(e) In 'n brief wat geskryf is op 8 Junie 1707 lees ons dat gevra word om 'n bepaling dat 'n Kommissaris Politiek " publijk belijdenis (moet) doende van de **Gereformeerde** religie ..." en dat hy geen Lutheraan of van 'n ander gesindte moet wees nie[2].

(f) Op 29 Mei 1714 skryf die Kaapse Kerk aan die Klassis Amsterdam oor die toelating van die Lutherane aan die Nagmaaltafel en advies word gevra (met verwysing na 'n skrywe van die Klassis Amsterdam aan die Kaapse Kerkraad van 23 Des. 1665) of Lutherane op goeie getuienis tot die gemeenskap van die Tafel van die Here saam met die **Gereformeerdes** toegelaat mag word "op sulken wijze als het selve in Vrankrijk, en in andere Gereformeerde kerken geschied"[3]. [31]

(g) In 'n geskrif wat handel oor die afsetting van A. Poulle as ouderling en J. Overholster as diaken, en aan die Klassis Amsterdam gerig is, spreek ds. Le Boucq dat die kerkraad hierin met reg gehandel het en verwys hy na art. 31 van die "Vaderlandsche Kerkenordres, gesteld door de Nationale Synoden der **Gereformeerden Kerken"**[4].

Hierdie selfde brief verwys ook na art. 79 en art. 80 van die genoemde Kerkorde.

(h) Op 7 Junie 1723 skryf die Klassis Amsterdam aan die Kaapse Kerkraad " dat godsalige, gequalificeerde personen, in qualiteyt als wettelijk beroepene predicanten, derwaarts gesonden werden, die het predikampt in alle zijne deelen aldaar bedienen, forma van kerke en kerkelijke regeeringe, na den Woorde Gods en conform de loffelijke gewoonte van die **Gereformeerde Kerke** hier te lande, ook aldaar onderhouden ... "[5].

(i) Op 23 November 1674 het die Kerkraad besluit dat ingeval Rooms-Katolieke hulle kinders ten doop wou bring, die Kerkraad sy bes sal doen om getuies wat "die **Gereformeerde Christel. Godsdienst** sijn toegedaan, op te soecken"[6].

(j) Op 5 Mei 1734 skryf die Kaapse Kerkraad aan die Klassis Amsterdam insake lasterlike Lutherse boekies wat aan die Kaap versprei is, dat die Kerkraad " de **waere gereformeerde godsdienst"** op die sagste dog egter kragtigste wyse sal handhaaf, en verder onderneem hulle om "naeuwkeurig te letten, op alle hetgeene tot ondermeining van onze **Gereformeerde** gronden .... "[7].

(k) Op 7 Junie 1742, as gevolg van die feit dat toestemming verleen is tot die stigting van 'n Lutherse gemeente aan die Kaap, volg 'n brief van die Kaapse Kerkraad aan die Klassis Amsterdam dat van hulle kant aan die Koningin 'n versoek gerig moet word, sowel tot voorkoming van ongereeldhede en twis as ter bewaring teen die " ondergang der waare **Gereformeerde Kerke**", dat "geen andere, als waare Gereformeerde" tot die regering verkies sal word of tot hoof van die polisie benoem sal word nie, ens.[8].

(l) Op 17 Junie 1778 skryf die Roos-party te Drakenstein aan die Klassis Amsterdam oor die verskil van mening in 'n sensuuraksie onder andere hierdie woorde: "... want zodanige magt aan geen kerkenraad ergens in Godts [32] Woord, nog in Confessie, Cathegismus, of Formulieren, welke in onze **Gereformeerde Kerk** zijn aange-

---

[1] Ibid., bl. 55.
[2] Ibid., bl. 69.
[3] Ibid., bl. 134.
[4] Ibid., bl. 78.
[5] Ibid., deel II, bl. 40.
[6] Ibid., deel II, bl. 261.
[7] Ibid., deel I. bl. 175.
[8] Ibid., deel I, bl. 194.

nomen.... "[1].

Uit hierdie paar aanhalings volg nie alleen die **naam** van die Kerk baie duidelik nie, nl. **dat die eerste Kerk in S.A. bekend gestaan het as " Gereformeerde Kerk"** nie **maar opmerklik is ook die verbinding van die Kaapse Kerk aan die uitsprake van die Woord van God, aan die Dordtse Kerkorde en aan die Dordtse Sinode.**

En as die vraag in aansluiting hierby kom: Watter kerk of kerke in Suid-Afrika **voel hul tans nog so gebonde** aan hierdie grondleggende besluite? is die antwoord dat **alleen die Gereformeerde Kerk nog trag om daardie Kerkorde en leerstellige besluite in Suid-Afrika handhaaf. Ek sê handhaaf.**

§2. Die opkoms van die naam "Hervormd".

Die naam van die kerk in Suid-Afrika sedert die aanvang van die volksplanting, so het ons reeds gesien, was " Gereformeerd ".

Teen die einde van die agtiende eeu het die naam "Hervormd" egter op die voorgrond begin kom.

Van die kant van die Hervormde Kerk word beweer dat die kerk gedurende al hierdie eeue geen naam gehad het nie, en dat die kerk eers in 1795 'n naam gekry het en wel die naam " Hervormd ".

Om hierdie argument te weerlê word net verwys na al die voorafgaande aanhalings.

Dit was eers teen die einde van die agtiende eeu dat die naam " Hervormd " steeds meer op die voorgrond begin tree het. Een van die redes was dat die woord "Hervormd" 'n suiwerder Nederlandse woord sou wees as "Gereformeerd" aangesien laasgenoemde van Franse oorsprong was.

Hoewel die kant van die Hervormde Kerk beweer word dat die Kerk eers in 1795 sy naam gekry het, vind ons reeds so vroeg as 1775 hierdie naam vir die eerste keer gebesig. In 1782 word in 'n brief van die Kaapse Kerk aan die Klassis Amsterdam gespreek van " ene lidmaat onser Hervormde gemeente ".

In bylae B wat hierdie brief vergesel het, lui die aanhef "Voor d'Eerw. Kerkenraad der Hervormde Gemeynte", en dan begin die brief van die Kerkraad van Kaapstad wat as bylae by die stuk gedien het "Op de gravamina's van den Eerw. Gereformeerden Kerkenraad deeser steede, weegens het doopen van meisjes van Gereformeerde moeders en Lutherse vaders ...."[2].

[33] Hiermee word 'n periode ingelui waartydens die naam Hervormd en Gereformeerd en later selfs Nederduits Gereformeerd almal gebruik word vir dieselfde Kerk.

Hoewel die naam "Hervormd" teen die einde van die agtiende eeu op die voorgrond begin tree het, het dit in Suid-Afrika egter nooit hoogty gevier nie, en hoewel dit 'n tyd lank die amptelike naam van die Kerk was vir sover dit die staat betref het as gevolg van die Kerkorde van De Mist in 1804, het die naam "Gereformeerd" in Suid-Afrika nooit gesterf nie. Inteendeel, dit skyn asof die naam "Gereformeerd" steeds oorwegend gebly het.

Ter stawing hiervan wil ek net 'n paar voorbeelde aanhaal.

(a) 'n Brief van die Kerkraad van Batavia aan die Kerkraad te Kaapstad, gedateer 24 Oktober 1782, word afgesluit met die woorde: "De predikanten en ouderlingen, uytmaakende den **Gereformeerden kerkenraad** dezer stede"[3].

(b) Op 21 Augustus 1787 skryf die Kaapse Kerkraad aan die Klassis Amsterdam: " Zullen het nageslacht in eerbiedige herinnering houden, welke groot verplichtingen de

[1] Ibid., deel I. bl. 449.

[2] Ibid., bl. 492.

[3] Ds. C. Spoelstra: a.w., deel II, bl. 210.

Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika hebben aan de Classis Amsterdam", en bylaag twee by hierdie skrywe eindig met: " Uit naam en last des **Gereformeerden kerkenraads.** Cabo de Goede Hoop, den 11 July 1787"[1].

(c) In 'n brief van 23 Januarie 1781 aan die Goewerneur van die Kaap van die kant van die Kerkraad word gespreek van die " Kerkenraden der **Gereformeerde** en Lutherse gemeentens alhier"[2].

(d) Op 7 Desember 1798 word 'n brief van die kant van die Regering gerig aan "'t Eerwaarde Collegie van Kerkenraaden, Ouderlingen en Diaconen van de **Gereformeerde Kerk** in de Caapstad"[3].

(e) Op 4 Februarie 1799 skryf luitenant-goewerneur F. Dundas weer soos volg: " Aan het Eerwaarde Collegie van Kerkenraden der **Gereformeerde Gemeente** in de Caapstad"[4].

(f) In antwoord op bogenoemde brief noem die Kerkraad homself "De Kerkenraad der **Gereformeerde Gemeente** deser stad . . . "

[34] Bogenoemde aanhalings is voldoende om te bewys dat die gebruik van die naam "Hervormd" die gemelde keer in 1775 'n okkasionele geval was en dat ten spyte van die bewering dat die Kerk in 1795 eers 'n naam gekry het en wel die naam " Hervormd" in 1798 en 1799 die naam " Gereformeerd" nog steeds gebruik was.

Die gebruik van die naam " Hervormd" tot op daardie stadium was enkele uitsonderings.

Teenoor die bykans 100 gevalle waar die Kerk beskrywe word as die " Gereformeerde Kerk " in die ou dokumente, kom die naam " Hervormd" slegs ses keer voor, t.w. in 1775, die tweede keer in 1782, dan in 1787, 1790, 1801 en 1804.

Die naam "Hervormd" het dus meer as 120 jaar na ons volksplanting vir die eerste keer op die toneel verskyn.

§3. "Hervormd" die amptelike naam aan die Kaap.

Nadat Napoleon in 1802 verslaan is, het die Kaap oorgegaan in die hande van die Bataafse Republiek, en die regering aan die Kaap is toevertrou aan Janssens en De Mist.

De Mist, deurtrek van die liberale denke van die Franse Rewolusie, het groot en ingrypende veranderinge teweeggebring in die wese van die kerk.

Hy het 'n nuwe kerkorde opgestel wat getuig van sy uiterste liberalisme.

As antwoord op die vraag hoe dit nou eintlik *gekom* het dat hier in Suid-Afrika drie Hollandse susterkerke ontstaan het, kan die Kerkorde van De Mist as die grondoorsaak daarvan aangewys word. Hy is dan inderdaad ook die geestelike vader sowel van die "Ned, Geref. Kerke as van die Ned. Hervormde Kerk.

Met hierdie Kerkorde het hy die ou en tot daardie tyd toe bestaande Gereformeerde Kerk amptelik gedood.

Tereg word beweer dat hierdie Kerkorde die dood was van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. **De Mist het 'n einde gemaak aan die Kerk, die kerkleer en kerkregeringstelsel waarmee ons volksplanting begin het.**

En juis daarom is u Gereformeerd omdat u nie saamgaan met die liberalisme en vrysinnigheid wat Suid-Afrika as gevolg van die Franse Rewolusie via De Mist binnegedring het nie.

Hierdie genoemde Kerkorde van De Mist val uiteen in twee hoofgroepe. Die eerste, van

---

[1] Ibid- deel I. bls. 546 en 554.

[2] Ibid., deel II, bl. 319.

[3] Ibid., deel II. bl. 357.

[4] Ibid., deel II, bl. 358.

artikel 1 tot en met artikel 18, handel oor al die kerkgemeenskappe aan die Kaap. Die tweede groep handel oor " Het Hervormde Kerkgenootschap " in besonder en strek tot en met art. 52.

[35] Hier klink nou die amptelike naam van die Kerk van De Mist: "Hervormd Kerkgenootschap".

Hierdie Kerkorde word verder gekenmerk deur die volgende:

(a) Die Kerk word 'n **Kerkgenootskap.** En waar die Kerk volgens die Woord van God 'n instelling van God is waaraan iemand alleen kan behoort as hy deur God daartoe geroep is, hou die naam " genootskap " in dat dit 'n blote vereniging is, en dit staan elke mens vry om daaraan te behoort al dan nie. Die menslike wil word hier in die plek van Gods welbehae gestel—**Met hierdie Kerkorde maak hy die kerk van Jesus Christus tot 'n blote vereniging!**

Die naam " genootskap " is die duidelikste bewys **dat hy van die grondbeginsels van die Heilige Skrif afstand gedoen het!**

(b) Nie meer Christus met sy ampsdraers is die hoof van die kerk nie maar wel die goewerneur. In art. 21 benoem hy homself as hoof van die kerk. Volgens art. 22 kon die goewerneur predikante aanstel waar hy wou. Die beroeping van 'n predikant onder biddende opsien tot God word deur hom verwerp. Volgens art. 25 word hy gemagtig om 'n predikant te emeriteer, ens. Volgens art. 38 bly die goewerneur die oppertoesighouer oor alle kerklike administrasie. Nie die ouderlinge nie maar die goewerneur self het die regeerder van die kerk geword. **Van leersuiwerheid word heeltemal afstand gedoen.**

(c) Artikels 25-45 handel oor eenvoudige bepalings soos bv. vaste predikantstraktement en dies meer. Praktiese reëlings is tot in die fynste besonderhede uitgewerk. Selfs word bepaal wanneer die begin en die einde van die kerklike finansiële jaar moet wees. Hierdie Kerkorde, wat gekenmerk word deur tipiese staatswetgewings van niksbeduidende belang vir die Kerk van Christus en wat totaal vreemd is aan die Woord van God, het die basis gevorm van die ander kerke. Daarom is u Gereformeerd omdat u die ou Kerkorde wat gegiet is uit die Heilige Skrif en vasgestel is op die Sinode van Dordrecht 1616-1619, in ere hou. En die Gereformeerde Kerk is die enigste Kerk in Suid-Afrika wat dit doen!

(d) 'n Tipiese wêreldse gees kenmerk hierdie Kerkorde. Om maar net 'n voorbeeld te gee van die onchristelikheid van hierdie Kerkorde let ons op art. 45, wat soos volg lui: " Doopgelden buiten de Kerk of buiten den gewoonen Godsdienst ter somma van twee rijksdaalders voor elk gedoopte." **Hier word nie alleen die sakrament teen 'n vaste bedrag verkoop nie,** maar boonop is die doop hier ook **nie** beskou as 'n deur God ingestelde plegtigheid wat alleenlik in die boesem van die gemeente kan plaasvind nie! [36]

(e) Nie die Woord van God is die beslisser oor sinodale besluite nie maar die goewerneur. Daaroor handel art. 46-51.

(f) Hoewel aardse sake tot in die fynste besonderhede uitgewerk is, vind ons in hierdie hele Kerkorde geen enkele heenwyse na die Belydenisskrifte of dat die predikante gebonde is aan die leersuiwerheid nie. Hier is geen gebondenheid aan suiwere Skrifprediking en Sakramentsbediening nie, inteendeel, die Sakrament van die Doop word vertroebel. Nog meer: **Hier is geen gebondenheid aan die Heilige Skrif nie'.**

Samevattend kan gesê word dat hierdie Kerkorde nie betrekking het op 'n kerk nie maar 'n suiwer wêreldse wetgewing is.

Dit dra nie die kenmerk van 'n kerkorde van 'n kerk van Jesus Christus nie.

Daarom word gesê dat hierdie Kerkorde die dood was van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Deur lidmaat te wees van die Gereformeerde Kerk wat in 1859 herstig is, getuig u dat u aan 'n kerk behoort wat gebou is op die fondamente van die Heilige Skrif.

§4. Die verskillende gebruike van die naam van die Kerk.

Vanaf die tyd van De Mist staan die Kerk bekend as die "Hervormde Kerkgenootskap", en~soms is dit ook genoem die Nederduits Hervormde Kerkgenootskap.

Maar soos reeds gesê, het die **naam** Gereformeerd nooit uitgesterf nie.

Hiermee het die tyd aangebreek waarby dieselfde Kerk met verskillende name omskryf is. Ek haal 'n paar voorbeelde aan:

a. Op 25 Maart 1806 rig die Kaapse Kerkraad 'n klag aan die Goewerneur, sir David Baird, teen 'n Anglikaanse predikant, en hulle begin die skrywe met "De Kerkenraad der Hervormde Gemeente alhier in de Kaapstad". En tog antwoord die Goewerneur terug " Aan het Consistorium van de Gereformeerde Kerk aan de Kaap"[1].

b. **Die naam "Nederduits Gereformeerd" het eers baie later op die toneel verskyn.** Weliswaar is dit vir die eerste keer gebruik in 1775, toe Pieter Marais en Johannes Roos hulle in 'n mededeling tot die Klassis Amsterdam gewend het. Hulle beskryf hulle daarin as "ledematen der Nederduytsch Gereformeerde Gemeente op Drakensteyn"[2].

   Maar in dieselfde brief noem hulle hulle later net bloot: "Gereformeerd".

   [37] Die gebruik van die naam " Nederduits" hier moet daarin gesoek word dat hulle hulle wou onderskei van die Gereformeerde Kerk in Batavia en met "Nederduits" word enkel en alleen die band met Nederland (Klassis Amsterdam) aangetoon.

   Dit was dus reeds 123 jaar ná die volksplanting dat die naam " Nederduits " die eerste keer gebruik is, en toe verdwyn dit weer vir amper nog 'n halwe eeu. Daarteenoor vind ons die meer dikwelse gebruik van die naam "Hervormd" en die oorweldigende gebruik van die naam " Gereformeerd ".

   Soos gesê, het die naam "Nederduits Gereformeerde Kerk" eers later op die toneel verskyn.

   Op 7 September 1818 spreek die Kaapse Kerkraad van die Hollandse gemeente in Londen as "De Nederduitsche Gereformeerde Kerk te Londen"[3]. Op 3 Augustus 1818 skryf hierdie selfde Kerkraad aan dieselfde Kerkraad in Londen en noem dit hierdie keer "Den Eerwaarde Kerkeraad der Nederduitsch Hervormde Gemeente te Londen"[4].

c. In die versoek van sekere "predikanten der Hervormde Kerk" aan Lord Charles Somerset om 'n sinode te mag hou, word onder andere in dieselfde versoekskrif vermeld "... Dit was die staat der Hollandsche Gereformeerde Kerk tot op 'dit ogenblik ..."[5].

d. Die aanhef van 'n brief wat op 26 September 1824 van die Kerkraad van Stellenbosch aan die Kerkraad te Kaapstad gerig is, lui soos volg: " Aan den Eerwaarden Kerkenraad der Hervormde Gemeente, in die Kaapstad"[6]; terwyl in 'n brief van die kant van die Kerkraad van Kaapstad op 21 Oktober van dieselfde jaar aan lord Charles Somerset vermeld staan: " De Kerkenraad der Gereformeerde Gemeente aan deze Hoofdplaats"[7].

---

[1] Ds. A. Dreyer: **Boustowwe, deel III**, bls, 83, 84.

[2] Ds. C. Spoelstra: a.w.. deel I, bl. 433.

[3] Ds. A, Dreyer: a.w., bl. 145.

[4] Ibid., bl. 145.

[5] Ibid., bl. 176.

[6] Ibid., bl. 183.

[7] Ibid., bl. 195.

e. In 'n brief van die Goewerneur gedateer 29 Oktober 1824 waarin hy toestemming verleen tot die hou van 'n sinode word die Gereformeerde Kerk beskrywe as die kerk wat sedert die volksplanting bestaan het, en daar word ook toestemming verleen tot " de byeenroeping van een generale Synode der geestelykheid der Gereformeerde Kerken in deze Kolonie"[1].[38]

f. In hulle bedanking aan die Kommissaris-Politiek van die kant van die Kerkraad van Kaapstad word gemeld dat dit afkomstig is van die "Consistory van de Gereformeerde Kerk binnen de Kaap Stad den 29st October 1824 ", en dan begin die brief met "De kerkeraad der Gereformeerde Nederduitsche Gemeente aan deze Hoofdplaats ...."[2].

g. Die kredensiebriewe van die deputate na die Sinode lees soos volg: "De kerkeraad der Gereformeerde Gemeente binnen deze Hoofdplaats ....", en hierdie selfde briewe word onderteken deur die skriba namens die " kerkenraaden der Hervormde Gemeente in de Kaapstad den 29 October 1824"[3].

h. In sy voorsittersrede spreek ds. J. C. Berrange deurgaans van die "Gereformeerde Kerk" (alhoewel in die sin van "Genootskap"), en die amptelike approbasie van die sinodale besluite spreek van " de belangen der Gereformeerde Gemeenten in deze Volksplanting", terwyl die stuk afgesluit word met "Consistorie kamer der Hervormde Kerk, Kaap Stad den 14 July 1825"[4].

i. Die Sinode van 1826 stel die ondertekeningsformulier vir sendelinge vas. Hierin word gespreek van die "Herv. Kerk", en tog staan in dieselfde formulier die volgende woorde ". . . . (dat ons) ons voorts in de Bediening van deze Instellingen geheel en al zullen houden aan de praktyk der Gereformeerde Kerk .... "[5].

j. Hierdie Sinode besluit ook dat op Sondag 6 April of die Sondag die naaste daaraan " in alle Geref. Kerken dien heuchelyken dag van het jaar 1652 waarop deze Kolonie aangelegd en het Christendom in deze Zuidelyke Uithoek is gevestigd geworden", voor die godsdienstige aandag van die gemeente gebring sou word[6].

k. Die vierde Sinode, wat in 1834 vergader het, bepaal insake die Sendinggenootskappe: " Ontwerp van bepalingen, belangende de Hervormde Zendelings Genootschappen in de Nederduitsch Hervormde Gemeentes in Zuid-Afrika" onder artikel 1:

> "Gereformeerde Zendelings Genootschappen in de Nederduitsche Gereformeerde Kerk, zyn zoodanigen ...."[7].

[39] Uit al die bogenoemde direkte aanhalings konkludeer ons die volgende:

(1) Die naam "Hervormd" het die naam "Gereformeerd" glad nie vervang nie, ten spyte daarvan dat die Kerkorde van De Mist die amptelike naam tot "Hervormd" verander het.

(2) Die name "Hervormd" en "Gereformeerd" is albei gebruik, met die naam "Gereformeerd" as die oorwegende. **Ook skyn dit asof aan die naam "Gereformeerd" 'n spesifieke betekenis geheg word** wat herinner aan die ou weë.

(3) Die naam " Nederduits Gereformeerd " het baie later eers op die toneel verskyn, en die algemene gebruik daarvan het nog later as die naam " Hervormd" ingang

[1] Ibid., bl. 198.
[2] Ibid., bl. 199.
[3] Ibid., bl, 201.
[4] Ibid., bl. 273-274.
[5] Ibid., bl. 284.
[6] Ibid., bl. 291.
[7] Ibid., bl. 335.

gevind. Dit was in werklikheid eers die Sinode van 1842 (d.w.s. reeds na die Groot Trek) wat die naam van die Kaapse Kerk vasgestel en verander het tot " Nederduits Gereformeerd ".

(4) Hoewel die name "Gereformeerd", "Nederduits Hervormd", "Hervormd", "Gereformeerde Nederduitse Kerk" en "Nederduits Gereformeerd" almal in hierdie periode gebruik is, was die ou naam sedert die volksplanting enkel en alleen "Gereformeerd".

En van hierdie **eerste** Kerk in Suid-Afrika is u 'n lidmaat!

[40] HOOFSTUK III: VERDERE ONTWIKKELING VAN DIE KERKGESKIEDENIS

§1. Die Sinode van 1824.

REEDS het ons gesê dat die Kerkorde van De Mist die dood was van die suiwere Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Hoewel die naam "Gereformeerd" intussen nog voortgeleef het, is van die kant van die Kerk as sodanig en wel van die kant van die Sinode van 1824 hierdie Gereformeerde rigting in Suid-Afrika totaal vernietig.

Was dit nie dat die ortodokse groep van die lidmate hierdie suiwere leer so innig liefgehad het sodat dit in hulle harte voortgeleef het nie, sou die Sinode van 1824 alle spore van die Gereformeerde leer in ons land laat verdwyn het.

Dit kon ook nie anders nie, want hierdie Sinode het gestaan onder die leierskap van die Skotse predikante, wat aan die Afrikaner se wese en godsdiens vreemd was. Daarteenoor was die egte Gereformeerde (Doppers) ook nie tevrede met die Britse regime nie.

Aangesien lord Charles Somerset van voorneme was om die Kaap te verengels, het hy geweet dat om die Afrikaner plat te slaan, sy godsdiens aangetas moes word. So het hy 'n aantal Skotse predikante ingevoer wat nie heeltemal onbekend was met die ou Gereformeerde rigting nie, met die doel om die Kerk te verengels. Daarbenewens het hy 'n proklamasie uitgevaardig waarin bepaal is dat die Engelse taal die enige landstaal sou wees. Onder leiding van hierdie predikante nou is hierdie eerste Sinode gehou.

Was die Kerkorde van De Mist die dood van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, dan was die Sinode van 1824 die plegtige begrafnis daarvan.

Ons motiveer dit:

Ten spyte van die feit dat die naam Gereformeerd nog steeds voortgelewe het, het hierdie Sinode nie meer al die Gereformeerde beginsels gehuldig nie. En as die Kerkorde van De Mist die fondamente gelê het van ontstaan en ontwikkeling van die Nederduits Gereformeerde Kerk en Nederduits Hervormde Kerk in Suid-Afrika, dan het hierdie Sinode die mure van daardie geboue voltooi. Die afrondingswerk het gekom van die kant van die Sinode van 1842 wat die Nederduits Gereformeerde Kerk betref, en van die koms van ds. Van der Hoff in 1852 wat die Nederduits Hervormde Kerk betref.

[41] Maar om terug te keer tot die afdwalinge van die Sinode van 1842.

a. Insake die Kerkorde besluit die Sinode: "De Synode heeft besloten, dat de Kerkenorder door den Heer Commissaris Generaal Mr. J. A. De Mist, in het Jaar 1804 ontworpen beschouwd zal moeten worden als de grondwet der Hervormde Kerk in deze Volksplanting, van dewelke deze latere algemene bepalingen van Kerkbestier slechts modificatien en byvoegsels zyn, uit de veranderde gesteldheid der tyden en omstandigheden geboren"[1].

   Hiermee is finaal afgestap van die Skriftuurlike beginsels wat aan die Gereformeerde Kerk eie was sedert die begin van die Hervorming en soos dit vasgestel is in die Kerkorde (Dordtse) van 1619.

   Waar die Dordtse Kerkorde sy gesag ontleen het aan die Heilige Skrif, is hierdie Kerkorde 'n uitspruitsel van die liberalisme van die Franse Rewolusie. En aangesien die Kerkorde van 'n kerk ook sy wese vertolk, kan hierdie besluit nie meewerk om die N.G. Kerk hier te tipeer as 'n Kerk wat in sy kerkreg streef na Skriftuurlike suiwerheid nie.

b. Opmerklik is dat die byvoegsel van hierdie Sinode tot die Kerkorde van De Mist wel voorsiening maak vir tug-uitoefening. Hoewel artikels 44-128 feitlik almal oor tug handel, word dit egter gekenmerk deur 'n skitterende gebrek aan raadpleging van die

[1] Ds. A. Preyer: a.w., bl. 208.

Heilige Skrif wat die prosedure en optrede betref. Dit dra reeds die kenmerke van kerk**wette** en nie van kerkorde nie. Hierdie artikels is suiwer aardse **wette**, wat vreemd is aan die welwese van 'n kerk van Jesus Christus.

Artikel 49 is ook teenstrydig met Matth. 18:15-17: "Volgens hierdie artikel moet die Kerkraad optree as arbiter tussen vegtende partye en "op eene minnelijke wijze " die besware uit die weg ruim, met verwerping van Matth. 18: 15, 16, waar dit eers die lidmaat se plig is.

c. Artikel 83 en verderaan, wat handel oor die kerklike geskille, is geen kerklike bepaling nie maar suiwer wêreldse wette.

d. In die reglement opgestel vir persone wat begerig is om godsdiensoefeninge te hou, word hulle wel gebind aan die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus, maar NIE aan die Dordtse Leerreëls nie[1].

[42] **En daar die standpunt van die Gereformeerde Kerk teenoor die Remonstrantse dwalinge juis in die Dordtse Leerreëls bevat is, is die weglating daarvan die duidelike bewys dat hierdie Sinode van Kaapse N.G. Kerke self daardie Skriftuurlike waarhede nie geag het nie!**

Opsommend kan gesê word dat hierdie ware, suiwere Gereformeerde Kerk wat deur De Mist gedood is, deur hierdie Sinode **plegtig begrawe** is! En daarmee is die weg geopen vir die Liberalisme en Metodisme, wat soos 'n kanker gevreet het aan die godsdienstige siel van ons volk.

Weet u nou waarom u lid is van die Gereformeerde Kerk?

U is lid van die Gereformeerde Kerk omdat u Kerkorde vir u 'n kerkorde is wat gefundeer is in die Heilige Skrif en nie die uitvloeisel van aardse wette nie!

§2. Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.

a. Die Houding van die Kaapse Kerk teenoor die Groot Trek.

Die uiters vyandige houding wat die Kaapse Kerk teenoor die Groot Trek ingeneem het, word duidelik weerspieël in 'n Sinodebesluit van 1837: "De Synoden houdt die allen verantwoordelyk voor hun gedrag, en wil hen slechts by deze gelegenheid herinnerd hebben aan hunne dure verplichting, die zy by de doop hunner kinderen opzich namen, en aan de belydenis, die zy zelve vrywillig aflegden, toen zy tot leden der kerk werden toegelaten. Zoo kan ook de Synode hare goedkeuring geenszins hechten aan de voornemen van velen, die deze Nomaden op 't spoor wenschen te volgen ...." Dan volg ook vermaninge aan die Trekkers om hulle te onderwerp aan die Engelse Regering, wat die wêreldlike swaard "met geregtigheid en bescheidenheid " dra. Ook oordeel hierdie Sinode dat die daad van die Trekkers **laakbaar** was ....

Voorts word die lede van die Kerk wat in Kaapland agtergebly het, die beskerming van die Britse owerheid toegesê en word hulle bygevoeg: " Zulks zal onder anderen eene gunstige aanbeveling voor u zijn by Hare Majesteit onze Geliefde Koningin wiens troonbeklimming gy moogt toejuichen ...."[2]. Bitter die verwyt van die Kaapse Kerk! Teen oor die Trekkers word die agtergeblewenes beskou as "eerlykke, arbeidzame en nuttige leden der maatschappy ".

b. Houding van sekere predikante.

(1) In 'n brief gedateer 13 Maart 1836 skryf dr. W. Robertson, predikant van Swellendam, aan John Fairbourne in Kaapstad oor die voorgenome trek en noem dit 'n "foolish idea" en spot verder dat sommige Trekkers sê [43] dat hulle wil trek na 'n kolonie wat hulle Palestina noem en ander weer nuwe Holland.

---

[1] Ibid., bl. 238.

[2] Dr. A. Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, bl. 3, 4.

Die redes vir die trek tipeer hy ook as "foolish reasons"[3].

(2) Op 25 Mei 1838 skryf ds. (later dr.) A. Faure 'n brief aan die sekretaris van die Goewerneur waarin hy toestemming vra om 1,000 kopieë van 'n geskrif wat hy geskryf het teen die Groot Trek, seëlloos te mag pos. Hy tipeer die Trekkers as " uitgewekenes"[2].

c. Die Houding van die Ring van Graaff-Reinet.

Die houding van hierdie Ring is oorbekend. Dit was skerp vyandig, vernaamlik omdat 'n groot deel van die Trekkers uit hierdie area getrek het. Die bekende herderlike brief aan die Trekkers is 'n historiese dokument. Hierdie mense is deur die Ring beskou as opstandelinge omdat hulle hulle nie wou onderwerp aan die Engelse owerheid nie, wat met "geregtigheid en beskeidenheid die wêreldse swaard dra", en hulle is daarom beskou as lidmate wat almal sensurabel is!

En indien in aanmerking geneem word dat sensuur beteken om uitgesluit te word uit die koninkryk van God, **hou dit in dat die Trekkers almal uitgewerp is uit? die terrein van die genade omdat hulle die Britse owerheid nie onderworpe wou wees nie en omdat hulle die troonbestyging van "deze Geliefde Koningin" nie toegejuig het nie.**

Uit bogenoemde drie aanhalings straal die vyandige houding van die Kaapse Kerk teen die Voortrekkers in onbedekte glans!

d. Die houding van die Trekkers.

(1) Die Trekkers was deurgaans baie verknog aan hulle godsdiens. 'n Groot deel van hulle was ook diep ontevrede oor die verwaterde toestand van die Kerk.

Dat die Trekkers nie sensurabel was soos die Kaapse Kerk dit wou hê nie, kom uit in hulle besluit om 'n eie kerkgebou op te rig. In 'n geskrif wat gedateer is 19 Mei 1837, staan hulle voorneme geskrywe " de handen zamen te spannen en met een broederlijke eensgezindheid werkzaam te worden en uit te zien naar een bekwamen leeraar van de Gereformeerde Religie ...."[3].

(2) 'n Brief van kmdt. A. W. P. Pretorius aan ds. G.W.A. van der Lingen lui soos volg: "Ik ontvang met de heer J. Boshof en sijn geselschap weer een brief uid het Laager tans in het land van Dungaan van den twee ouderlingen waarin sij ernstig over een goede Gereformeerde Leeraar om smeken .... "[4]. [44]

(3) Op 13 Mei 1839 het die Trekkers in 'n brief 'n versoek om 'n vaste predikant gerig aan die Kaapse predikante. In die "skrywe word egter bepaal: "dat moet een man wezen die hem vasthoud aan de zuivere oude Hollandsche gerevoormerde Godsdienst..."[5].

Hulle beloof om aan hom 'n vaste beloning en 'n "vrugbare en aangename woning" te verskaf.

(4) 'n Brief gedateer 29 September 1840 en gerig aan kmdt Pretorius spreek die wens uit "om .... Hollandsche Gereformeerde Leeraaren alhier te hebben ...."[6].

(5) Ene F. Schultz het 'n joernaal aangehou oor die kerklike aangeleenthede van die Trekkers: In 1837 skryf hy; "De godsdienst wierd er tweemaal dien dag verrigt, en zoo vervolgens ieder Sabbathdag, door den Eerwaarde Heer Erasmus Smit, die tot de betrekking provisioneel door het Opperhoofd, de Heer Retief, is aangesteld, tot

[3] Ibid., bls. 7, 8, 9.
[2] Ibid., bls. 7, 8, 9.
[3] Ibid., bl 10.
[4] Ibid., bl 13.
[5] Ibid., bl 15.
[6] Ibid., bl 20.

tijt en wijlen zij van een bekwamer en waren Gereformeerden Leeraar, mogen worden voorzien . . ."[1].

Uit bogenoemde aanhalings konkludeer ons dat die Trekkers die godsdienstige pligte nie nagelaat het nie en dat hulle alle opofferinge sou bring om 'n eie herder en leraar te mag hê, maar die opmerklikste is dat hulle op godsdienstige gebied nie dieselfde was as die Kaapse Kerk nie en in die gees en gesindheid baie meer ortodoks was. Daarom stel hulle die eise dat die predikant wat hulle begeer, moet wees "een bekwame Leeraar van de Gereformeerde Religie"; hy moet wees "een goede gereformeerde Leraar" en moet van "de zuivere oude Hollandsche gerevoormerde Godsdienst" wees. Die eerste keuse is nie van die Kaapse predikante nie maar "twee Hollandsche Gereformeerde Leeraaren".

Elkeen wat eerlik teenoor homself wil wees, kan hier sien dat dit nie gaan om die deursnee Kaapse predikante met hulle verwaterde beskouings nie, maar om predikante wat nog die ou Gereformeerde waarhede lief het.

Opmerklik is dan ook dat die derde afvaardiging van die kant van die Kaapse Kerk wat die Trekkers besoek het, spreek van "de leden der Gereformeerde Kerk woonagtig over Vaal Rivier", terwyl die amptelike naam van die Kerk in Kaapland toe al op grond van die besluit van die Sinode van 1842 "De Nederduitsch Gereformeerde Kerk" was[2]. [45]

e. Die hulp van die Kaapse Kerk.

Hoewel die Trekkers gehoop het om hulp direk van die kant van Holland te mag bekom, het dit prakties spoedig onmoontlik geblyk. Smytegeld en ander ou Gereformeerdes se geskrifte was hulle daaglikse spyse. Nogtans was dit nie voldoende nie.

Ter wille van hulle geestelike versorging is daar beroepe gedoen op die Kaapse Kerk om hulp, met sekere kerkrade en sekere predikante spesifiek genoem.

Omdat die ware ou gereformeerde predikante nie beskikbaar was nie, was sowel manne soos Erasmus Smit en ds. Lindley van die Anglikaanse Kerk as predikante van die Kaapse Kerk vir die Trekkers van groot hulp, hoewel nie die vervulling van die ideaal om ware Gereformeerde predikante te mag hê nie.

Van die kant van die Kaapse Kerk is aanvanklik hulp belowe maar alleen sover die Woordbediening betref en geen sakramentsbediening nie, aangesien die Trekkers sensurabel sou wees.

Tog is later volle hulp verleen, en drie afgevaardigdes het die Trekkers besoek.

Die vraag kom egter op:

Wat was die motief agter die bereidheid van die Kaapse Kerk om hulp te verleen? Was dit uit liefde vir die Evangelie, of was daar 'n politieke newedoel?

Eersgenoemde is wel waar. Dit sal nie betwyfel word dat van die predikante wat hul besoek het, dit uit intense liefde vir die Evangelie gedoen het nie.

Laasgenoemde is egter nie onwaarskynlik nie. Indien in aanmerking geneem word dat van die kant van die Kaapse Kerk nie lank vantevore nie teen die Trekkers opgetrek is, hulle redes vir die trek "foolish reasons" genoem is, hulle vermaan is om hulle te onderwerp aan die Engelse owerheid wat die wêreldlike swaard "met geregtigheid en bescheidenheid" gedra het, ja, dat hulle die troonbestyging van "onse geliefde Koningin " moes toejuig instede van te trek, val dit nie te betwyfel dat die doel van hierdie afvaardiging ook was om die Trekkers vir Engeland terug te wen nie.

Hierdie gedagte word verder versterk deur die volgende feite:

a. 'n Brief onder die skuilnaam " Een Lidmaat van de Hollandsche Geref. Kerk" het op 11 September 1848 in **De Zuid-Afrikaan** verskyn waarin geopenbaar word dat sir Harry Smith, goewerneur van Kaapland, in 'n brief aan " Mijnheer Kruger "

[1] Ibid., bl 22.

[2] Ibid., bl. 181.

sou beweer het: " Deze heeren (dit is die predikante wat van die kant van die Kaapse Sinode die Trekkers besoek het) werden door de Synode onder u gezonden tot christelijke en politieke doeleinden ..." [46]

b. Uit die notule van die Ring van Kaapstad blyk dat daar veelal gespreek is oor die tweede afvaardiging wat die Trekkers besoek het. Hierdie afvaardiging het bestaan uit dr. W. Robertson en ds. P. E. Faure gedurende 1848-1849.

   Daar het blykbaar groot onsekerheid geheers oor wie die reiskoste van hierdie predikante gedra het. Ook moes daar reperkussies bestaan het, daarom het hierdie saak so pertinente aandag geniet. 'n Sekere ouderling De Wet het insake hierdie reisonkoste gesê dat die nadelige indruk wat geskep is omdat nog die Sinode nog die hoë owerheid enige antwoord wou verstrek van wie die reisonkoste gedra het ...."dien de twijfel daaromtrent gemaakt heeft en die niet uitgewischt kan worden dan door eene desaangaande verklaring waaruit overtuigend blijken kan dat die Zending **geene andere dan eene godsdienstige strekking gehad heeft ....**"[1].

   Hieruit blyk dat selfs van die kant van die King van Kaapstad daar toe al sprake was dat hierdie besoeke van die Ned. Geref. predikante aan die Trekkers nie slegs uit godsdienstige oogmerke geskied het nie. Daarom die groot swye van die kant van die Sinode oor wie die onkoste van hierdie predikante gedra het.

c. Voortvloeiende uit bogenoemde skryf ene J. W. L. Scholtz soos volg: "Is het ongepast in eene Hogere Kerkvergadering dat zij den blaam, dat Leeraren onzer Kerk de godsdienst tot het bereiken van staatkundige doeleindes misbruiken door, de stukken wederlegd wensch te zien? Of moet zij zich vergenoegen wanneer de personen die afgezonden zijn, gelieven te zeggen dat zij zulks **niet** hebben gedaan? Of moet zij wachten tot over vijf jaren, wanneer, zooals men zegt, er gras over gegroeid is?"[2].

d. Die feit dat die staat wel die onkoste gedra het en wel in 'n tyd toe die goewerneur reeds van sy direkte seggenskap oor die Kerk afstand gedoen het onder Ordonnansie nr. 7 van 1843 .... en dit boonop om 'n groep mense te gaan help wat die Britse owerheid nie goedgesind was nie, open baar net een van twee dinge: óf die staat moet geweldig godsdienstig gewees het, óf dit moes geskied het om politieke doeleindes. En van hierdie twee moontlikhede is eersgenoemde die onwaarskynlikste! Die feit dat die staat die onkoste gedra het en dat van die kant van die Sinodale kommissie dit geheel en al geheim gehou is, bewys die waarheid van die gedagte dat die afvaardiging [47] nie soseer was uit liefde vir die Evangelie nie maar veeleer om politieke redes. Dat die staat die onkoste gedra het, blyk uit die feit dat op 3 April 1849 die regering amptelik aan ds. A. Faure kennis gegee het deur middel van die staatsekretaris: "I am directed by H.E. the Governor to inform you that the amount so expended will be reimbursed to them"[3].

'n Verdere bewys dat hierdie afvaardiging nie so welwillend bedoel is as wat hulle deur die Trekkers ontvang is nie, blyk uit 'n skrywe van 12 Julie 1850 van sir Harry Smith aan lord Grey, die Koloniale Staatsekretaris: "It would probably be advisable to encourage Clergymen of Dutch Reformed Church to go among them (Voortrekkers) more frequently, and if possible to settle with them. They still seem to entertain a feeling of reverence for their Church by which they might be influenced . . ."[4]).

Uit al hierdie gevalle wat aangehaal is, blyk duidelik dat die staat van die Evangelie gebruik wou maak en gemaak het om van die Voortrekkers weer Britse onderdane te

[1] Ibid., bl. 153.
[2] Ibid., bl, 156.
[3] Ibid., bl. 159.
[4] Ibid., bl. 161.

maak, **en die Nederduits Gereformeerde Kerk was die instrument in die hand van die Britse imperialis om dit te probeer bewerkstellig!** Tereg kan beweer word dat die Ned. Geref. Kerk in die vorige eeu 'n vyand van die ware Afrikaner was!

Die algemene gedagte bestaan dat die Kaapse Kerk baie gou van sy verkeerde standpunt afgesien het. Tog blyk dit dat die houding van die Ned. Geref. Kerk teenoor die Trekkers baie jare later nog steeds vyandig was.

Ek wil 'n paar voorbeelde aanhaal, meestal van die hand. van prof. dr. S. P. Engelbrecht:

a. Die Kaapse Kerk het van sy kant alles probeer om onenigheid in Transvaal te bewerkstellig. Hierdie Kerk se optrede teenoor die Hervormde Kerk word ook gekenmerk deur oneerlikheid. (Vir die doel van hierdie geskrif is dit nodig om verder daarop in te gaan nie).

b. Ds. Postma haal aan van baie gevalle waar gekonstateer word dat een van die redes van die Groot Trek was die verval in die Kaapse Kerk, en hierdie houding van die Kerk het baie jare later nog steeds onveranderd gebly. So het ds. A. A. Louw en ds. J. H. Neethling in 1856 namens die Kaapse Sinode 'n besoek aan die Trekkers gebring. Die newedoel van hulle besoek was om die Trekkers te beïnvloed om onder die Kaapse Kerk en die Engelse owerheid terug te keer. [48]

c. Ds. Andrew Murray en dr. A. J. Fraser, albei predikante van die N.G. Kerk, is gedurende 1854 deur die Engelssprekendes van die Vrystaat na Engeland afgevaardig om die Britse regering te probeer oorreed om die Vrystaat nie aan die Boere te gee nie **dog om die Britse vlag te handhaaf.**

d. Die opinie van die N.G. Kerk oor die Trekkers was uiters neerhalend. Hulle is steeds beskou as afvalliges en geestelik verdwaaldes, sodat die Sinode van 1857 gehandel het oor "De Evangelizatie der Transvaalsche Emigranten".

e. So het ds. Hofmeyr, wat as N.G. Kerk-predikant die Evangelie in Soutpansberg verkondig het, die mening gelug dat daar nie veel van godsdiens onder die Boere was nie. Waar hy baie neerhalend teenoor die Boere was, het hy daarteenoor altyd die kleurlingfamilie Buys ver bo die Boere aangeprys!

f. Die Skotse element in die Ned. Geref. Kerk was oorheersend, en hulle was uitgesproke vyandig teenoor die Afrikaner. Dit het geskyn asof die ondergang van die Afrikanervolk in die Kaapkolonie onder leiding van die N.G. Kerk 'n vasstaande feit is. En was dit nie dat die Geref. Kerk weer posgevat het in daardie streek nie tesame met die standvastige houding van die meeste Transvalers, sou die Britse ideaal verwesenlik gewees het, nl. om die kerk van die Afrikaner te verengels.

g. Maar een van die treffendste voorbeelde:

> President Kruger word vandag gehuldig as die siel van die Afrikanervolk en as draer en simbool van ons volksideale. En " Die Dopper van Rustenburg", soos hy ook bekend was, was dit inderdaad. Maar indien die Ned. Geref. Kerk destyds sy sin kon kry, sou die Afrikanervolk geen Paul Kruger geken het nie, want die lidmate van die N.G. Kerk was sterk teen pres. Kruger gekant. En was dit nie dat die Hervormdes ten gunste van Paul Kruger, die vader van die Afrikanervolk en een van die medestigters van die Geref. Kerk, was nie, sou hy waarskynlik nooit die presidentskap gehaal het nie.
>
> Om maar net een van die baie voorbeelde aan te haal:
>
> In 1877, na die anneksasie van Transvaal, het Paul Kruger en dr. Jorissen na Engeland vertrek met 'n deputasie teen die anneksasie. Oor hierdie deputasie skryf ds. J. P. Jooste, predikant van die N.G. Kerk, dat hoewel hy 'n vriend is van oom Paul, hy nie anders kan as om hierdie tog van hom na Europa ten strengste af te keur nie, " en ik hoop dat onze ware vriendin en broeders niet langer [49] en

niet verder die dwaze onderneming van Oom Paul ondersteunen .... "[1].

Hierin beluister u dat 'n predikant van die N.G. Kerk die aandag van sy medelidmate daarop vestig dat Paul Kruger se stryd vir die Afrikanervolk 'n "dwaze onderneming" is wat net verbittering teenoor die Engelse sal veroorsaak.

En as u nou hierdie stukkie geskiedenis klaar gelees het en u vra u af waarom u nou eintlik lid is van die Geref. Kerk, is **die antwoord dat in die Gereformeerde rigting een van die behoudende elemente was in die vorming van ons Afrikanervolk** as 'n Calvinisties georiënteerde volk. **En as die Afrikanervolk die kerk soek wat vir sy volksverlede van groot betekenis was, dan is dit die Geref. Kerk,** Hoewel klein in getal het sy invloed die ganse regdenkende Afrikaner gekonsolideer.

[1] Prof. dr. S. P. Engelbrecht: **Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, tweede druk**, bl. 303.

[50] HOOFSTUK IV: HERLEWING VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

§1. Die voorlopers van die herstigting van die Gereformeerde Kerk.

DIE populêre opvatting is dat ds. Postma die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kom stig het.

Die werklike feite dui egter daarop dat reeds lank voordat die gedagte ontstaan het dat 'n predikant van die Christelik Gereformeerde Kerk in Nederland na Suid-Afrika sou kom, 'n skeuring in die Kerk hier te lande reeds gedreig het.

Reeds vanaf die tyd van 0e Mist het die onrus oor die dwaalweë van die Kerk sterk posgevat in die harte van almal wat die ou Gereformeerde leer liefgehad het, en indien hulle geweet het van die afskeiding in Nederland, sou die afskeiding hier dalk baie vroeër geskied het. Maar, sê professor J. Lion-Cachet, " dat er in Holland eene afscheiding ontstaan was, wist men niet"[1].

Om die juiste beeld te kry sal dit goed wees as ons let op die algemene toestand in Kaapland en Transvaal.

Reeds het ons daarop gewys dat die Voortrekkers vurig verlang het na 'n eg-gereformeerde predikant. Hulle het uitgesien na "een bekwame leeraar van de Gereformeerde Religie". Hy moes " een gereformeerde leeraar " wees en wel van " de zuivere oude Hollandsche gerevoormerde Godsdienst".

In die geskiedenis handboeke word gedurig net die Engelse politiek aangegee as rede van die Groot Trek. Tog stip ds. Postma in sy reedsvermelde boek aan dat een van die redes van die Groot Trek die afvalligheid van die Kaapse Kerk was.

Die Evangeliese Gesange wat ook in die Kaap ingevoer is en wel op twyfelagtige wyse, het 'n bittere reaksie gehad. Oor die Gesange as sodanig handel ons in 'n latere hoofstuk breedvoeriger. Hier wil ons net 'n paar reaksies aanstip.

a. Ene E. A. Venter skryf onder andere: "Na dien tijd werd Dr. Hofmeyr beroepen. Maar omdat wij niet deelen konden [51] in het zingen der Gezangen zoo zijn wij uit de Kolonie vertrokken om in den O.V. Staat te gaan wonen"[2].

b. Daar is deur die Ring van Graaff-Reinet aan die gemeentes van Colesberg en Cradock 'n herderlike brief gerig waarin op die sing van Gesange sterk aangedring word, en dit het op sy beurt die gemoedere nog meer verbitter. Die grondtoon van die brief is dat wie weier om Gesange te sing die liggaam van die Here opnuut verskeur en dat die Gesange wat nie Skriftuurlik gegrondves is nie, ook gesing moet word en wel alleen op grond daarvan " dat wij predikanten (zoo) zeggen ".

   Hoewel manne soos di. A. en W. Murray versigtig gehandel het, het die sing van Gesange nogtans 'n onoorbrugbare skeiding veroorsaak.

c. Ook 'n rede wat die daad van die afskeiding ryp gemaak het, is dat ongeloof groot afmetings begin aanneem het in die Nederduits Gereformeerde Kerk[3].

   Hier het ons te doen met Liberalisme wat soos 'n kanker gevreet het in die boesem van die Kerk en feitlik die hele Kerk oorheers het.

   Aangesien die Kaapse Kerk die Trekkers vyandig gesind was, het baie wat simpatiek teenoor die Trekkers gestaan het maar nie dadelik met die Trek saamgegaan het nie, later ook getrek juis vanweë die houding van die Kerk teenoor die Afrikaners.

d. Benewens dit alles het ook 'n leerdwaling die Kaapse Kerk aangegryp. Aan die

---

[1] Ds. D. Postma: **De Geschiedenis van de stichting en ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika,** bl. 262.

[2] Ibid., bl. 254.

[3] Ibid., bl. 269.

heersende rigting van die Nederlands Hervormde Kerk, wat te Gronings was en die vernaamste leerstukke van die Gereformeerde Kerk openlik geloën het, is ten spyte van waarskuwings, deur die Kaapse Kerk die broederhand gereik, en die Kaapse Kerk het op hierdie dwaalweë sonder voorbehoud meegegaan.

Hierdie Groningerrigting het onder andere die basis geword waarop die Liberalisme in Suid-Afrika gebloei het, soos dr. T. N. Hanekom duidelik aanstip[1], en dit het die getroue lidmaat weggedryf van 'n verdwaalde kerk.

So is hier in die Kerk onder andere geleer dat die Evangelie meer opvoedkundig is as wat dit die verlossing werk. Christus is nie meer gehuldig as die Verlosser van sondaars nie, maar Hy dien slegs as die hoogste en volmaakste voorbeeld vir die mens wat streef om God gelykvormig te word! Deur die Groningerrigting is ook afgesien van die soenoffer van Christus en die wedergeboorte van die mens.

[52] Hierdie is maar net 'n enkele voorbeeld. Feitlik elke leerstuk van die Kerk, soos byvoorbeeld die uitverkiesingsleer en die noodsaaklikheid van die wedergeboorte, is deur die Ndl. Herv. Kerk misken en verwerp. Ten spyte hiervan het die Kaapse Ned. Gerei Kerk die broederhand aan die Ndl. Herv. Kerk gereik[2] en dit het elkeen wat die ou ware gereformeerde leer liefgehad het, in reaksie gebring teen die Kerk. Die houding van die Kaapse Kerk teen die ortodokse georiënteerdes in sy ressort was bitter vyandig. Die genoemde broeder E. A. Venter stip die volgende aan insake die houding van die Kaapse Kerk onder leiding van ds. Reid van Colesberg: "Later kwam daar aan de Gemeenten een Herdersbrief om de Gemeenten te verplichten de Gezangen te zingen; toen allen dien brief niet wilden aannemen en weigerden de Gezangen te zingen, werden de Bondzegelen hun onthouden ...."[3].

So haal ds. Postma verskillende verklarings aan van mense dat aan hulle en andere geweier is om belydenis van geloof af te lê, die doop te bedien of nagmaal te gebruik indien hulle sou weier om die Gesange te sing. Hulle is beskou as mense wat die liggaam van Jesus Christus verskeur, en baie is onder sensuur geplaas. Daar is verklaar dat die Gesange van Goddelike herkoms is, en daarom die vlymende houding van die Kerk teen diegene wat nog getrou wou bly aan hulle belydenisskrifte en wel met verwysing na art. 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Reeds jare voor die koms van ds. Postma was die afskeiding in Suid-Afrika 'n voldonge feit. 'n Groep mense wat uitgeskel is met die naam "Doppers" vanweë hulle ortodoksie, kon hulle nie met die dwaalweë van die Kerk versoen nie. Hoewel hulle grotendeels nominaal nog aan die Nederduits Gereformeerde Kerk behoort het, was hulle kerklike lewe 'n voortdurende stryd, skryf prof. Lion-Cachet[4]. Andere weer het hulle heeltemal aan die Nederduits Gereformeerde Kerk onttrek en kerkloos geword. En hierdie mense het smagtend uitgesien na 'n kerk wat weer die suiwere Evangelie sou verkondig!

Met die koms van ds. Postma het hierdie mense 'n lank-gekoesterde ideaal verwesenlik gesien, nl. **'n kerk wat hom nog toelê op die suiwere bediening van die Evangelie!**

En dit is juis daarom dat die herstigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 'n noodsaaklikheid was, **sodat die suiwere Evangelie weer verkondig kon word.**

---

[1] Dr. T. N. Hanekom: **Die liberale rigting in Suid-Afrika**, bl. 21.

[2] De Gereformeerde Kerkbode, 29 Januarie 1859 meld op bl. 46: "Gelijk uwe vorige brieven zoo heeft ook uw laaste ons hart verblijd en het hart van velen in ons land de nog altijd den band gevoelen, welke ons aan de moederkerk verhecht," as 'n skrywe van. die Kaapse Sinode aan die Ndl. Herv. Kerk.

[3] Ds. D. Postma. a.w., bl, 253.

[4] Ibid., bl. 261.

[53] §2. Die toestand in Transvaal.

Prof. Cachet skryf onder andere: "Was in de Kaap Kolonie de gezangen kwestie hoofdsaak, in die Transvaal was het niet het geval. Daar stond de Leer op den voorgrond. Altijd meer en meer werd de Christelijke Afgescheiden Kerk bekend, doch men wist niet hoe met die Kerk in gemeenschap te komen. Hopend en biddend verwachtte men uitkomst De uitkomst kwam op wonderlijke wijze"[1].

Hierdie uitkoms waarvan hy spreek was die koms van ds. Postma. In die Transvaal was die toestand inderdaad gespanne, nie alleen oor die Gesange-kwessie nie maar oor die hele ou Gereformeerde leer.

Reeds omdat die Trekkers feitlik deurgaans in opstand was teen die Kaapse Kerk, wat in diens van die Britse Owerheid gestaan het, het hulle vurig begeer na 'n ou Gereformeerde predikant.

Ds. Van der Hoff is dan ook uit die diepte van die hart verwelkom. Vernaamlik omdat die N.G. Kerk ds. Van der Hoff wou dwing om die eed van getrouheid aan die Britse Owerheid ai te lê, was sy ontvangs nog hartliker. As gevolg hiervan het die Transvalers nog verder losgeskeur van die N.G. Kerk, en prof. Cachet vestig die aandag daarop dat baie van die latere Gereformeerdes hulle aan die kant van ds. Van der Hoff geskaar het en 'n leidende aandeel gehad het in sy afskeiding van die Kaapse Kerk sodat die Kerk in Transvaal vry sou wees van die Britse bewind. Prof. Cachet skryf: "Wel bekende voorgangers onder ons, waarvan sommigen nog leven, hielpen hem dit plan uit te voeren"[2]. "Maar", gaan prof. Cachet voort, "onze broeders vonden zich op nieuw bedrogen. Met ds. van der Hoff kon men niet overweg". Prof. Cachet sê verder dat indien ds. van der Hoff regsinnig was, kon die Gesange-kwessie maklik geskik gewees het, maar dit was juis die teenoorgestelde. As student in die liberale rigting in Nederland, nl. die vrysinnigheid, het hy die ou Protestantse leerstukke, bv. die Uitverkiesingsleer en dies meer, verwerp. Op die punte van die Gesange was hy meer toegeeflik.

Indien 'n mens let op die eis wat later van die kant van die Gereformeerdes aan ds. Van der Hoff as voorwaarde tot hereniging gestel is, nl. dat hy alles wat hy teen die belydenis en die Skrif gesê het, moes terugtrek, en dat hy geweier het om dit te doen, staan die feit helder voor oë dat juis vanweë sy dwaalleer die afskeiding in Transvaal werklikheid geword het.

[54] Die afskeiding van die Gereformeerde Kerk wortel dus nie enkel en alleen in die Gesange nie maar ook, en veral, in die strewe om die suiwere Skriftuurlike leer te handhaaf.

Omdat ds. Van der Hoff nie in die sielsbehoefte van baie kon voorsien om weer die klanke van die ou, suiwere prediking oor die velde van Suid-Afrika te laat weerklink nie, is vurig uitgesien na 'n leraar wat hieraan kon voldoen.

Geweldig was daarom die vreugde toe hulle verneem het dat daar 'n predikant aan die kom was wat weer die ou leer volgens Dordrecht verkondig en geen Gesange laat sing nie. Hy is reeds in Natal tegemoet gery, en as hy in hulle nabyheid verbygegaan het, het die ortodokses baie opofferinge gedoen om hom te ontmoet. Hy het daarom feitlik van dag tot dag gepreek. En waar hy gepreek het, het dit diep in die siele ingeslaan.

Dat ds. Postma nie verantwoordelik was vir die afskeiding nie word verder bevestig deur die waarheid dat baie huisgesinne totaal met die bestaande Kerk gebreek het, en mense met hele huisgesinne het hulle kinders gebring, in sommige gevalle tot sewentien jaar oud, om deur hom gedoop te word. So het 'n broeder uit Marico verklaar dat hy nie aan die Kerk behoort nie, "en al die 15 jaren lang hebben wij uitgezien naar de suiwere bediening van het Evangelie"[3].

---

[1] Ds. D. Postma: a.w., bl. 272.

[2] Ibid., bl. 271.

[3] Ibid., bl. 113.

So groot was die behoefte aan 'n sodanige predikant dat die Hervormde Kerk in Transvaal toestemming verleen het aan 'n aantal burgers in Rustenburg om vir hulle 'n sodanige predikant te kan beroep.

Ds. Postma was geen skeurmaker nie. Nog minder was hy verantwoordelik vir die afstigting. Die tyd was ryp, want die dwaalleringe het die Afrikanervolk se suiwer belydenis reeds haas verteer, en hieraan het ds. Van der Hoff geen klein aandeel gehad nie.

Ons vadere, wat deur Gods genade getrou gebly het aan hulle belydenis, het in die koms van ds. Postma 'n gebedsverhoring aanskou! Nie alleen was die leerdwaling van die Hervormde Kerk, onder leiding van ds. Van der Hoff, die direkte oorsaak van die afskeiding nie, maar ook die persoonlikheid van ds. Van der Hoff het blykbaar onafwendbaar afgestuur op skeuring.

Hoewel ook die ortodoksgesindes ds. Van der Hoff hartlik verwelkom het met sy koms na die Republiek, het sake spoedig na sy koms al onrustig begin verloop. Ons dink aan sy optrede [55] teenoor ene Smellekamp, 'n onderwyser. Smellekamp het ds. Van der Hoff as onregsinnige getipeer[1].

Met ds. Van der Hoff aan die spits het daar oral beroeringe ontstaan. Onderwyser Spruyt skryf oor die toestande in Transvaal in **The Friend** van 31 Augustus 1854: "Ware den Heer D. Van der Hoff zulk een man geweest, bezield met den waren geest des Christendoms, dan waarlyk geloof ik, zouden die schandelyke en betreurenswaardige tooneelen, in July 11, op Rustenburg niet plaats gevonden hebben"[2]. (Hy verwys hier na die optrede van ds. Van der Hoff in sy twis met Smellekamp.)

De Zuid Oost Afrikaan berig op 22 September 1854 soos volg: "Op dit ogenblik staat hy (Smellekamp) op zyn vertrek naar Bloemfontein, hoe het zy, ik houd hem voor een 'gentleman', en D. van der Hoff voor een oplopenden, onopgevoeden en eigen belangzuchtigen leeraar, die door zyne gebreken zynen amp onwaardiglyk bekleed"[3].

Ter verduideliking kan hier gemeld word dat Smellekamp die Transvaal moes verlaat het omdat hy hom teen Van der Hoff verset het.

Daar hy as alleen-heerser in die Hervormde Kerk gestaan het, het die innige Christene samewerking met hom moeilik gevind.

Die vraag kan gestel word, indien ds. Van der Hoff nie na Suid-Afrika gekom het nie, sou die Kerk in Transvaal wel so verwater het dat 'n afstigting noodsaaklik was?

§3. Afskeiding onder Ds. Postma.

Die doel is nie om hier 'n volledige oorsig van die geskiedenis te gee nie: dit is in verskillende ander boeke reeds gedoen. Vooraf egter net 'n opmerking. Ds. Postma is uitgekryt dat hy deur sy Kerk in Nederland afgevaardig is om sendingwerk te kom doen. Tereg stip prof. Engelbrecht egter aan dat dit een van die grootste onwaarhede is. Sy kredensiebrief getuig ook van sy opdrag, hl. om na die beste van sy vermoë onder bestaande omstandighede te handel.

Ds. Postma was 'n persoon van voortreflike karakter. Sy hele optrede in hierdie krisistye is gekenmerk deur 'n eerlike en openhartige houding. Selfs by sy teenstanders het hy 'n diep respek afgedwing. So het ds. Murray van Bloemfontein, ten spyte daarvan dat baie van sy lidmate by die Geref. Kerk aangesluit het, nogtans ds. Postma help vervoer en die hoop uitgespreek dat hulle mekaar altyd broederlik sal kan ontmoet.

[56] Ds. Postma was geen skeurmaker nie; inteendeel, van sy kant het hy getrag om die eenheid te handhaaf. Toe dit egter blyk dat die waarheid van die Skrif nie in aanmerking

[1] Dr. G. B. A. Gerdener, **Boustowwe vir die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in die Transgariep**, bl. 589.
[2] Ibid., bl. 591.
[3] Ibid., bl. 592.

geneem word nie, het hy nie gehuiwer om volgens sy kredensiebrief te handel nie,. en sy optrede is gekenmerk deur kragdadigheid.

Dat ds. Postma 'n eerbare man was, blyk ook uit die feit dat op die vooraand van die Algemene Kerkvergadering wat op 25 April 1859 gehou is met die doel om die kerkhereniging te probeer bewerkstellig, hy ds. Louw en dr. Hofmeyr, wat hom agteraf probeer omkonkel het met die belofte dat hulle sy saak sal ondersteun teen ds. Van der Hoff, treffend vermaan het vanweë hul oneerlikheid. Ds. Louw en dr. Hofmeyr was destyds in Transvaal en is uitgenooi as lede van die N.G. Kerk om van advies te dien.

Hoewel ds. Postma geweldige voordele sou geniet het indien hy na hulle wou luister, het hy hulle oneerlikheid egter treffend weerstaan, en self skryf hy dat hy die Here gedank het .... ". . . die mij behoedde te deelen in hun geheime raadslag". Prof. Engelbrecht teken die openhartige eerlikheid van ds. Postma en sê dat op hierdie vergadering ds. Postma 'n voortreflike en morele oorwinning behaal het teen die N.G. Predikante, wat (omdat Postma nie agteraf met hul wou konkel nie) vlymend in hulle optrede teen hom was.

Dat dit op hierdie Kerkvergadering met die Gereformeerdes nie goed gegaan het nie, is vanselfsprekend. Hier was dit Hervormd en N.G. teen die Gereformeerdes. Oor 'n verskil tussen ds. Postma en ouderling Wolmarans moes die Sinode beslis. "En natuurlik, dit was 'n Hervormde Algemene Kerkvergadering, en die Hervormde ouderling het teenoor die Gereformeerde predikant **gewen"**[1] verklaar prof. Engelbrecht.

Maar om terug te keer tot die afskeiding onder ds. Postma. In Transvaal was die sake oor die algemeen troebel. Ten spyte van die belofte van die kant van die Hervormde Kerk (wat ook deur die Volksraad bekragtig is) aan 'n aantal Rustenburgers om 'n predikant te mag bekom wat geen Gesange laat sing nie en nog vashou aan die leerstellinge van Dordrecht, en ten spyte daarvan dat met die ondersoek van ds. Postma dit aanvaar is dat hy die suiwere leer verkondig, is spoedig na sy aankoms teen hom opgetree omdat hy nie Gesange wou laat sing nie.

Op 10 Januarie 1859 is 'n Algemene Kerkvergadering gehou, en die standpunt van ds. Postma insake die Gesange kan soos volg saamgevat word:

Indien 'n kerk gesange laat sing wat **regsinnig** is, dan sal hy die kerk daardeur nie bemoeilik nie, hoewel hy reken dat die [57] veiligste weg sou wees dat die kerk alleen dit laat sing waarvan die teks in die Bybel is. Teen sodanige Gesange koester hy geen beswaar nie. Maar is daar lede wat gemoedsbeswaar het teen die sing van enige Gesange in die **openbare godsdiens-oefeninge** waarvan die teks nie in die Bybel staan nie, dan behoort al die ander lidmate dit ook na te laat.

As alternatief stel hy dat indien bogenoemde nie bereik kan word nie, dit aan die wysheid van elke predikant oorgelaat word om hierin te handel na sy eie gewete met inagneming van die gesindheid van die gemeente.

Self verklaar hy dat hierdie laaste punt 'n toegewing van sy kant was " ten einde er om deze zaak geene verdeeldheid noch scheuring plaats vinde"[2].

Ten spyte van al die vroeëre beloftes wat in hierdie verband gedoen is, besluit die Algemene Kerkvergadering egter " dat de Kerkelijke inrigting zooals die thans hier bestaat met hare Evangelische Gezangen zal blijven bestaan en gehandhaafd worden"[3].

Hierop het 'n vyftiental burgers, onder wie ook die latere pres. Kruger, te kenne gegee dat hulle die verband met die Herv. Kerk verbreek en 'n vrye Geref. Kerk wil daarstel.

Ook ds. Postma het amptelik aan die vergadering kennis gegee dat hy die hulp van sy Kerk nie langer aan die Herv. Kerk kan toesê nie en dat hy van daardie oomblik af sal

---

[1] Prof. dr. S. P. Engelbrecht: a.w. 164.

[2] Postma; a.w. bl. 120.

[3] Ibid., bl. 120.

optree volgens die opdrag in sy lasbrief, wat hom vrymag verleen het om na omstandighede te handel.

Op 9 Februarie 1859 was daar 'n groot saamtrek op Rustenburg van diegene wat al jare lank nie met die dwaalleer van die Herv. Kerk langer kon saamstem nie. 'n Skaar van tente het die velde oordek. Op 10 Februarie 1859 het hulle onder 'n seringboom vergader. En daar het die herstigting van die Geref. Kerk dan ook plaasgevind, en op daardie dag het 310 mense hulle name geteken as lidmate van die ware Geref. Kerk, wat weer suiwer in leer en lewe wou staan.

Aangrypende dae!

Hulle het 'n beroep op ds. Postma uitgebring, wat op daardie oomblik reeds onder beroep na die N.G. Kerk te Winburg gestaan het.

'n Treffende beskrywing van hierdie oomblik word deur sy seun weergegee: " .... Dit het sy eerwaarde gespreek terwyl hy sy oë na die hemel gerig hou en daarna lê hy sy linkerhand op die Bybel, wat hy by daardie geleentheid aan hierdie [58] gemeente as 'n gedagtenis geskenk het om op die preekstoel te gebruik—met sy linkerhand rustende op die Bybel staan hy by 'n klein tafeltjie voor 'n klein tentjie, waarin die oues van dae sit, spreek sy eerwaarde, diep getref in sy gemoed soos 'n mens kon opmerk, weer op die volgende wyse: "Dus verklaar ik ook heden, dat ik voor het beroep van Winburg zal bedanken en vooreerst niet tot Nederland denk terug te keeren"[1].

En met die aanvaarding van hierdie beroep wat deur die herstigte Geref. Kerk op hom uitgebring is, besluit hy: "En nu zeer geliefde Broeders en Zusters in den Heere! tot hiertoe heeft de Heere ons geholpen. Heffen wij nu voorts tot Hem alleen oog en hart maar op, en ons vertrouwen zij op den Heere onzen God, die hemel en aarde gemaakt heeft"[2].

Hiermee was die herstigting van die Geref. Kerk in Suid-Afrika 'n voldonge feit

Op grond van die roepstemme oor die lengte en "breedte van die land om oor te kom het hy ook die noordoostelike gedeeltes van Kaapstad besoek, waar gemeentes gestig is, asook oral in die Vrystaat waar hy verbygetrek het.

So het die ou Gereformeerde leer, die leer waarmee ons volksbestaan begin het maar wat onder De Mist gesterf het en deur die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1824 plegtig begrawe is om plek te maak vir die liberalisme en de metodisme, weer herleef!

En juis omdat u geen liberalis is nie en nog minder 'n metodis maar wel 'n Calvinis wat die suiwere Skriftuurlike leer in ere wil hou, daarom is u Gereformeerd!

*****

Die kerklike toestand in Suid-Afrika was dus soos volg: In Kaapland en die O.V.S. het die Geref. Kerk bestaan naas die Ned. Geref. Kerk. In Natal was dit net die Ned.

Geref. Kerk. In Transvaal het die Geref. Kerk naas die Ned. Herv. Kerk bestaan. Tog het die Ned. Geref. Kerk hier ook enkele gemeentes gehad.

Maar omdat die toe bestaande Ned. Herv. Kerk en die Ned. Geref. Kerk feitlik presies dieselfde kerk was met slegs verskillende name, het hulle in 1882 in Transvaal verenig, vandaar die naam Ned. Herv. of Geref. Kerk of, soos dit ook in die volksmond bekend staan: die "Verenigde Kerk[3].

Onder leiding van ds. Goddefroy wou die gemeente Pretoria-distrik hulle nie versoen met hierdie kerkvereniging nie en het hulle die Hervormde Kerk laat voortleef.

So het dit gekom dat daar vandag drie sogenaamde Hollandse "Susterkerke" is.

---

[1] Ibid., bl. 141.

[2] Ibid., bl. 141.

[3] Die Sinode van die Transvaalse N.G. Kerk het intussen (1957) die naam van die Kerk verander van N.H. of G. na Ned. Geref. Kerk van Transvaal.

[59] §4. Poginge tot hereniging.

Nadat die herstigting van die Geref. Kerk 'n werklikheid geword het, is verskillende poginge in die werk gestel om die twee groepe weer eens byeen te bring.

Die Ned. Hervormde Kerk het afgesien van die onbroederlike houding wat hulle op die Algemene Kerkvergadering ingeneem het, en met groot toegewings tot die Gereformeerdes gekom. Hulle kompromisvoorstel het behels dat die sing van Gesange nie langer as verpligtend gestel sou word nie en dat dit aan die vryheid van elke leraar oorgelaat sou word of hy Gesange wil laat sing al dan nie. Hulle het aan Ds. Postma ook 'n salaris uit die staatskas aangebied en die waarborg verleen dat ds. Postma nie verplig sou word om Gesange te laat sing nie.

In antwoord hierop het die Gereformeerdes die voorstellers daarop geattendeer dat dit in stryd is met Gods Woord en artikel 7 van die Belydenis om Gesange op een lyn te plaas met die Psalms. Verder verklaar die Gereformeerde Kerk dat hy geen staatskerk wil wees nie maar 'n kerk wat vry is volgens die Woord van God.

Instede van onder die beskerming van die Volksraad te probeer inkom het die Gereformeerdes versoekskrif op versoekskrif gerig aan die Volksraad om kerklike vryheid sodat hulle alleen aan die Woord van God gebonde sou wees.

Op hierdie tydstip moes die Gereformeerdes nog belasting betaal om die predikant van die Herv. Kerk te onderhou.

Dit is ook grootliks aan die Gereformeerdes te danke dat ons Kerke vandag vry is van regeringsoorheersing, want die Transvaalse Volksraad het later wetgewing aangeneem waarby afgesien is van die Hervormde Kerk as die staatsondersteunde en staatsbevoorregte kerk. Dit kon ook nie anders nie, want die Grondwet van die Republiek het bepaal dat die Drie Formuliere van Eenheid as leerskrif deur die Kerk aanvaar moes word, en dit was juis die Geref. Kerk wat aan hierdie vereiste van die Grondwet voldoen het. Konsekwent geneem, moes die Geref. Kerk die staatskerk word, maar hulle wou nie, want dit kan nie in ooreenstemming wees met die Woord van God nie. Indien die Hervormde Kerk daarteenoor langer as staatskerk gehuldig is sou dit in stryd gewees het met die Grondwet.

Afgesien van bogenoemde het die poginge tot hereniging nie ontbreek nie.

Beide die Staat en die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk het kragtige pogings aangewend tot die herstel [60] van die breuk. Die Algemene Kerkvergadering van die Herv. Kerk wat te Mooirivier gehou is, het besluit om sover te gaan om aan die Gereformeerdes voor te lê dat beide die Herv. Kerk en die Geref. Kerk onder die toesig van die Kaapse H.G. Kerk gestel moes word en dat die Kaapse Sinode alle predikante moes legitimeer.

Het hierdie aanbeveling deurgegaan, sou dit beteken het dat beide die Herv. Kerk en die Geref. Kerk deel van die N.G. Kerk geword het.

Die Gereformeerdes was egter meer gesteld op die leersuiwerheid as eenwording op 'n onsuiwere en onskriftuurlike grondslag. Hulle antwoord was dientengevolge ook afwysend. Die voorstel het hulle nie as **nodig** beskou nie, omdat die legitimasie wel ook in Nederland kon geskied; nie **veilig** nie, omdat die actuaris van die Kaapse Kerk deur dokumente mislei kon word; selfs **gevaarlik,** omdat bestryders van die ware Gereformeerde leer deur die Kaapse Sinode toegelaat kon word.

So het die suiwere klank weer in Suid-Afrika weerklink!

Tog wou die Gereformeerdes van hulle kant ook die eenheid probeer werkstellig maar 'n eenheid wat alleen gegrond is in die suiwerheid van die leer. Daarom het hulle die volgende aan die hand gedoen:

a. Die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk moet die besluit van 11 Januarie 1859 oor die Gesange herroep.

b. Die Hervormde Kerk moet hom geheel verenig met die ou en welbeproefde grondslae in leer, diens en tug soos die Gereformeerdes dit gestel het in die Sinode van Dordrecht, 1618-1619.

c. Ds. Van der Hoff moet openlik herroep alles wat sy eerwaarde daardie jaar oor die Woord van God, die Psalms en die Gesange in die openbaar geskryf het.

Die Hervormde Kerk weier om hierdie voorstelle te aanvaar!

In hulle kompromisvoorstel om hereniging het die Herv. Kerk hulle besluit soos vervat onder punt (a) hierbo reeds herroep. Hulle weiering berus dus op punte (b) en (c).

Hiermee het die Hervormde Kerk amptelik bevestig dat hulle die leer van die Drie Formuliere van Eenheid nie meer aanvaar nie en dat ds. Van der Hoff onskuldig is aan sy ketterse uitlatings.

Terwyl die Gereformeerde Kerk die Bybel aanvaar as die geïnspireerde Woord van God, het die Herv. Kerk uitspraak in hierdie verband geweier.

Hiermee het ons Gereformeerde vadere afstand gedoen van alle verder pogings tot hereniging om as suiwere Kerk te bly voortbestaan.

[61] En daarom is u lid van die Gereformeerde Kerk: dit is as Kerk gebonde enkel en alleen aan die Bybel as die Woord van God!

§5. Doppers.

Wie is die mense wat hulle by die Geref. Kerk gevoeg het?

Die antwoord op hierdie vraag is: Die Doppers!

Met die woord "Dopper" gryp ons terug in die verlede. Die naam "Doppers" is die algemeen bekende naam vir die Gereformeerdes.

Sommige mense gebruik dit as 'n skimpwoord, andere weer net as 'n blote benaming. Vir ons as Gereformeerdes het dit egter 'n erenaam geword.

Hoewel die naam "Dopper" tans net aan die Gereformeerde lidmaat verbind word, wortel dit egter in 'n lang verlede en was die omvang daarvan wyer as net die grense van die Geref. Kerk.

Die Doppers het in die vorige eeu 'n spesifieke deel van ons volk uitgemaak en wel 'n deel wat as die ruggraat van die volk beskou is. Die Dopper was die trots en die keur van die wordende Afrikanervolk.

a. Die naam "Dopper".

Waar die naam "dopper" presies vandaan kom, kan nie met sekerheid bepaal word nie. Verskillende teorieë doen die ronde, hoewel die aanneemlikste is dat dit 'n afleiding is van die woord "domper." Die domper was iets wat vroeër gebruik is om die kerslig mee uit te doof. Die naam "dopper" is verbind aan daardie mense wat vasgehou het aan die ou leer en met die "nuwe lig" niks te doen wou hê nie. Net soos die domper wou hulle daardie "lig" uitblus!

b. Die afkoms van die Doppers.

Die "Dopper"-element het hoofsaaklik afgestam uit die konserwatief-Puriteinse Hollandse families vermeng met geesverwante Franse en Duitse families. Daarom word tereg beweer dat 'n Dopper gebore word en nie gemaak kan word nie.

Insake die Doppers het wyle prof. John Murray onder andere beweer: "Die prominente familiename was Van der Walt, Kruger, Venter en Coetzee .... Die van der Walts mag in sommige opsigte beskou word as die adelstand van die distrik." Dan roep hy in herinnering die dapperheid van Tjaart van der Walt, "wat in sy lewe 'n leer self was en wat geweet het om die moed te herstel in die koloniste as hulle moedeloos word deur die

verwoesting van die hotnots en kaffers"[1]. [62]

c. Die kenmerke van die Doppers.

Die Doppers is gekenmerk deur die klere wat hulle gedra het, naamlik die kort baadjie, die klapbroek, die hoog toegeknoopte onderbaadjie en die glad gekamde hare.

Hulle is verder gereken as die betroubaarste en opregste burgers van die land. Hulle erewoord was van meer waarde as enige bewys of wissel in ons dae. Aan dinge soos borgstaan, kwitansies ens., het hulle nie geglo nie, want hulle eerbaarheid was onberispelik. Die Doppers is dan ook deurgaans gekenmerk as die keur van eerbaarheid en opregtheid.

Hulle was van die adelstand; nie mense wat op die voorpunt van die sosiale ontspanningslewe en wêreldse grootheid gestaan het nie. In die sin was hul veel eerder " backvelders ". Maar in hulle wese was die Doppers die adel van ons Afrikanervolk. Hulle was die aristokrasie van ons volk in die beste sin van die woord. Hulle karakter is deur die godsdiens gevorm en veredel. Hulle godsdiens was dan ook vir hulle die hoogs heilige. Daarom word hulle die adel in die hoogste sin van die woord genoem, Immers, die hoogste adel waarna 'n mens kan streef, is die siele-adel, en dit was juis die belangrikste kenmerk van die Dopper.

Solank dit vir die Dopper duidelik was dat iets reg, heilig en goed is na die Woord van God, het hy hom daaraan gehou, daarvoor geveg en gebid. Daarom het hulle dan ook teen die geestelike vyande van die vorige eeu, die materialisme, metodisme en opportunisme, baie sterk standpunt ingeneem.

Verwyderd van die wêreldse gees en atmosfeer wat die stede oorheers het waar die Engelse invloed ingedring het, het die Doppers in die verste uithoeke van die land net die Bybel as geselskap gehad waarmee hulle die aande kon deurbring en waaruit hulle kinders kon leer. En die Bybel het sterk beslag gelê op die suiwere karakterontwikkeling en innige opregtheid.

d. Godsdienstig.

Godsdienstig was die Dopper daar nog lank voordat die Dopperkerk daar was. Die naam "Dopperkerk" is ontleen aan die feit dat 'n groot deel van die Doppers hulle by die Gereformeerde Kerk gevoeg het. Met die herstigting van die Gereformeerde Kerk was dit juis die Doppers wat die leiding geneem het, nie om af te skei nie maar om terug te "skei" na die voorvaderlike kerkvorm. Dit was volgens hulle opvatting baie noodsaaklik, aangesien die Skotse en Engelse invloed al te diep ingedring het in die Kaapse Kerk en die Kerk deurtrek het met 'n gees wat vir die Dopper vreemd was aan die suiwere Bybelse voorskrifte.

Daarom sal hulle Doppers (dompers) wees, omdat hulle die "nuwe" (Engelse) lig in die Kerk wou uitdoof!

[63] Die verskil tussen die Doppers en die ander bestaan daarin dat die Doppers na 1806 die ou fondamente van ons volksontstaan wou behou en in godsdienstige egtheid daarop wou voortbou, terwyl die ander onder vreemde invloed hierdie fondamente van ons volksoorsprong verlaat het om op die nuut-ingevoerde Skotse en Engelse fondamente te gaan bou.

Die Dopper se godsdiens is sy lewe, en sy lewe is tot diens van God.

Wyle dr. J. D. Kestell het by 'n geleentheid beweer dat die "Dopperdom vir Kristendom en Nasionaliteit 'n bate is, en 'n krag, waarmee gereken moet worde, en wat nie te versmade is nie "[2].

Wyle ds. F. Lion-Cachet, predikant in die Ned. Geref. Kerk, se mening was: "Die 'dopper-element' is in die volkskarakter van die Transvalers van groot betekenis en van groot

[1] Dr. O'Kulis: Doppers, bl. 125.

[2] Ibid., bl. 4.

waarde"[1].

e. 'n Verdere kenmerk van die Doppers was hul konsekwente **anti-Engelse houding.**

Die Dopper is 'n Calvinis. Van huis uit was hy 'n republikein. Daarvan getuig manne soos Potgieter en Paul Kruger. Manne soos Piet Retief en Gerrit Maritz was nogal bevriend met die Engelse, maar die Doppers het hulle vermy. Daarom wou Potgieter nie na Natal trek nie, want hy het vooruit gesien dat die Trekkers daar baie gou weer deur die Engelse lastig geval sou word.

Met die instroming van die Engelse aan die Kaap het die Doppers hulle begin terugtrek, en deur hul afkeer aan die Engelse lewens- en wêreldbeskouing is hulle eie suiwere lewens- en wêreldbeskouing uitgekristalliseer in die lig van die Woord van God.

Daarom is hulle as bekrompe bestempel. Verbaas u dus nie as die hooggeroemde prof. John Murray beweer het: "Die Boer se geestelike en verstandelike inboedel is maar klein. As hy as mens beskou moet word, dan moet sy godsdiens op die voorgrond kom. Dit is die vernaamste van sy besittings"[2]. Dit is neerhalende woorde, beledigend, en tog is dit in werklikheid vir ons roemtaal: die eer van die Dopper was juis sy godsdiens! Maar juis omdat die Engelsman en die Skot gemeen het dat Skrifgebondheid bekrompe is, is die Dopper as kampvegter van die egtheid van die Woord bespot en gehoon.

Omdat hulle sterk onderlê was in die Heilige Skrif, het die Doppers die ou Boeregedagte bly behou, en hulle het dadelik besef dat dit ten opsigte van die Engelsman, wat godsdiens en [64] politiek betref, pool en teëpool was en dat geen kompromis moontlik was sonder die versaking van die eie nie.

In die huislike, maatskaplike en kerklike lewe was die Doppers anti-Engels. Die Engelsman was vir hulle die beliggaming van 'n lewens- en wêreldbeskouing wat in elke opsig oneindig laer gestaan het as die verhewe standpunt van die Boerevolk.

Die Dopper het altyd soveel nasionale respek gehad dat hy hom as die meerdere van die Engelsman beskou het, sy taal mooier as Engels en sy geskiedenis suiwerder as die van Engeland.

So verklaar prof. Murray: "Wat betref die sedelikheid, handhaaf die Doppers 'n verhewe karakter: So is ook die neiging om hulleself op godsdienstige sowel als op ander gebied hoger te beskouw ... So is dit dikwels opgemerk, in Transvaal, waar hierdie **sekte** versprei het, dat die ontwikkelde Kolonialers, met gesond verstand en tamelike deursig moet opsij staan in die raadkamer en op die slagveld vir die bekrompe Dopper"[3].

Al het prof. Murray die Doppers as 'n sekte beskou, vind ons nogtans in hierdie gedeelte 'n mooi erkenning van die werklik skone en betekenisvolle in die lewe van die Dopper.

Dr. O'Kulis druk hierdie houding die beste uit waar hy skryf: " Omgang van Engelse met die huisgenote van die Dopper was 'n onmoontlikheid; dit is ten enemale beskou as 'n geestelike en sedelike gevaar. Om die waarheid te sê, ek kon in my kinderdae maar min verskil gesien het in die skatting van die Doppers tussen die Engelsman en sy vriend Swartbooi "[4].

*****

Die Doppers was inderdaad die keur van die Afrikanervolk, die ruggraat in die handhawing van die Calvinisme en die beginsels van ons ou Boerenasie!

Die Dopperkerk was die briek aan die Kerklike wa!

Die Dopperkerk was sedert sy ontstaan die gewete van die hele Suid-Afrikaanse Christendom.

---

[1] Ibid., bl. 148

[2] Ibid., bl. 134

[3] Ibid., bl. 131.

[4] Ibid., bl. 40.

"Ons skaam ons nie vir ons beginsel nie, ons vrees geen stroming hoe magtig ookal .... God gee ons staanplek en ons sal handhaaf!"[1] het dr. O'Kulis uitgeroep!

En aan verwagtings van ons vaders wil ons as Gereformeerde Kerk voldoen, ook deur ou Dopperbeginsels nog steeds te handhaaf!

[65] §6. Die houding teenoor die Gereformeerde Kerk.

Voordat ons enkele ligstrale werp op die algemene houding van die N.G. Kerke en die Ned. Herv. Kerk teenoor die Gereformeerde Kerk, wil ons net iets interessants aanhaal van 'n gelowige ou kaffer, Dawid.

Hierdie kaffer het wyle vader Postma by 'n geleentheid hoor preek en diep onder die indruk van sy Woordverkondiging gekom. Hierop het 'n persoon aan hom gesê: " Dawid, ons verneem dat jy ook onder die gehoor van die nuwe predikant gewees het, maar hy is geen predikant nie, want hy dra geen mantel en bef nie". Die ou kaffer het hierop geantwoord: "O, my kleinbasies, dit is niks. Jesus Hy is nie by die lappie nie. Jesus is by die hart. Jesus by die hart, alles reg. Jesus nie by die lappie nie." Toe Dawid by 'n volgende geleentheid ds. Postma weer hoor preek het (waar hy gewoonlik in die skure van die burgers opgetree het), het 'n ou man hom verwyt en gesê dat ds. Postma dan nie Gesange laat sing nie. Die grys ou jong het daarop geantwoord: " My baas, dis niks. Jy sien die boer die maak so 'n klein gaatjie by die bult, hy kry bietjie water, die water loop so 'n klein straaltjie in die klein dammetjie. So hy is die Gesang. Maar jy sien, die reent die kom somaar oor die bult en berge en valleie en staan somaar oral vol. So hy is die Psalm"[2].

Terloops kan ook vermeld word dat hierdie selfde ou kaffer deur sy stamverwante vermoor is terwyl hy besig was om die Evangelie onder hulle te verkondig.

Teenoor hierdie geloofshouding van 'n ou naturel vind ons dat die houding van die meeste blankes vlymend skerp was.

Ds. Van Heinigen, predikant van die N.G. Kerk te Lydenburg, het beweer dat die Kerk van Postma 'n duiwelse kerk is[3].

Die Gereformeerdes is ten tye van die herstigting uit huise verjaag, dit is hulle geweier om op plase uit te span en die algemene gasvryheid het plek gemaak vir 'n bittere haat Ouderling (later gestudeer vir predikant) M. P. A. Coetzee en ds. Postma is in die Lydenburgse omgewing deur 'n perdekommando agtervolg.

" Men bazuinde van Oost, West, Noord en Zuid: de Antikrist is in het land gekomen!"[4] verklaar oudl. Coetzee.

Ds. Postma is oral. bestempel as die antichris (al het 'n vyandige broeder, nadat ouderling Coetzee hom oorreed het om aan hom en Postma huisvesting te bied vir 'n nag en ds. Postma die aand met huisgodsdiens voorgegaan het, verbaas gevra: " Petrus, hoe is dit, Mijnheer Postma bidt ook in den Naam van Jezus, hij kan dus met de Antikrist wezen)"[5].

[66] Predikante soos ds. A. A. Louw van Fauresmith, ds. A. D. Luckhoff van Colesberg en eerw. Reid het openlik van die kansels af verkondig dat Postma die antichris is waarteen die Bybel gewaarsku het.

Hoe bitsig die haat teen die Gereformeerdes was, blyk uit 'n petisie wat op 29 September 1859 by die Volksraad van die O.V.S. ingedien is en onderteken is deur ene G. D, Kotzé namens baie ander om beswaar aan te teken teen die kandidaatskap van J.

---

[1] Ibid., bl. 118.

[2] Ds. D. Postma; a.w., bl. 163.

[3] Ibid., bl. 220.

[4] Ibid., bl. 220.

[5] Ibid., bl. 227.

J. Venter vir die presidentsverkiesing omdat hy "zich by den afgescheidenen Postma heeft gevoegd"[1].

Sarel Cilliers het hom soos volg oor Postma uitgelaat: Hy skryf in die Staatskoerant van die Zuid-Afrikaanse Republiek van 22 April 1859 dat hy geen eenwording verwag nie; inteendeel, nog 'n groter skeuring, "**... dat allen, die Jezus niet liebben aangenomen door het geloof als hun zielenbruidengom, als hun Hoofd en Heer, en Hem met David niet hebben trouw gezworen, dat die allen, zeg ik, zich van de ware kerk zullen afscheuren en zich voegen zullen tot de Kerk van den Heer Postma**"[2].

De Gereformeerde Kerkbode (voorloper van die huidige **Kerkbode,** die amptelike orgaan van die N.G. Kerke) het in die uitgawes van 7 en 21 Mei 1859 'n uitvoerige beskrywing gegee van die valse leraars. En hoewel ds. Postma se naam nie direk genoem is nie, is die heenwysing na hom duidelik merkbaar. So skryf die blad ook op bl. 174 van die uitgawe op 21 Mei 1859: " Dit skyn asof die heer Postma met mannemoed voortgaan om sy kerk alom in ons land te vestig, dit is met ander woorde: skeuring, twis en tweedrag bring ...." Terselfdertyd berig **The Friend** van 20 Mei 1859: "Sedert Donderdag den 5den bevindt Ds. Postma zich op de plaats van den heer J. J. Venter in deze nabijheid, en ontvangt hy de namen dergenen die zich tot de Afgescheidenen Gemeente voegen. Zelfs van Burgersdorp en Colesberg zyn er geweest om hunne vereeniging met de nieuwe kerk te belijden en de bediening der Sacramenten van Ds. Postma te ontvangen".

Ds. J. Murray verklaar in **De Gereformeerde Kerkbode** van 18 Junie 1859, bl. 201, "dat het heil der kerk niet gelegen is in het afschaffing van Gezangen". In hierdie" artikel word daar ook 'n bitter aanval geloods op die Gereformeerde Kerk. In hierdie selfde uitgawe verskyn daar ook 'n neerhalende artikel uit die hand van ds. N. J. Hofmeyr. In die uitgawe van 2 Julie 1859, bl. 219, skryf ds. S. Hofmeyr dat indien die Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland nie openlik en plegtig protesteer teen sodanige handeling van sy afgevaardigde, ds. Postma, nie en sy (die kerk se) eie gedrag in hierdie saak op 'n voldoende wyse [67] regverdig nie, "dan voorzeker is hare geschiedenis door deze gebeurtenis **geschandvlekt** . . ."[3].

In die uitgawe van dieselfde blad, 24 Maart 1860, bl. 87, skryf iemand onder die skuilnaam " Een vriend der Waarheid " dat hy die afskeiding goedkeur en wel om die volgende redes: Met die loop van jare het dit geblyk dat die Gesange nooit ingang by daardie mense sal vind nie, dat die leraars van die N.G. Kerk nog nooit hul vertroue weggedra het nie en dat hulle hulle verbeel dat hulle meer openbaringe van die Here ontvang het as al die ander en dat hulle as volk van die Here beweldadig is bo die ander. Hy gaan voort en tipeer hierdie mense as Sabbatsontheiligers (omdat hulle geweier het om na N.G. predikante te gaan luister) en " het lezen van hedendaagsche geschriften, waardoor zij den geest beschaven kunnen, wordt door hen als iets nieuws verworpen en blijven zij welmenende, ja, maar al te bekrompen ".

Ter bevestiging van die feit dat die N.G. predikante hierdie mense nooit aan die hart kon raak nie, word verwys na 'n uitspraak van wyle prof. John Murray. Tog word dit nie op 'n broederlike wyse gesê nie: "Die mees belangrike tijdperk van die Kerkgeskiedenis was die jaar 1858, toe hier in die Kolonie 'n predikant uit Holland aangekom het (Ds. D. Postma). Hij had vir die eienaardige opienies van hierdie sekte 'n hart, wat die Koloniale Hollandse predikante nie had nie"[4].

Ds. C. Spoelstra, kerkhistorikus van die N.G. Kerke, beweer insake die Gereformeerde Kerk dat "zij is, behalwe **Krugerskerk**, feitelijk niets anders dan **Dopperkerk** geweest. Ook daarom noemt zij zich ten onrechte: De Gereformeerde Kerk"[5].

---

[1] Dr. G. E. A. Gerdener: a.w., bl. 142.

[2] Ibid., bl. 666.

[3] **De Gereformeerde Kerkbode,** 2 Julie 1859, bl. 219.

[4] Dr. O'Kulis: **Doppers**, bl. 134.

Hier moet ingedagte gehou word dat met die woord "dopper" iets laags en gemeens aangedui word.

Hy is baie neerhalend oor die Gereformeerdes en beweer dat met die opkoms van Paul Kruger die dopperlig ook verskyn het. "Zoo heeft de Krugerregeering .... het gevolg gehad. .... dat de **godsdienstige huichelarij op schrikbarende wijse zich openbaarde"**[1].

'n Algemene bekende feit is dat die Landdros van Potchefstroom gedreig het om die huis van 'n sekere weduwee bo haar hoof te laat afbrand indien sy sou toelaat dat ds. Postma in haar huis sou preek.

Die uiters vyandige houding teenoor die Geref. Kerk kom ook duidelik uit toe ds. Postma 'n veertigtal persone wat by Mooirivier tot die Gereformeerde Kerk wou oorgaan, [68] toegevoeg het: "Broeders en susters, indien gij wilt gehaat en gesmaad worden om den Naam Christus wille, en wilt gij aftreden van de kerk, die weigert Gereformeerd te zijn, dan kunt gij aansluiten, anders niet."[2].

Uit die omgewing van Burgersdorp is aan die goewerneur 'n petisie oorhandig waarin aangedring word dat die Geref. Kerk gesluit moes word en dat Gert Steenekamp, Willem van Biljon, Tjaart van der Walt en Andries Pretorius **opgehang** moes word en wel omdat hulle lidmate van die Gereformeerde Kerk geword het[3]!

Dit is maar enkele trekke uit die houding teenoor die Gereformeerde Kerk!

In die stryd teen die Gereformeerdes het die humoristiese egter ook nie ontbreek nie. In hierdie verband verhaal ene ds. De Beer in **Half hours of Leisure** die volgende:

'n Predikant van die N.G. Kerk het 'n preek gehad oor Johannes hoofstuk 10 wat handel oor die valse skaapwagter.

Op die galery het 'n man gesit. In die loop van die preek sê die dominee: "Hy wat nie deur die hek ingaan nie, maar van 'n ander kant inklim, is 'n dief en 'n moordenaar. Nou, is dit nie Postma nie?"

Hierop kom daar antwoord van die man op die galery; "Ja seker, meneer!"

"Het hij nie op 'n ander plek ingeklim nie?" wou die leraar weet.

"O ja, die het hij gedoen, meneer," beantwoord die galery-sitter die vraag.

"Die dief kom net om te steel, te slag en te verderwe. Is die nie weer Postma se portret nie? " wou die leraar verder weet. "O ja, mij leraar, dis 'n ware portret," sê die stem van die galery.

Die leraar gaan voort: "Het hij nie die gemeente verderf? Het hij nie hierdie gemeente zelf verwoes nie?"

"O seker, mij lieve leraar, het hij dit gedoen, so seker het hij dit gedoen als dat meneer op de preekstoel staan," kom die woorde vir laas van die galery voordat die koster hom die swye kon oplê[4].

Hoewel die algemene houding bitsig was teenoor al wat Gereformeerd is, het hier en daar egter iemand na vore getree wat die werklike insig in die ware toedrag van sake gehad het. Manne soos ds. Andrew Murray en ds. P. Huet het ds. Postma beskou as 'n ware kind van God en het selfs die wens uitgespreek om soos hy te kon wees.

[69] Teenoor die lasterlike aantygings teen ds. Postma, wat feitlik die hele N.G. Kerk

[5] Ds. C. Spoelstra: **Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek,** bl. 229.

[1] Ibid., bl. 221.

[2] Postma: a.w., bl. 251.

[3] Ibid., bl. 240.

[4] Dr. O'Kulis: a.w., bl. 141.

sowel as die Ned. Herv. Kerk deurtrek het, skryf dr. S. Hofmeyr op 18 Januarie 1861 aan ouderling J. A. Jooste en diaken P. J. Joubert " dat ik u berigten kan als uitslag van myn onderzoek, zoveel my dit mogelyk is geweest, dat de algemeen bekende geruchten tegen ds. Postma verspreid, leugenachtig en lasterlyk zyn"[1].

Ons dink hier ook aan die verklaring van ds. F.L. Cachet aan die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk dat hy " als zijnde de eenige Leraar der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Z.-A. Republiek, hij de geheele Republiek in deszelfs lengte en breedte, als zijne Gemeente beschouwen moest, uitgenomen daar, waar de zuivere Gereformeerde Kerk bestond en arbeidde, onder de geestelijk opzicht van Postma"[2].

*****

Dit is nou wat die verlede betref.

Met die loop van jare het daar in werklikheid nie veel verandering ingetree in die houding van die ander Kerke teenoor die Gereformeerde Kerk nie. Welbekend is die aanvalle wat **Die Hervormer** met tussenposes *teen* die Gereformeerdes laat losbrand.

Ons dink in besonder aan die aanvalle teen die Gereformeerde rigting waarop wyle ds. J.V. Coetzee geantwoord het in sy boekie **Neo-Calvinisme — Verbastering of regte ontwikkeling.** Hierop het prof. dr. S. P. Engelbrecht sy antwoord, **Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en afwyking,** die lig laat sien. Wyle ds. Coetzee het hom daarop met 'n ander geskrif, **Geskiedenis-versaking,** die swye opgelê tot vandag toe.

Met hierdie geskrifte het die Herv. Kerk geopenbaar dat hulle houding met die loop van jare nog nie veel verander het nie.

Wat die N.G. Kerke betref, is die houding betreklik wisselend. Die houding van die minderheidsgroep in daardie Kerke wat nog die Gereformeerde waarhede toegedaan is, is broederlik, en samewerking tussen hulle en ons is sielsverkwikkend.

Ongelukkig is dit net 'n **minderheidsgroep,** en ek wil beweer; 'n **geweldige** klein minderheidsgroep!

Wat hierdie Kerk in die algemeen betref, kan ons met die periodieke uitbarstings in **Die Kerkbode** nalees.

Ons verwys na die jare 1910-1911, toe skerp aanvalle geloods is deur die redakteur van **Die Kerkbode** teen dr. A. Kuyper en [70] dr. H. Bavinck. (Miskien sal dit goed wees as ons Nederlandse broeders en susters hierdie **Kerkbodes** onder oë kon kry .... dan sal hulle presies weet hoe die wind waai, veral waar die N.G. Kerk vandag wil poseer as die ware Gereformeerde Kerk en van hulle besoekende predikante in Nederland die Gereformeerde Kerk beskryf as 'n sektariese afsplintering.)

Ons dink terug aan die jaar 1924 toe wyle prof. Du Plessis op geweldige onkundige wyse een aanval na die ander teen die Gereformeerdes geloods het. Met een streep het die N.G. Kerk probeer om die reg van die bestaan van die Geref. Kerk in Suid-Afrika deur te haal.

Nog varser in die geheue is die skrywe van ds. Wm. Nicol in **Die Kerkbode** van 25 November 1925, bl. 1572, oor die tussenkerklike kongres wat gehou is aangaande die plaaslike keuse: "Die uitnodiging aan die ander Kristelike Kerke is deur almal aangeneem", verklaar ds. Nicol, "en daar was een of meer verteenwoordigers van die Anglikaanse, Wesleyaanse, Presbiteriaanse, Baptiste en Kongregasionalistiese Kerke en van die Heilsleër, die S.A. Matigheids-Alliansie, die Goede Tempeliere en die Vroue Kristelike Matigheids-Unie".

Let wel: Alle Kerke wat uitgenooi is, was teenwoordig. Maar het u opgemerk dat die Geref. Kerk en die Ned. Herv. Kerk se name **nie** genoem is nie! En dit ten spyte daarvan

[1] Dr. Gerdener: a.w., bl. 683.

[2] Ds. Spoelstra: a.w., bl. 289.

dat die uitnodiging aan al die ander Christelike kerke gestuur is en **almal** dit aangeneem het.

Hiervolgens kon die Gerei Kerk vir ds. Nicol nie as 'n Christelike kerk beskou word nie. Nog meer, hierdie skrywe openbaar wie die geestesvriende van die N.G. Kerk was: Presbiteriane, Wesleyane, Baptiste, Heilsleër.

Tog het die Gereformeerde Kerk van hom laat hoor. "Een van die Gereformeerde leraars", so skryf ds. Nicol, " het 'n ernstige protes daarteen geskryf dat die kongres somaar direk met propaganda sal voortgaan, sonder om eers weer die hele kwessie te bespreek en te sien of die plaaslike keuse nie in stryd is met die Bybel nie."

En dan verklaar ds. Nicol: "Die antwoord hierop is dat ons nie altoos by die eerste beginsels kan bly staan nie!"

Volgens ds. Nicol, wat jare lank die moderator van die Ned. Herv. of Geref. Kerk gewees het, kan die Kerk nie altoos by die eerste beginsels, dit is die Woord van God, bly staan nie!

*****

Dit is genoeg om ons as Gereformeerdes aan te toon dat ons nog steeds moet voortgaan op die weg wat ons vadere met 'n geopende Bybel ons aangetoon het!

[71] DEEL II — PRINSIPIEEL

HOOFSTUK V: DIE HANDHAWING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

§1. Die eis van leersuiwerheid.

SOOS ons alreeds in die voorwoord vermeld het, is ons deesdae al te lief om te praat van die drie Hollandse " Susterkerke ", en daaraan lê die opsyskuiwing van alle grense ten grondslag.

Dit is voorwaar aanbevelenswaardig dat ons op verskillende terreine op Christelike wyse saamwerk. Hieraan wil ons nie in die minste enige afbreek doen nie!

Die algemene gedagte begin egter ontwikkel asof daar nie veel verskil tussen die drie Kerke is nie: miskien net die saak van die Gesange en verder nie veel nie! Hierdie opsyskuiwing van die grense is 'n dreigende gevaar wat gebore word uit 'n gebrekkige kennis van wie en wat elkeen van die Kerke is; en die enigste wat by hierdie wanbegrip kan verloor, is die Gereformeerde Kerk en die leersuiwerheid.

Die waarheid van die saak is dat daar tussen die Gereformeerde Kerk en die ander 'n geweldige kloof in leerstukke is en dat in werklikheid nog net die Gereformeerde Kerk die Belydenisskrifte handhaaf!

Hierdie stelling wil ek graag bewys.

In die ondertekeningsformulier moet proponente. in die Geref. Kerk hulle volkome bind aan die Belydenisskrifte as synde **in alles in ooreenstemming met Gods Woord.** Daarby kom die gewetensgebondenheid dat ons hierdie suiwere leer sal handhaaf; en indien ons in enige daarmee sou verskil en dit uit die Skrif sou kon bewys, moet ons besware langs kerklike wee behandel word.

Wat die predikante van die Ned. Herv. Kerk betref, is hulle in die akte van ondertekening **nie** gebonde aan die Belydenisskrifte waarvan aanvaar word dat dit **in alles** met die Woord van God ooreenkom nie. Hulle moet net instem **in soverre** dit met die Skrif ooreenstem. Op papier klink dit goed, maar Donker Curtius, predikant in die Nederlandse Hervormde Kerk en Skriba van die Sinode wat die formulier so verander het, verklaar dat met " in soverre " nie bedoel word in soverre die Belydenisskrifte in wese met Gods Woord ooreenstem nie maar in soverre die [72] Belydenisskrifte volgens die **insig van die predikant** met die Woord ooreenstem. Dit hou in dat gedeeltes van die Belydenis-skrifte wat 'n predikant nie wil aanvaar nie, deur hom verwerp kan word sonder dat daar kerklik teen hom opgetree kan word. Daarom kon ds. Dirk van der Hoff die uitverkiesingsleer verwerp en kon predikante in die Ndl. Herv. Kerk selfs sover gegaan het om die soenverdienste van Christus, die wedergeboorte en ander kardinale leerstukke. pertinent te verwerp en selfs die suggestie te maak dat Jesus selfs ook sondige gedagtes gehad het.

Vir sommige predikante van die Nederlandse Hervormde Kerk en hoogs waarskynlik ook vir predikante van die Nederduits Herv. Kerk van Afrika is die BYBEL NIE MEER DIE WOORD VAN GOD NIE. Hulle soek die Woord van God in die Bybel. En nadat hierdie mense nou eers uitgemaak het wat hulle as Woord van God wil beskou in die Bybel en wat nie, maak hulle verder vir hulle self uit wat in die Formuliere dan "ooreenkomstig" is met die gedeeltes van die Bybel wat hulle as Woord van God beskou, en die res van die Bybel en Belydenisskrifte word nie aanvaar nie!

Met die Ned. Geref. Kerk is dit ietwat anders gesteld.

Weliswaar aanvaar hulle die Belydenis as **in alles** ooreenstemmend met die Woord van God. Ons verwys na art. 1 van die "Wette en Bepalinge" van die Ned. Herv. of Gerei Kerke.

Dit klink suiwer—altans suiwer op papier.

Ten spyte van die vooroordeel in die verlede van alles wat Gereformeerd was, het daar in die boesem van hierdie Kerk 'n groot herontwaking gekom vir die skoonhede van die ou Gereformeerde waarhede. Hiervoor is ons diep en innig dankbaar.

Ons moet egter nie al te gou ons verheug in hierdie gebaar

nie, want dit word nie oral so welwillend bedoel nie.

So het ons verneem dat sekere predikante wat aan die Vrye Universiteit van Amsterdam gaan studeer, geposeer het asof die Ned. Geref. Kerke die historiese voortsetting van die ou Gereformeerde leer in Suid-Afrika handhaaf en dat die Gereformeerde Kerk in werklikheid 'n sektariese rigting is.

Dat die N.G. Kerke nie juis baie gesteld is op die suiwerheid van die Gereformeerde leer nie, blyk uit die feit dat twyfelagtige rigtings soos die A.E.B., die Jeug vir Christus-Beweging, aanvanklik in hulle geledere met toestemming voortgewoeker het en dat van die N.G. Kerke geen beswaar het om aan die Wêreldraad van Kerke te behoort nie.

Ek dink in hierdie verband ook aan die Wêreldbiddag vir Vroue waar die vroue van die N.G. Kerke vrylik met geestes-vreemdes omgaan. So is byvoorbeeld hierdie bidstonde [73] gesamentlik op Vrydag 17 Februarie 1956 die oggend in die St. Mary's Katedraal gehou en daarna voortgesit in die Metodistesaal in Johannesburg, Ook is verneem dat daar bidstondes saam met Roomse en Jodinne gehou is.

Ek dink ook aan 'n "gesamentlike" diens tydens Benoni se Jubileum waar van die kant van die Ned. Herv. of Geref. Kerk deelgeneem is aan die diens saam met Rooms-Katolieke, Jode, Apostoliese en Presbiteriane. Saam het hulle "diens" gehou.

Maar een van die ruiterlikste erkennings is van die hand van prof. Dr. E. P. Groenewald. In **Die Kerkbode** van 25 Maart 1953 verklaar hy op bl. 377 dat gelowiges wat geen geestelike tuiste gehad het nie, steeds welkom was in die boesem van die Ned. Geref. Kerk.

Leersuiwerheid tel dus nie!

*****

Een van die beste bewyse om egter te kan aantoon dat sowel die Ned. Herv. Kerk as die Ned. Geref. Kerke die weë van die ou Gereformeerde leer, wat hul tog so naarstiglik soek, nog verder byster geraak het, blyk uit die opleiding van hulle teologiese studente. Hiermee verwys ons na die dosering van die leerstellinge van die Switserse teoloog, Karl Barth, deur hierdie Kerke.

Sonder om die leer van Karl Barth as sodanig te behandel, wil ek net in enkele trekke aantoon hoe hierdie leerstellinge indruis teen die Skrif en die Belydenis, en daarmee kan u self oordeel oor die regsinnigheid van hierdie opleiding.

"Vooraf kan miskien vermeld word dat Barth hoog geroem word in sekere kringe en dat hy selfs hoër geag word as Luther en Calvyn. Aan die ander kant weer word hy deur die meer ortodokse kringe beskou as 'n afbreker van die ou Protestantse waarhede, en prof. dr. C. van Til huiwer selfs nie om Barth in relasie te bring met die antichris en sy teologie met die Satan nie.

Ons kan opsommend 'n paar trekke van Barth se leer weergee, terwyl ons steeds in gedagte moet hou dat ons " Suster-kerke " hierdie leerstellings in groter of kleiner mate doseer.

a. Karl Barth: en die Bybel.

As egte Gereformeerdes glo ons dat " hierdie Woord van God nie gestuur is of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek" (Geloofsbelydenis, art 3).

[74] Ons glo verder en die Heilige Gees getuig in. ons harte dat die Bybel die Woord van God is. Ons glo ook aan die volkomenheid van die Heilige Skrif om alleen die reël van die

geloof te wees (Artikels 5 en 7).

Inderdaad glo ons dat die Bybel die Woord van God **is** (2 Tim. 2:16).

Teenoor hierdie standpunt, waarvan die Heilige Gees ons in ons harte verseker, dat die Bybel die Woord van God is en dat die hele Bybel deur God ingegee is, stel Barth dat die Bybel **nie** die Woord van God is nie.

Hy begin om hierdie twee standpunte teen mekaar op te weeg, en dan konkludeer hy: Die Bybel is die Woord van God in soverre God dit sy Woord laat word en in soverre God deur die Bybel spreek.

Hy wil egter nie hê dat ons die Bybel die Woord van God moet noem nie.

Volgens Barth is die Bybel "'n menslike boek en geen orgaan van God se direkte mededelinge nie". As hy spreek dat die Bybel die Woord van God is in soverre God dit sy Woord laat word bedoel hy dat die Bybel slegs Gods Woord word op daardie oomblik dat God ingryp, en die Bybel **word** Gods Woord elke keer deur 'n nuwe daad van God. Die Bybel **is** dit nie.

Hiervolgens is die Bybel 'n gewone menslike boek. Wanneer God nou iets aan die mens wil meedeel, maak Hy wel gebruik van die Bybel. In soverre is die Bybel nou die Woord van God. Maar dat God deurgaans in die Bybel spreek of dat alles in die Bybel as Woord en Openbaring van God beskou moet word, is volgens Barth nie waar nie.

Hy wil nie hê dat ons die Bybel as die Openbaring van God mag beskou nie. Wel het God in die verlede die Bybel tot Woord van God gemaak toe Hy deur middel van hierdie menslike geskrif iets aan iemand te sê gehad het, en sê Barth, ons kan maar net hoop dat Hy dit weer in die toekoms wil doen.

In stryd met ons Geloofbelydenis, art. 3, verkondig hy dat die Kerk ter wille van 'n valse sekerheid 'n wêreldse gedagte oor die Bybel gekoester het, naamlik dat die Bybel geïnspireer sou wees deur die Heilige Gees!

Nog meer, die Bybel self is vir hom nie die openbaring van God nie, maar die Bybel is enkel en alleen 'n suiwere menslike woord van die openbaring.

In stryd met Op. 22:18 is die Bybel vir hom ook nog nie 'n afgeslote geheel nie. Hoewel die Kerk dit prakties as sodanig moet beskou, bestaan die moontlikheid nog altyd dat dit aangevul sal word.

Waar ons uitgangspunt die oortuigende geloof is dat die Bybel die wil van God en die besondere openbaring van God [75] volkome bevat (art. 7), en die wete dat die Bybel wel die Woord van God is, die geloofsversekerheid in die werking van die Heilige Gees aan ons verleen, word dit deur Barth verwerp. Vandaar dat sy teologie 'n suiwer menslike karakter dra.

Die Bybel is volgens hom 'n suiwer menslike boek, vol foute. Hy beskou sekere gedeeltes van die Bybel as legendes, d.w.s. gewone volksverhale met die moontlikheid van 'n historiese agtergrond, hoewel nie noodwendig nie.

En so is die vraag of Abraham van die Skrifte werklik 'n historiese persoon was en of die mens Jesus werklik geleef het, vir hom 'n onverskillige saak. Wil iemand dit bestry, sê Barth, kan hy dit ook maar doen.

Hierdie leer van Barth bots nie alleen met ons Geloofsbelydenis nie maar loën ook die waaragtigheid van die Heilige Skrif. Ons dink byvoorbeeld aan Joh. 17:17: " Heilig hulle in u waarheid, u **woord is waarheid"**; "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3); "En ons het die profetiese woord wat baie vas is" (2 Petr. 1:19); "Die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Tim. 3:16).

Besef u nou waarom u Gereformeerd is?

Glo u nou om te beweer " 'n kerk is maar 'n kerk " 'n onskriftuurlike bewering kan wees?

b. Die skepping.

Die verhaal van die skepping soos die Skrif' dit kortliks aan ons weergee, is vir Barth nie 'n historiese werklikheid nie. Dit kan, volgens hom, slegs in die vorm van 'n suiwere sage tot ons kom.

DUS: Moses lieg as hy spreek hoe die skepping geskied het, en die woorde van Genesis hoofstuk 1 en 2 is volgens Barth maar net 'n volksteorie. Ons hoef dit nie te glo nie.'

So is daar ander dinge wat vir hom geen historiese betekenis het nie, byvoorbeeld of die verbondshoof, Abraham, werklik geleef het of nie. Presies dieselfde geld vir die historisiteit van Jesus.

Genoeg vir u wat die Woord van God as waarheid nou, om te weet waarom u Gereformeerd is!

c. Die Sondeval.

Gen. 1:31 gee aan Barth nie 'n beskrywing van die wêreld voor die val nie maar van 'n wêreld in sondeloosheid. Dit beskryf die hedendaagse wêreld, **want volgens Barth is daar geen plek vir die historiese sondeval nie!**

Wanneer Barth en sy dissipels spreek van "sondeval" bedoel hulle nie dit wat die Bybel leer nie, maar "sondeval" is [76] vir hulle 'n bo-historiese gebeurtenis, iets wat eintlik 'n gebeure is in die wese van God.

"Ons is," so skryf prof. dr. Van Niftrik, professor in die Nederlandse Herv. Kerk, "uit ons oorsprong in God uitgeval"[1]. Voeg nou hierby hulle leer wat inhou dat om skepsel te wees beteken om sondaar te wees, dan word die oorsprong van die sonde nie meer aan Satan nie maar aan God self toegeskryf!

Duidelik genoeg dat Barth en sy volgelinge die historiese sondeval soos die Bybel dit aan ons beskrywe, loën.

So gaan hulle in hierdie leerstuk ook in teen die Skrif en die Belydenis. In hierdie verband noem ons net Rom. 5:12: "Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld gekom het ....", met verdere verwysing na verse 15, 17, 18 en 19a.

Vergelyk verder Heidelbergse Kategismus vraag 7; "Waar kom die verdorwe aard van die mens dan vandaan?"

"Antwoord: Uit die val en ongehoorsaamheid van. ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die Paradys, waar ons natuur so verderwe is, dat ons almal in sonde ontvang en gebore word."

Ons as Gereformeerdes glo in die werklikheid van die sondeval, omdat ons nie die Satan as 'n bondgenoot het nie, en daarom het ons die vurige behoefte aan Gods genade in Jesus Christus.

d. Die Goddelike Drie-eenheid.

In die Geloofsbelydenis van Nicea sowel as die van Athanasius bely ons die Goddelike Drie-eenheid, die "Vader, Seun en Heilige Gees, as één in "Wese, maar drie in Persone. So bely ons ook in art. 8 van ons Geloofsbelydenis "dat God enig is in Wese en tog onderskeie is in drie Persone", en in art. 9 word die Skrifbewyse hiervoor aangegee.

In hierdie verband spreek die Heid. Kat. vr. 25 ook; "Aangesien daar maar 'n enige Goddelike wese is, waarom noem jy die Vader, die Seun en die Heilige Gees?" en die antwoord: "Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat die drie onderskeie Persone die enige, waaragtige en ewige God is."

Hierdie leerstuk van die Goddelike Drie-eenheid, wat die Skrif aan ons openbaar, word

[1] Dr. C. Smuts: **Het Barthianisme**, bl. 25.

deur Barth verwerp. Tog spreek hy wel van 'n Drie-eenheid, maar hy teken openlik beswaar aan teen die Heidelbergse Kategismus, wat leer dat God een is in Wese en drie Persone. Hy verwerp die drie Persone en beskou die Vader en die Seun en die Heilige Gees feitlik net as drie openbaringsvorme. Dit hou in dat die Seun sowel as die Heilige Gees nie waaragtige Persone is nie.

[77] Hierdie leer van hom bots met die Heilige Skrif, want volgens die Skrif is beide die Seun en die Heilige Gees persoonlike wesens.

Die leer van Karl Barth grens dus aan die dwaling van Pelagius, wat gedurende die derde eeu die kerk in groot beroering gebring het. Sy leer is ook strydig met die Ned. Geloofs-belydenis, art. 9.

Omdat **ons** troos daarenteen geleë is in die waaragtige menswording van die Seun van God in eie Persoon en in 'n persoonlike vertroosting en werking van die Heilige Gees in ons harte, kan ons nie anders as om aan die Skrif vas te hou, en as Gereformeerdes die dwaalleringe van Barth te verwerp nie.

e. Die Persoon en werk van Jesus Christus.

Ons glo dat Jesus Christus in hierdie wêreld gekom het om die toorn van God vir ons te dra en om die sondekloof tussen God en ons te oorbrug. Joh. 3: 36 en die Heid. Kat., vr. 31 leer dit aan ons.

Barth leer dat God absoluut vry is en deur geen bande gebind kan word nie. Hiermee stem ons saam. Maar nou leer hy verder dat God nie vooraf vir Hom 'n besluit kan neem nie, want dit beteken dat Hy dan slaaf van sy eie besluit sal wees! Dit is voorwaar 'n sondige redenasie oor die Almagtige! Hiermee verwerp hy die Raadsplan van God en sodoende ook die openbaring van die Bybel (Ps. 33: 11, Spr. 19: 21, Hebr. 6: 17).

Hy verkondig verder dat God synde die absolute Vrye ook vry is om Self skepsel te word en om die skepsel tot 'n eenheid met Hom op te hef! Hiermee word die Goddelike natuur as ewig onderskeie van die menslike deur hom verbygesien.

Hy gaan voort dat God vry is om die lewe van hierdie wêreld in sy volle heerlikheid tot sy eie gewaad te maak, maar God is ewe vry om die dood, wat die einde is van alle lewe hier op aarde, self te sterf in uiterste verlatenheid en duisterheid .... dit het Hy dan ook gedoen, en juis so ontmoet Hy ons in Jesus Christus. Hy stel dat God Homself as Kind in die stal te Bethlehem gebore laat word het, alles uit vrye wil, en dat dit God Self is wat op Golgota gesterf het.

Jesus Christus is dus maar net 'n openbaringsvorm van God en nie die Persoon van die Seun van God nie.

Die sterwe van hierdie Jesus Christus is vir Barth nie 'n noodsaaklikheid vanweë ons skuld en ons sondes, om daardeur die verlossing te bewerkstellig nie (vergelyk Heid. Kat. vr. 37), maar, sê hy, uit vrye wil het God Homself oorgegee aan die dood.

Hierdie leerstelling dat God vry is om die dood self te sterf, is lynreg in stryd met die geloofsbelydenis van Athanasius en Sondag 6 van die Heid. Kategismus, waar dit daarom gaan dat [78] die doel van die dood van Jesus Christus was om die las van die ewige toorn van God te dra. En buitendien is die loon van die sonde die dood (Gen. 2:17, Rom. 5:12). As God dus self uit vrye wil gesterf het, hou dit in dat God Homself onder die mag van die sonde gestel het! Dan is Satan daarin bó God verhef! Barth leer verder dat Jesus Christus (soos hy Hom sien) wel 'n kloof oorbrug het dog nié die sondekloof tussen God en ons nie, maar dit is by hom enkel en alleen die kloof tussen tyd en ewigheid.

Die werk van Christus op aarde, so leer hy, sowel as al die heilsdade van God op aarde is nie histories te verstaan nie. Hierdie opeenvolging van menslike en tydelike gebeurtenisse wat die Skrif beskryf, is maar net uitbloeisels van die oergeskiedenis en is dus histories onhistories, Hieronder noem hy die optrede van Abraham, Moses, die profete en selfs van Jesus!

Sonder om al hierdie dinge nader te weerlê, begryp u waarom ons as Gereformeerde Kerk nie die dwaalleerlinge van Barth kan verkondig nie, want daardeur sal ons nie alleen die Belydenis geweld aandoen nie, nee, nog meer: hierin word die waarheid van die Heilige Skrif verkrag en die werklikheid van ons verlossing in Jesus Christus as ons Middelaar geloën.

Deur sy bewering dat God Self op Golgota gesterf het, verwerp hy die twee nature leer van Christus, nl. dat Hy waaragtiglik God en waaragtiglik mens was (Heid. Kat. vrae 29-31). In hierdie Christus-leer van Barth is daar geen plek vir die Skriftuurlike mededeling dat Hy ons Voorspraak is by die Vader en dat Hy gedurig nog vir ons intree by die Vader nie (1 Joh. 2:1, Rom. 8:34), want Barth leer dat die mens wat tot Jesus Christus bid, in werklikheid maar tot 'n "onaanschouwelijk midden"[1] bid. Die Skrif daarteenoor leer ons dat wie nie direk tot God bid nie, afgodery pleeg. En nou kan die mens volgens Barth in Jesus Christus slegs glo as 'n "onaanschouwelijk midden". Die Jesus wat Barth aanbid, bestaan in werklikheid amper nie. Om Hom te aanbid moet dan afgodery wees!

As lid van die Gereformeerde Kerk luister ons dus liewer na die Woord van God (wat vir Barth nie die Woord van God is nie) as na die woord van Barth (wat hy poneer as woorde van die ewige waarheid), en ons glo in God sowel as in die Seun van die lewende God en in 'n persoonlike Heilige Gees! (Joh. 14:1; 16:23; 16:13).

f. Die Uitverkiesingsleer.

Die leer van die uitverkiesing word vervat in die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 1, en in artikel 16 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis.

[79] Ons glo dat nadat die ganse geslag deur die sonde van Adam besoedel is, God in sy barmhartigheid van ewigheid af vir Hom 'n vasgestelde aantal mense verkies het om sy Naam vir ewig te loof en te dank. En as die regverdige God wil Hy al die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.

Hierdie belydenis van die verkiesing van God was deur al die eeue heen die kloppende hart van die kerk en juis hierin kon altyd aanskou word of iemand die Bybelse woord geheel aanvaar het al dan nie.

Die leer van Barth insake die uitverkiesing kan kortliks soos volg saamgevat word:

(1) Daar is geen individuele uitverkiesing nie.

Ten spyte daarvan dat die Skrif meld: "Jakob het Ek liefgehad, maar Esau het Ek gehaat", verwerp Barth nogtans alle individuele verkiesing van persone. Hy beskou hierdie leer van die individuele uitverkiesing as 'n demoniese leer.

Ook verwerp hy die leer van die ewige verwerping. Van 'n vasgestelde aantal verlostes wil hy nie weet nie. Hy sê dat indien God van ewigheid af mense by name moes uitkies, Hy vir al die eeue heen aan sy eie besluit gebonde sou wees, en dit kan nie. Daarom is God vry om van dag tot dag mense uit te kies.

'n Vasgestelde aantal persone, by name geken, wat verlos sal word, is vir Barth 'n duiwelse leer. Hy glo 'in 'n oop getal waarvan die hoeveelheid van dag tot dag opnuut bepaal word.

Die roeping van die Kerk is dus, volgens hom, om aan elke mens te verkondig: U is uitverkies in Christus! En eers as jy nie wil glo nie, word jy verwerp. Hiermee leer hy dat die verkiesing van God deur die wil van 'n mens verwerp kan word en dat God in die bepalinge van die getalle wat verlos sal word, van dag tot dag moet afwag wat die mense besluit of hulle wil glo of nie.

Die sekerheid van die verlossing is dus volgens Barth iets wat in die mens self setel, en nie iets wat ons toevloei uit God nie!

(2) Barth glo wel in 'n uitverkiesingsleer, maar al wat uitverkies is, is die **mens** as mens

[1] Ibid., bl. 38.

sonder dat enigiemand by name genoem word, Daar is geen verkiesing van die gelowiges nie maar net 'n verkiesing van die **mens.** Hy stel dat Jesus Christus na sy menslike natuur die beeld van God is en dat hierdie menslike nie alleen by Christene [80] voorkom nie, maar ook by nie-Christene. Daarom mag die kerk aan elkeen verkondig dat hy of sy uitverkies is!

Hierdie verkiesing is slegs die verkiesing van Gods genade.

(3) Soos reeds gesê is, wil Barth niks weet van 'n uitverkiesing volgens die Raadsplan van God nie.

God wat uitverkies, sê Barth, is Jesus Christus, Daarby is Jesus self ook die uitverkore mens. Dit bly dus maar in 'n sirkel-redenasie. Hierdie leer dat Christus alleen die grond, voorwerp en onderwerp van die uitverkiesing is, verwerp die leer van die Goddelike Drie-eenheid volkome.

Luister hoe ketter hy: Terwyl God vir die mens die verkiesing verkies het, het Hy vir Homself, en vir Christus, die verwerping en die verdoemenis uitgekies. GOD IS SELF IN CHRISTUS WAT DIE VERWORPENE VIR ONS GEWORD HET AAN DIE KRUIS[1]. Dit is dus nie die mens wat verwerp word nie, nee, die mens word uitverkies, maar God verwerp HOMSELF, 'n Suiwere vermensliking van God en vergoddeliking van die mens dus!

Hierdie leer dat elke mens uitverkies is, bots met die leer soos vervat in die Heid. Kat., vraag 20, en die Skrifwoord: Baie is geroep, maar min uitverkies (Matth. 20:16).

Hierdie uitverkiesingsleer van Barth kan aan ons geen vastigheid van geloof skenk nie en bied ook geen diepe vertroosting nie, veral waar hy saam met die Remonstrante van oordeel is dat selfs 'n "uitverkorene" weer verlore kan gaan.

Daarteenoor verleen die ware uitverkiesingsleer ons die diepe vertroosting en vastigheid dat ten spyte van al ons sonde en van die aanvalle van Satan, die Satan ons uit die Hand van God nie kan ruk nie!

Daarom wil ons as Gereformeerdes die Skriftuurlike leer van Gods verkiesing, wat ons tot troos en versterking is in hierdie sware stryd, nie ruil vir die leer van menslike streling wat Karl Barth en sy volgelinge verkondig nie.

Nie Karl Barth nie maar die Heilige Skrif leer die waarheid.

Vergelyk vir die volledige uiteensetting van die uitverkiesingsleer die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 1; verder (i) vir persoonlike uitverkiesing: 1 Kron. 28:5, 6, Jer. 1:5, Markus 10:40, Hand. 22:14; (ii) die uitverkiesing as volgens die voorneme van God: Rom. 8:28, 9:11, Ef. 1:11, 2 Tim. 1:9; (iii) van voor die grondlegging van die wêreld: Ef. 1:4, 3:11, 2 Thess. 2:13, 2 Tim. 1:9; (iv) uit genade: Rom. 11:5, Gal. 1:15; (v) die sekerheid: 1 Thess. 1:4.

[81] **g. Die koms van Christus.**

U Christelike wete dat u siel na hierdie lewe nog voortleef is vir Barth 'n heidense gedagte. Die werklike Christelike hoop is vir hom die lewensvoltooiing, en dit geskied tussen wieg en graf. Die opstanding van die vlees beskou hy as 'n proses wat hier op aarde afloop.

Hier is hy in stryd met die Heid. Kat., vraag 57, waarin ons die versekering gegee word dat nie alleen ons siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem word nie, maar dat hierdie selfde vlees van my weer met my siel sal verenig en gelykvormigheid sal wees aan die heerlike liggaam van Christus (vergelyk ook Luk. 16: 22, 23; 23: 43 en Fil. 1: 21, 23).

As Gereformeerdes wil ons liewer saam met Paulus lewe in die geloof, dat ons lewe vir ons Christus is en ons sterwe wins, as dissipel te wees van Karl Barth!

h. Die kinderdoop.

[1] Ds. H. J. Spier: **Karl Barth**, bls. 54, 55.

Volgens Barth is die kinderdoop 'n Joodse oorblyfsel in die Nieu-Testamentiese Kerk. Hy beskou die kinderdoop as 'n teregstelling sonder 'n slagoffer. Hy wys dit af. Die woorde van Hand. 2:39, waar Petrus getuig dat die belofte van Gods genade "vir julle en vir julle kinders" is, slaan vir hom in die wydheid in en het nie betrekking op die gelowiges as sodanig nie. Die Verbondsgedagte van God ken Karl Barth nie. In hierdie verband is hy suiwer sektaries.

Ook kan hy moeilik enige verband ontdek tussen Gods werk in die verlossing van sondare deur Jesus Christus en Sy werk in die skepping van alle dinge.

Barth mag die kinderdoop as oorblyfsel van die Joodse gebruike sien, maar vir ons is dit die voortsetting van Gods Genadeverbond, en as Gereformeerdes wil ons liewers bondelinge wees van ons Verbondsgod as valse leerlinge onder Barth.

i. Christelike aksie en politiek.

Omdat Barth die leer van die algemene genade nie huldig nie (Ned. Geloofsbelydenis, art. 2) is daar by hom geen verband tussen 'n Christelike aksie en politiek nie. Daar kan volgens hom geen Christelike organisasies, Christelike skole of iets dergeliks bestaan nie.

Hoewel hy skerp teen nasionaal-sosialisme is, handhaaf hy 'n hoogs versigtige en welwillende houding teenoor die Russiese Kommunisme. So het Barth die Hongaarse Gereformeerde Kerk aangeraai om hul te skik onder die Kommunisme en selfs daarmee saam te doen.

Hy weier ook om posisie te kies tussen Oos en Wes.

[82] **Konklusies.**

Uit bogenoemde kan ons duidelik sien dat die Barthianisme feitlik alle bestaande waarhede van ons Christelike geloof probeer ondergrawe. Hy begin by die Bybel self en sluit die hele inhoud daarvan in. Die skepping, die sondeval, die verbond met Abraham word alles deur hom verdraaid voorgestel. Hy sien Christus wel staan in Genesis 1 en *2,* maar Christus as die tweede Adam ken hy nie.

Barth is deur alles heen 'n felle aanvaller op ons algemene en onbetwyfelbare Christelike geloof, waarvan ons elke Sondag belydenis doen in die Kerk.

Barth met die invloed van sy betowerende en bekorende teorieë is geweldig in die ganse wêreld .... ook in Suid-Afrika, sodat hy in **Die Kerkbode**, die amptelike orgaan van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika, besing word as "vadertjie Barth ...." Daarom word sy teologiese opvattinge gedoseer in die kring van die Ned. Geref. Kerke en die Ned. Herv. Kerk en gaan vele predikante onder hom studeer!

En juis daarom is u Gereformeerd! Want nie die leer van Karl Barth nie maar wel die leer van die Heilige Skrif as die geïnspireerde Woord van God en soos dit vervat is in ons Gereformeerde Belydenisskrifte, is die leer wat ons as Gereformeerdes verkondig .... die ou Calvinistiese waarhede!

En daarom is u Gereformeerd, omdat u Belydenisskrifte 'n geloofswerklikheid is. **Nog meer: omdat die Gereformeerde Kerk nie deur elke dwaling en stroming meegesleur word nie**!

Deurdat ons "Susterkerke" die leer van Barth verkondig, het hulle daarmee self bewys dat hulle die Drie Formuliere van Eenheid nie meer handhaaf nie!

Weliswaar aanvaar hulle Barth miskien nie volkome nie, maar die feit dat hulle met hom gemeenskap hou, is genoeg om te weet dat wat die suiwerheid in eie boesem betref, dit op wankelende skrede gaan. So het 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk aan my gesê dat hy Barth aanvaar soos 'n mens vis eet: die vis eet jy en die grate laat jy na!

Dit klink mooi, maar as daardie vis nou geheel en al vergiftig is, wat dan?

Die leer van Barth wen steeds meer en meer veld in die geledere van die N.G. Kerke. In

die kwartaalblad van die Matigheidsbond handel dr. J. A. Lombard, predikant in die N.G. Kerk, oor dogmatiese studiekringe. Hy skryf: "Die konkrete vraag, waarmee om hier te **begin,** bly egter nog daar, Gelukkig is hier [83] 'n klein geskrif, wat ons reeds veel hulp en vreugde verskaf het, genaamd 'Dogmatik im Grundriss' van Karl Barth". En hy sluit hierdie gedeelte oor Skrifstudie af met die uitroep: "Dankie Vadertjie Barth vir jou hulp..."[1].

Hierdie aanhaling spreek 'n baie duidelike taal .... 'n taal wat ons as Gereformeerdes roep om kragdadiglik die lieflike waarhede van die Woord van God, soos dit vervat is in die Belydenisskrifte, te verdedig!

Dit kan alleen geskied as ons dit weer dubbel erns maak met die kerklike leersuiwerheid, en dan sal ons nie meer sê: "'n kerk is 'n kerk" nie!

En as almal dit weer erns maak met die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 28, naamlik, dat elkeen verplig is om hom by die ware kerk te voeg, dan sal elkeen wat eerlik teenoor homself wil wees, nie anders kan as om hom by die Gereformeerde Kerk te voeg nie!

Om 'n ander voorbeeld aan te stip. Uit die hand van dr. W.J.B. Serfontein het 'n proefskrif verskyn. Die titel van die proefskrif lui: **Die psalms as kerklied.** Hierdie hele boek asem die gees van Karl Barth. Prof. S. du Toit bespreek hierdie werk in **Die Kerkblad** van 12 Junie 1957, en hy wys op die gees wat daaruit straal wat geheel vreemd is aan die leerstellinge van die Drie Formuliere van Eenheid. Dan verklaar prof. Du Toit: "Sonder enige farisese selfgenoegsaamheid kan ons die feit konstateer dat as een van die proponente van die Geref. Kerk hierdie proefskrif geskryf het, hy sonder enige twyfel nie tot die bediening van die Woord en Sakramente toegelaat sou gewees het nie".

§2. Die N.G. Kerke en die Ned. Herv. Kerk in die handhawing van die Belydenisskrifte.

Hierdie gedeelte, wat grootliks tuishoort onder die historiese gedeelte, voeg ons doelbewus by die prinsipiële gedeelte in om sodoende die verband aan te dui tussen die verlede en die hede.

Hoewel al drie die Hollandse Susterkerke die Drie Formuliere van Eenheid as hulle besondere Belydenisskrifte erken en aanvaar (dit is immers hierdie rede waarom hierdie drie Kerke in die volksmond bekend staan as "Susterkerke"), is dit in werklikheid net die Geref. Kerk se predikante wat die waarheid van hierdie Belydenisskrifte in geheel handhaaf.

[84] Die Ned. Herv. Kerk en die Belydenis.

Wat betref die Ned; Herv. Kerk, verwys ons na die dwaalleringe wat in die boesem van die Nederlands Hervormde Kerk toegelaat is (hoofstuk I). Predikante van die Nederlands Hervormde Kerk is toegelaat om selfs ketterse gedagtes en vrysinnige denkbeelde van die kansels af te verkondig. So was daar predikante wat die Godheid van Christus, Sy een-wees met die Vader en die Heilige Gees, die onmag van die sondaars voor God, die soenverdienste van Christus en ander belangrike leerstukke **openlik geloën het!**

Ons verwys ook na die ondertekeningsformulier vir aanstaande predikante in die Ned. Herv. Kerk, waarin dit vir hulle nie meer nodig is om hierdie Belydenisskrifte te aanvaar as synde in alles ooreenkomstig met die Woord van God nie, en verder word hulle ook nie aan die suiwerheid van hierdie leer verbind in hulle ondertekeningsformulier nie. Ook hierdie aspek het ons al reeds bespreek.

Ons let ook op die uitsprake van prof. Kraemer in hoofstuk I Nou kan gesê word: Dit is die Kerk in Holland! Dit het dalk niks met die Herv. Kerk in Suid-Afrika te doen nie!

Tog is dit dieselfde Kerk. Hulle staan nie alleen in die intiemste kontak met mekaar nie, maar die een kom voort uit die ander een. Ds. Dirk van der Hoff, die stigter van die

[1] Kwartaalblad van die Matigheidsbond, Des, 1956, bl. 14.

huidige Ned. Herv. Kerk in Suid-Afrika, was student en ondersteuner van hierdie afwykende teologiese beskouinge in Nederland. In hierdie verband roep ons net in herinnering die standpunt van ds. Van der Hoff teenoor die Drie Formuliere van Eenheid.

In 1865 is daar poginge aangewend om die N.G. Kerk van Utrecht en die Ned. Herv. Kerk van die Z.A.R. te verenig. Ds. F. Lion-Cachet was die deputaat van die N.G. Kerk op hierdie vergadering.

In die besprekinge het ds. Cachet (hy is te onderskei van prof. J. Lion-Cachet, wat 'n Gereformeerde was!) dit gehad **oor die kerknaam.**

Die naam "Hervormd" is egter deur die vergadering gehandhaaf, waarby ds. Cachet van mening was dat die naam "Hervormd" verdag klink. "Met recht zou kunnen worden verdacht, dat zij den liberalen naam (Hervormd) der Kerk van Holland, ook de liberale leerstellingen die daar straffeloos worden verkondigd, toelaat dat die hier verkondigd worden"[1].

Hierop het di. Smits en Begeman die Hervormde Kerk van Nederland verdedig! Daarmee is die dwaalleringe van hierdie Kerk geregverdig!

[85] Die tweede aspek wat ds. Cachet aangeraak het, was die leer van die Hervormde Kerk. Hy het daarop gewys dat in die "Reglementen voor de Ned. Herv. Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek" nie 'n enkele woord gespreek word wat hierdie Kerk se Belydenis is nie, en ook kan uit die Reglemente nie afgelei word wat dit wel is nie.

Ds. Cachet pleit daarvoor dat die Kerk moet verklaar dat die Drie Formuliere van Eenheid die belydenis van die Kerk is, wat hulle erken as ooreenkomstig met die Woord van God, terwyl tewens alle predikante hulle sal bind om hierdie leer, soos vervat in die Drie Formuliere, te verkondig.

Op hierdie voorstel van ds. Cachet het ds. Van der Hoff geantwoord dat die Herv. Kerk in Holland geleer het dat hierdie ou formuliere te streng is, en daarom is die ondertekeningsformulier in Holland so verander dat die predikante in staat sou wees om hulle slegs te hou aan die Evangelie.

Ds: Van der Hoff het verder verklaar dat hierdie ondertekeningsformulier, soos voorgestel deur ds. Cachet, die handhawing van die Dordtse Leerreëls inhou en dat hy (Van der Hoff) van mening is dat geen ouderling of diaken iets daarvan weet nie. Hy vra daarop aan die vergadering "of zij konden gelooven, dat de liefderijke God sommige menschen geschapen had om hen zalig te maken en anderen te verdoemen"[2].

Hierop vra hy die ouderlinge van die Herv. Kerk hoof vir hoof af of hulle dit glo. Met uitsondering van twee het al die ander ouderlinge verklaar **dat hulle dit nie glo nie.** Ds. Van der Hoff verklaar hierop dat hy nimmer so *'n* ondertekeningsformulier soos wat ds. Cachet voorgestel het, sal onderteken nie maar hom sal hou by die gedagte van die Hollandse Ondertekeningsformulier.

Ds. Smits verklaar daarop dat hy met ds. Van der Hoff saamstem. Boonop waarsku hy die vergadering om nie deur die voorstel van ds. Cachet **mislei** te word nie. Ook verklaar hy dat hy nooit met ds. Cachet se formulier sal saamstem nie. Ook ds. Begeman, die ander predikant van die Herv. Kerk, het met ds. Van der Hoff saamgestem[3].

Ds. Cachet se voorstel is daarop verwerp!

Hiermee het die Ned. Herv. Kerk openlik besluit om die Drie Formuliere van Eenheid nie te aanvaar en te handhaaf nie, en hierdie besluit is tot vandag toe nog nie deur die Ned, Herv. Kerk van Afrika herroep nie!

[86] Ds. Smits het openlik die handhawing van die Drie Formuliere 'n **misleiding** genoem,

[1] Dr. Gerdener: a.w.. bl. 325.

[2] Ds. C. Spoelstra: a.w., bl. 287.

[3] Ibid., bl. 289.

en ds. Van der Hoff het hom aan die Nederlandse kerkdwalinge gebonde gevoel! Roep nou weer in gedagte wat die Nederlandse Hervormde Kerk alles geleer het, en u weet presies wie en wat ds. Van der Hoff was en dan ook as die amptelike mondstuk van die Hervormde Kerk in Suid-Afrika!

In antwoord op die verwerping van sy voorstel het ds. Cachet die volgende persoonlike vrae aan ds. Van der Hoff gestel: Of ds. Van der Hoff glo aan die Goddelike inspirasie van die Heilige Skrif; of hy glo dat die Bybel die Woord van God is; of hy glo in die Godheid van Christus; of hy glo aan die Bybelse

leer van die wedergeboorte, die versoening, die uitverkiesing, ens.

Ds. Van der Hoff **swyg!**

Hy **weier** 'n antwoord op hierdie vrae!

Met verwysing na sy eie uitspraak dat hy hom hou by die Nederlandse gedagte van die ondertekeningsformulier, en uit sy weiering om op hierdie vrae te antwoord (want wie waarlik glo, sal nie huiwer om op hierdie vrae bevestigend te antwoord nie') kan tot die gevolgtrekking geraak word dat ds. Van der Hoff en sy Kerk hierdie leerstukke, t.w. die Drie Formuliere, **nie** aanvaar nie!

Op grond van hierdie verloop van sake het ds. Cachet verklaar dat hy nie verder sal trag om die twee Kerke nader aan mekaar te bring nie, maar dat hy "als zijnde de enige Leraar der Nederduitsche Gereformeerde Kerk in de Z. Afr. Republiek, hij de geheele Republiek in deszelfs lengte en breedte, als zijne gemeente beschouwen moest (uitgenomen daar waar de zuivere Gereformeerde Kerk bestond en arbeidde, onder de geestelijk opzicht van Postma) ...."[1].

In sy verslag aan die Staatspresident (van Utrecht) berig ds. Cachet dat die vereniging tussen die N.G. Kerk van Utrecht en die Ned. Herv. Kerk in die Z.A.R. misluk het omdat **"de predikanten der Herv. Kerk alhier geweigerd hebben om de Formulieren van Eenigheid der Gereformeerde Kerk, nl. Geloofsbelijdenis, Heidelbergsche Catechismus en Dordtse Leerregels te onderteekenen als in alles met Gods Woord overeenkomstig en zich door dezelve in de leer te laten binden"**[2].

Uit sy samesprekings met die leiers van die Hervormde Kerk kom hy tot die volgende gevolgtrekkinge:

a. "Dat zij niet is de oude zuivere Gereformeerde Kerk van dit land." [87]

b. "Dat zij niet voldoen aan den geest van den eisch van art. 20-22 der Grondwet." (Die Zuid-Afrikaanse Republiek se Grondwet het bepaal dat 'n Kerk moet voldoen aan die leer en vereistes soos daargestel deur die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, aleer dit as Kerk in die Republiek toegelaat sou kon word. Op grond hiervan is die Gereformeerde Kerk se bestaan toegelaat juis omdat die Gereformeerde Kerk hierdie eis ten volle kon deurstaan.)

c. "Dat de aldus genoemde Herv. Kerk in dit land zooals zij nu bestaat gevaarlik is voor de rust, welvaart en vrede van de Republiek, ja de welvaart van de Republiek in gevaar brengt"[3].

Insake die Hervormde Kerk is ds. Cachet van mening:

a. dat die Ned. Herv. Kerk in leer en tug nie meer ooreenkom met die bepalinge van die Dordtse Sinode nie;

b. dat die Ned. Herv. Kerk op hierdie vergadering in Pretoria duidelik verklaar het dat sy predikante nie gebonde is aan die leer van die Drie Formuliere van Eenheid nie;

---

[1] Ibid., bl. 289.

[2] Dr. Gerdener: a.w., bl. 696.

[3] Ibid., bl. 697.

c. dat die Ned. Herv. Kerk in leer en praktyk en naam die voetspore volg van die liberale kerk in Holland.

Wat betref die standpunt van die Hervormde Kerk in die algemeen en ds. Van der Hoff in besonder, roep ons in gedagte 'n insident wat ook in daardie tyd plaasgevind het.

In die Wakkerstroomse Gemeente was daar 'n verskil. Die Kerkraad rig 'n versoek aan ds. Cachet en ds. Van der Hoff, wat albei teenwoordig was in die gemeente, om saam op 'n platform te verskyn en hulle sake te stel sodat die gemeente duidelikheid kon vind. Ds. Cachet was dadelik gereed daartoe, maar ds. Van der Hoff het per brief sy onwilligheid daartoe te kenne gegee. Wat egter van belang is, is dat ds. Van der Hoff geskryf het dat hy onder andere artikels 23 en 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis as onaanvaarbaar bestempel en art, 15 selfs 'n Roomse leer genoem.

Hierop het die Kerkraad van die gemeente Wakkerstroom verklaar dat hulle tot dan toe nog aan die Ned. Herv. Kerk behoort het onder die verstandhouding dat die Herv. Kerk nog die ou Gereformeerde leerstellings handhaaf, hoewel net onder 'n ander naam. Daarop verklaar hulle: "Zoo verklaren wij dezen dat wij van dit oogenblik in geenerlei verbintenis of gemeenschap staan met de dusgenaamde Nederduitsch Hervormde gemeenten in de Z.A. Rep., maar ons verklaren te zijn ..... [88] vasthoudende aan de leer van Gods Woord, gelijk die is neergelegd in de Formulieren van Eenigheid der Gereformeerde Kerk, als vastgesteld op de Nationale Synode van Dordrecht 1618-1619"[1].

Die antwoord van die Herv. Kerk hierop was om die bestaande kerkraadslede op Wakkerstroom te ontslaan en aan die manslidmate op te dra om 'n nuwe kerkraad te verkies[2].

Op die aanklag teen ds. Van der Hoff wat voor die Algemene Kerkvergadering gekom het vanweë sy uitlatings oor die 'Nederlandse Geloofsbelydenis, bevind die kommissie wat met die ondersoek van die saak te doen gehad het, "dat het (kerk) wet ons geene opening geeft om ds. Van der Hoff te veroordelen"[3]. Dieselfde rapport meld egter ook dat die vertroue van die gemeentes en kerkrade in die regsinnigheid van ds. Van der Hoff geskok is omdat hy openlik bewys het dat hy die Nederlandse Geloofsbelydenis minag[4].

Die kommissie stel verder voor dat ds. Van der Hoff ses maande onder tug geplaas word en dat indien hy na hierdie tydperk nog nie teruggetrek het wat hy oor die Belydenis gesê het nie, hy sy staat as herder en leraar moes aflê.

Op voorstel van ds. van der Hoff besluit die vergadering egter insake hierdie genoemde brief wat volgens die kommissie "onbehoorlik en beleedigend is, ten opzichte der Nederlandsche Geloofsbelydenis" dat ds. Van der Hoff dit nie hoef terug te trek nie, maar net moet verklaar "dat hij genoemden brief wenscht beschouwd te hebben als niet geschreven"[5].

Hiermee is die hele klag oor Van der Hoff se verwerping van die Geloofsbelydenis afgehandel.

*****

Dit nou wat betref die Ned. Herv. Kerk se houding teenoor die Belydenisskrifte in die verlede. Wat die hede betref, het die toestand nie in die minste verbeter nie; inteendeel, dit skyn asof die ontwikkelingslyn van die Ned. Herv. Kerk steeds verder weg beweeg van hierdie ou weë.

---

[1] Ibid., bl. 331.

[2] Ibid., bl. 280.

[3] Ibid., bl. 280.

[4] Ibid., bl. 280.

[5] Ibid., bl. 281.

Wat die ondertekeningsformulier van die hedendaagse Herv. Predikante aangaan, is dit nog dieselfde as die een wat in Nederland daargestel is. 'n Predikant van die Herv. Kerk het persoonlik aan skrywer hiervan gesê: "Die ondertekenaar wat eerste hierdie formulier in Suid-Afrika onderteken het, was ds. [89] Dirk van der Hoff, ... en sedert ds. Dirk van der Hoff tot vandag toe het elke predikant in die Herv. Kerk hierdie formulier onderteken sonder een uitsondering. En dit bestaan hier in Nederlands omdat ons die piëteit daarvan graag wil bewaar en die waarde." En hierdie ondertekeningsformulier, so het u alreeds gesien, verbind die ondertekenaar nie ten volle aan die waarheid van die Belydenisskrifte nie maar net in sover hulle daarmee wil saamstem. Die Bybel as die geïnspireerde Woord van God tel ook nie as norm nie.

In hierdie verband verklaar prof. dr. S. P. Engelbrecht, hoogleraar van die Teologiese Fakulteit van die Ned. Herv. Kerk in sy boekie **Neo Calvinisme Ontwikkeling en Afwyking** dat die standpunt van die Herv. Kerk oor die Belydenis dieselfde is as die van dr. Van Toorenbergen. Dr. Engelbrecht sê: "Wat dr. Van Toorenbergen daarin skryf, kan nog altyd as die konfessionele praktyk van die Ned. Herv. Kerk van Afrika genoem word"[1].

Dr. Van Toorenbergen noem die Dordtse Leerreëls "simboliese apokriewe". Dit beteken dat dit uitgediende leerstukke is. Weet u wat dit beteken? Dit beteken dat—

(i) die Goddelike uitverkiesingsleer,

(ii) die mens se verlossing deur die bloed van Jesus Christus alleen,

(iii) die mense se bedorwe aard,

(iv) die noodsaaklikheid van die bekering,

(v) die volharding van die gelowiges

vir die Hervormde Kerk uitgediende leerstukke is! Indien u nou hierdie gedeelte deurgelees het, weet u ook duideliker waarom u Gereformeerde vadere ter wille van die waarheid van die Bybel gedwonge was om die Geref. Kerk te herstig; alleen daardeur kon hulle die suiwere Gereformeerde leer in Suid-Afrika weer in ere herstel.

Dat die Herv. Kerk vyandig is teenoor die Gereformeerde waarhede, is ook nie onbekend nie.

Met die Afskeiding onder ds. De Cock en later weer onder leiding van dr. Kuyper het 'n groep mense wat ook die ou waarhede toegedaan was,. nie agter hulle aangegaan nie, maar hulle het hulle in 'n bond by name die "Gereformeerde Bond" binne die ressort van die Hervormde Kerk georganiseer. Hoewel hulle nog lidmate is van die Herv. Kerk, is hulle egter deur prof. Haitjema, hoogleraar in die Nedl. Herv. Kerk, getipeer as 'n "sekte-tipe"[2].

[90] Dit hou in dat die vrysinniges (en daar is honderde van hulle) in die geledere van die Herv. Kerk vrylik kan leer dat die Bybel nie die Woord van God is nie; dat Christus nie noodsaaklik vir die verlossing is nie; dat die wedergeboorte oorbodig is vir die saligheid en meer sulke dinge, en hulle word steeds nog vrywilliglik toegelaat op die kansels van die Herv. Kerk. As iemand hom egter gedronge voel tot die Skriftuurlike waarheid, soos die lede van die "Gereformeerde Bond", word hulle deur die Herv. Kerk beskou, deur die oë van prof. Haitjema, as 'n "sekte-tipe".

Die houding van die N.G. Kerke t.o.v. die Belydenis.

Noudat ons weet wie die Herv. Kerk is en wat hulle gedagtegang is, kan ons die lig weer werp op die N.G. Kerke. Hier vind ons 'n breë stroom van verskille. Van die ortodokse Gereformeerde tot die mees uitgesproke metodis en liberalis vind sy tuiste in die boesem van die N.G. Kerke.

---

[1] Ds. J. V. Coetzee: **Geskiedenisversaking**, bl. 106.

[2] **Die Kerkbode,** 21 Desember 1955, bl. 1005.

Hoewel die N.G. Kerke tans trag om "Gereformeerd" te wees, is hulle verlede wat die Gereformeerde belydenis betref, nie onberispelik nie.

Ons dink net terug aan 'n brief wat onderteken is deur W. Robertson, *J.* Murray en S. Hofmeyr namens die Kaapse Sinode en gerig is aan die Hervormde Kerk in Nederland. "Gelijk uwe vorige brieven 200 heeft ook uw laaste ons hart verblijd en het hart van velen in ons land, die nog altijd den band gevoelen, welke ons aan de moederkerk verhecht, ofschoon door een onafzienbaren oceaan van u gescheiden"[1].

Hierdie brief gaan voort en meld dat die geskiedenis van die Herv. Kerk in Nederland en daarby inbegrepe die afskeiding onder ds. De Kock met belangstelling gevolg is, **en die hoop word uitgespreek dat die innigste band met die moederkerk (nl. Die Herv. Kerk) in Nederland gehandhaaf sal word.**

In 1859 het die Kaapse Kerk die dwaalleringe van die Herv. Kerk (sien hoofstuk I hierbo) nog verkies bo die Gereformeerde waarhede.

Ons blaai verder deur die ou **Kerkbodes** van 1910. Die redakteur van hierdie blad het 'n hele reeks aanvalle gerig teen dr, A. Kuyper en dr. H. Bavinck, en hulle word beskou as skeurmakers wat van die "ware" kerk, nl. die Herv. Kerk, afgeskeur het!

Reeds toe nog was die simpatie van die N.G. Kerke **teen** die Gereformeerde waarhede.

Ons verwys na **Die Kerkbode** van 17 Oktober 1955, waar ds. W. Alheit pleit vir 'n noue band tussen die Herv. Kerk in Nederland en die N.G. Kerk in Suid-Afrika.

[91] Indien ons in aanmerking neem dat die Murrays die draers was van die gedagtegang en teologiese denke van die N.G. Kerk in die vorige eeu, kan die onderstaande bewerings, wat uit die mond van 'n N.G. predikant afkomstig sou wees, duidelike rigting verskaf van hoe die Kerk se houding teenoor die ware Belydenis in die vorige eeu was.

"Wat het hy gedoen om die leer te bevorder? Het hy die studie van die suiwere Dordtse Leer op die preekstoel bevorder? Hy het so baie boekies versprei, het hy ooit die Formuliere van Enigheid of die Belydenisskrifte van die Geref. Kerk onder die gemeente versprei?

Hy het onbybelse geloofsgenesing bevorder .... hy bevorder die onchristelike heilsleer ....

Watter nuwigheid het daar in die laaste jare ingekom op godsdienstige gebied waarmee ds. Andrew Murray nie weggeloop het nie? Pearsall Smith met sy volmaaktheidsleer; Moody met sy opwekkingsliedjies; Hazenberg met sy geloofsgenesing; Generaal Booth met sy heilsleer .... in een woord waar het 'n nuwe dwepery opgestaan wat g'n ondersteuning by ds. A, Murray gekry het nie? Wanneer het daar 'n nuwe dwaling ingekom, wat hy nie bevorder het nie? Maar wat het hy ooit vir ons Gereformeerde Leer gedoen anders as dit te ondermyn?"[2].

Hierdie woorde wat 'n N.G. predikant oor wyle ds. Andrew Murray sou gespreek het, word hier aangehaal vir wat die werd is.

Ons attendeer ten slotte net daarop dat baie predikante van die N.G. Kerke studente is van die leer van Karl Barth sowel as aan die liberale Universiteite van die Herv. Kerk in Nederland .... dan weet u dat leersuiwerheid nie van oorwegende betekenis is in die geledere van die N.G. Kerke nie. Dit bevestig prof. dr. E. P. Groenewald as hy in **Die Kerkbode** van 25 Maart 1953 verklaar dat gelowiges wat geen tuiste gehad het nie, steeds welkom was in die boesem van die Ned. Geref. Kerke[3].

Voeg hierby nog die besluit van die N.G. Kerk in Natal: "Dat het ons verblijdt, in de Schotsche Presbyteriaansche Kerk te kunnen erkennen eene zusterskerk in Zuid-Afrika

---

[1] **Die Gereformeerde Kerkbode**, 29 Januarie 1859, bl. 46.

[2] Dr. D. J. de Vos: **Die AUwal-Noordsaak**, bl. 37.

[3] **Die Kerkbode,** 25 Maart 1953, bl. 377 .

met dezelfde Leer en herzelfde Kerkrecht[4], en dan weet u dat **net** die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nog **gereformeerd is!**

[4] Dr. Gerdener: a.w., bl. 22.

[92] HOOFSTUK VI: DIE KENMERKE VAN DIE WARE KERK

ONS onderskei tussen ware en valse kerke. Valse kerke is kerke wat volgens Ned. Geloofsbelydenis, art. 29, die Godheid van die Vader, van die Seun en van die Heilige Gees verwerp.

Aan die ander kant is daar ook weer kerke wat wel hierdie waarhede aanvaar, maar wat andere waarhede van die Skrif negeer of wat onskriftuurlike praktyke het, en by hulle onderskei ons weer ten opsigte van die graad van suiwerheid. As ons drie Hollandse Susterkerke het, is dit vanselfsprekend dat al drie tog nie ewe suiwer kan wees nie. En as die vraag nou gestel word watter een van die drie die suiwerste openbaring van die ware Kerk is, wil ons in die beantwoording van die vraag let op die kentekens van die ware kerk, nl.

1. die suiwere prediking van die Evangelie,
2. die suiwere bediening van die Sakramente,
3. die toepassing van die kerklike tug.

Voordat hierdie drie aspekte nader bespreek word, wil ek net twee sake baie duidelik onder u aandag bring.

Die eerste hiervan is dat al sou 'n kerk dwaal, dit *nog* nie beteken dat elke lidmaat van daardie kerk verlore is nie. So glo ons as Gereformeerdes aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, En onder "algemeen" verstaan ons dat die ware gelowiges sal kom uit elke kerk en elke volk en taal en nasie.

Dit hou egter nie in dat 'n mens maar kan sê: "'n kerk is 'n kerk nie. *~Net* solank as wat ek aan 'n kerk behoort, is alles wel nie". Inteendeel, ons glo, en so sê ons Geloofsbelydenis in art. 28 ook, dat **iedereen skuldig is om hom by die ware kerk te voeg.**

Die tweede opmerking is 'n herhaling van wat u in die Voorwoord gelees het. Indien ons hier baie negatief teenoor die ander kerke staan, is dit nie bedoel om 'n vlymende aanval op hulle te loods nie, maar om te kan aandui waarin ons van hulle verskil is dit noodsaaklik om die negatiewe skerp te omlyn. Ons positiewe standpunt is vir elkeen bekombaar in die Drie Formuliere van Eenheid.

§1. Die prediking van die Woord.

a. Wat daaronder verstaan word.

'n Preek is Woordverkondiging. Daarmee is alles gesê Woordverkondiging val uiteen in twee dele: **Skrif**verklaring en **Skrif**toepassing.

[93] In Esegiël vind ons die treffende voorbeelde van hoe 'n ware dienskneg van die HERE moet preek: So sê die Here HERE!

Dit is alles wat 'n preek tot 'n preek maak. Die inleiding van 'n preek moet wees: So sê die Here HERE Die inhoud van 'n preek moet wees: So sê die Here HERE. Die toepassing van 'n preek moet wees: So sê die Here HERE.

En so ook die slot van 'n preek.

Die prediker is slegs die mondstuk van God by Sy volk. Die bediening van die Woord geskied in opdrag van Christus en is geen stigtelike toesprakie nie.

Gesien teen hierdie agtergrond wil ons nou aanstip waarom u. Gereformeerd is.

Die Gereformeerde prediking word gekenmerk deur **Skrif-**prediking

Van 'n Gereformeerde kansel sal u as preek nie net 'n stigtelike woord aanhoor nie en sal u nie vergas word op 'n aantal oorspronklike storietjies nie. Die kansel is vir die Gereformeerde die plek vanwaar hy die Woord van God bring en nie 'n leerstoel in die

storiekuns nie.

In 2 Tim. 4: 1-4 lees ons die volgende: "Ek besweer jou dan voor God en die Here Christus .... verkondig die woord .... want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in die gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor afkeer na die waarheid en hulle sal wend na die fabels".

Paulus besweer Timotheüs hier om die ware Woord van God te verkondig, en hy waarsku teen 'n gevaar wat in die laaste tye sal ontstaan ('n vervulling wat ons tans beleef) dat die mense die woordverkondiging te "moeilik" sal vind, daarna nie meer sal wil luister nie en hulle begeertes stel op leraars wat aan hulle wense sal voldoen en nie meer die Woord verkondig nie maar stories sal vertel.

Daarom is u Gereformeerd omdat "preke" wat gegrond is op storietjies en daarmee deurvleg is, vir u geen waaragtige Woordverkondiging meer kan wees nie!

Hierdie mense wil hulleself egter regverdig deur te beweer dat Christus self verhale vertel het.

Deur te beweer dat omdat Christus gelykenisse vertel het, hulle ook die reg het om stories te vertel, loën hulle in die eerste plek die kanonisiteit van die Bybel, en tweedens stel hulle hul op dieselfde vlak as Christus! En wat laasgenoemde betref, kom die waarheid van hierdie stelling duidelik uit as u luister hoe [94] Christus van sy Goddelike troon neergehaal word en verneder word as 'n alledaagse mens in die aanspreekvorm van "Liewe Heretjie", "dierbare Vriend", ens. Ek is bewus van 'n predikant in die N.G. Kerk wat, wanneer hy oorgegaan het tot die gebed in die erediens, gesê het: Laat ons nou eers ons telefoontjie aanskakel na die hemel!

Boonop word ook nog altyd die woorde van die Here Christus in Matth. 13: 13 verkeerd vertolk, waar Hy spreek: "Daarom spreek Ek met hulle deur gelykenisse omdat hulle terwyl hulle sien, nie sien nie en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie".

En die laaste gedeelte van vs. 15:, ... sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor, en met die hart verstaan, en hulle bekeer en Ek hulle genees nie" (sien ook Luk. 8: 10).

Hieruit blyk duidelik dat die gelykenisse se doel nie was, soos die eiegeregtige storievertellers vir hulle toe-eien, om die Evangelie te vereenvoudig nie maar om dit toe te sluit!

Hierdie storievertellery grond in swak eksegetiese ondersoek as gevolg waarvan die heerlike Skrifwaarhede nie tot uiting kom nie. So 'n "storiepreek" het dan ook gewoonlik niks te doen met die teks waaraan dit "opgehang" word nie, en van **Skrif-**verkondiging is daar haas geen sprake nie. **Wie die Skrif werklik verkondig, het geen tyd en behoefte aan stories nie.**

Net soos storievertellery 'n uitvloeisel is van swak Skrif-ondersoek, kry ons ook ketterse gedagtes wat vrylik van die kansels af verkondig word. As Gereformeerdes is ons nie tevrede om in die kerk te luister na wat 'n vrome suster of 'n ou vader of iemand op straat vir die predikant vertel het nie, **maar in die kerk wil ons luister na die stem van ons Verbondsgod.** Die verskil tussen die eredienste van die Gereformeerde Kerk en van sommige ander kerke is dat die Gereformeerde Kerk se erediens 'n amptelike ontmoeting is van die gemeente met hulle God en die roepstem van die Skrif tot hulle, terwyl waar dit stories is, dit hoogstens 'n stigtelike samekoms is.

Maar net soos die storievertellery 'n uitvloeisel is van swak Skrifondersoek, kry ons ook wanpraktyke en selfs ketterse gedagtes in die kerke.

Ek dink in hierdie geval maar aan al die "spesiale Sondae", waaroor ons straks meer breedvoerig sal wees.

Ek is bewus van 'n gemeente hier aan die Rand waar Nagmaal in die aand by dowwe

verligting gehou word, en waar die belydenisaflegging geskied het met al die ligte in die kerkgebou uitgedoof terwyl elke "aannemer" 'n kers gedra het. (Seker voortsetting van die Roomse superstisie dat 'n brandende kers die bose geeste weghou!) Ons dink aan die gevalle waar predikante met allerhande goed op die preekstoel verskyn en waar [95] iemand selfs 'n ploeg in die kerkgebou gehad het toe hy gepreek het oor die gelykenis van die saaier. Hierdie is maar enkele grepe. U weet van meer en treffender voorbeelde. **Maar juis daarom is ons Gereformeerd, omdat ons godsdiens vir ons nie 'n menslike sensasiebyeenkoms is nie, maar inteendeel 'n hoog-heilige roeping.**

Ons dink in hierdie verband ook aan die "inwyding" van kerke wat gepaard gaan met spesiale preke waar oor die ligte, die orrel, die banke en selfs die matte afsonderlik die seën uitgespreek word. **Dit is alles, voorwaar, wat godsdiens neerhaal tot in die diepste laagtes.**

Die erediens is in die kring van die Gereformeerde Kerk 'n reëling van ontmoeting tussen die volk van God en God. Heilige eerbied en respek vir die Allerhoogste het nie plek vir sensasionele mensverheerliking nie. Hier is dan inderdaad ook 'n groot verskil tussen die Gereformeerde Kerk en die N.G. Kerke, want die humanisme, die mensverheerliking, speel nogal 'n betreklike groot rol in die kring van die N.G. Kerke. Voorbeelde om dit te bewys is onnoembaar baie. Al die "spesiale"-sondae verkondig die mensverheerliking in die erediens in onverbloemde taal. Ek dink ook daaraan dat begrafnisse in die geledere van die N.G. Kerke as "eredienste" beskou word. Lykpredikasies en mensverheerliking (die verheerliking van die dooie) ontbreek daar nie in die minste nie. In sommige gevalle gaan daar soveel seremonies mee gepaard dat 'n Gereformeerde soms begin twyfel of jy hier nog wel met protestante te doen het, en nie met 'n sterk tendens Rooms-Katolisisme nie.

Ek wil 'n paar voorbeelde van hierdie humanistiese "eredienste" aanhaal, soos berig in ons dagblaaie.

'n Opskrif in **Die Transvaler,** 23 November 1956, wat oor drie kolomme strek, lui soos volg: "Amerikaanse Danksegging in Ooskerk". In die berig word onder andere gemeld: "Met 'n kerkdiens gevolg deur 'n familie-ete waarin die kalkoen sy tradisionele rol gespeel het, het die lede van die Amerikaanse gemeenskap in Pretoria gister hulle danksegging gevier". Die berig lui dan verder: "By die diens gisteroggend in die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, Pretoria-Oos, wat gelei is deur dr. F. O'Brien Geldenhuys, was die lede van die Amerikaanse ambassade ....".

'n "Erediens" tot eer van Christus?

Die Transvaler, 19 Februarie 1957, meld in 'n groot opskrif: "Predikant val nuwe boek aan", en dan word vermeld van 'n "erediens" in die Ned. Herv. of Geref. Kerk Linden, by welke geleentheid die predikant gespreek het oor 'n teks in Eségiël. Die [96] inhoud van die preek, volgens die koerant, het daarop neergekom dat die dominee 'n aanval geloods het op die boek **The Last Trek** deur Sheila Patterson.

Hiervolgens sou die predikant die Woord van God só verkondig het: "Daar het nou al drie resepte vir die verdwyning van die Afrikanerdom gekom. Die eerste was die verdwyning volgens die Milner-resep: verengelsing; die tweede was die verdwyning volgens die Huddleston-kode: gelykstelling; en nou word die verdwyning volgens die Patterson-metode aan ons voorgehou; selfmoord".

Volgens die koerant sou die predikant ook verklaar het: "Aan hierdie skryfster en elke ander in die wêreld sê ons vanaand: Die Afrikanervolk is nie op sy laaste trek nie, maar op sy grootste trek — die trek na mekaar, met God in die middel"!

Die kansels in die kring van die Gereformeerde Kerk dien net één doel: Die verkondiging van Jesus Christus, die Gekruisigde en Opgestane! Dan is daar nie plek oor om die Afrikanervolk as sodanig te verhef tot volk van God en God afhanklik van die Afrikaner te maak nie!

Een van die treffendste voorbeelde van hoe die Godsdiens in die kring van die N.G.

Kerke neergehaal word tot streling en verheerliking van die mens, word berig in **Die Transvaler,** 23 Oktober 1956. Die opskrif lui soos volg: "Klub sluit seisoen met kerkdiens", en dan verhaal die koerant: "Seker een van die seldsaamste dienste is Sondagoggend net na afloop van die kerkdiens in Kimberley gehou toe die rugbyseisoen van die Pirates-rugbyklub met skriflesing en gebed afgesluit is.

"Ds. J.J.K. van der Merwe (hy is predikant in die N.G. Kerk—L.S.K) het verklaar dat dit een van die **plegtigste oomblikke van sy hele loopbaan** was om die rugbyseisoen af te sluit op die veld waar die spelers geoefen het en rugby gespeel het. "Ds. Van der Merwe het verklaar dat die bewering dat die Afrikaner 'n afgod van sy sport maak, moontlik waar kan wees, maar dat die gebaar van die Pirates-rugbyklub aan hom bewys het dat godsdiens tog 'n plek in sport kan hê".

Volgens die koerant het ds. Van der Merwe die hoop uitgespreek dat die land van hierdie diens sal weet. "Voordat die rugbypale as teken dat die rugbyseisoen verby is, laat sak is, het ds. Van der Merwe die klub gelukgewens met die twee trofeë wat hulle vanjaar verower het", aldus die koerant. Voorwaar 'n treffende "diens" in die N.G. Kerk! Dit is nuus!

En hoe treffend dat die godsdiens in die kring van die N.G. Kerk aan sport ondergeskik gestel word, want hierdie dominee [97] het verklaar dat dit aan hom bewys is dat "godsdiens" tog 'n plek in die sport kan hê".

Daarom kan ons volgens ons roeping nie anders as om Gereformeerd te wees nie, en het ons nie behoefte of ter wille van menslike welbehae op Sondae rugbypale te laat sak nie, maar wil ons dat die land liewer nie van ons weet nie omdat ons ons rus vind in die diens van die HERE.

Waar hierdie soort "dienste" ons aangryp in ons siele weens die skriklikheid daarvan, is dit in die kring van die N.G. Kerke NUUS. En stilswyend word dit dus amptelik goedgekeur.

Vir ons as waaragtige Christene is die plegtigste oomblikke van ons lewe nie sulke humanistiese "dienste" nie; inteendeel die plegtigste oomblikke is in die werklike eredienste tot eer van God!

Nog iets wat as 'n onoorkomelike skeiding bestaan tussen die Gereformeerde en die humaniste in die N.G. Kerk, is die bedekte beeldediens in daardie Kerk. **Die Transvaler,** 25 Maart 1957, berig soos volg: "'n Mosaïekpaneel wat die monogram van Christus en die simboliese figure van die vier Evangelies uitbeeld is Saterdag onthul by die inwyding (d.i. inheiliging!—L.S.K.) van die nuwe kerkgebou van die N.H. of G. gemeente Roodepoort-Noord.

"Die paneel is aan die voet van die toring aangebring en vier ander panele wat die Drie-Eenheid van God simboliseer .... is volgens die koerant hoër op aangebring." Die koerant gee dan 'n beskrywing hoe die simbole lyk.

Hier het u die bedekte beeldediens: Christus en die Drie-Eenheid van God word met simbole voorgestel!

Hierteenoor kan ons as Gereformeerdes net dit betuig: Die waaragtige Godsdiens geskied in gees en in waarheid!

Iets wat egter 'n siddering deur ons laat gaan het, is die wyse waarop 'n predikant in die N.G. Kerk by 'n geleentheid die votum (seëngroet aan die begin van 'n erediens) uitgespreek het: "Here, hier staan ons soos 'n klop motorkarre by 'n petrol-vulstasie. Vul ons op! Vul ons op! Amen".

Waar dit vir die lidmate van die N.G. Kerk 'n pragtige, raak en sensasionele uitroep was, kan ons nie anders as om die arms op die bors te slaan en vurig te bid nie: Ag Here, spaar ons daarvoor!

Ek dink in hierdie verband aan 'n sekere opwekkingsdiens by watter geleentheid 'n

teologiese student van Stellenbosch die leiding gehad het. Hy het gehandel oor die gebed, en wel in die sin van die sekerheid van verhorings. Sy verklaring het daarop neergekom dat wie bid, só seker moet wees van gebedsverhoring [98] dat alle twyfel uitgesluit is, en daarom, so konkludeer hierdie aspirant-predikant in die N.G. Kerk, dat wie in die geloof bid en die woorde byvoeg: "laat U wil geskied" .... pleeg **Godslastering**!

Waarlik, die mens wat dit nog erns maak met leersuiwerheid in die prediking, kan nie anders as om hom by die Gereformeerde Kerk te voeg nie.

Nie sensasie en geestelike opsweping nie maar die stille Woordverkondiging is die krag van die Evangelie.

*****

'n Ander uitvloeisel van hierdie tipe preke is dwaalleringe.

Geweldige woorde om te besig, sal u sê!

In hierdie geval wil ek net aanhaal van 'n sekere ds. M. J. de Kock, wat dood sou gewees het en weer lewendig geword het. Hy het 'n geskrif die lig laat sien onder die titel **Op die grense van die ewigheid.** As predikant van die N.G. Kerk het hy hierdie stellings tot pas onlangs (en tans seker nog) vrylik op die kansels van sy kerk verkondig. Daarmee word dus instemming met sy leer betuig.

Hieruit wil ek net 'n paar grepe maak.

Terwyl ds. De Kock in die "doodtoestand" sou gewees het, het hy die volgende gehoor: "Ek hoor die vraag: Wat is 'n predikant?" Die antwoord klink helder en klaar: "'n Kaptein in die leger van Jehovah". Ook het hy gehoor: "Hell is Heavens dumping ground'; "Satan is the scavenger of Heaven"; "the elements of Heaven and Hell are identical, only mixed in different proportion'.

Hiervolgens heers daar tweetaligheid in die hemel—Hollands en Engels.'

Sy toestand was suiwer sielkundig, 'n beswyming onder hoë koors. Maar dit is nie ter sake nie. **Wat ter sake is, is wat hy vrylik verkondig.'** Ds. De Kock beweer dat wanneer jy sterf, jy deur 'n donker dal gaan en daar is Satan finaal besig om jou af te trek .... Hierdie gedagte dat Satan 'n mens nog wil aftrek van God nadat jy gesterf het en dat jy daar finaal moet kies, is in stryd met die hele Bybel.

Ons luister verder na hom as hy sê: "Duidelik en helder is die ondervinding op my gemoed afgedruk. Die doodsengel het my kamer binnegekom. Duidelik kon ek die geritsel van sy vlerke rondom my sterfbed hoor".

Die geritsel van engelvlerke is 'n eg menslike fiksie!

Ds. De Kock sê dat hy die satan gesien het as 'n vors, geklee in wapenrusting van kop tot tone.

Die Heilige Skrif daarteenoor leer ons dat die satan 'n geestelike wese is, en geestelike wesens dra nie sodanige klere nie.

[99] Insake die lewe in die hemele deel ds. De Kock mee dat in die hemele daar 'n geslagsregister is van die natuurlike geboortes van die mensekinders sowel as 'n geslagsregister van diegene wat gebore word in die ryk van die genade.

Stel u nou voor: die Almagtige, wat die bestaan van elke mens van ewigheid af beplan en vooruitbestem het, is nou afhanklik van engele wat 'n geslagsregister moet aanhou!

Myns insiens berus hierdie bewering van ds. De Kock op swak eksegetiese insig in Openb. 20: 12 waar die boeke wat geopen sal word, heenwys na ons eie gewetens en nie na registers buite ons lewe nie. Sowel hierdie Skrifgedeelte as Openb. 12: 10 weerlê ook ds. De Kock se bewering dat Satan voor die troon van God elke mens nog steeds aankla.

Volgens ds. De Kock maak die trawante van Satan 'n verskriklike lawaai as daar gebid word, sodat die woorde van die gebed nie gehoor kan word nie.

Stel u nou voor! God kan ons nie hoor weens die lawaai nie!

Ook dit is 'n loëning van die werk van die Heilige Gees!

Hy deel verder mee dat sekere mense se gebede nie verhoor word nie omdat hulle een of ander sonde gedoen het.

Hier kry ons die klank van werkheiligheid. Indien dit waar sou wees, sou geen mens gered word nie, want almal is in wese sondaars.

Hy beskrywe die hel as 'n plek vol klowe, en aan die verlorenes word soms gegun om 'n blik oor die klowe heen te slaan na die heerlikheid wat verlore is, om hulle smart sodoende te verhoog. Die satan lig hulle so nou en dan op.

Oor hierdie suiwer menslike en onskriftuurlike voorstelling kan ons maar net glimlag en wonder wie die opligwerk dan sal doen as Satan na die oordeelsdag self gebonde is!

As ds. De Kock van die hemele praat, dwaal hy so ver weg van die Bybel dat indien hy predikant in die Geref. Kerk sou gewees het, hy sekerlik die skorsing nie sou vrygeloop het nie.

Hy sê: "Die lug in die hemel is nie swaar nie, die gees asem vry hemelse lug in".

Ons weet dat lug iets is wat die aardruim oordek en dat dit iets tydeliks is. Hoe 'n menslike gees kan asemhaal terwyl dit geen longe het nie (onthou, ds. De Kock beskryf die toestand soos dit is tussen graf en opstanding), weet ons nie.

Hy sê ook dat in die hemel daar aanhoudend gewerk word.

Die Bybel leer my dat die NAAM van die Here daar aanhoudend geprys word!

Dat ds. De Kock alles behalwe die Skrif verkondig, blyk uit die volgende: Hy sê dat dit uiters heerlik is om te luister na [100] die gesprekke van die geluksaliges. Hier praat 'n moeder en dogter oor die spoedige koms van 'n vader, en daar weer loop twee dienaars van God in soete geselskap en praat oor die onderwerp: Die Heer van die Hemel en Sy wil.

Volgens die Skrif sal daar egter geen familiebande of verskillende geslagte in die hemele wees nie.

Die moeder met haar dogter is 'n valse begrip. En sou daar in die hemele predikante en ouderlinge en diakens wees? Nee!

Net gelowiges as priesters, konings en profete. Die predikante-amp is 'n tydelike amp.

In die hemel is daar volgens hom ook berge en waterstrome. Die genoemde moeder en dogter het reeds langs die hange daarvan gewag op die koms van die eggenoot en vader.

Nie alleen is die moeder-dogter-geval teenstrydig met die Bybel nie, maar ook die gedagte dat hulle met verlange na 'n aardse mens uitkyk terwyl die heerlikheid van die ewigheid hul omstraal!

Nog iets wat openbaar dat ds. De Kock geen werklike insig gehad het nie, is die bewering: "Ongedeerd en veilig speel die kinderskare op die strate van goud. Die hemel is vol kinders."

Ons kan maar net sug: Ag! Is die ewigheid dan onderworpe aan die tyd! Kinderdom en ouderdom spreek slegs van **tyd.**

Ons kan net sê: IN DIE HEMEL SPEEL MENS OOK NIE, JY VOER OOK NIE SOETSAPPIGE METODISTIESE GESPREKKIES NIE, JY VERLANG NIE DAAR NIE, JY DWAAL NIE OP DIE BERGE ROND NIE, MAAR IN DIE HEMEL LOOF EN PRYS MENS GOD AANHOUDEND!

Onder diegene wat ds. De Kock in die hemele welkom sou geheet het (weer so 'n tipiese menslike voorstelling), was 'n ou Basoeto-meid, ou aia Maria, wat glo deur hom bekeer is. Sy het hom dus gegroet: "Dag, Moruti, dag, Morena!" Toe hy die vraag stel: "Maar wie is dit dan", was haar antwoord: "Jy ken dan nie meer vir ou aia Maria nie, Moruti?" Kommentaar is hier oorbodig.

Ek het hierdie dinge taamlik breedvoerig aangestip, net om aan te toon watter onsinnige gedagtes van die kansels af verkondig word (en dan word dit nog boonop vooraf sterk gepropageer!) as synde Evangelieverkondiging!

Daarom is u Gereformeerd, omdat die kansel van die Gereformeerde Kerk nie oopstaan vir onskriftuurlike bespiegelinge nie!

*****

As waaragtige Christene kan ons nie anders as om die waaragtige Evangelieverkondiging: op te soek nie, en daarom kan ons nie anders as om lid te wees van 'n Gereformeerde Kerk nie!

[101] Dan nog net die opmerking: 'n Predikant op die kansel staan as mondstuk van God by sy volk.

In **Die Vaderland** van 12 Desember 1955 lees ons die volgende: "Suid-Afrika en die Statebond se liggewigkampioen, Jannie van Rensburg, was gisteroggend, ten spyte van die feit dat hy na Saterdagaand se geveg teen Willie Toweel eers laat by die huis gekom het, vroeg uit die vere om saam met sy vroutjie die oggenddiens in die N.G. Kerk van Ontdekkers te gaan bywoon".

Op die berig tot dusver kan ons maar net byvoeg: dis baie mooi van hom. Maar dan voeg die koerantberig by, en dit wil ons onderstreep: **"Die kampioen is vanaf die kansel deur die leraar gelukgewens met sy mooi oorwinning."**

En dis hier waar dit om gaan.

Hoort godsdiens en menseverering dan albei tuis in die geledere en op die kansels van die Ned. Geref. Kerk?

b. Spesiale Sondae.

"Die gebruik om Sondae vir spesiale doeleindes af te sonder, neem toe in die Kerk, veral in die stede. Dit omvat 'n steeds groeiende groep onderwerpe, soos: moeders- of ouersdae, kerk-parades vir die Voortrekkers en ander organisasies, hospitaal-, matigheids-, polisie-, burgemeesters-, spoorweg-sondae, oumens-, rou- en middernagdienste by oujaar, ens", lees ons op bl. 103 van die boek **Kerk en stad,** 'n publikasie van die N.G. Kerke.

Spesiale Sondae .... is dit Skriftuurlik?

'n Heel belangrike vraag!

Een van die heel bekendste en oudste "spesiale" Sondae is Moedersondag. In hierdie bespreking wil ek daarom spesifiek handel oor "Moeder'-Sondag met 'n algemene verwysing na die ander bestaande en verwagte "spesiale" Sondae.

(1) Ontstaan van Moedersondag.

Ene mej. Anne Jarvis sou op Sondag, 9 Mei 1907, saam met 'n vriendin tee gedrink het in haar woonstel in Philadelphia.

In hulle geselskap sou mej. Jarvis die gesprek gestuur het oor haar moeder wat op daardie dag presies 'n jaar oorlede is, en sy het die waarde van 'n moeder in 'n mens se lewe roerend beklemtoon.

Sy sou haar vriendin vertel het van haar moeder, mev. Anne Reeves, van Crafton, wie se ideaal dit was om 'n "dag van Moedersvriendskap" te organiseer. Op 'n vraag aan haar vriendin [102] wat sy van die gedagte dink om so 'n dag elke jaar te hou, het

laasgenoemde dit sterk aangegryp en boonop aanbeveel dat hierdie dag op elke tweede Sondag van Mei gehou moet word, die Sondag die naaste aan mej. Jarvis se moeder se dood.

Reeds die volgende dag het hulle hierdie gedagte by predikante, redakteurs en amptenare gaan propageer. Dit het ingang gevind, en op **Sondag, 11 Mei 1908, is die eerste Moedersdag gevier**!

En in 1914 het mej. Jarvis eindelik daarin geslaag om Moedersdag as jaarlikse vakansiedag te bemagtig.

Hieruit kan dus gekonkludeer word dat Moedersdagviering 'n suiwer menslike instelling is Dit word bevestig deur:

(2) Die moederskultus is van heidense afkoms.

Moeder-verafgoding het 'n vername deel uitgemaak van die heidense godsdiensgebruike. Die oorheersende gedagte was: die moeder as draer van die onsterflike lewe moet vereer word. Hulle hele godsdiensstrekking was gerig op die vrugbaarheids-rite, waarop alle klem gelê is.

Die Vaderland van 5 Mei 1955 skryf oor Moedersdag soos volg:

"Dit is afgelei van die Griekse gewoonte van moeder-verering en eeue voor die Christelike tydperk het die Sjinese die gewoonte gehad om hulle gesinne te leer om hulle moeders in gebede te eer, te gedenk, en ook in hulle daaglikse lewe te huldig. Die Romeine het ook op 15 Maart elke jaar 'n uitgebreide fees ter ere van Hilaria, die Moeder-godin, gehou."

Hierdie heidense godsdiensgebruike is deur die ou Rooms-Katolieke Kerk oorgeneem, en dit kulmineer in die verering van die maagd Maria. Mariaverering is in wese maar net 'n suiwere voortsetting van die heidense gebruike .... nou net onder die dekmantel van Christenskap.

So het pous Gelasius aangesluit by die heidense optogte wat tydens die Faunsfees gehou is, en in die plek van die heidense vroue die maagd Maria gestel. Waar die heidense fees 'n reinigingfees was vir vroue, is dit nou toegepas op Maria.

In hierdie verband spreek dr. A. van Veldhuizen: "Het Vrouwe-dag van Maria werd Vrouwen-dag" [1].

Ons stem saam met dr. Van Veldhuizen as hy beweer dat die grondtendens van hierdie moederverering setel in die heidense volksfeeste.

[103] Dit is in wese dus 'n stukkie suiwere heidendom!

Kan dit God welbehaaglik wees?

(3) Moedersdagkomitees.

Intussen is hier in Suid-Afrika 'n Moedersdagkomitee gestig wat 'n omsendbrief die land ingestuur het waarin hulle hulle saak soos volg stel: Die doel van die stigting van die komitee is eerstens om die konstruktiewe en waardige viering van Moedersdag te bevorder as 'n geleentheid wanneer moeders met familiefeeste geëer en aan hulle geskenke gegee moet word. Die komitee meen dat die inisiatief moet uitgaan van die handelaars; plaaslike moederskomitees moet gestig word met die handelaars aan die spits; winkels moet hulle op geskenke vir moeders toespits en die dag deur middel van plakkate, advertensies en uitstallings onder die aandag van die publiek bring.

"Moedersdag moet op groter skaal gevier word as Kersfees," het hierdie mense onder andere in hulle omsendbrief geskryf.

Hierdie vereniging eien hulle die mag van God toe as hulle daarop aandring dat elke tweede Sondag van Mei "afgesonder" moet word as "Moeder-Sondag".

---

[1] Dr. H. Van Veldhuizen: Uw goedheid kroont de jaargetijden, bl. 105.

(4) Is Moedersondag Skriftuurlik?

Gesien teen die bogenoemde agtergrond, is die vraag of dit wel Skriftuurlik is om Moedersondag te vier 'n heel aktuele vraag vir elkeen wat homself nog die heerlike naam "Christen" toeëien.

Let ons op die grondtendens sowel as op die direkte ontstaan daarvan, is dit duidelik dat dit 'n suiwere **menslike instelling** is. Dit is nie God afkomstig nie!

Tereg beveel die Skrif: Eer jou vader en jou moeder! Maar onder "eer" word hier beslis nie verstaan dat die vader en moeder in die plek van God gestel moet word om in 'n **erediens** wat aan God gewy behoort te wees, self geloof en geprys te word nie, Onder "eer" word verstaan: hulle te **respekteer, onderdanig te wees, gehoorsaam te wees,** Buitendien val die klem in die Heilige Skrif op die vaderskap en nie op die moederskap nie.

Die bogenoemde Moedersdagkomitee skryf dan ook: Ons eer onsself en die Moeder van Suid-Afrika as ons enigiets doen om klem te lê op die huis as die fontein van die staat.

Ons eer onsself!

Duidelike taal van die sondige selfaanbidding en self-verafgoding. Suiwere mensediens!

Die moeder word hier boonop in die plek gestel van Gods genade!

[104] As daar dan nou 'n "Moedersondag" afgesonder word, kan tereg gevra word: Is Moedersondag Christelik? Is dit wel 'n deur God ingestelde Christelike feesviering?

Treffend is daarom die Sinode besluit van die Ned. Herv. of Geref. Kerk: "Dit is nie na Gods Woord om die moeder sodanig op die voorgrond te stel nie .... Die benaming **Gesin-Sondag** word derhalwe aanbeveel"[1].

Hiermee het die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk self uitspraak gegee dat die praktyk van Moedersdagviering wat reeds jare lank in die Kerk gehuldig is, nie na Gods Woord is nie. Hulle verander nou die benaming na "Gesin-Sondag", maar die vraag is egter: Is "Gesin-Sondag" wel na Gods Woord?

(5) "Spesiale" Sondae en die Skrif.

In die verklaring van die tweede gebod deur die Heidelbergse Kategismus, vraag 96, lees ons: "Dat God op geen ander manier vereer mag word as wat Hy in Sy Woord beveel" het nie.

God eis nie alleen van ons **dat** ons Hom moet vereer nie, maar Hy wys ons in die Woord ook aan **hoe** ons Hom moet vereer. **In die diens van die Here word sake nie aan ons smaak en ons willekeur oorgelaat nie.**

Laat ons luister na die stem van die Skrif:

(i) **In Jesaja 1:13-16** spreek die Here dat Hy moeg is vir hulle NUWE feeste. Hy haat dit. Al die **self ingestelde** soorte sabatte en feeste is vir Hom 'n **gruwel.**

Die Skrif leer ons hier dat die Here alle eiegeregtige godsdiens **verwerp.**

Waar in die Heilige Skrif kry ons nou die aanduidings dat ons "Moedersondae" of "Polisiesondae" of "Padmakersondae' moet hou?

Is dit deur God ingestelde feeste of selfingesteldes?

(ii) Nadab en Elihu het **vreemde** vuur voor die aangesig van die Here gebring, **wat Hy hulle nie beveel het nie.** En as gevolg daarvan is hulle verteer deur die oordeel van die Here (Lev. 10: 2).

Kan die voorstanders van al die "spesiale" Sondae ons maar net 'n enkel aanduiding uit die Skrif gee waar die Here hulle dit beveel het?

---

[1] Sinodale acta van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 1951.

Kan "Lentesondae" en "Wintersondae" en "Verpleegstersondae" of "Grondbewarings-sondae" hulle oorsprong in die Bybel vind?

Het God dit beveel, of is dit **vreemde,** selfingestelde offervure voor die aangesig van die Here? [105]

(iii) Vir die eiesinnige Saul het Samuel gesê: "God eis gehoorsaamheid en nie offerande nie".

In die erediens eis God dus gehoorsaamheid aan Sy Woord en nie menslike instellings nie!

So spreek Samuel dan ook: "Wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens" (1 Sam. 15: 23). Ek herhaal: **Eiesinnigheid is afgodery en beeldediens!**

Is daar afgodery en beeldediens in ons eredienste?

U sê miskien: Nee!

Ek stel dit vragenderwys:

Is "spesiale' Sondae nie 'n **eiesinnige** instelling en in die oë van die Here dalk AFGODERY en BEELDEDIENS nie?

(iv) Op al hierdie dinge het Jesus die seël geplaas toe Hy gesê het: "Tevergeefs vereer julle My deur leringe te leer wat gebooie van **mense** is" (Matth. 15: 19).

Tevergeefs!

Die grondtendens van die "spesiale" Sonde setel in mensebehae en menseverering. Of, om die woorde van Samuel te gebruik: **Dit is afgodery en beeldediens**!

Onder die dekmantel van godsdiens kry ons hier 'n stuk humanisme, 'n stuk mensaanbidding!

In hierdie "spesiale" dienste **stel die Kerk die mens in die plek van God.**

Ek motiveer:

(6) Die inrigting van "spesiale" eredienste.

Het u al so 'n "spesiale erediens" bygewoon?

Die **hele** preek en seremonie daaraan verbonde word feitlik aan die **mens** gewy.

By Moedersondae (so was dit immers in die geval waar ekself by gewees het) moes die vrouens wie se moeders nog lewe, met gekleurde blomme aan die bors gesteek die kerk bywoon, en diegene wie se moeders al oorlede is, wit blomme. (By 'n ander geleentheid was dit wit en blou strikkies.) Tydens die erediens moes eers die een groep opstaan. Die predikant spreek hulle dan op roerende wyse toe, sodat daar selfs 'n hele paar flou val. (Hoe meer flou word, hoe treffender was die "erediens"!) Daarna staan die ander groep weer op om hulle woord aan te hoor!

Vanselfsprekend het hierdie toesprake **geen** betrekking op die voorgelese Skrifgedeelte nie. Dit is geen **Skrif** verklaring en Skriftoepassing nie. Dit is maar net 'n pragtige stukkie humanisme, menseverering, wat ingedring het in die kerk om God uit te druk!

[106] Ons dink verder aan die "Burgermeestersondae", waar selfs ongelowige burgemeesters, beslaan met hulle ampskettings, die voorste gestoeltes moet inneem om 'n lofrede oor hulleself aan te hoor.

Ons dink aan die "Parade'-Sondae van Polisie—hoe hulle met groot seremonie die kerkgebou inparadeer en hoe hulle in die erediens in die plek van God gestel word deur die lofrede op hulle geuit!

Ons dink aan 'n preek insake "Spoorwegsondag" wat gedurende 1955 uitgesaai is. Die prediker het gewys op die groot getal Leviete wat nodig was vir die vervoer van die ark,

en dit het hy as "teks" aangegryp om te kan preek oor die groot getal mense wat verbonde is aan die vervoer op die Spoorweë.

Is dit nie Skrifverdraaiing nie?

Ons dink aan die geweldige Skrifverdraaiing wat gewoonlik gepaard gaan met die "spesiale" dienste vir die kinders.

In so 'n kinderdiens het 'n prediker so 'n aantal 3'are gelede gespreek oor Moses en die doringbos. Hy stel dit toe so voor dat Moses die rook gesien het maar aanvanklik gedink het dat dit maar die trein is.

Later eers, toe Moses bemerk dat die trein so lank op een plek bly staan, het hy nader gestaan en op die brandende doringbos afgekom!

Ek dink aan 'n geval waar 'n predikant met flessies vol gekleurde water op die kansel verskyn het en dit voorgehou het as die bloed van Jesus Christus.

Ek dink aan .... ja, 'n hele katalogus van sulke dinge kan opgenoem word wat van die prediking van die Heilige Skrif 'n klug gemaak het!

Ons dink verder aan al die soorte "spesiale" Sondae wat daar is: Burgemeesters .... wat is die Burgemeester beter as die stadsklerk? Om reg te laat geskied kan ons dus nog eendag 'n "Stadsklerksondag" verwag.

Dat by hierdie soort "spesiale" dienste daar geen sprake kan wees van toesighoudende ouderlinge oor leersuiwerheid nie, blyk onder andere uit die volgende koerantberig; **Die West Rand Review,** 1 Maart 1957, berig soos volg: "The Krugersdorp Mayoral service was held on the Wanderers Grounds on Sunday. There was a good response to the appeal of the Mayor, Mr. J.P. Jonker, to all sections of the community to attend.

"The service was conducted by the Rev. J.H. Schutte, of the Dutch Reformed Church (lees N.G. Kerk—L.S.K.), and the Rev. W. Balt of the Presbyterian Church.

"Fourteen mayors and their wives from the Reef and other Transvaal areas attended".

[107] Hierdie berig word net aangehaal as bewys dat leersuiwerheid en die erediens tot eer van God alleen vervaag word ter wille van menseverheerliking.

Maar om met die betoog voort te gaan:

Ons dink aan die polisie .... wat is hulle beter as die mynwerker? Daar moet dus ook 'n "Mynwerkersondag" kom!

Ons dink aan die spoorwegwerkers .... wat is hulle beter as die padmakers of die motorwerktuigkundiges?

Ons verwag dus ook 'n "Padmakers"- en "Garage"-Sondag.

En wat van die onderwysers, die predikante, magistrate, prokureurs, winkeliers? Wanneer kry hulle 'n "spesiale" Sondag?

Ja, daar is nog die suiwer heidense fees: Die "Lente"-Sondag.

Ek dink aan so 'n "spesiale" Sondag wat so 'n paar jaar gelede op 'n klein dorpie in Oos-Transvaal gehou is. Die boere moes op daardie dag van al hulle produkte kerk toe bring, sodat die spasie voor die kansel oordek wat met pampoene en mielies en kool en wortels en allerhande dinge. Die predikant het daarop van die kansel afgeklim en die seën oor hierdie dinge uitgespreek sodat die oes daarbuite geseënd kon wees!

Voorwaar, 'n aangrypende "spesiale" diens!

Ek wil dadelik erken dat nie by alle "spesiale" dienste daar wanpraktyke aanwesig is nie. Die kernvraag handel egter nie oor die wanpraktyk waarvoor die moontlikheid deur hierdie instellinge geskep word nie, maar oor die "spesiale" diens self.

Die vraag is: Sal die voorstanders van die "spesiale" Sondae die gronde vir hulle

instellings uit die Heilige Skrif kan aanhaal?

Sal hulle God as die Outeur daarvan kan aanwys?

As ons nou al die reeds bestaande en al die nog moontlike "spesiale" Sondae voor ons geestesoog laat verbysweef, kom ons tot die geweldige konklusie:

Is daar nog plek vir 'n "gewone" Sondag in die jaar waarop aan God en God alleen die lof en die eer en die aanbidding en die dank kan toekom?

Ek sê: Aan God **alleen,** want in die "spesiale" Sondae word die mens verheerlik **naas** God, indien nie **bo** God nie!

(7) Argumente ten gunste van spesiale Sondae.

Die enigste sterk argument ten gunste hiervan is dat die mense dan ten minste op daardie dag in massa kerk toe gaan. Mense wat anders nooit in die kerk kom nie, kom op daardie dag.

Die erediens word vir hulle "aantreklik" gemaak. Daarom kom hulle.

[108] Die vraag is egter:

Wat trek die mense op sulke dae na die kerk: die behoefte aan Gods genade of die sensasie van die gebeurtenis?

Die erediens moet **volkome** aan **God** gewy word.

In die erediens spreek God tot sy volk en hulle beluister en besing Sy Naam!

Waarom nou die eredienste "aantreklik" maak met "spesiale" aan die mens gewyde Sondae?

Het die Woord van God dan so min krag?

Ek stem saam dat daar op sulke dae mense kerk toe kom wat andersins nie sou kom nie. Maar waarom moet die diens van God nou verwater word om aan te pas by die sensasiejag van die sondige mens!

Die groot vraag is egter: Is" daardie soort erediens nog 'n deur God ingestelde en God welbehaaglike diens? Of dien die kerk daarin nie maar net die **mens** nie?

As die "WOORD van God in sy SUIWERE en EENVOUDIGE bediening geen aantrekkingskrag het nie, waarom moet dan, om in die mens se smaak te val, die diens van God verwater en besoedel word?

Om die erediens, buite die Skrif om, op te smuk met strikkies en tierlantyntjies, met ditjies en datjies, kan nie anders as uit die Bose wees nie!

(8) Eenheid van die Gemeente.

Volgens die eis van God moet elke erediens daarin bestaan dat die Woord van God aan die gemeente van Jesus Christus gebring word. En die gemeente bestaan in sy **eenheid** uit 'n groot verskeidenheid: moeders en polisie en dokters en ouers en kinders en handearbeiders, ens. **Almal** is maar net **lidmate** van die **een liggaam.**

So stel Ef. 6:1-9 dan ook aan ons dat die gemeente bestaan uit kinders en ouers en vrymanne en slawe.

Die hele Heilige Skrif lê sterk klem op die **eenheid** van die gemeente.

Teen die bedoeling van die Skrif in **verskeur die "spesiale" eredienste die eenheid van die liggaam van Jesus Christus in 'n klomp Klein groepies wat berus op 'n menslik selfingestelde en willekeurige indeling!**

Ook dit is 'n groot beswaar teen "spesiale" Sondae!

Alle "spesiale" dienste is in wese niks anders nie as 'n stukkie humanistiese menseverering buite die Skrif om!

[109] Pragtig is daarom die besluit van die Gereformeerde Kerk, nl. **dat ons as Gereformeerde Kerk geen "spesiale" Sondae ken volgens Gods Woord nie**[1].

As die vraag dus weer eens gestel mag word: Is "spesiale" Sondae Skriftuurlik? kan ons uit die Woord van God net een antwoord gee:

DIT IS **MENSLIKE** INSTELLINGS BUITE DIE WOORD VAN GOD OM! Of om die woorde van Samuel te gebruik: **Dit is afgodery en beeldediens**!

As u bostaande nou klaar gelees het en u hou in gedagte dat een van die kenmerke om kerk van Jesus Christus te wees die suiwere bediening van die Woord is, weet u waarom u lidmaat is van die Gereformeerde Kerk.

En hierdie bewering van my word gestaaf deur die reeds genoemde publikasie **Kerk en stad,** waar insake die spesiale Sondae nog die volgende vermeld staan: "Die **nadele** van hierdie gebruik is ook sterk deur getuies beklemtoon. Die sug na sensasie en oppervlakkige gemoedsaandoening word op hierdie wyse nog sterker die Kerk ingedra; **die gewoonte staan in die teken van die sektewese** (swartdruk deur skrywer). Dit lewer min blywende vrug, en dit kan in die gemeente lig 'n wispelturige gehoor kweek, afkerig van die vaste spyse van Gods Woord, en berus op steeds nuwe prikkeling vir 'n kwynende geestelike lewe.

"Die gewoonte lei ook tot **mens-** in stede van Godsverering. Die moederverering en die roudienste het 'n Roomse smaak; dit laat dink aan die Maria-verering en gebede vir afgestorwenes." En tog, ten spyte van hierdie getuienis, bly die W.G. Kerke volhard met hulle "spesiale" Sondae.

In aansluiting hierby dink ons aan 'n berig in **Die Transvaler,** 10 Mei 1957: "Kerkrade van die N.G. Kerk is gister deur die Sinode versoek om geen spesiale Sondae en Biddae waar te neem, behalwe die wat die kerkjaar en die Sinode voorskryf nie.

"Die kommissie wie se aanbeveling deur die Sinode aanvaar is .... meld dat die opbreking van die gemeente in groepe op grond van leeftydsgrense, belangekringe en beroepsklasse nie strook met die Skrifgegewens nie".

[110] Hiermee word duidelik erken dat die N.G. Kerk gedurende die loop van baie jare hom op groot skaal vasgeanker het aan gebruike wat "nie strook met die skrifgegewens" nie.

Ten spyte hiervan behou die Sinode hom die reg voor om nog sekere spesiale Sondae voor te skryf Sou hierdie Sondae, soos byvoorbeeld Gesin-Sondag, Polisiesondag, e.a., wel strook met die skrifgegewens? Of verhef die Sinode hom hier self bo die Skrif?

Opsommend kan ons die verskil in die prediking tussen die drie Hollandse susterkerke soos volg saamvat: Die Gereformeerde Kerk se predikante is gebonde aan die leersuiwerheid soos vervat is in die Drie Formuliere van Eenheid, Die waarheid van die Woord, soos dit uitgekulmineer is in die skriftuurlike suiwerheid, is die kenmerk van die Gereformeerde prediking, en dit is meer as wat van die ander twee Kerke gesê kan word.

Indien u weer terugblaai na hoofstukke I en V en weer lees wat sommige predikante van die Hervormde Kerk vrylik verkondig het asook hulle standpunt teenoor die Drie Formuliere van Eenheid, val dit moeilik om te kan beweer dat die Hervormde Kerk deurgaans die predikers is van die suiwere Evangelie. Ek sal die Hervormde Kerk eerder beskou as draer van die vrysinnigheid en liberalisme as draer van die skriftuurlike waarhede.

Die Ned. Geref. Kerke daarteenoor is die beliggaming van die Metodisme. Voorbeelde om dit te bewys is legio. Vir hierdie doel kan ons egter net een aanstip wat heeltemal voldoende is:

Op 8 Mei 1956 was daar 'n groot saamtrek van jongmense in Pretoria gewees. Hoewel

[1] Sinodale acta van die Geref. Kerk, 1952.

dit voorgedoen is asof dit "interkerklik" sou wees, was dit egter 'n saamtrek van jongmense van die N.G. Kerke. **Die Kerkbode** het dan ook 'n breedvoerige rapport daaroor gehad.

In **Die Kerkblad** van 20 Junie 1956 skryf Prof. S. du Toit die volgende oor hierdie saamtrek: "Die hele saak is 'n **tipiese Metodistiese 'revival-meeting', met die gebruiklike getuienisse van bekeringe.** Ja, 'n mens kry die indruk of dit 'n vergadering van Billy Graham sonder Billy Graham is. Dit wil ons voorkom of Graham oortref is. Volgens 'n persberig is deur 'n prediker die volgende woorde gebruik wat 'n rilling deur 'n mens laat gaan: Maak julle hart oop vir Jesus, al is dit net op 'n skrefie!' Dit is vir die Here Jesus nie 'n vernedering om deur die skrefie te gaan nie — so word betoog. Maar die indruk wat 'n mens kry is dit: **die skrefie moet eers daar wees.**

[111] "Hierdie hele prediking is in direkte stryd met Skrif en Belydenis! Luister na die Dordtse Leerreëls (Hoofstuk III/IV, par. 11): 'Hy (nl. God) dring ook tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde Gees wat die wedergeboorte skenk; Hy open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is; Hy besny wat onbesnede is'. Hy het voorwaar nie 'n skrefie nodig nie," skryf dr. Du Toit.

Voeg hierby die skrikwekkende tema **"Gee God 'n kans"** tydens 'n gesamentlike Pinksterdiens in die Stadsaal van Johannesburg gedurende die laat veertiger jare (ek meen dit was in 1947-1948), en dit is genoeg om te kan beweer dat die Ned. Geref. Kerke nie altyd die Skriftuurlike suiwerheid as maatstaf gebruik in die sin soos die Calvinisme dit verstaan nie.

§2. Die suiwere bediening van die Sakramente.

a. Die Heilige Doop.

Ons ken volgens die Heilige Skrif net twee sakramente: die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal.

Volgens die Kategismus is die Doop die teken en seël daarvan dat ons "ook deur die Heilige Gees vernuut en geheilig (word) tot lede van Christus ...."; en insake die kinders bely ons: " .... daarom moet hulle ook deur die doop, as deur die teken van die Verbond in die Christelike Kerk ingelyf word".

Met die doop word die kind, synde verbondskind, ingelyf in die gemeente van Jesus Christus. Die aanneming tot lidmate van die kerk geskied dus al met die doop. Terloops kan hier gemeld word dat die Gereformeerde Kerk, volgens die Woord van God, NIE so iets ken as "aanneming" as daarby bedoel word die aflegging van die geloofsbelydenis nie. Aanneming tot **lidmaat** van die kerk geskied met die doop. En om in die gemeente ingelyf te kan word, hou dit vanselfsprekend in dat die doop in die gemeente moet geskied.

Dit is dan ook die gebruik in die Geref. Kerk. So word dit ook in die doopsformulier gestel in die eerste vraag aan die ouers, nl. of hulle glo dat die kinders "in Christus geheilig is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees".

Vas en duidelik is dit: **doop is 'n gemeentelike plegtigheid**!

Ook in die kring van die N.G. Kerke word dit as sodanig aanvaar, want in art. 215 van die **Wette en Bepalinge** van die Transvaalse kerk lees ons dit ook so.

Maar hierdie artikel is by hulle nie van bindende gesag nie, al staan dit daar as 'n "wet", want die huisdoop is by hulle geen vreemde gebruik nie.

Sodra die huisdoop inkom, word die betekenis van die doop geweld aangedoen en sy diep simboliese betekenis verwater.

[112] Nou dink ek aan 'n predikant van die genoemde Kerk wat op 'n sekere dag 'n huisgesin besoek het waarin 'n aantal ongedoopte kinders was. Toe hy dit verneem, roep hy hulle daar en dan bymekaar en doop die hele groep!

Ter bevestiging van die bewering dat die N.G. Kerke die huisdoop toelaat, verwys ons na 'n berig in **Die Transvaler** van 6 Junie 1955. Die koerant vermeld dat ds. G. J. J. Boshoff die doop bedien het. Wat uniek was van hierdie doopplegtigheid, was dat die eerste kind van die groep wat gedoop is, deur die vader ten doop gehou is (soos dit in Holland die gebruik is) waarop die res van die groep vaders dit ook almal gedoen het! Nou gaan die koerant verder: "Net na afloop van die diens het ds. Boshoff 'n opgeskote kindjie in die konsistorie gaan doop. Die ouerpaar het die diens bygewoon en wat was die leraar se verbasing groot toe ook hierdie vader die kindjie by sy vrou neem om vas te hou"!

Waar ons die lig op wil laat val, is die doop in die **konsistorie.** Dit was dus in hierdie geval geen **gemeentelike** plegtigheid nie maar 'n doop buite die gemeente om! Hoe die

predikant aldaar die doopsvraag kon gestel het,..en daarom as lidmate van **sy gemeente** behoort gedoop te wees?" en hoe die ouers op die vraag bevestigend kon antwoord, weet ons nie!

Maar nog 'n treffender voorbeeld word verhaal in **Die Vaderland** van 25 Mei 1956, bl. 16:

"Ds. Van Heerden het op hierdie dag vir die vyfde keer 'n sakrament vir sy seun voltrek, naamlik om hom en sy eggenote se eersteling, Linda, te doop.

"Mnr. Van Heerden is deur sy vader gedoop, voorgestel, aangeneem en in die eg verbind en nou is sy dogter ook deur hom gedoop.

"Dit was so treffend om op so 'n stil Sondagoggend 'n bekende gesang daar in die plaashuisie op Rietvlei te hoor weerklink waar so 'n twintigtal familielede bymekaar gekom het om die doop van die kind by te woon. Treffend ook was dit om die volle doopsformulier daar in die huisie tussen die akasia- en bloekombome te hoor. Die eenvoudigheid van die omgewing het die plegtigheid des te waardiger gemaak ...."

"Vir mnr. en mev. Van Heerden was dit 'n voorreg om voor hul vader te staan en te wag dat hy hulle kindjie 'n naam moet gee", verhaal die koerant.

En onderaan die foto wat die berig vergesel het, lees ons die volgende: "Die doopwater is in die silwerbekertjie wat op die tafel staan (op foto). Hierdie beker is aan mev. Van Heerden toegeken toe sy nog 'n leerling van die hoërskool te Uniondale [113] was. Mnr. Van Heerden, haar eggenoot, het as verrassing vir haar die ou bekertjie te voorskyn gehaal en dit vir die doopwater gebruik."

Tot sover die berig in **Die Vaderland.**

Hiervolgens lei. ons die volgende af:

(1) Die doop is hier geen Christelik-gemeentelike fees nie maar bloot 'n gewone familieplegtigheid.

(2) Volgens die Woord van God is die doop die sakramentele bevestiging van die waaragtigheid van die verlossing in Jesus Christus. Volgens hierdie berig dien dit egter net as blote naamgewing.

Nou spreek ons nie eers verder oor die "spesiale" doopbak en die geheel onskriftuurlike bewering as sou die huwelik en "aanneming" en "voorstelling" sakramente wees!

Wat bogenoemde "doopplegtigheid" betref, het ek nie gelees dat dit van die kant van die N.G. Kerk amptelik afgekeur is nie; inteendeel, met die inskrywing van hierdie kind se naam in die Doopregister van die Kerk, bekragtig die Kerk hierdie handeling en kan dit beskou word as 'n suiwere kerklike optrede in die geledere van die Ned. Geref. Kerk!

In die radioberigte op Sondag, 19 Februarie 1956, is onder andere uitgesaai van ds. J. J. Odendaal wat sy eerste kleinkind gedoop het met water wat uit die Jordaan afkomsüg sou wees. En om maar net een voorbeeld uit die dagpers ook aan te haal: "Vyf kinders van Bultfontein is Sondag gedoop in water wat van die Jordaanrivier, Palestina,

afkomstig is.

"Die water is na Bultfontein gebring deur ds. Z. B. Loots, wat Palestina onlangs besoek het", lui 'n berig in **Die Transvaler** van 1 November 1955. bl. 9.

Doop met "spesiale water" uit die Jordaan! Sensasie! iets spesiaals! Spesiale water maak 'n spesiale doop! Dit is radio- en persberigte! Nuus!

En daar om is u Gereformeerd, omdat u u Heilige Doop nie aan bygeloof en menslike spesialiteite verbind nie! In die eenvoud word die bevel van Christus volbring!

Die Heilige Doop is by die Gereformeerde Kerk nie 'n middel om geld mee te bekom nie. Die sakrament word by ons nie verkoop nie. Wil iemand 'n dankoffer by die geleentheid gee, mag hy dit en soveel as wat hyself verkies, aan die diakonie vir armversorging afdra. Maar die sakrament te verkoop teen vasgestelde bedrae! Nimmer!

[114] In art. 381 van die "Wette en Bepalinge" van die Ned. Herv. of Geref. Kerk lees ons:

"(a) By die doop van 'n kind op die gewone tyd.....5/-.

(b) By die doop van 'n kind op buitengewone tyd .....15/-.

(c) By die aanneming van lidmate op die gewone tyd .....7/6.

(d) By die aanneming van lidmate op buitengewone tyd .....£1-0-0."

En van hierdie gelde moet die kerkraad weer heffing betaal aan die Sinodale Fonds.

Te betaal vir die sakramente wat Christus vir die versterking van sy gelowiges daargestel het, laat ons 'n nasmaak kry van die gebruike van die Rooms-Katolieke Kerk!

Genoeg om te weet waarom u Gereformeerd is.

b. Die Heilige Nagmaal.

In verband met die Nagmaal sal ons effens breedvoeriger wees.

(1) Die betekenis van Nagmaal.

(2) Hoedanig Pasga gevier is.

(3) Die simboliese betekenis van die tafel- en die beker-gemeenskap.

(4) Die kelkies of die beker.

(1) Wat die **betekenis van die Nagmaal** betref, spreek die formulier daarvan in duidelike taal.

Die diepe betekenis hiervan is om die gemeenskap met die lyde en dood van Jesus Christus te deel. Nagmaal spreek *van* diepe gemeenskap. Dit spreek van meer as net gemeenskap, maar vir hierdie doel volstaan ons met net die gemeenskapsgedagte. En nie net gemeenskap met Christus in die versterking van die geloof nie, maar ook gemeenskap met mekaar soos die formulier sê: " . . . net so sal ons almal saam een liggaam wees en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys".

Samevattend stel ons Geloofsbelydenis, art. 35, dit soos volg: "Kortliks, deur die gebruik van hierdie Heilige Sakrament word ons beweeg tot vurige liefde jeens God en ons naaste. Daarom verwerp ons alle bymengsels en verwerplike vindinge wat mense by die Sakrament byvoeg en daarmee vermeng het, as ontheiliging daarvan ...."

Hierop wil ons die klem laat val.

(2) **Die viering van die Heilige Nagmaal** moet ons egter sien teen die agtergrond van die viering van die Pasga.

[115] Aan die Pasga moes deelneem die hele huisgesin sowel as diegene wat op daardie tyd in daardie huis vertoef het. Hierdie mense was vanselfsprekend Jode. Dit was dus eerstens 'n geslote en tog algemene fees.

Tweedens moes almal saam aanlê aan dieselfde tafel.

Dan het hulle saam van die Paaslam geëet.

Die gesin kom hier saam as eenheid.

In die tyd van Jesus is die Paasfees soos volg gevier: Eers word die beker wyn deur die huisvader as verteenwoordiger van die priester dankseggend geseën en rondgereik, Elkeen drink daaruit. Hande word gewas en bitter kruie geëet. Die huisvader verklaar die betekenis van die Pasga. Die lofsang word gesing en wel die eerste deel van die Paashallel, Ps. 113, 114. Die tweede beker word nou uitgedrink. Dan word die brood en die paaslam geëet. Daarna was die huisvader die hande, dank God en seën die derde beker, wat die beker van danksegging heet. Die derde beker word nou deur almal gedrink.

Die vierde beker word hierop ingeskink en die tweede deel van die Paashallel gesing, nl. Pss. 115-118.

Die instelling van die Nagmaal het geskied met die derde beker.

Hiervolgens kan ons tot die volgende konklusie geraak:

(i) Die Pasga was nie 'n wawyd ope fees nie, en hoewel die hele Israel dit gevier het, moes dit in geslote kring geskied.

(ii) Tweedens word dit gekenmerk deur die aansit aan die selfde tafel.

(iii) Die derde kenmerk is die saam eet uit dieselfde bak en saamdrink uit dieselfde beker.

Dit was nie toevallig nie maar het 'n diepe simboliese betekenis gehad wat ook die wese van die Nagmaal aandui, vernaam daar die Nagmaal die voortsetting is van die Pasga.

Wat punte (ii) en (iii) betref sal ons dit onder (3) en (4) bespreek. Ons bespreek egter (i) hier nader.

Die gebruik sowel in die Ned. Herv. Kerk as in die Ned. Geref. Kerke is dat enigiemand wat aan 'n "susterskerk" behoort, kan toetree, net solank as wat hy of sy nie onder sensuur is nie.

In hierdie verband haal ons aan dat ds. C. B. Brink geskryf het in **Die Kerkbode** van 15 September 1954, bl. 323.

"Die Gereformeerde en Presbiteriaanse Kerke behoort lidmate van ander Kerke te verwelkom by die bediening van die Heilige Avondmaal. Die Tafel behoort aan die Here, nie aan ons [116] nie. Die Sakrament behoort nie geweier te word vir enige persoon wat gedoop is en wat die Here Jesus liefhet en Hom bely as die Here en Saligmaker nie".

Hiervolgens staan dit enige sekte ook vry om Nagmaal te mag gebruik in die Ned. Geref. Kerke.

Maar oor hierdie aspek sal ons nader klem laat val in die artikel oor die toesighouding deur die ouderlinge.

Nagmaal is die voortsetting en vervulling van die Pasga, en soos die huisgesin saam as geslote kring die Pasga gevier het, so moet ook die gemeente as een groot huisgesin saam fe^{e}svier. Dit is geen wyd ope fees nie maar is eerstens geslote en tweedens moet dit geskied onder toesig van die kerkraad.

Met hierdie gebruik om die deure wyd oop te gooi K^{a}n dit gebeur en het dit gebeur dat mense wat in die Geref. Kerk onder tug verkeer, by 'n ander kerk gaan Nagmaal gebruik het. En hierdeur word die heiligheid van die Nagmaal besoedel.

Daarom dat die Gerei Kerk voor elke Nagmaal elke lidmaat laat besoek deur die ouderling en word daar voor elke Nagmaal sensura morum gehou en die tug toegepas, sodat die menslike verantwoordelikheid om toesig te hou nie verwaarloos word nie. En indien iemand as gas wil toetree, moet hy vooraf eers verlof daartoe ontvang, en die verlof word alleen gegee indien in die kring van die kerkraad getuienis oor daardie persoon verleen kan word.

(3) Die simboliese betekenis van die tafel- en die beker-gemeenskap.

Die oorspronklike viering van die Heilige Nagmaal het geskied aan 'n gemeenskaplike tafel, en almal het uit dieselfde beker gedrink. **Dit is nie toevallig nie, want die insettinge van God ken geen toeval nie!**

Deur saam te sit aan dieselfde tafel (destyds het hulle skuins aangelê) word die **eenheid** en **saamgebondenheid** uitgedruk, en die saamdrink uit dieselfde beker voeg by hierdie eenheid die **onderlinge liefde,** Om saam aan te sit is om saam met die gemeente u voor die Heiland te stel om onder die gebruik van die teken wat Hy gegee het, uit dieselfde beker die genietinge van sy liefde in te drink.

Nagmaal simboliseer nie alleen die eenheid van die gelowiges met Christus nie maar tewens ook ons eenheid met mekaar as lede van dieselfde liggaam. En dit kom alles tot uiting in die tafel- en bekergemeenskap. Deur saam te sit, te eet en te drink doen ons dit, soos die Nagmaalsformulier dit stel, ook met die daad.

[117] Kuyper stel dit soos volg: "Tog is dit ryker vir die genieting van die siel self op daardie oomblik as dit ten volle bewys is van die seënryke uitstorting van Gods genade in die eet en die drink aan die tafel van die Here in die gemeenskap van die gelowiges"[1].

En die diepste gemeenskap word juis gesimboliseer in die saamsit, saameet en saamdrink. Saam sit aan dieselfde tafel, saam eet uit dieselfde bak, saam drink uit dieselfde beker.

En as u nou die uiteensetting van die viering van die Heilige Nagmaal lees in die Nagmaalsformulier, dan vind u dat nadat die Nagmaal gevier is en ons die eenheid met die daad bekragtig het, dit bevestig word met hierdie woorde: "Tewens word ook ons deur dieselfde Gees ook met mekaar, as lidmate van een liggaam, in waaragtige broederlike liefde saamverbind." Deur in die Heilige Gees saam aan te sit wat, 'n liggaam in sy eenheid doen, saam te eet en saam te drink, bevestig ons die gedeelte van die Nagmaalsformulier: "Want soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word, en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn en drank vloei en tot een vermeng word, net so sal ons .... almal saam een liggaam wees, en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys."

Eers as ons saam gevier het, kan ons sodanig wees.

En dit is juis die viering aan die een tafel, die drink uit die gemeenskaplike beker en die eet uit die gemeenskaplike bak wat die waaragtige eenheid uitdruk en staan as ware simbool en teken van die waaragtige liefde.

Wyle ds. S. J. du Toit het die wegneem van die tafel soos Hy het dit vergelyk met die wegvoer van die ark uit Israel se heiligdom en, sê hy, met die wegneem van die tafel verwerp die kerk (i) die naam Nagmaal, (ii) die instelling deur Christus, (iii) die voorbeeld van die apostoliese Kerk, (iv) die insettinge van die Hervormers, (v) die verordeninge van die Dordtse Vaders, (vi) ons heerlike Nagmaalsformulier, (vii) ons nagmaals-psalms en (viii) die aansit aan die Hoër Nagmaal[2].

---

[1] Dr. A. Kuyper: **Voor een distel een mirt,** bl. 138.

[2] Dr. J. D. du Toit: **S. J. du Toit in weg en werk, bl.** 362

(4) Die kelkies of die beker.

Uit bogenoemde vloei dit al duidelik dat met die afskaffing van die tafelgemeenskap 'n groot deel van die simboliese eenheid in die viering van die Heilige Nagmaal al daarmee heen is.

Daarmee is die Skrif verbygegaan en die mens bo die Skrif verhef.

[118] **A. Wat leer die Skrif ons?**

Die viering van die Heilige Nagmaal moet steeds teen die agtergrond van die Pasga gesien word wat deur God presies ingestel is.

Matth. 26:27 "Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle, en hulle het almal daaruit gedrink."

Hier vind ons die bevestiging dat met die instelling van die Nagmaal almal wel uit dieselfde beker gedrink het.

Lukas verhaal dit so (Lukas 22:17): "En toe Hy 'n beker aangeneem het, dank Hy en sê: neem dit en deel dit onder julle".

Hieruit kan gekonkludeer word dat almal nie saam uit dieselfde beker gedrink het nie. Die bevel dui ook nie daarop nie, net solank as wat die inhoud daarvan onder mekaar verdeel word. Maar hier dien daarop gelet te word dat die Here spreek van 'n beker en nie van **hierdie** of **die** beker nie. En die Griekse taal waarin die Nuwe Testament geskryf is, laat besonder klem val op die bepalende lidwoord "die" of "hierdie". Hierdie lidwoord ontbreek by hierdie beker. En tweedens moet ook hierop gelet word dat hierdie beker, waaruit die dissipels die inhoud kon onderverdeel het, **nie** dui op die Nagmaalsbeker nie.

Van die Nagmaalsbeker lees ons eers in vers 20. "Toe neem Hy ook die beker na die maaltyd en sê: **Hierdie** beker is die Nuwe Testament in My bloed, doen dit so dikwels as julle **daaruit** drink tot My gedagtenis ...."

Wie se oë nie verblind is deur die sonde van eiegeregtigheid nie, sal hierdie Bybeltaal helder en duidelik vind!

In hierdie verband wil ek 'n paar outentieke aanhalings maak.

Dr. F. W. Grosheide verklaar die sinsnede in Matth. 27: 26 "drink almal daaruit" soos volg: "Pantes (dit is die Griekse woord vir 'almal') staan met nadruk agteraan (in die Grieks), Jesus wil dus bepaal dat **almal** sal drink uit dieselfde beker. Daardeur word die gemeenskap onder mekaar aangedui[1].

Dr. N. H. Ridderbos verklaar dat in die bloedstorting van Christus na Goddelike ordening die Verbond bevestig word. Daarom moet ook al die dissipels uit dieselfde beker drink[2].

In sy kommentaar op Markus verklaar dr. J. A. C. van Leeuwen dat met die rondgee van die beker almal daaruit gedrink het, onderwyl die vertelling van die betekenis van die beker geskied het.

[119] Dr. S. Greijdanus verklaar Lukas 22:20 dat die lidwoord voor die beker dui op die spesifieke beker. Weliswaar so stel hy dit, gaan dit om die inhoud van die beker. En dan verklaar hy dit so: "Nie die wyn in die beker stilstaande of rustende nie maar as. uit die beker uitstromende, hetsy in afsonderlike bekertjies, hetsy in die monde van die dissipels[3].

Halleluja! sal een van die kelkie-ondersteuners nou miskien uitroep: daar het ons dit uit die mond van 'n Gereformeerde!

Maar dan vergeet hulle dat die wyn in die kelkies direk uit die beker moet kom **en dan**

---

[1] Dr. F. W. Grosheide: **Kommentaar op het Nieuwe Testament,** bl. 316.

[2] Dr. N. H. Ridderbos: **Korte Verklaring der Heilige Schrift, bl. 190.**

[3] Dr. S. Greijdanus : **Het Heilig Evangelie naar de beskrijwing van Lucas.** deel II, bl. 1057.

nog voor die oë van almal.

Maar, verklaar dr. Greijdanus in **Korte verklaring,** "ook is die beker, d.i. die wyn in die beker, nie uitgestort nie, hoewel dit uitgedrink word en baie waarskynlik uit **dieselfde** beker en nie uit een beker in klein bekertjies vir elkeen van die dissipels nie, maar dat die Here se bloed sou uitgegiet, uitgestort word, vergiet tot versoening van die sonde van die Here se gelowiges"[1].

En hy gaan voort deur te verklaar dat ons die woord "uitgegiet" moet neem as behorende by die **beker.**

Dr. E. P. Groenewald, van die Ned. Geref. Kerk, gee in sy kommentaar oor Markus die volgende verduideliking: "Nadat almal van die brood geëet het, neem Jesus die beker van danksegging op, d.i. die derde beker .... spreek die dankgebed uit en gee die **beker** aan sy dissipels met die **uitdruklike bevel** dat **almal** daaruit moet drink." Hy voeg verder by dat hierdie saam-eet die tafelgenote saamsnoer tot 'n hegte gemeenskap. **"Deurdat hulle aan dieselfde beker deel kry, word die eenheidsband nog hegter".**

Hy verklaar verder dat die saamdrink uit dieselfde beker hulle as 't ware verbind tot 'n familie van Christus. Dit beteken volgens dr. Groenewald, dat hulle as 't ware verbind is tot 'n nuwe volk van God wat met die Here en met mekaar in die nouste gemeenskap verkeer.

Dr. Groenewald beklemtoon hier presies dieselfde as wat ons as Gereformeerdes se opvatting is. Die wese en betekenis van die Nagmaal bind ons dus om die tafelgemeenskap te handhaaf asook die saamdrink uit dieselfde beker om daardeur met ons daad te kenne te gee dat ons almal saam een liggaam is.

Om die standpunt van sy eie Kerk egter te verdedig voeg dr. Groenewald by hierdie uitnemende skrifverklaring die volgende sin by: "Die gemeenskap vind sy gronde nie alleen in die feit dat hulle aan dieselfde beker deelgeneem het nie ...."[2].

[120] Hieruit kry ons die groot erkenning dat die bekergemeenskap **wel** grond van die Nagmaalsgemeenskap is, al is dit, volgens dr. Groenewald, nie die enigste grond nie. Al sou die bekergemeenskap net één wesentlike onderdeel daarvan wees, beteken dit dat om daardie onderdeel weg te neem, die hele inhoud skade ly.

Die wegneem van die tafel- en bekergemeenskap in die viering van die Heilige Nagmaal, ontneem by hierdie wyse van nagmaalviering juis daardie simboliese gedeelte wat die eenheid van die gelowiges onderling tot uitdrukking moet bring.

Juis daarom is ons Gereformeerd omdat ons nog vashou aan die Skriftuurlike instelling en betekenis van die Heilige Nagmaal!

Die rede vir die invoering van die kelkies in plaas van die beker word deur dr. Jac. J. Muller soos volg weergegee:

"Die besware teen die een beker wat rondgaan en waaruit almal drink was veral tweërlei: Eerstens was daar iets onkies en hinderliks in om by die heilige tafel iets te doen wat gemeentelede nooit anders in hulle huise sou doen nie ...., tweedens was daar oorwegings van higiëniese aard, nl. die moontlikheid van die oordra van aansteeklike siektes op die wyse. Gedagtes van bogenoemde aard verstoor die siele-kalmte van die nagmaalganger en trek die aandag af van die geestelike verrigting en sy betekenis"[3].

Hiermee het die geagte professor 'n geweldige aanklag teen sy eie Kerk opgestel.

Die gedagte dat die saamdrink die sielekalmte verstoor, is 'n geweldige aanklag teen die sielsgesteldheid van daardie persone. Dit kom maar net daarop neer dat daar 'n fout in

---

[1] Dr. S. Greijdanus : **Korte Verklaring der Heilige Schrift,** bl. 29.

[2] Dr. E. P. Groenewald : **Die Evangelie volgens Markus,** bl. 351-352.

[3] Dr. Jac. J. Muller : In U Lig, bl. 73.

die eie hart is as jy weier om die eenheid met 'n medegelowige met die **daad** te bevestig! Is die gebruik van kelkies nie dalk 'n miskenning van die bevel van Christus nie?

Waar die kelkies in gebruik is, spreek dit in die eerste plek van gebrek aan gemeenskap. Daarop het ons breedvoerig in die voorafgaande gewys, en daarmee is 'n groot deel van die betekenis van die Heilige Nagmaal daarmee heen. Tweedens spreek dit van **liefdeloosheid.** Die een wil nie saam met die ander drink nie. Wie uit kelkies drink, gee daarmee te kenne. Ek beskou myself beter as ander! Kelkies is dus 'n openbaring van eiegeregtige trotsheid en verwaandheid. Die egte liefde ontbreek vir mekaar. En daarmee is die siel uit die sfeer van die werklike betekenis van die Heilige Nagmaal geruk. Ten derde is die kelkies [121] 'n daarstelling van menslike eiegeregtigheid .... of sou God dit nie bedoel het as bindend toe Hy die Pasga en die Nagmaal ingestel het nie? En op hierdie punt spreek die Skrif: "Tevergeefs vereer julle My deur leringe te leer wat gebooie van **mense** is" (Matth. 15: 19).

As Gereformeerdes wil ons liewer art. 35 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis, wat vir ons iets werkliks is, uitleef: "Deur die gebruik van hierdie Heilige Sakrament word ons beweeg tot **vurige liefde** jeens God en **ons naaste. Daarom verwerp ons alle bymengsels en verwerplike vindinge wat mense by die Sakrament byvoeg en daartoe vermeng, as ontheiliginge daarvan ....**"

Die kelkies is nie alleen 'n miskenning van die hele Nagmaalsformulier nie, maar dit is ook teenstrydig met die Geloofsbelydenis, wat die kelkie-drinkers wel op papier aanvaar!

Benewens die feit dat die kelkies spreek van gebrek aan **gemeenskap** en simbool is van **liefdeloosheid,** spreek dit ook van **ongeloof.**

Ons glo dat niks oor ons kan kom as dit nie uit die hand van die Here is nie. Op eiegeregtige wyse trag die kelkie-drinkers om hulle gesondheidstoestand te handhaaf. Ons verwys na die bogenoemde uitspraak van dr. Muller dat die tweede rede vir die invoering van die kelkies higiëniese oorweging is.

Hier werp ons teen: Die Nagmaalsbeker is silwer en daarom nie 'n voortreflike draer van siektekieme nie. Ook is alkohol nie 'n besondere draer nie. Maar bowenal word in hierdie beweegrede die werking van God in die viering van die Heilige Nagmaal geloën. Hulle betwyfel die Almag van God dat Hy hulle teen aansteeklike siektes kan bewaar!

Voorwaar, die redes waarom die verskillende kelkies die gemeenskaplike beker vervang het, dui op **gebrek aan onderlinge liefde** en op **ongeloof.**

Waar beker staan as simbool van liefde, gemeenskaplike geloof en eenheid, is die kelkies die simbool van selfverheffende eiegeregtigheid!

Maar nou, wat daarvan as die Gereformeerdes uit twee bekers drink? Feit is dat hoewel daar meer as een beker is, dit nogtans anders gesteld is as met die kelkies, want die eenheids-gedagte bly: 'n groep gelowiges sit saam, eet saam en drink saam in liefdevolle geloofseenheid! En as die een groep gegaan het en die ander gekom het, word die ou wyn nie uitgegooi nie, maar altyd net aangevul, en daardeur word die kontinuïteit van te drink uit dieselfde beker en van dieselfde wyn nog steeds gehandhaaf!

[122] En al sou daar tien bekers wees, solank as 'n groep gelowiges net saam daaruit drink as die aktuele herinnering aan die gemeenskaplike beker by die instelling van die Heilige Nagmaal deur onse Here Christus. Net solank as 'n groep gelowiges saam drink, en elkeen uit die gemeenskaplike beker drink om daardeur met hulle daad hulle eenheid met mekaar in Christus Jesus te kenne te gee, vind die Nagmaal, wat hierdie aspek betref, sy ware betekenis.

Die saamdrink is 'n magtige openbaring van eenheid, liefde en geloofsgemeenskap. Nog meer: dit is ook 'n magtige profesie van ons eenheid in die Here in die hiernamaalse lewe!

Nie alleen wat die tafel- en bekergemeenskap betref, het die N.G. Kerke die weë van die Skrif byster geraak in selfverheffende eiegeregtigheid nie, maar in daardie Kerk is selfs so ver gegaan om "nagmaal" met koffie in te stel! So 'n "nagmaalsviering" het al in Bethal plaasgevind. "Als zij geen wijn hadden, was koffie ook goed; en als zij geen koffie hadden, was flauwe thee ook goed; en als zij geen brood hadden, konden zij iets anders in dien plaats nemen, want het komt niet op de uiterlijke teekenen aan, maar op het geloof", sou die predikant verklaar het[1].

In duidelike taal word die skrifgegewens hier misken en in die plek daarvan die menslik-eiegeregtige verklaring gegee, asof die uitwendige tekens, wat deur Christus Self daargestel is, van nul en gener waarde is!

En nou moet u nie dink dat hierdie predikant op sy vingers daaroor getik is nie.

Die redakteur van **Het Gereformeerde Maandblad,** 'n orgaan van die N.G. Kerk, was erg sarkasties teenoor diegene wat wou weet of die instelling van nagmaal met koffie "wettig" was. En hierdie redakteur, wat boonop met dr. A. Kuyper se standpunt oor die handhawing van die oorspronklike instelling van die nagmaal erg spot gedryf het, was toentertyd 'n professor aan die Kweekskool te Stellenbosch![2].

Ons kan dus nie anders as om Gereformeerd te wees, omdat in die viering van die Heilige Nagmaal ons nog trag om Skriftuurlik-georiënteerd te wees.

En mag die Here onse God ons altyd daartoe help!

§3. Die toepassing van die tug.

Die derde kenmerk van die kerk van Christus is die handhawing van die kerklike tug.

[123] **a. Algemeen.**

(1) Noodsaaklikheid daarvan.

Die tug is noodsaaklik; dit is die vervulling van die Skrifopdrag. Ons dink hier aan Matth. 18: 17, waar die Here beveel dat diegene wat nie wil luister na die vermaninge nie, vir ons moet wees soos 'n tollenaar en heiden. Deurgaans in die Heilige Skrif vind ons immers die opdrag om die sonde uit eie boesem te weer, hetsy persoonlik, hetsy gemeentelik. So word in Openbaring 2: 14, 15 die klag van God oor die gemeente in Pergamus opgeteken dat hulle sondige mense in eie boesem toegelaat het en dit beskou God as 'n onbekeerde toestand in die gemeente. Dit vind ons ook in Openbaring 2: 20 in die brief aan Thiatire.

Dit is die bevel van God dat die kerk op aarde moet streef om die mense wat volhard in die sonde, te weer uit die boesem van die gemeente van Jesus Christus.

Ons noem dit kerklike tug of sensuur.

En. 'n gemeente wat dit nie doen nie, staan aangekla as onbekeerd!

(2) Die doel van die tug is:

(i) om die sondaar tot verootmoediging te lei om hom sodoende te bewaar van die ewige verderf;

(ii) om die gemeente van God suiwer te bewaar en nie die toorn van God oor die gemeente te laat kom nie;

(iii) om die Naam van God vir lastering te bewaar. Hoe strenger die tug toegepas word, hoe suiwerder staan die gemeente en hoe kragtiger die werking van die geloof. Tug is 'n liefdesdaad.

(3) Waarom gaan dit in die tug;

---

[1] Dr. J.A.S. Oberholster : Die Gereformeerde Kerk onder die kruis in Suid-Afrika, bl. 128.

[2] Ibid., bl. 129.

Die tug strek oor **leer** en **lewe.** Sodra iemand openbaar dat hy of in leer of in lewe in stryd met die Skrif handel en daarin volhard, is dit die taak van die kerkraad om die bevel van God biddend uit te voer en die persoon te weer uit die Gemeente.

(4) Hoedanig moet opgetree word in die sensuur?

Hier verskil die Geref. Kerk van die ander kerke.

Kortliks stel ons die prosedure in die Geref. kringe.

Sensuur begin waar die een lidmaat die ander moet vermaan. As na verskeie vermaninge die sondaar nie wil luister nie, moet twee of drie getuies saamgeneem word. Volhard hy dan nog, dan eers moet die saak volgens Matth. 16:17-19 by die kerkraad gerapporteer word.

[124] Die wyksouderling moet dan eers alleen gaan vermaan; en indien dit nie wil help nie, moet hy 'n mede ouderling saamneem. Bly die persoon volhard, dan eers mag die saak op die kerkraad ter sprake gebring word.

Die eerste stap is dan, nadat die kerkraad oortuig is, van die verharde houding van die sondaar, die dissiplinêre afhouding van die Sakramente. Hiervan weet die gemeente nie.

Bly die persoon volhard in die sonde, na vermaninge, is die prosedure verder soos volg:

Die eerste trap van die kerklike tug. Dit bestaan in die afkondiging aan die gemeente dat 'n broeder of suster onder die eerste trap van die tug geplaas is, en die sonde word dan spesifiek genoem. Die persoon se naam word nog nie genoem nie.

Daarop volg die tweede trap, Eers word die advies van die klassis ingewin, wat moet oordeel of die kerkraad se optrede deurtastend genoeg was.

Is die Klassis daartoe oortuig, word die kerkraad adviseer om oor te gaan tot die tweede trap: die persoon se naam en die gebod waarteen hy oortree het, word aan die gemeente afgekondig, met die aankondiging daarby van die voorgenome afsnyding.

Sodra 'n persoon egter berou het en die kerkraad oortuig is van sy berou, word hy herstel. Die herstelling staan op gelyke trap met die trap van sensuur waaronder hy verkeer. As 'n persoon byvoorbeeld onder die eerste trap was, word dit afgekondig aan die gemeente dat 'n broeder of suster wat as gevolg van hierdie of daardie gebodsoortreding onder die eerste trap was, daarvan onthef is, By die tweede trap word sy naam genoem en as hy afgesny was, moet hy volgens die formulier daarvoor vasgestel, opgeneem word.

In die geval van 'n gruwelike openbare sondes tree die kerkraad dadelik op — soms met die eerste trap! Hierdie prosedure is Skriftuurlik opgebou.

Hierdie prosedure bestaan egter nie by die ander twee kerke nie. Wat die Ned. Geref. Kerk van Transvaal betref, handel art. 305-373 van hulle **Wette en Bepalinge** oor die tug.

Volgens die presbiteriale stelsel, wat ons as Geref. Kerk voorstaan, berus die taak van sensuur alleenlik by die kerkraad. Dit kan ook nie anders nie, want die kerkraad is die enigste wat deur Christus as sodanig daargestel is en met jurisdiksie bedeel is.

Selfs in gevalle van kerklike ampsdraers handel die kerkraad oor hulle. Op advies van die meerdere vergadering word hulle eers geskors en afgesit uit hulle amp, en dan volg die gewone [125] tugprosedure. Die kerkraad alleen het mag om af te sit uit die amp en te skors met inagneming van die advies van die meerdere vergadering.

Volgens die Ned. Geref. Kerk, art. 305, van hulle **Wette en Bepalinge,** word die mag van sensuur ook aan die Ringe en Sinodes, toegeken. Dit is eerstens onskriftuurlik en tweedens in stryd met die egte presbiteriale stelsel. Nou moet ons immers ook aanvaar dat beide die N.G. Kerke en die Ned. Herv. Kerk nie presbiteriaal in kerkregering is nie maar 'n sterk kollegialistiese gees openbaar. Die N.G. Kerke is wat kerkreg betref, nie presbiteriaal nie maar presbiteriaans, d.w.s. hulle het maar net 'n Afrikaanse verwerking

van die Skots-Presbiteriaanse kerkregtelike begrip.

Volgens die Skriftuurlike, presbiteriale stelsel moet 'n gemeentelid, eerdat hy 'n medegemeentelid by die kerkraad aankla, hom self eers vermaan en daarby nog getuies neem indien hy volhard (Matth. 18: 15, 16). Art. 308 van die **Wette en Bepalinge** skuif die Skrif hier opsy en bepaal dat alle lede van die gemeente wat nie onder sensuur staan nie, reg het om 'n aanklag te doen.

Volgens die Woord van God moet ons ons eers vergewis van die waarheid van die misdaad voordat die kerkraad optree. Die Ned. Geref. Kerk se ouderlinge kan hulle egter ook aan skinderstories steur, want "lede van die Kerkvergaderinge is ampshalwe verplig om kennis te neem van verspreidende nadelige gerugte ook wanneer daar geen bepaalde klag voor hul gebring word nie" (art. 309).

Hier word ook die hele prosedure van Matth. 18:15-17 verbygesien.

In die kring van die Geref. Kerk word die heiligheid van die ampswerk en die Christelike eerlikheid bo die familiebande verhef. In die N.G. Kerk mag mense wat familie is of direkte aangetroude familie, geen uitspraak gee in tugsake nie (art. 314), en indien daar te veel sulke mense op 'n kerkraad mag dien, moet, volgens art. 334, die rustende kerkraadslede op hierdie kerkraadsvergadering ingebring word om hulle oordeel te gee. Volgens die presbiteriale stelsel ken ons nie so iets as "rustende kerkraadslede" nie. Iemand staan direk in die amp of nie.

Lees 'n mens artikel 316-318, vind jy daarin die suiwere taal van die **aardse wetsbepalinge** en wat vreemd is aan die **kerkordelike** reëlings van die Christelike kerk. Dit is by hulle 'n beskrywing van 'n soort hofsaak. Dit verbaas ons ook nie, want **Die Kerkbode** van 2 Julie 1924 maak van die kerkraad 'n laer hof, van die Ring 'n hoër hof en van die Sinode die hoogste hof. Ook in artikel 322 van hulle Kerkwette vind ons 'n suiwere aardse wetgewing waarin bepaal word dat die onkoste wat [126] verbonde is aan so 'n kerklike "hofsitting", deur die persoon "wat skuldig verklaar is of in die ongelyk gestel word", betaal moet word, en art. 323 bepaal hierdie onkoste nader.

Nog 'n groot verskil tussen die tug-begrip by die Gereformeerdes en die Ned. Geref. Kerk is dat die tug by die Gereformeerdes en die presbiteriale opvatting **geen straf is in die sin van 'n wêreldse hofuitspraak nie maar 'n geestelike tugmiddel in liefde.** By die Ned. Geref. Kerke straal die wêreldse opvatting helder deur in art. 340: "Indien 'n lidmaat skriftelik 'n tugwaardige sonde aan die Voorsitter van die Kerkraad bely, of erken, sal die Kerkraad 'n **straf** na die eis van omstandighede oplê".

Hierdie artikel is ons insiens ook nie met die Skrif georiënteer nie, want die Skrif leer ons dat wanneer ons ons sondes bely ons vergewe word. Hierdie artikel spreek van **straf.**

Artikels 384 e.v. is ons insiens heeltemal Skriftuurlik onsuiwer.

(Miskien kan dit hier gemeld word dat hiervolgens 'n predikant volgens die beroepsbrief nie predikant van 'n gemeente is nie, maar hy is predikant van die kerk sonder dat die kerkraad waaraan hy verbonde is kerkregtelike mag oor hom besit. Die predikant word hier verhef BO die vergadering wat die Here daargestel het. Daarmee tree ook in miskenning van die formulier vir die bevestiging van ouderlinge, aangesien dit aan die Ring sensuurmag toeken, wat volgens die presbiteriale stelsel nie moontlik is nie.)

b. Toepassing van die Tug in verskillende Kerke.

(1) Ned. Geref. Kerke.

In hierdie verband wil ek hulleself tot getuie teen hulleself inroep:

In **Die Kerkbode** van 16 Maart 1955, bl. 330, skryf ds. J.G. Kotzé soos volg: "Orals hoor ons die klag dat òf niks òf weinig tereg kom in die gemeentes. Vandag bly die sensurabele oortredings uitsluitend beperk tot voorhuwelikse gemeenskap. Maar wat van die ernstige oortredings (betref) soos diefstal, aanrandings, egbreuk, dronkenskap, radikale ongeloof, versuim om sakramente te gebruik .... Hier het ons te doen met 'n

onverklaarbare ongerymdheid en onverdedigbare versuim in die boesem van die Kerk van Christus".

"Met **die skrikwekkende gevolge** dat die eer van God in die modder vertrap word; die gemeente gruwelik verontreinig word en die Kerk versuim om een van die uitstaande middele deur God gegee tot bekering, te hanteer", verklaar hy verder.

Dit is 'n mooi skrywe.

[127] **Die Kerkbode** van 25 November 1953, bl. 788, erken dat "dit blyk dat die oorgrote meerderheid van Kerkrade erken dat daar verslapping ingetree het ...."

Op hierdie artikels wil ek nie kritiek lewer nie. Dit is van die mooiste en ernstigste wat ek nog ooit in **Die Kerkbode** gelees het, en wel omdat dit dui op 'n ontwaking en terugkeer.

Weliswaar bestaan daar 'n groot verskil in die prosedure van die Geref. Kerk en die optrede van die N.G. Kerke volgens hulle **Wette en Bepalinge,** maar indien die tug eers oor die **lewe** van die lidmate begin uitgeoefen word, sal dit later self ook oor die **leer** volg, en dan sal die Geref. Kerk en die N.G. Kerk baie nader aan mekaar kom as al daardie onsuiwere leerstellinge uitgesuiwer is.

As Gereformeerdes kan ons alleenlik daarom bid. Maar intussen bly die verskille in hierdie opsig nog groot, want tot aksie het hulle nog nie gekom nie.

En wanneer hulle tot die aksie moet orgaan, sal hulle nog eers die metodes daartoe moet vind, want op die oomblik blyk dit dat die kerkrade en predikante van die Ned. Geref. Kerke nie weet presies HOE om sensuur toe te pas nie. Ter bevestiging hiervan verwys ek na **Die 'Kerkbode** van 25 November 1953, bl. 788, waarin verklaar word dat sekere tuggevalle sommer deur 'n kommissie afgehandel word en verder: "Wat tog kan 'n mens verwag van 'n kennisgewing wat per pos gestuur word, sonder 'n liefdevolle maar ernstige vermaning ....".

"Verder verklaar die blad: "Dat die tug *by* ons so weinig aan sy doel beantwoord, kan alleenlik daaraan toegeskryf word dat dit op onnadenkende wyse toegepas word of dat dit in onverskilligheid nagelaat word. En dit is weer 'n aanduiding van ons geestelike onmag".

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat wat die tug betref, dit in die N.G. Kerke verval het, of om dit uit te druk soos een van hulle predikante dit aan my gesê het: Dit is 'n geslote boek!

Ons vind dat alleenlik nog, volgens hulle eie getuienis, mense wat voor die huwelik geslagsgemeenskap het — en natuurlik net wanneer dit geopenbaar word — onder tug geplaas word. Daarom kon ek, volgens navraag gedoen, nie meer as ongeveer **een** uit elke 15,000 lidmate vind wat onder die tug verkeer nie!

Laat ons nou alle ander sondes weglaat en net die oortreding teen die vierde gebod, Sabbatsontheiliging, neem.

Volgens 'n berig in die **Kerkbode** van 21 Desember 1955, bl. 985, blyk uit 'n berig van dr. T. C. de Villiers dat die werklike [128] getal persone wat die oggenddienste in die N.G. Kerke bywoon, 14.6% en die aanddienste 9.9% van hulle sieletal beloop.

Hierby voeg hy nog die wisselende gevalle en bring die totaal dan op 22% en 18% vir die oggend en aand respektiewelik te staan.

Hy konkludeer dat 4 uit elke 5 persone die Kerk nie meer met gewone eredienste besoek nie.

Met Nagmaalsviering is dit beter gesteld. Dit word bygewoon deur 32% van die lidmate.

Hierby voeg ons nog die gevalle van die wisselendes wat af en toe kom, en dan word dit opgestoot tot 40%.

Dit beteken dat 60% van die lidmate van die N.G. Kerke sensurabel is vanweë die oortreding van die vierde gebod alleen!

Of om dit anders te stel: Ons hoor so dikwels dat hulle al meer as eenmiljoen in sieletal tel. **Daarvan behoort 600,000 onder tug geplaas te word**!

Is dit nou vreemd dat **Die Kerkbode** weeklaag oor hulle "geestelike onmag", terwyl hulle tog die getalle het?

Is dit te verwonder dat ds. Kotzé spreek: "Daar moet beter beheer oor die **amptelike** werk in ons Kerk kom", en: "Ons moet ons onverbiddelik ontwortel aan alle sweem van 'n volkskerk idee. **Christus se Kerk is meestal 'n minderheidsgroep op aarde en van 'n andersoortige karakter—dit het niks met getalle te maak nie"**[1].

In droewige taal merk **Die Kerkbode** van 25 November 1953, bl. 788, dan ook op "dat die kerklike tug vandag nie aangemerk word as een van die belangrikste dinge in die kerklike lewe nie". Dit spreek ook van die "onbesliste houding van die Kerkraad en die swewende ideaal van 'n volkskerk, wat alle volksgenote wil insluit".

Wat die kerklike tug betref, is dit by die N.G. Kerke nog 'n geslote boek! En daarmee is gesê dat een van die kenmerke ontbreek wat 'n Kerk kwalifiseer om kerk van Christus te wees!

Dat die N.G. Kerk inderdaad "geestelik onmagtig" is blyk duidelik uit die besluite van die Sinode sitting van die Transvaalse Kerk.

Ons haal net die besluite oor die Vrymesselaars aan.

Hierdie Sinode het hom skerp, uitgespreek teen die Vrymesselary. Onder andere is besluit dat die Vrymesselary is:

"1. 'n Godsdiens wat bestaan in 'n sinkretisme van verskillende godsdienste en, by konsekwensie van hulle leer, [129] nie glo in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees nie;

2. godsdienstige verering rig tot 'n mensgemaakte godsbegrip wat verkry is uit verskillende godsdienste en nie glo in die besondere openbaring van Gods Woord as die enigste kenbron van die waarheid nie;

3. op antroposentriese-humanistiese wyse glo aan die deugdelikheid van die mens en nie glo in die algehele bedorwenheid van die mens nie;

4. streef na selfverlossing van die mens deur goeie werke en nie glo aan Jesus Christus as die enige verlosser van die mens nie;

5. soek na 'n "kerklike" eenheid wat bo alle geloofsverdeeldheid verhewe is en nie glo in die belydenis van ons Kerk nie;

6. 'n eksklusiewe broederskap en liefdadigheid beoefen wat nie voldoen aan die Christelike naasteliefde nie"[2].

Ons wil dadelik erken dat bogenoemde 'n sterk besluit is (afgesien van die feit dat daar miskien begripsverwarring bestaan tussen die woorde: geloof "in" en geloof "aan").

Maar hoe word dit nou in die praktyk toegepas?

Die Vaderland, 8 Mei 1957, berig dat die lidmate "ten strengste" vermaan sal word om nie by hierdie beweging aan te sluit nie, en wie daaraan behoort "dringend te vermaan" om hul so spoedig moontlik los te maak van hierdie beweging.

"Daar is ook besluit dat geen Vrymesselaar tot enige kerklike amp gekies mag word nie".

Maar indien 'n persoon nou weier om van hierdie beweging te bedank en hierdie

[1] Die Kerkbode, 16 Maart 1955, bl. 330.

[2] Die voetnoot verskyn nie in die boek nie. Dit verwys na die handelinge van 'n Sinode van die NG Kerk in Transvaal.

dwaalleer wat teen die "Woord van God ingaan, nog krampagtig bly vashou, wat dan? En hier kom die geestelike onmag van hierdie Kerk baie duidelik na vore: "'n Deel van die aanvaarde voorstel, naamlik dat op Vrymesselaars wat na 'n langdurige vermaning en onderrig nie wil bedank nie, tugmaatreëls toegepas sal word, omdat hulle hul skuldig gemaak het aan tugwaardige dwalings in die leer, is .... **nie aanvaar nie".**

By konsekwensie van hierdie besluit kan lidmate van die N.G. Kerk rustig voortgaan om afgodsdiens te pleeg, selfs die geloof in die Drie-enige God te misken, en daar sal niks aan hulle gedoen word nie .... hulle kan rustig lidmate van die Kerk bly!

Gewis geestelike onmag!

[130] **(2) Die Ned. Herv. Kerk.**

Waar in die kringe van die N.G. Kerke die klank begin verrys van die herstel van die kerklike tug, ontbreek dit nog veelal in die kringe van die Ned. Herv. Kerk.

Ek dink in hierdie geval in besonder aan 'n artikel in Rooi Rose van Maart 1956 waarin gehandel is oor die kerkbesoek. Waar dr. J.A. Schutte van die kant van die Geref. Kerk die noodsaaklikheid van strenger tug beklemtoon het, was die standpunt van ds. J. I. de Wet van die Herv. Kerk dat "die Kerk se grense nog weier oopgegooi moet word, anders dien die Kerk nie sy doel nie". Hy wil die verskil tussen lidmaat en nie-lidmaat heeltemal afgeskryf sien.

Hoewel dit die siening is van ds. De Wet, is dit nie vreemd aan die siening van die Herv. Kerk nie. Hulle wil 'n volkskerk word waaraan elkeen wat lid van die volk is, mag behoort. Dit gaan dus nie om die eer van God nie maar om volksdiens. Die

kerk moet volgens hulle nie staan teenoor die wêreld nie maar saam met die wêreld. En daarom beskou hulle die kerklike tug eintlik as iets wat wegjaag, en daarom iets wat weggewerp moet word.

In die Herv. Kerk is daar egter ook 'n ortodokse stroming, en van hulle kant word die tug nog gehandhaaf

In 1953 het skrywer hiervan 'n vraelys aan al die gemeentes van die Ned. Herv. Kerk en van die Geref. Kerk in Suid-Afrika gerig. Onder andere het van die vrae oor tug en kerkbesoek gehandel.

Uit die gegewens het dit geblyk dat sekere gemeentes nog wel die tug handhaaf, en die opmerklike is dit dat waar die tuggevalle nog voorkom, die persentasie kerkbesoek heelwat hoër staan as in die ander gemeentes waar dit nie voorkom nie.

Volgens die antwoorde ontvang van bykans die helfte van die gemeentes uit die Ned. Herv. Kerk, blyk dat die meeste gemeentes nie meer tug toepas nie. Ander pas dit weer strenger toe. Wat die gegewens betref, kom ons tot die volgende konklusies:

In 1953 is daar uit elke 2,060 lidmate in die Ned Herv. Kerk een onder die kerklike tug geplaas.

En wat die kerkbesoek betref, het dit volgens die antwoorde geblyk dat gemiddeld 23.7% van die lidmate die oggenddienste en 20.5% die aanddienste bywoon; met die Nagmaalsviering 50.7%.

Indien ons nou net die getal nagmaalsgangers neem en daarby nog ongeveer 10% voeg op grond van bogenoemde berekening in Die Kerkbode vir wisselende gevalle, blyk dit dat ongeveer [131] 40% van die Ned. Herv. Kerk se lidmate hulle vir die oortreding teen die vierde gebod alleen tugwaardig stel.

Die vraag is net: Word die tug wel toegepas?

c. Die Gereformeerde Kerk.

Wat die Gereformeerde Kerk betref, het die geblyk dat een uit elke 200 lidmate onder een of ander trap van kerklike tug geplaas is, en volgens die jongste statistieke is dit een

uit elke 50 lidmate.

Hoewel die ander kerke ook nog in hulle formuliersboeke die Formulier vir die afsnyding of Christelike ban het, word dit by hulle geheel en al nie meer gebruik nie.

Tog vind ons dat die afsnyding volgens die formulier in die kring van die Gereformeerde Kerk nie onbekend is nie.

Volgens die genoemde opname het dit geblyk dat gedurende die afgelope paar jaar 27 mense volgens die Formulier van die Christelike Ban van die Kerk afgesny is.

Uit 'n 30-tal gemeentes is daar 1953, 223 mense onder die kerklike tug geplaas. Hiervan het slegs 55 die Kerk bedank.

Van die kant van die ander Kerke word dikwels beweer: Wat help dit om iemand onder tug te plaas? Hy bedank tog maar net die kerk! Hierdie redenasie is eerstens gerig op die eer van die kerk en nie op die eer van God nie, en tweedens is dit ook onjuis. Min mense bedank die kerk. En as iemand die kerk bedank as gevolg daarvan, het hy of sy per slot van sake dit nog nooit ernstig bedoel met hulle godsdiens nie en is hulle 'n dooie verlieg as lidmate van die kerk. Hulle heengaan is dus wins!

Uit hierdie aantal wat die Geref. Kerk bedank het as gevolg van sensuur, het 21 by die Ned. Herv. Kerk aangesluit, 20 by die Ned. Geref. Kerke, 5 by die sektes en die ander het kerkloos gebly.

Hiervolgens bereken ons: 38.2% van diegene wat die Geref. Kerk bedank, as gevolg van sensuur, word deur die Ned. Herv. Kerk opgeneem, 36.4% deur die Ned. Geref. Kerke, terwyl 16.4% kerkloos bly en die sektes die skrale aantal van 9% in hulle boesem verwelkom.

Aan die ander kant kan gekonstateer word dat die Geref. Kerk sy deur gesluit hou vir gesensureerde lidmate van ander kerke.

Aangesien die Geref. Kerk die tug nog handhaaf, vind ons dat die gemiddelde kerkbesoek in die oggend te staan kom op 49.8%, die aanddienste op 34.3%, terwyl die Nagmaaldienste deur 77.1% bygewoon word.

[132] Bereken ons weer op die verhouding van bogenoemde, blyk dit dat goed 'n 90% van die lidmate van die Geref. Kerk nog aan die Kerk verbonde is.

Hoewel die N.G. Kerk met meer as 1,000,000 mense onder sy ressort sit, en die Geref. Kerk nog nie eers die 100,000 gehaal het nie, kan ons deur die genade van God getuig dat die Geref. Kerk, hoewel klein in getalle, nie "geestelik onmagtig" is soos die N.G. Kerk met sy massa mense nie.

En juis daarom wil ons Gereformeerd wees, om dat nie die getalle nie maar die kenmerk van kerk van Christus te wees ons doel en ideaal is.

Ten slotte kan ons insake die tug nog die volgende opmerking maak. Die groot verskil tussen die sensuur in die Gereformeerde Kerk en die ander kerke is die volgende:

(a) In die Geref. Kerk word 'n persoon onder tug geplaas, en daar is 'n gestadige beweging na afsnyding, en die tug duur totdat hy berou betoon of natuurlik totdat hy afgesny is.

In sowel die N.G. Kerke as die Herv. Kerk word 'n persoon 'n tyd lank onder tug geplaas — drie of ses maande — en of hy nou al berou het of nie, die tug word opgehef!

(b) 'n Tweede aspek is dat by die N.G. Kerk die ontheffing nie kom direk op berou nie maar op die verloop van die tyd wat as vonnis en straf beveel is. Hierdie soort tug is haas geen tug in die sin van tug tot bekering nie.

En wat die hele saak van die sensuur betref, sluit ons af met die bewering:

Indien 'n kerkraad huiwer om sensuur toe te pas uit vrees dat hulle daardeur

lidmate sal verloor, dan is

(i) daardie Kerkraad geen ware Raad van Christus se Kerk nie,

(ii) en daardie lidmaat was nog **nooit** waaragtige Christen nie. Dan is dit beter vir die Kerk van Christus dat hy heengaan, want nie die aantal nie maar die opregte Christenskap tel. Die werklike Christen aanvaar die tug as middel uit Gods Hand tot sy behoudenis.

(c) In die kring van die Geref. Kerk strek die tug ook oor die **leer** wat 'n persoon verkondig, en nie alleen oor sy lewe nie. Die suiwerheid van die leer word in die kring [133] van sowel al vier die Gefedereerde N.G. Kerke as in die Herv. Kerk haas nie meer as aan tug onderworpe beskou nie.

En juis daarom wil ons Gereformeerd wees, omdat leersuiwerheid en die opregtheid van Christen te wees vir ons van groter waarde is as aardse grootheid.

[134] HOOFSTUK VII: KERKREGTELIKE STELSELS

'n Kerk word nie alleen deur sy **naam** en **sy leer** geken nie maar ook deur sy **kerkregering.**

Wat die naam en die leer betref, kan beide Herv. en Ned. Geref. Kerk hulle op een of ander wyse nog beroep op die kontinuïteit met die verlede maar wat die kerkregering betref, bestaan daar geen twyfel nie dat net die Geref. Kerk die ou kerk-regeringsvorm tans nog handhaaf. Daarmee word bedoel dat net die Gereformeerde Kerk nog die Dordtse Kerkorde gebruik, terwyl die Ned. Herv. Kerk en die Ned. Geref. Kerke dit geheel en al versaak het.

Vir die doel van hierdie werk kan net gelet word op die presbiteriale en kollegialistiese stelsels.

1. Die presbiteriale kerkregeringstelsel.

Die Gereformeerde Kerk handhaaf die presbiteriale kerkregeringstelsel. Die uitgangspunt is die gemeente van Jesus Christus. Die gemeente word verteenwoordig deur die kerkraad. 'n Aantal gemeentes saam vorm 'n klassis, terwyl ongeveer vier klassisse 'n partikuliere sinode uitmaak en al die partikuliere sinodes saam die algemene sinode.

Die klassis is nie van hoër gesag as die kerkraad of die part. sinode en sinode as die klassis nie. Al hierdie vergaderinge van klassisse en sinodes is dus nie **hoëre** vergaderinge nie maar **meerdere** vergaderinge. Dit wil sê dit is nie vergaderinge wat **hoër** staan as die kerkraad nie, maar vergaderinge waar daar **meer** as een kerkraad op verteenwoordig is. '

Immers, die woord "presbiteriaal" kom van die Griekse "presbiter", wat "ouderling" beteken. Hiervolgens is dit dus duidelik dat die ouderlinge regeer. Ook die predikant is 'n ouderling. En hulle regeer saam in 'n meerdere vergadering, omdat elkeen met 'n lasbrief van sy eie kerkraad verteenwoordig is.

Kortliks kan hierdie stelsel soos volg saamgevat word:

a. Die plaaslike gemeente is selfstandig en is 'n openbaring van die liggaam van Christus.

b. In die Nuwe Testament word die woord "ekklesia", wat vertaal word met "kerk" of "gemeente", altyd gebruik óf vir die plaaslike kerk óf vir die een heilige, algemene Christelike kerk **maar nooit** in die sin van enkel samevatting van 'n aantal gemeentes in dieselfde geloofsverband nie. Om dus te spreek [135] van "die Kerk van Transvaal" of "die Kerk van Kaapland" of die "Kerk van Suid-Afrika" is Skriftuurlik onjuis. Daarom spreek die Gereformeerdes nie van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika nie maar van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Nog meer korrek is om te spreek van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

c. Daar bestaan drie ampte: predikant, ouderling en diaken, en hierdie drie ampte is **gelyk.** Elkeen dek net *'n* verskillende aspek van die geheiligde lewe.

d. Alleen die gesag van Jesus Christus word erken en nie menslike instelling nie.

Wat betref die **gesag** van die meerdere vergaderinge in die presbiteriale kerkregering, is die uitgangspunt weer eens die kerkraad. Alleen die kerkraad is deur Christus daargestel, en daarom beskik alleenlik die kerkraad oor juridiese mag. Die gesag werk nou van onder na bo en nie van bo na onder nie. Omdat die kerkraad met gesag beklee is, daarom ook die meerdere vergadering waarop die kerkraad met volmag verteen-woordig is. Die plaaslike kerkraad erken die gesag van die meerdere vergadering alleen in sake wat nie op die kerkraad afgehandel kan word nie, d.w.s. sake wat al die gemeentes raak. Tweedens dien opgemerk te word dat al sou die kerkraad die gesag van die meerdere vergadering aanvaar, dan is dit nog geen **juridiese** gesag nie, want dit besit geen meerdere vergadering nie. Die gesag van die meerdere vergadering is

slegs sedelik-geestelik. Alleen die kerkraad is met juridiese gesag beklee, wel omdat hulle dit uit die hand van Christus ontvang het[1].

'n Meerdere vergadering het geen heersende nie maar alleen 'n **dienende** gesag.

2. Die Kollegialisme.

Die Kollegialisme daarteenoor se gesag werk van bo na onder. Die kerkraad, ringe en sinode word beskou as hoëre kerklike howe[2].

Waar volgens die presbiteriale stelsel die meerdere vergaderinge alleen met sedelik-geestelike mag beklee is, is dit in die kollegialistiese kring ook juridies. Volgens hulle is die meerdere vergaderinge beklee met wetgewende en heersende gesag. Volgens die kollegialiste is die kerkraad die laagste hof, die ring die hoër hof en die sinode die hoogste hof[3].

[136] Die kollegialiste maak van die kerk 'n vereniging van burgers wat hulle ten doel stel die bevordering van die Christendom. Nie na die doop nie maar na 'n vrye wilskeuse kan jy daarby aansluit of ook bedank. Die gedooptes is ook geen volle lede van die kerk nie maar net "siele".

Hiervolgens is die kerk ook 'n "genootskap" of 'n "vereniging." As vereniging of genootskap brei die kerk homself sover moontlik oor die land uit onder die bestuur van een of 'n aantal persone. Hoewel die Dordtse Kerkorde bepaal dat "

geen dienaar oor ander dienaars, ... enige heerskappy voer nie" (art. 84), word in kollegialistiese kringe die bestuur van die kerk aan 'n kommissie (moderatuur) oorgedra, en aan die hoof daarvan staan die moderator, wat feitlik die heerskappy oor alle ander dienare voer.

Ook die prosedure in die toepassing van die kerklike tug bepaal of 'n kerk presbiteriaal of kollegialisties is.

Volgens die Goddelike opdrag (Matth. 18:15-17) is dit enkel en alleen die bevoegdheid van 'n kerkraad om tug te kan toepas. Dit kan ook nie anders nie, want volgens die bevel van Christus het alleenlik die plaaslike gemeente sodanige regterlike mag.

So is dit dan ook in die Gereformeerde kringe. Al sou die advies van die klassis ingeroep word, nogtans is dit net die **kerkraad** wat tug toepas.

Volgens die kollegialistiese stelsel kan die meerdere vergadering ook tug toepas. Hierdie prosedure is onskriftuurlik, want die meerdere vergaderinge het geen sodanige mag uit die Skrif ontvang nie.

Gesien teen bogenoemde agtergrond wil ons nou let op ons twee susterkerke of hulle presbiteriaal is of kollegialisties.

Die Ned. Herv. Kerk.

Die Ned. Herv, Kerk het sy kerkregtelike begrip ontleen aan die Reglement van Koning Willem I in 1816.

Hy het sy eie kerkwette opgestel, die sinode afgeskaf en in die plek daarvan 'n sinodale kommissie saamgestel wat bestaan het uit 'n aantal predikante, ouderlinge en staatsamptenare. Hy organiseer die kerk van Christus tot 'n departement van openbare bestuur met 'n minister aan die hoof van sake.

Hierdie kerkregtelike beginsels van koning Willem I is suiwer kollegialisties, met 'n sterk territoriale inslag. Hierdie kerkregtelike sisteem het die grondslag van die Ned. Herv. Kerk gebly tot vandag toe.

---

[1] Prof. J. A. du Plessis : Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering, bl. 9.

[2] Ibid., bl. 91.

[3] Ibid., bl. 91.

Die territoriale kerkregeringstelsel is waar die staatshoof ook hoof van die kerk is.

[137] Ook die Kerkorde van De Mist kan getipeer word as kollegialisties-territoriaal. Op grondslag van hierdie Kerkorde het die Herv. Kerk in Suid-Afrika ook gebou.

Ter bevestiging van die kollegialisme in die Ned. Herv. Kerk verwys ons net na 'n enkele geval.

Dat die Herv. Kerk suiwer kollegialisties in aanvang was, blyk uit die notule van die Derde Algemene Kerkvergadering. Smellekamp en ds. Van der Hoff het verskil. Die Vergadering gee ds. Van der Hoff gelyk. Daarop stel ds. Van der Hoff voor: "Ik stel voor hem voor een jaar onder censuur te stellen. De stemming worden genomen, en eenparig geeft men hierin zijne toestemming"[1].

Ons verwys na 'n besluit om die Kerkraad van Wakkerstroom uit die amp te onthef [2].

Ons roep ook in gedagte dat vroeg in die vyftiger jare 'n predikant met sy kerkraad, na ek meen, drie maande onder tug geplaas is omdat hulle geweier het om die gesinstatistieke op te neem.

Hierdie voorbeelde is genoeg om aan te toon dat die Ned. Herk. Kerk aan sy meerdere vergaderinge juridiese mag toeken en tweedens dat die Kerkraad en predikant onder die juridiese mag van die Algemene Kerkvergadering staan en as die Algemene Vergadering nie in sitting is nie, dan wel onder die geregtelike toesig van die Algemene Kerkkommissie.

Genoeg ook om te weet dat die Ned. Herv. Kerk nie alleen in **leer** nie maar tewens ook in kerkregering weggedwaal het van die rigtings wat met die aanvang van die Hervorming aangedui is en met die loop van jare beproef is as die suiwere weg.

Die Ned. Geref. Kerke.

Die Kerkregtelike denke in die geledere van hierdie Kerke het sy basis gevind in die Kerkorde van De Mist.

"De Synode heeft besloten dat de Kerkenorder door den Heer Commissaris Generaal Mr. J. A. De Mist, in het Jaar 1804 ontworpen, beschouwd zal moeten worden als de grondwet der Hervormde Kerk in deze volksplanting ....", lui die besluit van die Sinode van die Kaapse Kerk in 1824[3].

Die uitgangspunt was dus kollegialisties-territoriaal.

Volgens wyle prof. J. du Plessis in **Die Kerkbode** is die kerkraad 'n laer hof, die ring 'n hoër hof en die sinode die hoogste hof[4].

[138] Ter bevestiging hiervan kan ons maar net die besluite van die Sinode van die N.G. Kerk van Transvaal te hand neem.

Die Transvaler, 27 April 1957, berig dat die Kerk van Transvaal in. sy sinodesitting, wat toe aan die gang was, goedkeuring geheg het vir die daarstelling van twee streeksinodes.

Wat die algemene sinode betref, so berig die koerant, "sal dit die algemene belange van die kerk behartig, ... en die lewering van finale uitspraak as hoogste hof van appèl ....".

Insake die streeksinode word berig: "Elke streeksinode sal wetgewende bevoegdheid besit in verband met alle sake binne sy jurisdiksie in soverre as wat dit nie in stryd is met die wette en bepalinge van die algemene sinode nie.

"Elkeen sal ook met die volledige uitvoerende gesag beklee wees in verband met alle

---

[1] Dr. Gerdener: a.w., bl. 216.

[2] Ibid., bl. 280.

[3] Ds. A. Dreyer: Boustowwe, deel III, bl. 208

[4] Prof. J. A. du Plessis: a.w., bl. 91.

werksaamhede van die kerk binne die betrokke gebied met die uitsondering van die werksaamhede wat vir die algemene sinode voorbehou is.

"Die streeksinodes sal verder finale regsprekende gesag besit in alle sake met die uitsondering van die wat vir die algemene sinode voorbehou word".

Hierdie sinodebesluit onderstreep een woord duidelik: kollegialisme!

Die duidelikste bewyse van die kollegialisme blyk egter uit hierdie Kerke se "Wette en Bepalinge". Ons neem ter hand die "Wette en Bepalinge" van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal.

Art. 169 bepaal dat die sinode die hoogste gesag het. Hierdie gesag word uitgeoefen volgens Gods Woord en die "Wette en Bepalinge". Hierdie "Wette en Bepalinge" stel die Kerkraad daaronder.

Nie alleen is hierdie gesags-toeëiening van die sinode nie volgens Gods Woord nie, maar die hele aanleg van hierdie artikel is suiwer kollegialisties.

Net om te bewys dat die sinode nie altyd sy gesag aan die Woord van God ontleen nie, word verwys na artikel 257 en die daaropvolgendes. Hier dra die sinode buite die Woord van God om, die armesorg aan 'n Sinodale kommissie op, terwyl die Skriftuurlike bepaling is dat dit suiwer die werk van die diakonie is.

Ook die bepaling dat die kerkraad onder die ring staan is nie alleen kollegialisties nie maar onskriftuurlik (artikel 81, e.v.).

Neem ook die geval van die sending. Volgens ons presbiteriale kerkbegrip moet daar altyd 'n sendende gemeente wees, soos die gemeente Antiochië vir Paulus en Barnabas uitgestuur het (Hand. 13).

[139] Daarteenoor bepaal die "Wette en Bepalinge" dat die sinode self 'n sendende gemeente is. Volgens art. 292 het die sinodale sendingkommissie die reg om 'n leraar te beroep, terwyl dit Skriftuurlik net die bevoegdheid van 'n kerkraad is. Ook het die aktuaris die mag om die Christelike instelling te vervang, en hy word beklee met die volle mag van 'n kerkraad deur self 'n akte van bevestiging te kan uitreik.

Dit is alles bewyse dat die sinode van die N.G. Kerke geen meerdere vergadering is nie maar 'n kollegialistiese samestelling.

'n Volgende aspek:

Die tug of sensuur is 'n taak wat alleenlik 'n kerkraad kan verrig, omdat dit 'n juridiese daad is en alleen die Kerkraad met juridiese mag beklee is, volgens die presbiteriale kerkregtelike opvatting. In presbiteriale kringe kan 'n gesensureerde wel appelleer na 'n meerdere vergadering; en al word hy daarin gelyk gegee, dan nog kan die meerdere vergadering nie die besluit van die kerkraad tot niet verklaar nie maar die kerkraad alleen van geestelike advies dien. Alleen die kerkraad kan 'n persoon van die tug onthef.

In kollegialistiese kringe is dit egter heeltemal anders, want volgens hulle "Wette en Bepalinge" kan ook die ring (art. 349) en die sinode tug toepas. Nog meer: die ringkommissies alleen kan dit ook doen! Dit is nie alleen kollegialisties nie maar tewens Skriftuurlik onjuis (art. 355, 357, e.a.).

Waar in die Gereformeerde kringe die een amp nie hoër staan as die ander een nie, geskied dit wel in die kollegialistiese kringe. Die predikant en ouderling staan volgens die presbiteriale stelsel immers ook onder die toesig van die kerkraad. Volgens die "Wette en Bepalinge" het 'n kerkraad egter geen kerkregtelike seggenskap oor 'n predikant nie (art. 331) want hiervolgens is die predikant "hoër".

Art. 354 en 349 bepaal dat die predikant en die ouderling onder toesig van die hoëre vergadering staan, en volgens hierdie artikels is die kerkrade self onderworpe aan die tug van die ring.

Waar sal u nou 'n beter bewys kry van kollegialisme?

Dit alles is bewyse dat die "Wette en Bepalinge" van die sinode nie uitgeoefen word volgens die Woord van God nie, soos wat art. 169 dit graag wil hê.

Om die kollegialisme nog verder aan te toon kan ons 'n enkele aantal artikels aanstip: Art. 7. Volgens hierdie artikel word die kerkraad nie in die ring en sinode verteenwoordig nie, maar die ring en sinode verteenwoordig die kerkraad.

[140] Art 16. Die kerkraad verteenwoordig en regeer die gemeente .... en hou hom aan die "Wette en Bepalinge" van die Kerk. Die kerkraad is juridies dus ondergeskik aan die "Wette en bepalinge", t.w. aan die sinode.

Art. 67 voeg hierby: "Elke Kerkraad het die reg om huishoudelike bepalinge te maak, solank dit nie in stryd met die bestaande wette en bepalinge van die Kerk is nie". Dit is dus nie Christus en die Skrif wat hierdie mag aan die kerkraad toeken nie, maar die sinode. En die sinode beperk die kerkraad se mag tot sover die sinode wil. Hier is geen sprake van Skrifgebondenheid nie.

Art. 33 bepaal dat die ringskommissie kan ingryp by die verkiesing en bevestiging van kerkraadslede, wat in wese 'n suiwer gemeentelike saak is.

Art. 52 bepaal dat die kerkraad verantwoording verskuldig is aan die ring van sy finansiële aangeleenthede.

Art. 76 bepaal dat die voorsitter van die ring namens die hele ring kan optree en also namens al die gemeentes in daardie ressort. Die een persoon spreek dan namens die hele ring, en aan sy spreke is die kerkrade onderworpe.

Art. 99 verhef die mag van die ring bo die verantwoordelike en betrokke kerkrade in die geval van die stigting van 'n nuwe gemeente.

Waar volgens die presbiteriale stelsel die predikant onder toesig van die kerkraad staan (sien die bevestigingsformulier) en waar dit in geval van 'n beroep op 'n predikant alleenlik die saak van die betrokke predikant en kerkrade is, is volgens die presbiteriaans-kolegialistiese stelsel die kerkraad nie outonoom nie maar wel die ring. Artikel 149, klousules 3, 7, 8, 9, laat aan die ringskommissie (L.W. net die ringskommissie) die volle regeermag toekom.

Art. 164 ken aan die ring die reg tot bevestiging van predikante toe. Hoe die bevestiging buite die ressort van 'n kerkraad en gemeente om kan geskied volgens die daargestelde formulier, is vir ons volgens die presbiteriale opvatting 'n onverklaarbare saak. Alleen in kollegialistiese kringe is dit moontlik.

In bogenoemde artikels is die grondslag kollegialisties en nie Gereformeerd-presbiteriaal nie.

Een van die beste bewyse van kollegialisme, opgedis met 'n afgewaterde Roomse smaak, is die moderatuur, wat poseer as die werklike regeerliggaam van die hele kerk, met die moderatuur as 'n klein pousie aan die hoof. Hy is in werklikheid die mondstuk van die Kerk. Volgens art. 35 van die Dordtse Kerkorde is [141] die werk van 'n voorsitter in 'n meerdere vergadering afgehandel sodra die vergadering gesluit het. Dit is presbiteriaal. Volgens die kollegialistiese opvatting staan die moderatuur met die moderator as die werklike hoofde van die Kerk, ook al het die sinode afgeloop.

Die moderator is in werklikheid die hoof en die amptelike mondstuk van die Kerk. So verklaar ds. C. B. Brink in **The Star** van 22 Maart 1956 dat die vereniging van die vier gefedereerde Kerke 'n noodsaaklikheid is. "We are trying hard at present to reunite them, and are making very good progress. It is essential that the Ned. Geref. Kerk should speak with one voice about important national problems.

"As the position is at present, it often happens that I as Moderator of the Transvaal Church say one thing and the Moderator of the Free State perhaps something else".

Genoeg ter bevestiging dat die moderator as 'n klein soort pousie aan die hoof van sake staan. Na hom volg die moderatuur, dan die sinode, dan die ring en dan die kerkraad,

wat in werklikheid deur Christus met die hoogste gesag beklee is!

Ds. J. F. Mentz, predikant in hierdie Kerk, verklaar ook: "Nou het die Moderatuur ook al 'n soort kommissie geword en het die moderator geword 'n Moderator van die Kerk in plaas van 'n Voorsitter van die Sinode. Die Kerk het hier tot sy eie nadeel baie ver afgewyk van die Kerkordening en homself baie skade aangedoen"[1]. (Met Kerkordening word hier verwys na die Dordtse Kerkorde.)

Nog 'n verdere bewys van die kollegialistiese inslag is die benaming "Wette en Bepalinge".

Waar die presbiteriale stelsel spreek van "Kerkorde", spreek die kollegialistiese van "Wette en Bepalinge".

Die presbiteriale stelsel trek net die breë lyne, geput uit die Woord van God, vir die praktiese reëlings, terwyl die "Wette en Bepalinge" die hele kerkregtelike aspek 'n wêreldse inslag gee. Daarby word die vryheid van die gemeente van Jesus Christus ook geweldig aan bande gelê deur menslike wette en bepalinge.

Maar om aan te toon dat nie alleen ons as Gereformeerdes die egtheid van die Kerkorde bo die "Wette en Bepalinge" stel nie, haal ons uitsprake aan uit die boesem van die N.G. Kerke self.

"Hou is dit wel te betreur dat hulle (die Sinode van 1824) nie liewer die Dordtsche Kerkenordening, wat tot op 1804 alhier in ag geneem is, tot grondslag van die Algemene Bepalinge [142] geneem het nie, en dit dan gewysig en aangevul het na die behoeftes van die Kerk in ons land, as 'n Reglement **wat in meer** as een opsig **op bedenklike** wyse **afgewyk het van die ou beginsels van die Gereformeerde Kerkreg,** soos in die ou Kerkenordeninge neergelê," spreek wyle dr. A. Moorrees sy mening uit oor die "Wette en Bepalinge" "wat in die N.G. Kerke in gebruik is[2].

"Wat egter waarlik te betreur is," verklaar ds. J. F. Mentz, "is dat hulle die Algemene Reglement vir Bestuur van die Hervormde Kerk in die Koninkryk van die Nederlande as rigsnoer gebruik het. Dit het hulle in heeltemal ongewenste rigting gelei waarvan die Kerk nog nooit heeltemal ontslae geraak het nie"[3].

Hier word verwys na die opstellers van die Kerkwette met die Sinode van die Kaapse Kerk in 1824.

Ook verklaar ds. Mentz: "Die Wetboek is vol artikels gemaak in plaas van dat die groot beginsels vasgelê is sodat na daardie beginsels geoordeel kan word"[4].

Hiermee verwys hy in ondubbelsinnige taal na die Gereformeerde standpunt soos vervat is in die Kerkorde.

Hy verklaar verder: "Ons vrees egter dat dit nou te laat is om terug te kom. Daar is seker min van ons Kerke wat die moed sal hê om nou hulle Wette en Bepalinge te gaan vaslê op hierdie grondslag met die uitskrapping van al wat oorbodig en verwarrend geword het"[5].

Hier word openlik erken dat die Gereformeerde Kerk se kerkregtelike sisteem die korrekte is. Nog meer: dat 'n terugkeer daartoe van die kant van die N.G. Kerke 'n haas onmoontlike saak geword het.

Ds. H. J. C. Snijders bespreek die verwarring wat voortvloei uit die "Wette en Bepalinge". Hy stel die vraag of dit nie tot heil van al vier gefedereerde N.G. Kerke sou wees om een uniforme Kerkorde te hê om alle verwarring en onsekerheid by die lidmate uit te skakel

---

[1] Die Gereformeerde Vaandel, Aug. 1951. bl. 141.

[2] Dr. A. Moorrees: **Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**, bl. 553.

[3] **Die Gereformeerde Vaandel,** Aug. 1951, bl. 140.

[4] Ibid., bl. 141.

[5] Ibid., bl. 141.

nie. En dan stel hy dit: "Daarvoor kan ons as model gebruik die voortreflike Dordtse Kerkorde"[1].

Weet u wat dit inhou?

Dit beteken maar net: Terug tot die Gereformeerde Kerk se kerkregtelike sisteem.

[143] Hoewel die N.G. Kerke sterk trag om die presbiteriale kerkregeringstelsel toe te pas, bly hulle immers kollegialisties vanweë die fondament waarop hulle "Wette en Bepalinge" gebou is. Hierby het gekom 'n sterk presbiteriaanse inslag. Dit beteken dat hulle in werklikheid nie voortbou op die presbiteriale Dordtse Kerkorde nie maar in wese net 'n Afrikaanse verwerking is van die Skotse-presbiteriaanse kerkbegrip wat die N.G. Kerke die vorige eeu totaal oorheers het. Ter bevestiging hiervan roep ons net weer in gedagte die besluit van die Natalse Sinode "dat het ons verblijdt, in de Schotsche Prebyteriaansche Kerk te kunnen erkennen eene Zusterskerk in Zuid-Afrika met dezelfde Leer en hetzelfde Kerkrecht . . .". Let wel: **"Hetzelfde Kerkrecht"!**[2].

[1] Ibid., bl. 145.

[2] Dr. Gerdener ; a.w., bl. 22.

[144] HOOFSTUK VIII: KERKLIKE GEBRUIKE

§1. Gesange

EEN van die verskille tussen die Gereformeerde Kerk en die ander Kerke is dat die Gereformeerdes nie Gesange sing nie, terwyl die ander dit wel doen.

Hoewel die Gereformeerde Kerk nie die Evangeliese Gesange sing nie, kan hieruit nie tot die gevolgtrekking gekom word dat ons teen die sing van gesange is nie; inteendeel, die Gereformeerde Kerk is ten gunste van gesange, **mits hulle uit die Heilige Skrif afkomstig is.**

Maar insake die Evangeliese Gesange let ons kortliks op hulle oorsprong en tweedens op die inhoud daarvan.

a. Oorsprong.

As gevolg van die werking van die gees van die Franse Rewolusie het 'n geestelike doodsheid ook die Christendom grotendeels oorval.

Die logiese gevolg hiervan was 'n kragtige poging tot herontwaking.

So is daar ook in Nederland gevoel dat die doodsheid afgeskud moes word. Maar hierdie herontwaking was ook nog onder die invloed van die gees van die Franse Rewolusie, sodat dit nie gegrond is op die Heilige Skrif nie maar geskied het op eg-menslike wyse. Daar is gevoel dat die Psalms te "doods" is en nie meer met die stemming van die tydsgees ooreengestem het nie.

Dientengevolge is aan 'n aantal digters opdrag gegee om nuwe liedere vir die Kerk te komponeer. En hier kan al dadelik gemeld word dat nie die Heilige Skrif in die eerste plek nie maar die menslike gevoel die grondslag was van hierdie pogings. Daarom verbaas dit 'n mens ook nie dat selfs Roomse en Remonstrante liedere hulle ingang in die Kerk gevind het en dat sekere Gesangewysies aan kroegliedjies ontleen is.

Die invoering van die Evangeliese Gesange, beide in Nederland en in Suid-Afrika, was kerkregtelik ook verkeerd, want nog in Nederland nog in Suid-Afrika het 'n nasionale Sinode daaroor besluit. Dit is sommer so sydelings ingevoer.

In 1796 het die Partikuliere Sinode van Noord-Holland met hierdie saak begin, en geleidelik het die belangstelling uitgebrei, [145] sodat op Nuwejaarsdag 1807 die eerste Gesangbundel in die Nederlandse kerke in gebruik geneem is.

In die voorrede word onder andere verklaar "dat we geen andere gezangen hebben geplaatst, dan die met de belijdenis der Nederlandsch Hervormde Kerk, uitgedrukt in hare formulieren, overeenkomen".

Hiermee word verklaar dat elke Gesang die ware leer van die Kerk vertolk. Hierdie sinsnede moet steeds in gedagte gehou word.

Hierdie eerste bundel het nie aan al die vereistes voldoen nie, met die gevolg dat getrag is om die bundel verder uit te brei. So is onder andere in 1862 reeds 'n konsep van 92 addisionele liedere voor die Sinode gelê. In hierdie geval is daar besonder klem gelê op **digterlike bewerking van die Heilige Skrif.**

Ons sou verwag dat as daar geen beswaar was teen die vrye liedere van 1807 nie, nog soveel te minder teen hierdie groep wat soveel meer op die Skrif gebaseer is. Tog vind ons —so verhaal ds. P. J. Loots aan in sy geskrif **Ons Kerklied deur die eeue,** bl. 160— dat die Sinode hierdie liedere egter nie onvoorwaardelik kon aanvaar nie.

En stel u die vraag; Waarom nie?

Ds. Loots antwoord self omdat hierdie Gesange onder andere **te ortodoks** was!

Hierdie liedere uit die Skrif was te ortodoks!

Die vrye wêreldse liedere, dit mag wel! Maar die liedere uit die Skrif? Nee!

Hierin lees u al klaar 'n duidelike uitspraak wat tuis hoort by die tweede punt, nl.

b. Die inhoud van die Gesange.

Daar is 'n aantal Gesange wat 'n sterk Remonstrantse kleur en smaak vertoon. Indien nou in aanmerking geneem word dat die Sinode van die Herv. Kerk in Nederland verklaar het dat al die Gesange die ware leer van die Kerk vertolk, moet dadelik daarby gesê word dat van hierdie Gesange Remonstrants-georiënteerd is. **Daarmee word uitspraak gegee dat die Herv. Kerk afstand gedoen het van die beginsels van die Dordtse Sinode van 1618-1619, wat juis teen die Remonstrante gehou is. En indien in aanmerking geneem word dat die N.G. Kerke in Suid-Afrika die Evangeliese Gesange ook aanvaar het, kan ons nie anders nie as om te konkludeer dat ook die N.G. Kerke die weë van die ou skriftuurlike waarhede hiermee prysgegee het.** Voeg nog hierby die verklaring van ds. Murray in die Ring van Graaf-Reinet dat die Gesange die **ware leer** bevat en dat elkeen [146] wat die Gesange nie wil sing nie, die liggaam van Christus verskeur, dan weet u ineens dat beide hierdie Kerke wat die Gesange sing, die ou suiwere spoor van leersuiwerheid en egte Calvinisme byster geraak het en dat slegs die Gereformeerde Kerk dit weer in ere herstel het en handhaaf.

Vanselfsprekend is dit onmoontlik om al die Gesange hier te bespreek, maar tog is dit noodsaaklik om 'n aantal aan te stip.

En in hierdie verband wil ek dadelik ds. S. J. du Toit aanhaal, wat self 'n sterk voorstander van die Gesange was. Hy verklaar onder andere dat daar 'n groot aantal Gesange is wat heeltemal afgekeur moes word: 18, 31, 53, 66, 78, 81, 88, 150, 151, 173, 175. Tweedens noem hy 'n groep Gesange waarvan sekere verse afgekeur moet word, o.a. uit Gesange 2, 26, 74, 82, 98, 105, 112, 113, 114, 169, 182, 195.

Maar laat ons 'n paar van hierdie ou Nederlandse Gesange effens nader beskou:

(1) Bedenklik is Gesang 49:1.

> "Een sondaar, die uw voeten kust;
> Een zondaar, een verlost, o Heer!
> En nu geen zondaar meer!"
>
> Hier vind u die klank van suiwere kettery: "En nu geen zondaar meer!"

(2) Gesang 11: 3 is in stryd met Gods Woord. Waar die Woord leer dat God die mens met 'n ewige liefde liefgehad het en hom in sy verlore staat aangeneem het, sing hierdie Gesang

> "Nooit kunt G'iets beminnen, Vader!
> Hoe volkomen 't ons ook schijn',
> Wat Uw heiligheid niet nader',
> U niet poog gelijk te zijn"

Hier vind ons die tipies-sektariese gedagte dat ons eers heilig moet wees aleer ons tot God kan nader. Dis bepleiting van die werkheiligheid. Hiervolgens moet ons eers poog om net soos God te wees voordat Hy ons aanvaar!

(3) Gesang 98, wat na die doop gesing is, het soos volg gelui:

> "Wij bidden U, wil ons om Jezus hooren,
> Aanschouw het kroost, thans door den doop herboren."

Ook hier word 'n valse leer verkondig, suiwer Rooms, dat die doop self regverdigmakend is. Hiervolgens dien die doop nie as simbool van die wedergeboorte nie, maar 'n meganiese werking word daaraan verbind. [147]

(4) Gesang 15 is 'n lied tot lof van die Skepper en 'n samestelling van onbybelse onsin. So word die skepping besien as die heiligdom van Christus en word dit genoem "'n

onbegrensde heiligdom", en lui die Gesang:

"'t Verhelderd oog zoekt alom
Om Jezus in dat heiligdom
Door't stil geloof te vinden."

Verder word vermeld dat die maan en sterre staan as wagters voor U woning.

Genoeg as ons sê: 'n Samestelling van onbybelse onsin!

(5) Net so onbybels is Gesang 31:

"O sterveling! gevoel u waarde.....
Uw grootste taak is hier te leeren
Aan God gelijk te zijn."

Hier vind ons 'n vergoddeliking van die mens, wat 'n tipiese kenmerk is van die liberale sondige lewenskyk: Ons is aan God gelyk!

Dit is wat die Ned. Geref. Kerk en Herv. Kerk beskou het as die WARE leer!

(6) Net so ook is Gesang 33 strydig met die Heilige Skrif. Volgens hierdie Gesang is sonda maar net 'n vergif wat die mens kragteloos maak, en daarvolgens is die natuurlike mens nie dood in sonde en misdade nie.

(7) Onbybels is ook Gesang 20, waar gespreek word van "die naaste pad, wat uitloop op die hemelstad."

(8) Gesang 32 ken nie die toegerekende erfskuld van die Gereformeerde belydenis nie maar leer die Remonstrantse standpunt dat ons erflike smet hoofsaaklik maar in 'n **skuldgevoel** bestaan.

(9) Gesang 62 is 'n sameraapsel van menslike deugde op die voorbeeld van Jesus onder die dekmantel van valse heiligmaking. Hierin verskyn woorde wat geen Gereformeerde mag sing nie:

"Hervorm vooral, volmaak
Myn hart naar uwen smaak;
Heilige Jezus, o heilig mij!

En dan luister u na die Godslasterlike woorde:

"Reine Jezus, geene tochten
van't vleesch, geen driften overmochten
De reinheid immer van uw hart,
Kuischeid heerst' in al uw leden,
Nooit waart Gij, door begeerlikheden,
Of lusten in haar strik verward;
Kuische Jezus! O, heilig mij!
Dat ik als Gij, ook kuisch van hart en wandel sij."

[148] Nie alleen word die mens hier verhef tot gelyk aan Christus te wees nie, maar Christus word hier neergehaal as 'n suiwer menslike wese en Sy Naam word in verband gebring met vuile hartstogte.

(10) In 1896 het wyle ds. S. J. du Toit—ons herhaal weer dat hy self 'n voorstander van die Evangeliese Gesange was—'n brosjure uitgegee onder die titel: **De Evangelische Gezangen getoets aan Gods Woord, en** hier in het hy op die onskriftuurlikheid en Remonstrantsheid van sommige Gesange gewys.

Insake Gesang 53 het hy dit gestel dat dit eintlik een verheerliking van die liberale geloofsbelydenis is van die liberale Drie-eenheid God, Deug en Onsterflikheid, wat voortvloei uit die algemene slagspreuk van die Franse Rewolusie: "Vryheid, gelykheid en broederskap". So lui die aanhef van hierdie Gesang byvoorbeeld dat alles in ons maar kan verdoof, net solank as wat ons bly glo in God, Deug en Ewige lewe.

En as ons nou in die plek van Jesus Christus net in die Deug glo en die Heilige Gees vervang met Ewige lewe, gaan die Gesang voort:

"Dan zal, 't gevoel van mijn waardij
Hoe hobblig hier mijn pad ook zij
Mijn boezem nooit begeven."

Die hoofklem van hierdie geloof val dus maar op "mijn waardij".

Indien u bogenoemde nagelees het, kan u miskien sê: Ja, maar bogenoemde is die Hollandse Gesange, ons Afrikaanse Gesange is immers verbeter.

Dit is reg, ja, maar ons moet steeds in gedagte hou dat die Gesangestryd ontstaan het **toe die Hollandse Gesange nog gesing is.** En die feit dat die Afrikaanse Gesange verbeter is, **is juis die bewys en die erkenning dat die standpunt van die Geref. Kerk korrek was toe hulle daarteen beswaar aangeteken het!**

Daarteenoor het die Ned. Geref. Kerke en die Ned. Herv. Kerk verklaar dat die Gesange die WARE leer vertolk, en dan dink ons ook daaraan dat mense onder tug geplaas is, doop en Nagmaal hulle geweier is en dat hulle nie toegelaat is om Belydenis van die Geloof af te lê indien hulle nie wou verklaar dat die Gesange DIE WARE LEER VERTOLK nie.

[149] Maar ook die Afrikaanse bewerking van die Gesange, hoewel in die bewerking hierdie Kerke implisiet erken het dat die Geref. Kerk in die verlede reg was, is ook nie in alle opsigte suiwer nie.

Laat ons nou 'n klein aantal van die huidige "hersiene" Afrikaanse Gesange betrag in die lig van die Woord.

(1) Gesang 182:1, besing die kerkhof as "die stille rusplaas van die dode". Indien die dode in die stilte van die graf sou rus en dat die kerkhof hul rusplek is, is dit 'n loëning van die Skrifgedagte dat daar nie so "'n stille rusplaas" tussen dood en opstanding is nie en tweedens dat die siel na hierdie lewe dadelik tot Christus sy Hoof opgeneem word (Heid Kat, Antwoord 57).

(2) Gesang 191:6 weerspieël 'n suiwer liberale gedagte in soverre dat die wederkoms van Christus net as die "toekoms" voorsien word:

"My Heiland dat u Toekoms my
tot troos hier op my loopbaan sy."

Die Here, wat van ewigheid tot ewigheid is, word hier aan die tydsberekening onderwerp asof Hy self nog wag op 'n "toekoms". Dit is 'n loëning van die Here se ewigdurendheid.

(3) In Gesang 52:3 word gespreek van "is Hy vlees vir ons geworde, en ontledig tot die dood". Die ontleding van Christus het volgens die Skrif (Fil. 2:7) plaasgevind met Sy **geboorte.** In hierdie Gesang word dit aan sy dood verbind. Dit steun die ketterse gedagte dat Christus nie van geboorte Seun van God is nie maar eers op aarde dit geword het. Daarom dat Hy eers met sy dood ontledig is as Seun van God om aan die mens gelyk te word.

Hierdie selfde vers beweer dat Christus na die doderyk gedaal het. Dit klink wel Skriftuurlik, maar die inhoud van hierdie woorde verskil van wat die Skrif daarmee bedoel (Heid. Kat., Antw. 44). Volgens die Gesang is Christus se dood **geen soendood** nie maar enkel en alleen 'n sterwe soos 'n gewone mens wat die **doodstoestand** betree

(4) Gesang 37:2 sing van "die sonde .... voer die heerskappy."

Dit is iets wat strydig is met die lewe van 'n gelowige deur die Gees. Ons ontken nie die mag van die sonde nie, maar die heerskappyvoerder in die siel van die gelowige is nie die sonde nie maar wel die Heilige Gees.

(5) Gesang 36: 1 beskryf die Bybel, die "evangeliewoord" as dit wat ons die verlossing skenk. Christus word hier geheel en al verbygesien. 'n Mens plaas jou hoop nie op die Bybel nie en vertrou nie in die Bybel as dit wat jou sal red nie, maar [150] in die **Christus** wat in die Bybel openbaar word. Hiervan weet hierdie Gesang nie.

Hierdie Gesang versaak verder die inwendige roeping en verwerp die egtheid van die geloof. Net solank as ons die uitwendige geskrif het waarop ons ons hoop en vertroue stel, is die saligheid verseker.

Dit bots ook met die **ware** Evangeliewoord dat nie elkeen wat sê "Here, Here, sal ingaan in die Koninkryk van God nie".

(6) Volgens die Heid Kat. vr. en antw. 44 glo ons dat Jesus Christus in sy ganse lyde maar veral aan die kruis die hel deurworstel het, en die hoogtepunt daarvan is reeds bereik aan die kruis toe Christus met 'n groot stem uitgeroep het: "My God, My God, waarom het U My verlaat", en later getuig het: "Dit is volbring".

Volgens Gesang 132:2 het Hy die "vloek vernietig in die graf".

Dit beteken volgens hierdie Gesang dat die hel eers na die kruis en t.w. na die dood deurworstel is.

Dit is 'n onsuiwere voorstelling en openbaar 'n suiwere Roomse en Lutherse voorstelling.

(7) Gesang 115: 3 verklaar dat "die bloedstroom uit u wonde, bewerk gena ...."

Nie alleen kan beswaar aangeteken word teen die term "bloedstroom" nie, want dit is onjuis, maar hiervolgens het die genade enkel en alleen uit die bloed voortgekom en nie uit God nie!

(8) Gesang 156: 3 is suiwer Rooms as dit sing van "sien u kruishout voortgeplant ver tot in die heidenland". Nie alleen is dit onjuis om die verlossing aan die kruishout as sodanig toe te skryf nie, maar die Roomse wil boonop dat stukkies hout van hierdie kruis nog oral in die wêreld bewaar word en dat dit saligmakende krag besit. I

(9) Dat ook die Afrikaanse Gesange soms nie bo die sfeer van suiwer menslike liedjies kan uitkom nie, vind ons duidelik in Gesange 171 en 172. Gesang 171 is 'n eenvoudige gedig op 16 Desember, en wat so tipies van die menslike faktor in die godsdiens is, is dat aan God hier vertel word wie en wat die Trekkers was (vs. 4). In wese kom dit daarop neer dat die Afrikanervolk 'n Christenvolk was en al ons voorouers onbesproke Christene. Nou weet ons dat die Nuwe Testament nie so iets ken as 'n Christen volk nie, en geen volk kan aan hierdie vereistes voldoen nie.

[151] So word in Gesang 172 ons vadere geloof in aanbiddende menseverering:

"Roem met gloed van vrome sange
Daad en deug van voorgeslag ...."

Hier word nie God verheerlik nie maar die mens. Nie die genade van God word in die eerste vers (3de en 4de reëls) geloof nie maar die trou van ons voorgeslag.

En boonop is van hierdie selfde mense wat nou geroem word, deur dieselfde Kerk wat hulle nou so besing, onder sensuur geplaas omdat hulle nie die Britse owerheid gehoorsaam sou wees nie, en is die sakramente hulle onthou ....!

(10) Volgens die Heilige Skrif is die tempel van die Ou Testament die Gemeente van die Nuwe Testament.

Gesang 154:1 word die **kerkgebou** besing asof dit die woning van God sou wees.

Voeg hierby nog die aantal "geleentheidsgesange" van lente, winter, herfs en somer . . . Gesange waarvan die oorsprong ons sterk herinner aan die heidense Lentefeeste, dan is dit al klaar genoeg om te weet **waarom die Gereformeerdes maar het met die Skrif wil volstaan!**

In Die Kerkbode van 24 November 1954 skryf dr. Jac. J. Müller dat die Gesange weer hersien moet word.

Met hierdie verklaring bevestig die hooggeagte doktor van die N.G. Kerk die bogenoemde dwalinge in die Gesangbundel.

Daarmee word dan ook ineens verklaar dat die Geref. Kerk nog altyd reg was!

Samevattend kan ons dit dus soos volg stel:

(a) Ons eerste beswaar teen die meeste van die Gesange is dat dit suiwer menslike liedere is, en as Gereformeerdes glo ons dat slegs die Woord van God tuis hoort in die erediens. Dit het nie 'n Goddelike oorsprong soos die Psalms nie.

(b) Ons tweede beswaar is dat van die Gesange vreemde stempels dra, soos bv. van die Liberalisme, Rooms-Katolisisme en Remonstrantisme, en dus nie suiwer Skriftuurlik is nie. Om dit dan instemmend te sing beteken om jou met 'n dwaalleer te vereenselwig.

(c) Die derde beswaar is dat dit strydig is met die Skrif en die egte Gereformeerde leer, want ons glo dat in die erediens alleen die geopenbaarde Woord van God gebruik mag word. En volgens Openb. 22: 18 mag ons nie daarby voeg nie. Wie nou 'n vrye lied wil inbring, gee [152] daarmee te kenne dat ons die Skrifliedere as onvoldoende beskou en daarby wil aanvul. Nie alleen sondig ons daarmee teen die "Woord van God nie maar ook teen God self deurdat ons daarmee te kenne wil gee dat die Psalms wat God in Sy Heilige Skrif daargestel het, onvoldoende is. As Gereformeerdes volstaan ons met die Skriftuurlike lied, en ons besluit hierdie gedeelte met die woorde van wyle prof. dr. J. D. du Toit wat hy uitgespreek het tydens die viering van "Van Riebeeck-dag te Potchefstroom in 1952:

"Het u al ooit probeer om die hele inhoud van die Psalmboek voor u gees te laat verbygaan—die boek met sy hemelhoogtes wat met sy hallelujas reik tot in die hoogste hemele! — die boek met sy skriklike dieptes waar die afgrond roep tot die afgrond — die boek met sy vertes, sy oneindige wydtes, sy omspanning van die ganse Bybel van Genesis tot Openbaring?

"En het u hierdie boek al as 'n Goddelike kunsstuk beskou?

"Wat kan daarnaas gestel word? Niks!"

En dan stel die hooggeagte professor dit so:

"Psalmsing is die hemelvaart van die siel. Dit is die hand wat uitgestrek word na die verborge skat van God in Jesus Christus! Psalmsing is godsdiens. Dit is die durfdaad van die geloof, die arm wat uitgestrek bly bo die stormwaters van. die lewe.

"Maar **hierin** kulmineer alles: Psalmsing is die aansteek van die wierook van ons siele waarin ons teëgeur die lieflike reuk van die more van die ewigheid".

Ons voorsate het naas die Drie Formuliere van Eenheid ook met die Psalmboek voet aan wal gesit in Suid-Afrika.

As Gereformeerdes handhaaf ons, deur Gods genade, nog steeds daardie suiwere en heerlike Skriftuurlike leer!

§2. Bidure.

Die vraag verrys telkemale waarom die Gereformeerde Kerk nie bidure hou nie. As ek hier spreek van bidure dink ons nie aan die bidstondes waarvan art. 56 van ons Kerkorde spreek en wat in tyd van oorlog, pestilensies en algemene volksrampe gehou moet word nie, maar ons handel hier oor die weeklikse en spesiale bidure wat ons so algemeen bekend is

Bidure het hulle ontstaan buite die Gereformeerde Kerk om gehad. Dit is iets wat eie is net aan die Ned. Geref. Kerke, hoewel in die latere tye ook van die sektes bidure hou.

a. Ontstaan van die bidure.

Die vorige eeu is gekenmerk deur die magtige opkoms van die liberalisme. Dit het kerk en wêreld meegesleur. Net soos in [153] Nederland het die kerk ook in Suid-Afrika sterk onder die invloed van die liberalisme gekom, wat 'n doodsheid in die kerklike lewe teweeggebring het.

In stede van terug te keer tot die ou Calvinistiese waarhede as teenmiddel teen hierdie verderflike stroming het die N.G. Kerk onder Skots-presbiteriaanse invloed die metodisme aanvaar.

Gevolglik het hierdie Kerk nog verder weggedryf van die ou Gereformeerde rigting, en boonop het die liberalisme nog onverpoosd voortgewoeker en soos 'n kanker gevreet aan die siel van ons volk.

Onder invloed van die Skots-presbiteriaanse tendens, wat die Kaapse Kerk destyds geheel en al oorheers het, handig ds. Taylor in 1833 'n geskrif in by die Ring van Graaff-Reinet "omtrent het nuttige van bidgezelschappen, alsmede een zamenstel van regels waarnaar zulke bijkomsten behooren gehouden te worden"[1].

Voortvloeiende hieruit het die gebruik om bidstonde te hou oral begin byval vind en met die loop van jare het dit die hele Kerk deurtrek

In 1861 word 'n "Week van Gebed" in die Paarl waargeneem, en by hierdie geleentheid tree die metodisme in sy volle sterkte na vore, as ds. Van der Lingen die klem op die bekering laat val. Die gedagte het ook hier ontstaan om die tien dae vanaf Hemelvaart tot Pinkster elke aand 'n bidstond waar te neem.

"Hier het ons die eerste ware Pinksterbiduur," skryf dr. T. N. Hanekom, "soos ons dit vandag ken in ons Kerk. Ds. Van der Lingen se persoonlike ondervinding op Pinksterdag (19 Mei) het wye opspraak verwek en ook veel daartoe bygedra om die gebruik elders te laat posvat. Op die middag het hy, volgens hyself vertel, by die biduur in die namiddag 'n gesig gesien soos van sneeuvlokkies wat na die hemel opstyg, maar as 't ware afgeweer word deur bliksemstrale, totdat 'n krygsman met bloedbevlekte klere tussenbei tree om dit af te weer. In diepe ontroering het hy uitgeroep: Vader, Vader! Kijk wie is Hij? Hij stelt Hem tusschen "U en ons, O, lieflijke voorwerp) Het is de Held van Bosra, Zijnen kleren zijn met bloed bevlekt"[2].

Op grond van hierdie gesig is besluit om elke jaar hierdie tyd Pinksterbidure te hou.

b. Beoordeling van die bidure.

By die beoordeling van die bidure kan dadelik opgemerk word dat die ontstaan daarvan voortvloei uit die reaksie teen die dorre geestelike lewe wat die Kerk gekenmerk het; tweedens [154] dat dit 'n suiwer metodistiese inslag het; derdens dat dit tipies soos dit met alle menslike instellinge die geval is, gereglementeer word deur reëls en voorafbepaalde onderwerp waaroor die gebede moet handel en nie uit die vrye gebedsdrang nie, en vierdens kan ons opmerk dat die gesig wat ds. Van der Lingen aanskou het en wat aan die Pinksterbidure ten grondslag lê, wel waar kon gewees het. Indien dit egter waarlik Jesus Christus was wat hy aanskou het, wonder ons net hoe dit ooreenstem met die Skrifgedeelte dat Jesus na die hemel opgevaar het en eers weer met die wederkoms op aarde sal verskyn (Heid. Kat., antwoord 47; Hebr. 8: 4; Joh. 16: 28).

Dat die Pinksterbidure, met ds. Van der Lingen aan die spits, 'n suiwer metodistiese instelling is, word sydelings erken in **Die Kerkbode**[3].

Wyle ds. S. J. du Toit het sy besware teen die bidure soos volg saamgevat:

---

[1] **Die Kerkbode,** 22 April 1953, bl. 523.

[2] Ibid., bl. 533.

[3] Ibid., 10 Maart 1954, bl. 310.

(1) Openbare bidure wat gereeld gehou word sodat almal saam kan bid, daarvan vind ons nog in die Ou Testament nog in die Nuwe Testament enige voorbeeld of voorskrif.

(2) Daarteen word en in voorskrif en in voorbeeld onder beide die Ou en die Nuwe Verbond die gebed aan ons voorgehou of as behorende tot die erediens óf as iets wat in die eensaamheid geskied (Gen. 24: 63, Daniël 6: 11; Matth. 6: 5, 6).

(3) Wel vind ons 'n klein kring gelowiges wat hulle afgesonder het in die oppersaal in Jerusalem hierdie tien dae voor die Heilige Gees uitgestort is, dog dit was nog voor hulle die Heilige Gees ontvang het. Om dit nou na die tyd nog te wil doen, is om daarmee te kenne te gee dat die Heilige Gees weer uitgestort moet word.

(4) Vir ds. du Toit skyn sulke bidure ook nie ooreen te kom sowel met die gesonde praktyk van Godsaligheid as met Gods Woord nie. Om op sulke gesette tye te gaan bid en dan nog oor 'n spesiaal voorgeskrewe onderwerp sonder dat die Heilige Gees jou siel daartoe dring, is vir hom in stryd met Matth. 21: 22.

(5) Na eie ondervinding, so skryf hy ("en ons is met bidure opgegroei"), is daar iets **siekliks** in gereelde bidure[1].

Hierdie hele saak som hy soos, volg op: Oor bidure in die algemeen spreek ons steeds die beswaar uit dat ons dit nie voorgeskryf vind in Gods Woord nie, en ons kan dus volgens ons Gereformeerde beginsels daar geen deel aan neem nie, hoewel ons dit nie bepaald veroordeel as **direk** teen die Bybel nie.

[155] Maar betreffende die Pinksterbidure, bepaaldelik om te bid om 'n uitstorting van die Heilige Gees, aarsel ons nie om dit te veroordeel as direk in stryd met Gods Woord nie, want daardeur word (i) die gemeente teruggevoer tot die toestand van die dissipels voor Pinksterfees en (ii) die Gees wat eenmaal aan die gemeente gegee is en volgens die Woord van Christus die gemeente toekom, misken.

"Die bewysgronde hiervoor hoef ons nie te herhaal nie," so verklaar hy, "dit is volledig gegee en gestaaf uit Bybelleer en Kerkleer in 'n reeks stukke in die Getuie van 1896 en oorgedruk in 'n boekdeel onder die titel "De Bedeling des H. Geestes", **en hierdie bewysgronde staan tot vandag toe daar as 'n getuienis wat deur niemand weerlê is nie"**[2].

Tot sover die standpunt van ds. Du Toit—'n standpunt wat onderskryf kan word.

Weliswaar word daar tans nie meer gebid dat die Heilige Gees weer uitgestort moet word nie. Dit neem egter nie weg dat dit vanaf 1896 tot pas onlangs nog wel die geval was nie. Al hierdie jare se Pinksterbidure het dus gevaar onder die vaandel van Skriftuurlike onjuisthede, want, so leer die Skrif ons, net soos Christus slegs een maal na die aarde gekom het, so ook die Heilige Gees (Gal. 4: 4, 6).

Ter bevestiging van hierdie stelling dat met die Pinksterbidure wel gebid is om die uitstorting van die H. Gees, verwys ons net na 'n reeks korrespondensie tussen ds. S. J. du Toit en ds. W. P. de Villiers in 1892 in **De Getuige,** by welke geleentheid ds. De Villiers die jaarlikse uitstorting van die Heilige Gees sterk bepleit het.

Verkieslikheidshalwe word deesdae geheel en al geswyg oor hierdie sektariese tendens wat soveel jare lank die Pinksterbidure gekenmerk het, maar dat dit nog nie geheel en al verdwyn het nie, blyk uit die waarskuwings wat die afgelope jare weerklink dat daar nie gebid moet word om die uitstorting van die Gees nie. Die feit dat daar telkens daarteen gewaarsku word, openbaar aan ons dat die voorstanders van die Pinksterbidure implisiet daarmee erken dat hulle al die jare gedwaal het maar tewens ook dat dit tans nog steeds 'n sluimerende gevaar is.

In Die Kerkbode van 22 April 1953, bl. 531 skryf dr. L. V. Rex soos volg: "Alle

[1] Dr. J. D. du Toit, a.w., bl. 335.

[2] Ibid., bl. 336.

herlewing kom deur die Gees en die Woord, 'n Nuwe toevloed van die Gees (nie uitstorting nie) in die gemeente en in die harte geskied telkens deur die gehoor van die lewende Woord".

[156] Dit klink op die oor af suiwer, maar hierdie sinsnede verlê net die klem. Dit is in stryd met die woorde van die Heid. Kat. Antw. 47, waar dit gestel word:".... maar na Sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie".

Waar daar 'n "nuwe toevloed" moet wees, hou dit in 'n tydelike terugtrekking van die Heilige Gees, te wete van kort na Pinkster tot met die volgende jaar se biduur. Paarteenoor leer die Heilige Skrif ons dat die Heilige Gees vir eens en altyd beslag lê op ons harte (Joh. 14:16): "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid". En hierby pas vs. 17: "omdat Hy by julle bly en in julle sal wees".

Die gedagte van 'n "nuwe toevloed" staan lynreg teenoor hierdie Skrifgedeeltes, Nog meer: Hiervolgens (nl. die gedagte van 'n "nuwe toevloed") sou die Heilige Gees verdeelbaar wees, want volgens die Skrif moet ons aanvaar dat die Gees Hom nooit van die ware gelowige terugtrek nie.

As daar nou behoefte ontstaan aan 'n "nuwe toevloed", hou dit in dat die Gees òf ten volle òf ten dele teruggetrek is. Dit beteken 'n opheffing van die **Persoonlikheid** van die Heilige Gees: 'n krag kan 'n mens verdeel en in mindere of meerdere mate laat toevloei maar nie 'n persoon nie. Die bewering van dr. Rex kom neer op die loëning van die werklike **persoonlike** bestaan en werking van die Heilige Gees.

Die bidstem om 'n "nuwe toevloed" hou verder nog 'n miskenning in van die Gees wat aan ons geskenk is in Sy volheid en algenoegsaamheid.

Hierdie geskrif van dr. Rex beklemtoon die standpunt van geen bidure te hou by ons Gereformeerdes nog sterker.

Iets "spesiaals" kenmerk die Kerk hier. Die gewone Woordverkondiging, die krag van God tot saligheid (Rom. 1:16), is vir hulle nie genoeg nie. Dr. Rex stel dit so: "Maar die Pinkster-byeenkoms bied die geleentheid om met verhoogde klem die evangelie toe te spits op die noodsaaklikheid van die persoonlike aanvaarding en belewing van die gawe van die Pinksterdag".

Pinksterbyeenkomste word hiermee bó die "gewone" eredienste verhef. Die instelling van die mens word hier hoër geag as die gewone eredienste wat deur God gewil is!

Hierdie Pinksterbidure is ook 'n dreigende gevaar vir die betekenis van die Nagmaal: "Die Pinksterbyeenkoms dien om ons te versterk in die bewussyn van ons lewende eenheid in Christus," skryf dr. Rex op bl. 529. En dit is juis een van die newedoelstellings van die Heilige Nagmaal: om ons te versterk in die bewussyn van ons lewende eenheid in Christus en ook met mekaar.

[157] Die eenheid soos dit in die Heilige Nagmaal gesimboliseer word in die tafel- en bekergemeenskap en soos dit deur Christus ingestel is, moet by hierdie mense wyk ter wille van die menslik-gewilde instelling van kelkies en verwerping van die tafelgemeenskap en die vervanging deur 'n ewe menslik-gewilde instelling om daarmee die onderlinge eenheid te probeer versterk en die eenheid in Christus te probeer simboliseer.

Dat ons in die Pinksterbidure 'n gebruik het wat baie na aan sektarisme staan, word bevestig deur die feit dat hoewel die N.G. Kerk hiermee begin het, dit tot dusver verder nog net by die sektes ingang gevind het.

Aan hierdie bidure is ook 'n verdere gevaar verbonde: Hier het ons ook te doen met die opsyskuiwing van alle grense van leersuiwerheid. Ons dink dat ten tye van die "Wêreldbiddag vir Vroue" in Februarie 1956 daar geen beswaar was om met enige groep en sekte saam te vergader nie. Maar nog iets wat die gevaarlike opheffing van leersuiwerheid beklemtoon, is 'n uittreksel uit die uitgawe van die Hoofkantoor van die

Bestuur, Wêreldbiddag vir Vroue, September 1952. Hier lees ons onder andere die volgende: "Ons saal was pragtig opgemaak met blomme; swart blompot met verwelkte blomme het 'n wêreld sonder hoop voorgestel; 'n wit rangskikking het Christus, ons Hoop, en 'n lieflike rangskikking van kleurryke dahlias en swaardlelies het die volkere van die wêreld voorgestel, want 'God is geen aannemer van die persoon nie'".

Hier kry ons 'n suiwere klank van beeldediens: Christus word voorgestel deur blomme! Dan spreek ons nog nie eers oor die verkeerde vertolking van die teks nie!

As Gereformeerdes glo ons dat 'n ware gebed 'n worsteling is van onsself met onse God in die binnekamer van die hart.

Waar die bidure ons baie sterk herinner aan die optrede van die Fariseërs, wil ons liewers op die bevel van Christus (Matth. 6: 6) ons **afsonder** wanneer ons bid.

Dit is die werklike gebed.

In die twee plek hoort gebed tuis in die erediens. Maar in die erediens bid die deur God geroepe voorganger, en hy moet hardop bid, terwyl die gemeente sag in die hart meebid. Dat die voorganger hardop moet bid, is volgens Paulus noodsaaklik, sodat almal kan weet wanneer om "amen" te sê in hulle eie gebede.

Die gebed is vir die Gereformeerde iets heiligs, iets gewyds en nie iets van die Fariseïsme om op die hoeke van die strate of oral waar mense is, te wil bid nie.

[158] Ons spreek nie oor die algemene voorbidding soos wat die geval is in die sosiale lewe waar vergaderinge en dies meer gehou word nie. Dit handel hier oor die geloofsworsteling van 'n uitverkorene met sy God. Wie werklik bid, weet dat hy in die diepte van sy hart, in sy afgesonderde eensaamheid alleen waarlik kan bid.

By die bidure word gesoek na mooi woorde . . . net woorde . . . woorde . . . woorde. Die gebed in die binnekamer vra nie woorde nie, want 'n ware gebed is soms sonder woorde!

En hierby voeg die Skrif nog dat al weet ons nie reg wat ons moet bid nie, "die Gees self vir ons intree met onuitspreeklike sugtinge" (Rom. 8: 26).

Daarom volstaan ons met die waarheid wat ons in die Skrif bely dat dit nie nodig is om weer 'n uitstorting van die Heilige Gees af te bid nie en loën ons nie die persoonlike bestaan en ewige inwoning van die Heilige Gees deur 'n "nuwe toevloed" te verwag nie, en wil ons ons gebedslewe heilig hou.

§3. Koorsange.

Nog 'n verskil tussen die Gereformeerde Kerk en die N.G. Kerke is dat die Gereformeerdes van oortuiging is dat koorsange nie 'n inherente deel van die erediens kan wees nie.

In hierdie verband word ons standpunt sterk gesteun deur prop. P.F. Kocks in **Die Gereformeerde Vaandel** van Desember 1952. Genoemde blad is 'n uitgawe van die N.G. Kerk.

Wat koorsang in die eredienste betref, verklaar hy: "....het ons tot die ontnugtering vasgestel dat dit aan volledige voorskrywing hieroor in die verskillende Kerkwette ontbreek". "Volgens art. 215 van die **Wette en Bepalinge** van die Transvaalse Kerk blyk dat slegs Psalms en Gesange gesing mag word tydens 'n erediens. Koorstukke is gewoonlik nie Psalms en Gesange nie.

Hiervolgens konkludeer ons: Nie alleen wat die inhoud van vele koorstukke betref nie, maar ook wat die koorsang self in 'n erediens betref, is dit volgens hierdie Kerke se eie kerkwette 'n onkerkregtelike instelling!

Onkerkregtelike onkerkregtelikhede word onkerkregtelik stilswyend toegelaat. Nog meer, dit word sterk aangemoedig!

Op die voetspoor van hierdie deurtastende artikel van prop. Kocks wil ons aandui

waarom die Gereformeerdes nie van kerkkore gebruik kan maak nie.

a. Histories.

Die gemeentelike sang het in die Rooms-Katolieke Kerk geheel en al ontbreek. Ons glo dat elke gelowige 'n koning, [159] priester en profeet is. Tydens die erediens kom die profetiese amp tot sy reg in die, wat die gemeente betref, gelowige aanhoor van die skriflesing en woordverkondiging, die priesterlike amp in beide gebed en gawes aan die armes, en die koningskap hom tot uiting waar in die Psalmgesang die geloof uitgestort word.

Rome het koorsange die gemeentelike sang laat vervang.

Met die Kerkhervorming is die koorsange afgeskaf.

In die plek van die Roomse koorsange het die lied van die gemeente gekom. "Wie glo, sing. Om te sing is 'n essensiële deel van ons erediens"[1].

Ons kan net een gevolgtrekking maak: die invoering van die kore in die kerk is maar net 'n teruggrype na die Rooms-Katolieke Kerk.

Ds. P. J. Loots probeer egter om die koorsange te verdedig. Hy beroep hom op Calvyn en sê dat Calvyn van kinderkore gebruik gemaak het[2].

Prop. Kocks stel egter tereg die vraag hierop of die kinderkore wel in die eredienste opgetree het. Bowendien, wanneer ons die liturgiese orde van Calvyn nagaan, vind ons geen spoor van kore nie.

Tot weerlegging van ds. Loots haal prop. Kocks aan wat Landwehr beweer het: "Ook in Genève werd het choorgezang niet toegelaten. De gemeente zong"[3].

Hoe die Kerkkore in die N.G. Kerke ingedring het, weet ons nie. Heelwaarskynlik was dit ook maar weer een van die uitvloeisels van die Skotse invloed.

b. Prakties.

"Ook wat die koorsang betref, kan ons so maklik die estetiese en teatrale by die venster binne haal en die religieuse by die voordeur uit jaag"[4].

Verder wys prop. Kocks daarop dat sommige kunstenaars wat nie glo in Jesus Christus nie, binnegehaal word net om solo's te lewer, en direk daarna verlaat hulle die Kerk.

Praktiese besware teen koorsange kan wees dat dit alles so 'n veruitwendiging is. Dit gaan hier nie om geloofsbelewing soos in die gemeentelike sang nie, maar om "hoe mooi die koor sing".

Dit is dus ook maar net weer 'n suiwere stukkie mensediens wat van die kerkgebou 'n konsertsaal maak. [160]

c. Prinsipieel.

As ons nou daarop let wat 'n erediens in werklikheid is, blyk die oorbodigheid van die koorsang op onweerlegbare wyse. 'n Erediens is die ontmoeting van God met sy volk. Hier vind ons 'n wisselwerking.

In die gebed antwoord die gemeente by monde van hulle leraar, maar in die Psalmgesang antwoord die gemeente uit hulle hart tot God.

Waar kom die koorsang nou in?

Kan dit profeties staan soos die skriflesing en preek?

---

[1] Ds. P.J. Loots: Ons Kerklied deur die eeue, bl. 44.

[2] Ibid., bl. 257.

[3] Die Gereformeerde Vaandel, Desember 1952. bl. 238.

[4] Ibid., bl. 239.

Nee!

Kan dit die priesterlike werking van liefdadigheid vervul?

Nee!

Kan dit die koningsantwoord van die gemeente aan God wees?

Nee!

Koorsang is dus iets buite die waaragtige erediens om.

Daarom verwerp ons Gereformeerdes dit, en ons volg die weg waarin die hele gemeente hulle Psalmgesang voor die aangesig van die Almagtige hemelwaarts stuur. Dit is die hemelvaart van hulle siele.

Ons kan nie anders nie as om die koorsange te tipeer as 'n menslike aanplaksel wat die heiligheid van die erediens versteur en maak tot 'n kunsverhaal en wat die godsdienstige in die loflied van die gemeente vermenslik tot iets suiwer esteties.

"Indien die kerk oordeel dat die uitdrukking van die godsdienstige gevoel hoofsaak is, dan word daar na geen skone stem gevra nie maar na die gemeente. Die gemeente sing, en niemand of niks mag in die plek van die gemeente gestel word nie. Ja, selfs mag geen koor UIT die gemeente toegelaat word nie, daar die koorgesang die orde versteur en die gemeente **luister** in plaas van self te sing"[1], verklaar dr. A. Kuyper.

§4. Die Kerklike ampte.

Al drie die susterkerke aanvaar net die drie daargestelde ampte van predikant as lerende ouderling, die ouderling as regerende ouderling en die diakens as die liefdadigheids-versorgers.

In die kring van die Gereformeerde Kerk staan hierdie drie ampte gelyk. Volgens die "Wette en Bepalinge" skyn dit egter asof die predikant die hoogste is, dan volg die ouderlinge en dan die diakens. [161]

a. Die pligte van die predikant.

Die predikant staan in die leeramp. Sy hooftaak is om die Woord en Sakramente te bedien. In hoeverre die predikante hulle deur God opgelegde plig nakom, blyk eerstens daaruit of hulle die Evangelie suiwer verkondig en die Sakramente suiwer bedien en tweedens of hulle in dienende gesag staan en nie in oorheersende mag nie!

Hierdie aspekte is al reeds van nader bespreek.

b. Die ouderlinge.

Volgens die bevestigingsformulier vir die ouderlinge bestaan hulle ampswerk in drie vertakkinge:

(1) Hulle moet toesig hou oor die leer en die lewe van die gemeente. En dit is hier waar die tug ter sprake kom as 'n noodsaaklike werk van die ouderling: hulle moet toesig hou dat die Sakramente nie ontheilig word nie.

(2) Die tweede deel van hulle amp is dat hulle moet toesien dat alles in die kerk ordelik en betaamlik moet toegaan.

(3) Die derde deel van hulle ampswerk is om toesig te hou oor die leer en die wandel van die bedienaars van die Woord, sodat geen vreemde leer voorgedra sal word nie.

Om die verskil tussen die ampsbediening in die Gereformeerde Kerk en die ander aan die lig te bring let ons hoofsaaklik op die eerste en laaste aspek van die ouderlingswerk.

Hulle moet toesig hou oor die gemeente. Daarvoor is gereelde huisbesoek nodig. En alleen as dit geskied, kan hulle werklik toesig hou.

---

[1] Dr. A. Kuyper: **Onze Eeredienst,** bls. 80-81

Hulle moet toesien dat die sakramente nie verontheilig word nie. In die kring van die Gereformeerde Kerk is dit die gebruik dat elke ouderling voor elke Nagmaal (en daarna ook) elke huisgesin moet besoek en op die censura morum-vergadering rapport indien oor sy wyk. Sodoende alleen kan oor die gemeente toesig gehou word. En as middel tot bekering moet die ouderlinge die tug handhaaf.

Waar die tug dus nagelaat word, mis daardie ouderlinge en kerkraad hulle roeping!

Hulle moet ook toesig hou oor die Sakramente dat dit nie ontheilig word nie. Kan hulle toesig hou as die gemeente in die banke Nagmaal gebruik? Onmoontlik!

Kan hulle toesig hou as hulle nie huisbesoek doen sodat hulle elke huisgesin geestelik leer ken en die tug toepas waar nodig is nie?

Ook nie!

[162] Ook vind ons dat enige persoon in beide die Ned. Herv. Kerk en die N.G. Kerke tot hulle Nagmaalsviering kan toetree as hulle self daartoe vrymoedigheid het. Sodoende word die volle verantwoordelikheid van die skouers van die ouderlinge afgehaal en op die Nagmaalganger alleen geplaas.

Reg genoeg, dit is die verantwoordelikheid van die Nagmaalganger ook, maar daardeur mis die ouderling tewens ook hulle roeping om toesighouers te wees! Daardeur word die instandhouding van die ouderlingsamp haas onnodig!

'n Derde aspek van die ouderlingswerk in die gemeente is om te let op die leer wat die lidmate voorstaan.

In hierdie verband dink ons aan al die dwaalleringe soos die A.E.B., Jeug vir Christus-Beweging, ens., wat vrylik in die geledere van die N.G. Kerke toegelaat word.

Erger nog: Ons dink aan die Vrymesselary wat magtige afmetings in hierdie Kerk aanneem. As ons daarby bedink dat die Vrymesselary die kentekens van die antikris dra, besef u watter geweldige magte vry passaat in hierdie Kerk het.

Die volgende aspek van die werk van ouderlinge is om te let op die leer van die predikant en te sorg dat geen vreemde leer toegelaat word nie.

Indien u nou die gedeelte oor "Die kenmerke van die ware Kerk" weer deurlees, kan u u eie konklusie trek.

Hierin vind u dus die geweldigste verskil in die ampsbediening tussen 'n ouderling in die Gereformeerde Kerk en in 'n ander

kerk.

c. Die diakens.

Die formulier vir bevestiging van die diakens bepaal dat hulle werk by uitstek bestaan in die versorging van die armes.

Indien daar een amp in die geledere van die N.G. Kerke is wat feitlik geheel en al al verval het, is dit die diakensamp. Die geweldige kollektes wat jaarliks ingesamel word deur bv. "Die Transvaler se Kersfeesfonds", onderstreep net een woord: **Verval,** verval van diakensamp. Daarom het hierdie soort kollekte vir die N.G. Kerk broodnodig geword.

Dat hierdie Kerk hierdie gebrek al duidelik begin besef, vind ons in die herhaaldelike skrywes in **Die Kerkbode.** Selfs word sover gegaan dat voorgestel word om die formulier vir die bevestiging van diakens te verander, sodat dit kan aanpas by die werk van die diakens soos dit tans geword het.

In die geledere van die N.G. Kerke is die diakens deur armsorgkommissies vervang. Daarmee is finaal afstand gedoen [163] van die diakonale amp soos dit ingestel is in die Heilige Skrif. Al werk wat die diaken nog oor het, is om kollektant te wees. Dr. P. F. Greyling bevestig dit met die woorde " .... en het die diakensamp feitlik verwater geraak

in wat feitlik neerkom op 'n 'kollekteer'-amp sonder meer ...."[1].

Ons vind hier uit hulle eie kring die erkenning van die vermenging van die ampte sonder dat een van die twee, ouderling of diaken, nog suiwer Skriftuurlik georiënteerd is in die praktyk van die lewe.

Nog 'n openlike erkenning van die absolute verval van die diakenamp in die geledere van die N.G. Kerk is uit die pen van dr. M. T. S. Zeeman. "Een van die brandende en mees aktuele vraagstukke in verband met die barmhartigheidsdiens van ons Kerk," so skryf hy, "is die herstel van die diakensamp in ooreenstemming met die Skriftuurlike betekenis daarvan"[2].

Waar die Skriftuurlik-bepaalde werk van die diaken is om die armes te versorg, word "die grootste gedeelte van die Kerk se barmhartigheidsdienste behartig . . . deur die Kerkraad as geheel, die Ringe en die Sinodes met hul armsorgkommissies, wat hoofsaaklik bestaan uit predikante".

Dr. Zeeman sien sake suiwer as hy die volgende sê: "Ten einde hier duidelikheid te verkry, moet ons uitgaan van die **Skriftuurlike** veronderstelling dat Christus aan Sy gemeente die mag of bevoegdheid verleen het om te leer, te regeer en die barmhartigheidsdiens te verrig, en dat die bevoegdheid uitgeoefen moet word deur die deur God verordineerde ampte van leraar, ouderling en diaken. **Hierdie ampte het elk 'n soewereiniteit in eie kring,** waardeur die ampsgebied van die een afgeperk en begrens word ten opsigte van die ander"[3].

Dit is baie suiwer gesien.

Maar hoe staan dit in die praktyk?

Die diakenamp verval, die ouderlinge en predikante doen die eintlike werk van die diaken, nl. die armsorg, terwyl "die diakens as volle lede van die Kerkraad op die wyse mettertyd medeseggenskap gekry het in wat altyd as die besondere plig van die ouderlinge beskou was: die hou van opsig oor die toepassing van tug op die gemeente"[4].

Hierdie paar aanhalinge is voldoende om onomwonde te laat sien hoe die ampte in die geledere van die N.G. Kerke vertroebel en verwater geraak het en die Skriftuurlike afbakening en doelstelling al geheel en al misgeloop het.

[164] Daarteenoor volg die Gereformeerde nog die Skriftuurlike weg:

Elke kollekte verbonde aan die erediens gaan vir die armes en hulpbehoewendes. So funksioneer die **diakenamp** ook met die eredienste. En juis daarom het die Gereformeerde Kerk nie nodig om sy toevlug te neem tot sulke hulpmiddels soos die "Kersfeesfonds," ens., om die armes in eie kringe te versorg nie!

Ook wat die versorging van die armes betref, is dit in die kring van die Gereformeerde Kerk nog soos dit in die Skrif vervat is .... dit is die werk van die diakonie en die diakonie alleen.

Daarteenoor erken dr. Zeeman: "Die gebruik in ons Kerk om Rings- en Sinodale armesorgkommissies te benoem, is prinsipieel seker nie korrek nie, omdat hierdie kommissies bestaan uit lerende en regerende ouderlinge wie se amp dit nie is om die barmhartigheidsdiens regstreek te behartig nie"[5].

En dan kom hy met 'n oplossing:

"Die enigste deugdelike oplossing is dat die diakens op die meerdere vergaderings direk

---

[1] Dr. P. F. Greyling: **Die Nederduits Gereformeerde Kerk en Armesorg**, bl. 179.

[2] **Die Kerkbode,** 21 Maart 1996, bl. 512.

[3] **Die Kerkbode,** 21 Maart 1996, bl. 512.

[4] Dr. Greyling: a.w. bls. 179 en 180

[5] **Die Kerkbode,** 21 Maart 1956, bl. 510.

verteenwoordig moet word .... Sodoende sal die diakenamp ook tot sy reg kom as amp van barmhartigheid ...."[1].

Hoewel die N.G. Kerk hulle fout insien met betrekking tot die funksionering van die diakenamp, kom dr. Zeeman met sy enigste moontlike oplossing nog tot 'n verdere dwaling. Die diakens word verder ingebring op die terrein van die regerende ouderlinge....! 'n **Skriftuurlike** oplossing, nl. die **herstel** van die ampte, blyk in daardie kringe 'n onmoontlikheid te wees .... en daarom is ons nog Gereformeerd:

Omdat die Gereformeerde Kerk nog die ampte soos dit in die Skrif ingestel is, in ere hou en nog nie verstrik geraak het ten opsigte van die handhawing van die suiwere ampswerk nie!

[1] Ibid., 21 Maart 1956, bl. 510.

[165] HOOFSTUK IX: EKUMENIESE LIDMAATSKAP

§1. Inleiding.

DIE sprake dat die drie Hollandse susterkerke een moet word, is op almal se tong. Dit is 'n mooi gedagte. So het prof. dr. A. B. du Preez onder andere ook 'n artikel die lig laat sien waarin beweer word dat die bestaan van die verskillende kerke 'n sonde is.

Ek sal dit ook tipeer as sonde, maar die vraag kom net op: Wat is sonde daarin? Is dit nie omdat daar nie meer ag gegee is op die **Skriftuurlike** waarhede nie?

As Afrikaanse kerke KAN ons een word, maar dan net op een voorwaarde: Elke kerk moet homself weer spieël in die Woord van God en konformeer met die Heilige Skrif. Alleen dan is dit moontlik. En dit bly 'n gekoesterde ideaal.

Vanweë sowel gebrek aan kennis van die eie kerke waaraan baie van die afsonderlike lidmate behoort, as gebrek aan kennis van wat elke kerk presies wil, skyn dit asof ons nader en nader aan hierdie ideaal kom. In werklikheid is ons besig om verder en verder van mekaar weg te dryf. En die skeuring is nie alleen besig om groter te word tussen die Geref. Kerk en andere nie maar ook in hulle eie geledere self.

Die Nederlands Hervormde Kerk het naas die uiters vrysinnige rigting nog altyd ook 'n sterk ortodokse rigting wat bekend staan as die "Gereformeerde Bond".

In eie geledere word die kloof al groter en groter. In hierdie verband wys ons net op 'n uitspraak van prof. Haitjema, professor in die Nederlands Hervormde Kerk. Hy spreek van die "Gereformeerde Bond" as 'n "sekte-tipe"[1]. Die modemisme beskou dus die ou Skriftuurlike waarhede as sektaries, en dit van mense in eie boesem!

Ook in die kring van die N.G. Kerke is 'n skeiding merkbaar. Naas die opkomende Gereformeerde neiging in die geledere van hierdie Kerke (wat inderdaad nog maar *'n* minderheid is) bestaan daar die reeds genoemde afwykende rigtings en hierdie twee teenoormekaarstaande rigtings sal nie vir 'n opbeperkte tyd onder een kerkverband kan bly voortbestaan nie.

Maar nie net wat die lidmate en predikante van die N.G. Kerke betref is daar 'n skerp onderskeiding nie; ook tussen die [166] verskillende Kerke van hierdie groep. So dink ons byvoorbeeld daaraan dat die Ned. Geref. Kerk van Transvaal sowel as die N.G. Kerk van Kaapland kant gekies het vir die Wêreldraad van Kerke (W.R.), terwyl die N.G. Kerk van Natal en die O.V.S. tot dusver dit nie gedoen het nie. En hier word die groot onderskeid openbaar.

Met die ekumeniese lidmaatskap openbaar 'n kerk presies in watter rigting sy teologie en religieuse lewe ontwikkel.

Daarom meen ek dat 'n laaste hoofstuk oor die ekumeniese bewegings duidelik sal aantoon dat die teologiese rigtings van die Geref. Kerk enersyds en sowel van die N.G. Kerke as van die Ned. Herv. Kerk andersyds toekomstige eenwording absoluut uitsluit.

§2. Die verskillende ekumeniese bewegings.

a. **Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode.** Dit het sy oorsprong gehad vanuit die geledere van die Gereformeerde Kerke in Nederland, Suid-Afrika en die V.S.A. Later het daarby aangesluit ook ander kerke wat die Gereformeerde waarhede voorstaan, onder andere ook die N.G. Kerke, in Suid-Afrika.

b. 'n Tweede wat ons wil noem, is die **Internasionale Raad vir Christelike Kerke.** Ons sal dit aandui met die afkorting I.R.C.K. maar meld net dat die algemeen bekende afkorting I.C.C.C. is (International Council of Christian Churches). Dit is in Amsterdam in Augustus 1948 in die lewe geroep, by welke geleentheid 61 Protestantse kerke uit 29 verskillende lande verteenwoordig was. Hulle

[1] **Die Kerkbode,** 21 Des. 1955, bl. 1005

grondbeginsels is dieselfde as die bekende 12 artikels, en in hulle geledere word alleenlik kerke toegelaat wat Bybelgetrou is.

c. In September 1948 is te Amsterdam die **Wêreldraad van kerke** in die lewe geroep. Ons sal dit aandui met die afkorting WR. Met die stigting was daar 149 kerklike denominasies teenwoordig uit 43 verskillende lande.

En dit is juis die lidmaatskap verbonde aan die WR. wat die groot skeiding maak tussen die Gereformeerde Kerke en ander kerke.

Aan die WR. behoort die Ned. Geref. Kerk van Transvaal, die N.G. Kerk van Kaapland (wat "voorwaardelik" daarby aangesluit het) asook die Ned. Herv. Kerk.

Die skeiding in die geledere van die N.G. Kerke kom hierin uit dat die Natalse en Vrystaatse N.G. Kerke nie daaraan behoort nie en dat in die geledere van hierdie twee N.G. Kerke 'n sterk neiging bestaan tot die I.R.C.K., wat in vlymende opposisie staan teen die "WR.

[167]

§3. Houding teenoor hierdie drie Ekumeniese Bewegings.

a. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode.

Omdat dit net enkel betrekking het op Gereformeerde Kerke het die Ned. Herv. Kerk nie daarby aangesluit nie. Soos gesê is die Geref. Kerk een van die stigterslede daarvan, terwyl die N.G. Kerke later bygekom het.

Wat die standpunt van die N.G. Kerke hierteenoor betref, kom dit duidelik uit in 'n skrywe van die hand van prof. dr. E. P. Groenewald in **Die Kerkbode** van 29 April 1953: "Lidmaatskap van die Geref. Ekumeniese Sinode sou ek aanbeveel, tenminste vir die onmiddellike toekoms". En die rede waarom hy dit in werklikheid nie ten volle kan aanbeveel nie, is omdat die Geref. Ekumeniese Sinode meer aangetrokke voel tot die I.R.C.K. terwyl dit afwysend staan teenoor die WR. Hiervolgens skyn dit dat indien dit by 'n keuse moet kom tussen die Geref. Ekum. Sinode en die WR, die Ned. Geref. Kerke hoogswaarskynlik ten gunste van die WR. sal wees. Ter bevestiging van hierdie konklusie verwys ek net na die woorde van dieselfde hooggeagte professor in **Die Kerkbode** van 1 April 1953, waar hy verklaar het: "Na my oordeel behoort ons Kerke (N.G. Kerke) hieraan te werk (d.i. die Geref. Ekum. Sinode), altans totdat duidelik blyk in watter rigting hierdie Sinode gaan ontwikkel".

b. Houding teenoor die I.R.C.K.

(1) Die Gereformeerde Kerk het hierteenoor 'n baie simpatieke houding ingeneem hoewel dit nog nie kans sien om daarby aan te sluit nie. Die Sinode van 1955 het dan ook 'n studiekommissie in die verband benoem.

Aangesien die Geref. Ekumeniese Sinode feitlik voldoen aan die behoeftes van die Geref. Kerk wat die ekumeniese verhouding betref, word dit betwyfel, hoewel nie heeltemal uitgesluit *nie,* of die Geref. Kerk by hierdie beweging sal aansluit. Ander Gereformeerde Kerke, soos bv. die jong Geref. Kerk van Nieu-Seeland het reeds daarby aangesluit.

(2) Die besluit van die Geref. Ekumeniese Sinode wat in 1953 te Edinburgh in Skotland vergader het, behels die volgende: Aangaande die WR. word besluit om die Kerke dringend af te raai om daarby aan te sluit, en die kerke wat reeds daaraan behoort, word versoek om hulle posisie opnuut te oorweeg, terwyl met betrekking tot die I.R.C.K. besluit word om die lidmaatskap van hierdie Raad in hierdie tyd by die Kerke nie aan te beveel nie maar dit oor te laat aan die oordeel van die verskillende Kerke[1].

[168] Duidelik is die standpunt van die Geref. Ek. Sinode: Wat die I.R.C.K. betref, staan

[1] Acta van die Geref. Ekumeniese Sinode, Edinburgh, 1953; art. 7 en 59.

dit die afsonderlike Kerke vry om daarby aan te sluit al dan nie, terwyl wat die WR, betref, dit beslis afgekeur word. By die bespreking van die WR, sal u begryp waarom die keuse so geval het.

(3) Omdat die eis deur die I.R.C.K. gestel word dat alleenlik Bybelgetroue Kerke lid daarvan mag wees en aangesien dit nie van die Ned. Herv. Kerke gesê kan word nie, is dit vanselfsprekend dat die Ned. Herv. Kerke nie tot hierdie Raad behoort nie.

(4) Wat die N.G. Kerke betref, verwys ons na 'n skrywe van prof. dr. E. P. Groenewald in **Die Kerkbode,** 15 April 1953: "Die leerstellinge van die I.C.C.C. word in 10 punte saamgevat en mag sonder huiwering as suiwer Gereformeerd gekwalifiseer word", En dan voeg die hooggeagte professor daarby: "Dit is opvallend dat ledekerke almal afskeidinge is van die historiese Kerke"[1].

Uit hierdie aanhaling blyk dit dat volgens die geagte professor historisiteit van groter belang is as leersuiwerheid. Dit word bevestig deur die onvoorwaardelike aanvaarding van die WR. en die goedpraat van sy dwaalweë, terwyl die Geref. Ekum. Sinode en die I.R.C.K. se poginge tot leersuiwerheid niks tel nie!

c. Houding teenoor die Wêreldraad van Kerke.

Lidmaatskap van die WR. openbaar 'n teologiese gedagtegang in die boesem van die kerk wat daaraan behoort. Daardeur word die skeur tussen, die Gereformeerde rigting in die teologie en die teologiese rigting in die Ned. Geref. Kerke dan in besonder geweldig verbreed. Daarom wil ons hierdie ekumeniese beweging 'n bietjie noukeuriger beskou. In die bespreking hiervan sal u dadelik merk waarom u Gereformeerd is en dat in die ontwikkeling van die teologiese begrippe die kerke nie nader aan mekaar kom nie; inteendeel dat die weë van die kerklike ontwikkeling geweldig vinnig van mekaar wegloop.

§4. Die Wêreldraad van Kerke.

1. Die uitgangspunt van die WR.

a. Die grondtema van die WR. tydens die afgelope vergadering te Evaston in 1954 was: "Christus die Hoop van die wêreld".

Dit klink pragtig!

Maar watter "Christus" word hier bedoel? Die Christus van die Skrifte? Beslis nie!

Die Bybel spreek deurgaans van valse Christusse!

[169] En hierdie Christus van die WR. is seer sekerlik nie die Christus van die Skrifte nie!

Laat ons nou hierdie terme nader bespreek:

(1) Die term "Christus die Hoop van die wêreld" word nêrens in die Skrif genoem nie. Alleenlik spreek die Skrif in hierdie verband van "Christus, die hoop van die heerlikheid" (Kol, 1: 27).

Dat die WR. met "Christus" iets heeltemal aards bedoel, kom uit in die tema: die Bybelse woorde "van die heerlikheid" word omgeskep tot "van die wêreld".

Wie oor Christus as die Hoop spreek, moet Hom sien in die lig van Sy **opstanding,** en dan is die uitdrukking "Christus, die hoop van die heerlikheid", soos dit in die Bybel self te vinde is, die enigste juiste.

(2) Ons sê: Wie oor Christus as die Hoop spreek, moet Hom sien in die lig van Sy opstanding. Aanvaar die WR. Sy opstanding?

Nee!

In 1953 het die voormanne van die WR. te Luknow in Indië byeengekom om die tema van die besprekinge van die WR. wat in 1954 vergader het, te bespreek. Na

[1] Die Kerkbode, 15 April 1953, bl. 490.

lang bespreking het hulle die keuse laat val op "Christus die Hoop van die wêreld". Sommige wou dat daarby gevoeg moes word: "die gekruisigde en opgestane Here", Laasgenoemde is egter nie goedgekeur nie. Oor die kruisiging was daar nie veel verskil nie, maar wat die opstanding betref kon daar geen eenstemmigheid bereik word nie!

(3) Die beste bewys dat die WR. NIE die Christus van die **Skrifte** bedoel as hulle spreek van "Christus" nie, word bevestig deur ds. C.B. Brink in **Die Kerkbode** van 6 Oktober 1954: "Die basis van die Wêreldraad van Kerke word só gestel: Dit is 'n gemeenskap van Kerke wat die Here Jesus Christus aanneem as God en Saligmaker. Daar was 'n poging van die Noorweegse Kerke om die basis uitgebrei te kry deur die toevoeging van die woorde. 'volgens die Skrifte'"[1]. En die gevolg? Op beswaar van die Grieks-Ortodokse Kerk en ander afgevaardigdes IS DIT NIE TOEGEVOEG NIE!

b. Die vraag kom nou: Wat is nou die houding van ons Susterkerk in hierdie verband?

In **Die Kerkbode** van 6 Oktober 1954, bl. 426, sê ds. C.B. Brink: "Die hooftema van die vergadering van die WR. is: Christus die Hoop van die wêreld. **In die bespreking van hierdie** [170] **onderwerp** het die **diepgaande verskille tussen die Kerke aan die lig getree".**

In die verslag in **Die Kerkbode** van 20 Oktober 1948, skryf prof. G.B.A. Gerdener: "Miskien sou die woorde 'volgens die Heilige Skrif' 'n objektiewe norm vir elkeen se verklaring verskaf en meer vastheid gee"[2]. Maar dit is nie aanvaar nie.

Hieruit blyk dat elkeen sy eie verklaring gehad het oor Christus en dat die konsekwente weiering bestaan om die Christus van die Skrifte, ons waaragtige Christus, te aanvaar.

En ten spyte hiervan probeer prof. dr. E. P. Groenewald om te bewys dat die Skrif die grondslag van die formule van die WR. vorm. En in **Die Kerkbode** van 29 April 1953 verklaar hy: "Die besware rondom die grondslag het vir 'n aansienlike deel verval, ander besware bestaan nog, maar hoef geen verhindering te wees nie".

Hoewel die Heilige Skrif nie **ten volle** aanvaar word nie, is dit volgens die Ned. Geref. Kerke geen verhindering nie!

As Gereformeerdes daarteenoor kan ons nie met ander mense saamwerk wat weier om die Christus, die opgestane Seun van God, te aanvaar nie I

*****

Van die ander temas wat behandel sou word, vertel dr. B. B. Keet ons in **Die Kerkbode** van 8 April 1953. Hy deel mee dat afgesien van die hooftema: Christus die Hoop van die wêreld, ook die kerk se verantwoordelikheid vir internasionale geregtigheid en vrede, rasseverhouding ens., behandel moet word.

Baie duidelik beweeg die kerk hom hier op 'n terrein wat buite bestek van 'n Kerk as sodanig lê, of anders moet onder 'n "kerk" 'n bloot sosiale vereniging verstaan word.

Uit die newe temas van die "WR. verrys die heldere klank dat die "WR. die weë van Kerk-wees byster geraak het. Dit het 'n soort kerklike V.V.O. geword. Soos die V.V.O. die voorloper skyn te wees van die antichristelike wêreldmag, skyn die WR. dit nou te wees op die kerklike terrein.

En ten spyte van alles wat ons hierbo gesê het, beweer dr. Keet: "Genoeg as ons sê dat sowel wat die hooftemas as die ondergeskikte temas betref, daar nie veel is waarteen 'n gereformeerde beswaar kan maak nie"[3].

2. Die Wêreldraad van kerke en sy Dissipels.

---

[1] Ibid., 6 Okt. 1954, bl. 426 en 20 Okt. 1948; bl. 928.

[2] Ibid., 6 Okt. 1954. bl. 426 en 20 Okt. 1948; bl. 928.

[3] Ibid., 8 April 1953, bl. 463.

Die WR. kan ons uit sy uitsprake en sy leiers leer ken. Wie is die manne met wie die Ned. Geref. Kerk van Kaapland, die Ned. Geref. Kerk van Transvaal en die Ned.

[171] Herv. Kerk geloofsgemeenskap beoefen? Want die WR. is 'n geloofsgemeenskap.

a. Dr. B. B. Keet sê in "Die Kerkbode" van 8 April 1953: "Die Indiese Premier, Jawaharlal Nehru, was 'n gas by die Sentrale Komitee van die Wêreldraad van Kerke by sy vergadering te Luknow"[1].

Daarmee is Nehru een van die geestelike vriende van al die kerke wat aan die WR. behoort!

b. Daar is ook die **Hicksite-Kwakers.**

By hulle bestaan daar 'n volkome geringskatting van die Heilige Skrif, die ontkenning van die Godheid van Christus en ander Bybelse leerstukke.

Saam met hulle hou die N.G. Kerke en Herv. Kerk geloofsgemeenskap.

c. Ons dink aan die **modernisme.**

Die modernisme bedreig feitlik al die "historiese" kerke van die wêreld. Hieronder verstaan ons 'n afvallige vrysinnigheid. Die fundamentele dogmas van die Bybel word deur hulle aangetas. Baie weier om te glo in die geboorte van Christus uit die maagd Maria, in die plaasvervangende lyde en sterwe van Jesus Christus vir ons sonde, in Sy liggaamlike opstanding uit die dood, in Sy wederkoms in heerlikheid, in die Heilige Skrif as Woord van God.

Die Nederlandse Hervormde Kerk laat toe dat al hierdie dinge van sy kansels af verkondig word. En nou sê ons broeders in die N.G. Kerke: "Genoeg om te sê, dat ... . daar nie veel is waarteen 'n gereformeerde beswaar kan maak nie". d. Daar is **biskop G. Bromley Oxnam.** Hy is die president van die WR. vir Amerika. Hy munt uit in sy afwysende houding teenoor die tradisionele historiese, ortodokse Christendom (teenoor die belydenisse van die Calvinisme in besonder), sy aanprysing van 'n nuwe sosiale evangelie wat as 't ware die Koninkryk van God op aarde sal bring.

Wat sy houding teenoor die ortodokse Christendom betref, bepleit hy in sy boek **Preaching in a revolutionary age** 'n sosialistiese staat en ekonomie en verklaar dat in hierdie nuwe sosiale ryk God nie meer gesien moet word **as 'n God van Geregtigheid wat weens die oortreding van die mens die plaasvervangende soenverdienste van Jesus Christus, die Gekruisigde, gewil het nie.** So 'n God wil Oxnam nie hê nie. Daarom noem hy die God van die Ou Testament "a dirty bully"[2].

[172] Só spreek die voorsitter van die WR. vir Amerika!

Wat die belydenisse van die Calvinisme betref, verwerp hy o.a. die leerstuk van die Goddelike Drie-eenheid. Hy beskryf op bl. 80 van genoemde werk die Drie-enige God op drie trone in die hemel: "Hulle kleur is lykagtig, hulle gesigte is uitdrukkingloos". En dan noem hy die geloof in 'n Drie-enige God as "onvoldoende, teleurstellend en afstootlik".

Wat die toekoms betref, verwerp hy die gedagte van die wederkoms van die Here op die wolke van die hemele. Alles is vir hom uit die aarde aards! Dit is die presiese kenmerk van die antichris.

Dit is een van die geestelike leiers onder wie se vaandel ons susterkerke vaar. En dan beweer prof. Groenewald in sy verslag oor die ekumeniese bewegings, 1952, dat dit onskadelik is! En intussen hou hulle met hom, as een van hulle presidente, geloofsgemeenskap.

Ek wonder net waar is die werklikheid van die Skrifwoord: "Daarom gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here" (2 Kor. 6:17).

---

[1] Ibid., bl. 463.

[2] G. B. Oxnam: **Preaching in a revolutionary** age, bl. 79.

e. Nog 'n modernistiese leier is **Henry P. van Dusen.**

Hy het die leiding gehad van die organisering en van die studiekommissie van die eerste vergadering van die WR.

Hy glo nie in die geboorte van Christus uit die maagd Maria nie. Hy verwerp die Geloofsbelydenis van Chalcedon, waar dit gegaan het om die twee nature van Christus, en hy noem die heilswaarheid dat Christus waaragtiglik God en waaragtiglik mens is as "distilled nonsense".

Saam met hom, as leier in 'n studiekommissie, hou ons mede-Afrikaners geloofsgemeenskap in die gedagte van een groot wêreldkerk.

f. Daar is **Karl Barth.**

Oor hom het ons reeds breedvoeriger gehandel. Hy is een van die prominente leiers in die WR.

g. Ons dink ook aan **Prof. Chao.**

Hy word genoem "Personality No. 1" in die WR.

Ook hy is 'n mondstuk vir die kommunistiese regime en is lid van die Sentrale Komitee van die WR. Hy trag om die kommunistiese idee van vrede in die WR. voor te dra en ingang te laat vind. Bekend is die feit dat hy op 23 Julie 1951 te Helsinki 'n kommunistiese vergadering toegespreek het ter propagering van die kommunistiese vredesidee. Persoonlik verklaar hy: "Ek neem posisie in vir die kommunisme, ten minste gedeeltelik deur hulle ekumeniese leerstellings te aksepteer"[1].

[173] Hy vereenselwig die kommunisme met die Christendom, want, so stel hy dit, "die doel van 'n klasselose maatskappy is ontleen aan die christendom en christene kan teen die Marxisme onmoontlik beswaar hê".

DIT IS NOU DIE MANNE-LEIERS VAN DIE WÊRELDRAAD!

En wat is nou die houding van die N.G. Kerke teenoor hierdie manne? Openbaar hulle hulle as werklike Gereformeerdes, wat standpunt inneem in die Heilige Skrif en die dwaalleringe weerlê?

Nee, inteendeel, by monde van prof. E. P. Groenewald wil hierdie Kerke met uitsondering van **enkele** predikante wat hulle stem daarteen verhef, hierdie leiers verdedig!

Luister:

In **Die Kerkbode** erken dr. E. P. Groenewald dat 'n ernstige beswaar teen die WR. is dat hulle modernisties georiënteerd sou wees. "Ook hier het ons te doen met beskuldiging wat in meer as een vorm voorkom, nl. dat die teologiese koers bepaal sou word deur die 'Social Gospel'-teoloë ('n Sekte!), Barthiane, Anglo-Katolieke, of deur modernisme," En dan reken hy: "Die feit is maar net dat al hierdie rigtinge deel het aan die beraadslaginge, maar dat geen een die oorwig het nie"[2].

Hiermee erken hy die broederlike samewerking met al die bogenoemde rigtinge.

"Veel is gemaak van die geval van die Chinese dr. Chao, wat ondervoorsitter van die WR. was en 'n voorstander van die kommunisme sou wees", verklaar die professor verder.

Maar dit is vir hom nie verskriklik nie; inteendeel, hy probeer om dr. Chao te verdedig!

Wat in Amerika gedoen word, kan seker ook in Suid-Afrika gedoen word. Sal die lede van die N.G. Kerke hier in Suid-Afrika hulle broederlike eenheid niet die kommunisme uitspreek soos hulle wel doen deur lid te wees van die WR.? Sal hulle hulle broederlike eenheid uitspreek met die modernisme, met die Hicksite-Kwakers, met Oxnam,

[1] **Getrouw,** Julie 1953.

[2] **Die Kerkbode,** 8 April 1953, bl. 463.

Hromadka, Van Dusen, en sal hulle ook Nehru as vriend hier verwelkom as 'n eregas? As hulle leier, die WR., dit doen. behoort hulle dit ook te doen!

Besef u nou waarom die Geref. Kerk NIE aan die WR. **kan** behoort nie? Dit sal die prysgee van al ons beginsels beteken!

In **Die Kerkbode** verklaar dr. Keet dat insake die hooftema vir die volgende vergadering (wat reeds in 1954 gehou is—L.S.K.) 'n studiekommissie aangestel is wat o.a. bestaan uit Karl Barth [174] en Hromadka. "Die kommissie moet sy taak opvat as gerig aan die Kerke, maar aan die Kerke soos dit hul getuienis in die wêreld raak"[1].

Hiervolgens is dit duidelik dat hierdie mense met hul twyfelagtige leerstellinge die rigting van die WR. aandui en tweedens dat dit 'n suiwere verwêreldliking van die Kerk inhou.

En dan word nog verklaar: "Genoeg om te sê dat .... daar nie veel is waarteen 'n gereformeerde beswaar kan maak nie"!

Hoewel ook prof. Groenewald ruiterlik erken dat persone met uiters liberale teologiese beskouinge ereampte in die WR. beklee en beklee het, is dit nogtans vir hom nie veel om oor te huiwer nie en hy neem sy toevlug daartoe dat nie een van hulle oorheersend is nie.

Daarmee is die saak vir die N.G. Kerke geregverdig, sonder om ooit na die Skrif te verneem.

Hierin kan ons as Gereformeerdes aanskou dat ons N.G. broeders, mislei teen hulle beterwete in, miskien vanweë 'n groot onkundigheid, miskien ook ter wille daarvan dat dit in werklikheid maar hulle eie oortuiging is of miskien ook maar net ter wille van die aardse grootdoenerigheid, die weë van die Skriftuurlike waarhede byster geraak het in hulle ekumeniese strewe en wat geloofsvriendskap betref. As ek sê "ter wille van die aardse grootdoenerigheid", herinner ek my nog die woorde van ds. A. J. V. Burger toe hy namens sy Kerk die groete oorgebring het tydens die Sinodesitting van die Geref. Kerk in 1952. By daardie geleentheid het hy geroem in die feit dat die Ned. Herv. of Geref. Kerk aan die WR, behoort "wat die **grootste"** van al die ekumeniese bewegings is!

3. Die Wêreldraad en die Heilige Skrif.

Uit die voorafgaande blyk dit al baie duidelik dat nie die Heilige Skrif nie maar wel die sondige denke van die mense die grondtoon van die WR. vorm.

Benewens die reeds aangehaalde dwaalgedagtes, wat self getuig dat hulle nie uit die Skrif afkomstig kan wees nie, wil ons hier nog 'n paar byvoeg.

a. Prof. dr. J. H, Bavinck spreek die twyfel uit of almal wat saamwerk met die WR., wel dieselfde idee as die Skrif het van Christus as God en Saligmaker[2].

b. Dr. Evenhuis deel mee dat een van die leiers van die WR. in 'n vraaggesprek oor die radio verklaar het "dat dit nie van [175] wesentlike betekenis vir die Christendom is nie om te glo in die maagdelike geboorte en die liggaamlike opstanding van Christus"[3].

c. "Wat die Skrif en die Wêreldraad verder betref, sal die WR. die sinsnedes 'onfeilbare Woord van God' of 'geïnspireerde Woord van God' soos gif vermy, want daardeur sal die modernisme, wat welig onder die vleuels van die WR. teel nie genoeë neem nie", aldus ds. F. N. van Niekerk[4].

"Die Bybel as objektiewe norm en gesag is met voorbedagte rade uitgesluit as toetsteen . . .", sê ds. F. N. van Niekerk verder[5].

---

[1] Ibid.

[2] **Getrouw,** Okt. 1954.

[3] Ibid.

[4] Ibid., Aug. 1954.

[5] Ibid., Mei 1952.

d. Deur te weier om by hulle hooftema, Christus die Hoop van die wêreld, te wil byvoeg "die gekruisigde en opgestane Here" en om by die basis, "Dit is die gemeenskap van Kerke wat die Here Jesus Christus aanneem as God en Saligmaker", te voeg "volgens die Skrifte", spreek die WR. duidelik uit wat sy standpunt is t.o.v. die Heilige Skrif. Onder "Christus en Salig maker" kan elkeen verstaan net wat hy wil.

e. Rev. Leonard Hodgson, D.D., professor aan die Universiteit van Oxford, verklaar dat 'n groot struikelblok vir die bou van 'n ekumeniese kerk is, wat hy noem, die fundamentalistiese gebruik van die Bybel. Dit moet verander, sê hy[1].

Dit beteken dat die aanvaarding van die Bybel as die onfeilbare en geïnspireerde Woord van God die WR. stene in die weg lê tot bereiking van sy doel!

f. So verklaar ook die Kerk van Skotland in **Life and Work** dat die prediking van die opstanding van Jesus uit die graf een van die oorsake is waarom daar skeiding tussen verskillende kerke is. Verder word die prediking van die wedergeboorte, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, soos dit gebaseer is op die versoenende lyde van die Heiland, ook as oorsaak aangedui waarom die jeug die kerke verlaat.

Ook word die prediking van die werklike bestaan van die hemel en die hel deur die blad beskou as 'n struikelblok. **En dan word verklaar dat dit alles moet verdwyn,** want dit doen skade aan die bou van 'n wêreldkerk![2].

Dit is dus nie onvanpas om hier die onbeantwoorde vraag te stel nie: Bedoel die WR. werklik die Christus van die Skrifte?

Hoe kan die W.R. staan tot eer van God as dit SY gegewe Middelaar verwerp of ten minste nie wil erken soos Hy Hom geopenbaar het nie?

[176] Ons kan as Gereformeerdes dus nie saam met prof. Groenewald stem as hy beweer: "Die WR. is inklusief van karakter. Dit beteken dat hy van die veronderstelling uitgaan dat die persone wat die Christus van die Skrif te as hulle persoonlike Saligmaker ken met mekaar gemeenskap kan oefen ten spyte van watter verskille of vervreemding hulle op ander terreine ook al mag skei ...."[3].

Prof. Groenewald vertolk dit onjuis as hy spreek "van die Skrifte", want hierdie woorde kom in die konstitusie van die W.R. nie voor nie. Indien prof. Groenewald egter aanvaar dat die Christus van die "WR. die Christus van sy Kerk is, spreek hy iets verskrikliks!

g. Die vergadering te Lund het hom duidelik uitgespreek dat die Bybel nie aanvaar word as die geïnspireerde Woord van God nie[4]. Hoe kan daar nou gehandel word oor die Christus van die Skrifte? Uit die kring van hierdie kerkleiers kon geen eenheid bereik word oor hulle opvattinge aangaande Christus en die Heilige Skrif nie.

h. Prof. Wingred was lid van die Komitee van Teoloë wat beraadslaag het oor die tema van die "WR.: Christus die Hoop van die wêreld. Toe aan hom in Oslo gevra is of die teoloë van daardie Komitee glo in die wederkoms van die Here as 'n historiese feit in die toekoms, het die professor geantwoord dat sommige dit glo en die ander nie[5].

En tog word nogtans sonder enige gewetenskwelling gespreek van Christus as die Hoop van die wêreld.

i. In hierdie verband wil ek weer iets aanhaal uit **Die Kerkbode,** waar ds. C. B. Brink sonder enige kommentaar vertel: " .... Dit was byvoorbeeld toe daar gepraat is oor Christus die hoop van die wêreld. 'Christus is die einde van hierdie wêreld. Die wêreld hoop verniet op Christus vir sy voortbestaan' het dr. E. Schlink van Duitsland uitgeroep.

---

[1] Ibid.

[2] **Life and work,** Maart 1952.

[3] **Die Kerkbode,** 8 April 1953, bl. 450.

[4] **Getrouw,** November 1955.

[5] Ibid., Junie 1954.

Dit was vir die meer liberale Amerikaners en sommige ander te veel en hulle het heftig probeer om te bewys dat daar rede is om te glo dat die Koninkryk van God hier binne die perke van ruimte en tyd vervul sal word, gedeeltelik, indien nie in sy geheel nie"[1].

Hier gee ds. Brink self die duidelikste bewys dat dit in die WR. nie gaan om die Christus van die Skrifte nie, want in hierdie gedeelte wat hy as 'n interessante nuusbrokkie meedeel, vind ons die Skrifaantastende dwalings.

[177] Eerstens vind ons hier 'n diepgaande loëning van die mag van God op aarde. Christus is vir hulle 'n magtelose wat niks kan vermag nie.

Die liberalis, met wie die Kerk van ds. Brink hier geloofsgemeenskap beoefen, verwerp weer die gedagte van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat bo ruimte en tyd verhewe sal wees, en hulle beskou die heerlikheid van Christus as maar 'n blote iets wat net op die aarde betrekking het. Die Skriftuurlike gedagte van die wederkoms bestaan vir hulle nie!

j. Met verwysing na die WR. haal ek aan uit **Die Kerkbode:** "The World Council, in its official proposals, attitude and doctrinal expressions, and the ecclesiastical organizations, is Anti-Biblical, Anti-Evangelical, and un-Protestant, as it is also shown by the fact that some of its ecclesiastical units have chosen as leaders and official spokesman, past and present some of the most notorious, and near-blasphemous unbelievers of the day"[2].

Dit is in **Die Kerkbode** nie goedkeurend aangehaal nie maar net om die I.R.C.K. se mening oor die WR. te gee.

Maar met hierdie aanhaling kan ons as Christene feitlik volmondig saamstem.

En wat is nou ons susterkerk se antwoord daarop?

Uit die mond van ds. C.B. Brink haal ons aan; "Die besondere geloofswaarhede van die Kerke van die Hervorming soos die soewereiniteit van God, die gesag van die Heilige Skrif ens. **kan nie as onversoenbaar beskou word met die basis van die Wêreldraad van Kerke nie** as 'n gemeenskap van Kerke wat die Here Jesus aanneem as God en Saligmaker"[3].

Vergelyk nou hiermee die werklike uitsprake van die WR. en sy leiers, en dan konkludeer ons: **Die beginsels van die N.G. Kerke staan nie onversoenbaar met hierdie onbybelse voorstellings nie!**

Voeg nog hierby die reeds aangehaalde bewering van dr. Keet: "Genoeg as ons sê dat .... daar nie veel is waarteen 'n gereformeerde beswaar kan maak nie", en dan weet u waarom u Gereformeerd is ... . Gereformeerd in die werklike sin van die woord en nie net 'n naam-gereformeerde wat die grondbeginsels van die Skriftuurlike waarhede sonder skroom sal prys gee ter wille van wêreldse grootheid nie!

4. Die Wêreldraad van kerke en die Hervorming.

a. Dr. D. Hedegard van Swede beweer: "Die teologie van Karl Barth ondergrawe die grondslae van die christelike geloof, [178] omdat die historisiteit van die heilsfeite om die inhoud van die geloof nie as noodsaaklik voorgehou word nie." Sy slotsom is dan ook "dat Karl Barth nie 'n Hervormer is nie, maar 'n verwoester van die Christelike geloof genoem moet word"[4].

b. Rev. Oliver Tomkins, een van die personeellede van die WR., het in die vergadering van teoloë' wat in 1952 in Lund, Swede, gehou is in sy rede onder andere verklaar:

Die WR. is 'n Raad van denominasies, terwyl die WR. die basisse van die denominasies verwoes het. Hiermee verklaar hy dat die WR. ten doel het om die basis van al die ledekerke te verwoes. Dit word verder bevestig deur sy bewering: "Ofskoon die Rooms-

[1] **Die Kerkbode,** 6 Okt. 1954, bl. 426.
[2] Ibid., 15 April 1953, bl. 490.
[3] Ibid., 15 Sept. 1954. bl. 323.
[4] **Getrouw**, Okt. 1954.

Katolieke Kerk nie formeel aan ons werk deelneem nie, is die kennelike belangstelling van die Rooms-Katolieke geestelikes sowel as leke in alles wat ek gesê het geen oomblik uit my gedagtes gewees nie"[1]. **Daarom waarsku rev. Tomkins dat oor die verskille in die belydenisse nie te veel gespreek moet word nie!**[2]**.**

c. Dr. B. B. Keet sê: "Eerwaarde Peter Kewi Dagadu, Algemene sekretaris van die Christenraad aan die Goudkus, het die skeuring tussen Rooms-Katoliek en Protestant 'n skandaal genoem"[3].

d. So erken prof. Groenewald: "Wel is met Rome onderhandel om samesprekings tussen Protestante en Katolieke te verkry"[4].

e. Ons verwys na die feit dat tydens die ekumeniese konferensie te Lund oor die "Geloof en Kerkorde", waarin dit gegaan het om die eenheid in hierdie sake, die Duitse Rooms-Katolieke 'n telegram gestuur het 'waarin hulle die hoop uitgedruk het dat die konferensie te Lund die "volmaakte eenheid" van die nog verdeelde Christelike Kerke digterby sou bring"[5].

Daarteenoor staan die aanvegbare verklaring van prof. E. P. Groenewald, nl. dat die doel van die samewerking met die Roomse sou wees om Rome tot die Protestantedom te bekeer! Die werklikheid is dat die Roomse die WR. tot hulle wil bekeer, want, so is ook verklaar, alleen in die Rooms-Katolieke Kerk kan die eenheid weer daargestel word.

f. Ons dink verder daaraan dat die Grieks-Ortodokse Kerk, wat feitlik in alle opsigte Rooms is, sowel as verskillende ander Oosterse Ortodokse Katolieke Liggame reeds lid is van die WR.

[179] Genoeg immers om te kan verklaar dat dit by die WR. nie gaan om die positiewe Reformatoriese waarhede nie. Dit tel nie! Inteendeel, daaroor moet so min moontlik gepraat word. Dit verbaas ons dan ook nie dat een van die leiers van die WR. met die. ingebruikneming van 'n Mohammedaanse moskee die hoop uitgespreek het van die eenwording tussen die Christendom en die Mohammedanisme en dat in Maart 1956 'n Mohammedaanse geestelike in 'n protestantse kerk gepreek het nie.

Ten spyte daarvan dat die WR. verkies om al die beginsels van die Hervorming opsy te skuif vir die eenheid van kerke, kies die Ned. Herv. Kerk, die Ned. Geref. Kerk van Transvaal en die Ned. Geref. Kerk van Kaapland nogtans ten gunste van die WR. en word dit boonop deur hulle verdedig t

En deur saam met hierdie mense aan te sit in die WR. bevestig hierdie Kerke dat die suiwerheid van die Belydenis by hulle nie meer van deurslaggewende betekenis is nie!

En juis daarom is ons Gereformeerd, omdat ons nie 'n menslike eenheid wil daarstel nie maar liewers die mure tussen waar en onwaar nog hoër wil bou!

Ek wil hierdie gedeelte afsluit met 'n opmerking van prof E. P. Groenewald: "Maar nou reeds blyk dat 'n kragtige invloed van hom (WR.) uitgaan om die Kerk te steun en te stimuleer in die verkondiging van die Evangelie"[6].

Moet ons nou hieruit konkludeer dat die Ned. Geref. Kerke in eie boesem leeg is wat die waaragtige Evangelie prediking betref sodat dit deur die WR. gestimuleer moet word?

En indien die stimulasie daarvan kom, is die vraag: Watter soort stimulasie is dit? Is dit suiwer?

---

[1] Ibid.

[2] Ibid.

[3] **Die Kerkbode,** 6 Okt. 1054. bl. 430.

[4] Ibid., 8 April 1953.

[5] **Getrouw,** Okt. 1954.

[6] **Die Kerkbode,** 8 April 1953.

As Gereformeerdes ken ons net een soort stimulasie: die lewende waaragtigheid van die Woord van God, wat ons dring om die Evangelie te preek!

5. Die doel van die Wêreldraad van kerke.

Van die kant van die Ned. Geref. Kerke word beweer dat die WR. slegs 'n gespreksgemeenskap is. Maar al sou dit net 'n gespreksgemeenskap wees, dan nogtans beveel die Skrif ons dat ons nie moet neersit in die kring van die spotters nie.

Waarheid van hierdie saak is egter dat die WR. geen gespreksgemeenskap is nie maar wel 'n geloofsgemeenskap.

a. Die waarheid dat die WR. geen gespreksgemeenskap is nie maar wel 'n geloofsgemeenskap, word bevestig deur die boodskap wat die WR. vanuit Evaston uitgesaai het: "Dit is, nie voldoende om slegs verenig te bly nie. Ons moet voorwaarts gaan.

[180] Namate ons beter op hoogte kom van ons eenheid in Christus, word dit steeds minder te verontskuldig dat ons verdeel is".

Ons eenheid in Christus!

Dit is dus 'n geloofseenheid!

Maar is dit nou die Christus van die Skrifte?

Nee!

b. Ek verwys hier weer na die woorde van rev. Tomkins in die vorige gedeelte waar hy daarvan spreek dat die WR. ten doel het om die basisse van die ledekerke te verwoes.

c. Ds. L. H. Ruitenberg skryf in die tydskrif **Wending** onder die opskrif "De Doorbraak"[1]. Daar sê hierdie skrywer dat die WR. sy deelnemers wil leer om verantwoordelikhede uit te druk wat ontleen is aan die geloof in die toekomstige eenheid van kerke.

Hy beweer verder dat die WK. immers die aparte kerke bind, en die een is verantwoordelik aan die ander. Die een stel hom oop vir beïnvloeding van die ander. "Ons (die WE.) moet die deurbraak in die ruimte wees". En onder "deurbraak" word verstaan die deurbreek van die grense. Nie alleen tussen kerk en kerk nie, maar ook die grens tussen kerk en wêreld.

Die doel van. die WR, is dus 'n eenheid van kerke, een super-wêreldkerk, waarin alle grense tussen suiwer en onsuiwer, tussen ortodokse en liberalisme, tussen godsdiens en die wêreld verval het! Dus die tempel van die antichris!

d. Op die reeds genoemde konferensie te Lund is die ideaal van die WR. gestel as een groot wêreldkerk, 'n eenheid in geloof en kerkorde. Die **eenheid** is die eis, die groot ideaal. En omdat hulle so ywerig werk om Rome oor te haal en omdat die eis van Rome is: eenheid onder die Rooms-Katolieke Kerk, sal dit ons nie verbaas indien hierdie kerklike eenheid onder Rome sal geskied net sodra Rome tot die WR. toetree nie.

Die groot strewe van die WR. is valse ekumenisiteit, wat heenvoer na 'n totalitêre superkerk. So word dit inderdaad ook al deur die V.V.O. beskou. Die Kerke van die wêreld is by die V.V.O. verteenwoordig in die WR.

So werk die WR. saam om die moontlikheid vir die koms van die Antichris daar te stel.

En hoe staan ons broeders in die Ned. Geref. Kerke in besonder en die ander kerke in die algemeen nou daarteenoor?

Hoewel hulle probeer ontken dat dit 'n geloofsgemeenskap is, dui alles daarop dat die WR. dit wel is. Hulle beoefen dus 'n geloofsgemeenskap buite die Bybel om.

[181] Dat die eenheid van die kerke die doel van die WR. is, word ook goedkeurend

[1] **Wending**, Junie 1952, bl. 232.

bevestig deur ds. C. B. Brink: "Dit is nie die doel van die WR. om die eenheid van kerke te 'bewerk' nie, maar liewers om die omstandighede te skep waarin die mure van skeiding sal verkrummel en verdwyn"[1].

En daarmee verklaar hy dat die Ned. Geref. Kerke geen beswaar het om die mure van skeiding wat deur sy belydenis daargestel is in die Geloofsbelydenis, te verkrummel en te laat verdwyn nie, sodat ook sy Kerk een kan wees met die Groot Wêreldkerk, waarin hulle en hul eendersdenkendes saam met Chao, Hromadka, Kehru, Peter Dagadu, Oxnam, Van Dusen en andere kan aansit in **geloofs**eenheid!

En hiermee het u dan ook die volle doel van hierdie geskrif. Dit is 'n poging om die skeiding te handhaaf, om die mure van ons Belydenisse te versterk, om die grense wat daargestel is, te handhaaf.

Daar wag 'n groot en geweldige taak op die Gereformeerde Kerk.

Ons roeping is om weer eens duidelike rigting aan te dui in Suid-Afrika, om die wêreldgelykvormigheid te weerstaan, om die suiwerheid van die Belydenis in die waarheid van die Woord van God nog helderder en duideliker uit te dra!

[1] **Die Kerkbode**, 6 Okt. 1954, bl. 427.

[182] VERBETERINGE.

[Hierdie verbeterings is in die elektroniese teks aangebring]

Bl. 6 in die eerste paragraaf en op bl. 13 onder (1) is die woord "Gereformeerd" verkeerd gespel.

Bl. 10 die derde paragraaf moet lees: Die Rooms-Katolieke Kerk dra in eie boesem meer heidense tendense ....

Bl. 24 die tweede paragraaf meld dat ds. de Cock in 1934 tot die afskeiding oorgegaan het. Dit moet lees 1834.

Bl. 81 in die tweede laaste paragraaf moet die woord "Russies" verander word na Russiese.

Bl. 87 die tweede laaste paragraaf: lees albei instede van elbei.

Bl. 90 berig van die Kerkbodes voor 1910. Dit moet lees van 1910.

Bl. 110 die tweede laaste paragraaf spreek van " .... wat dit egter 'n saamtrek van jongmense". Dit moet lees " .... was dit egter

Bl 120 Die woord al in die aanhef van die tweede laaste paragraaf moet verval.

Bl. 125 die middelste paragraaf moet lees te neem i.p.v. etneem.

Bl. 140 die laaste paragraaf spreek van 'n "afwagtende" Roomse smaak:.

Dit moet lees: "'n afgewaterde" Roomse smaak.

Bl. 154 die tweede reël van bo moet lees met instede van mt.

BL 165 Die tweede reël van bo lees: Dit is 'n mooi gedeelte. Dit moet lees: Dit is 'n mooi gedagte. Die derde paragraaf spreek van weerspiëel instede van weer spieël.

[183] Apologie

In hierdie geskrif het ek die name van verskillende welbekende Suid-Afrikaanse leiers op die kerklike terrein genoem. Uit wat hulle gesê en geskryf het, het ek ook verskillende konklusies getrek.

Indien een van hulle van gevoele is dat hulle persoonlik benadeel is in hierdie konklusies dan wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om my onvoorwaardelike apologie hulle aan te bied.

Dit is geensins die bedoeling om enige persoon as sodanig enige skade aan te doen nie. Inteendeel, vir baie van die persone wie se name hier genoem is koester ek die hoogste agting. Dit handel hier egter oor die **rigting** in die teologie wat voorgestaan word en die name word maar net genoem as segsmanne van die **spesifieke rigting.**